# God, die Heilige Gees

PROF DR B J ENGELBRECHT

HAUM

PRETORIA KAAPSTAD

© HAUM UITGEWERY, Pretoria, Kaapstad
Eerste uitgawe, eerste druk 1980
ISBN 0 7986 0526 X

Geset in 10½/12 Palatino deur
Dieter Zimmermann (Pty) Ltd, Johannesburg
Gedruk deur NHW-Pers, Pretoria

KITAL

## *Inhoudsopgawe*

Voorwoord
1 Die Heilige Gees is 'n lewende Persoon ..... 1
2 Die Heilige Gees is wesenlik waaragtige, ewige God en Heer ..... 4
3 Die verhouding tussen die Heilige Gees en die twee ander Persone van die Drie-eenheid, die Vader en die Seun ..... 7
4 Die besondere verband tussen die Heilige Gees en Jesus Christus ..... 12
5 Oorsigtelike samevatting van die verbande waarin die Bybel oor die Heilige Gees praat – Die Ou Testament ..... 18
6 Oorsigtelike samevatting van die verbande waarin die Bybel oor die Heilige Gees praat – Die Nuwe Testament ..... 23
7 Die uitstorting van die Heilige Gees ..... 35
8 Die vervulling met die Heilige Gees ..... 38
9 Die Heilige Gees en geestesvervoering ..... 42
10 Die doop met die Heilige Gees ..... 47
11 Die gawes van die Heilige Gees in die algemeen (Rom. 12:6-8) ..... 51
12 Die gawes van die Heilige Gees in die algemeen (1 Kor. 12:6-8 en 28) ..... 58
13 Die gawe van genesing ..... 67
14 Die gawe van die spreek in tale ..... 74
15 Die vrug van die Gees ..... 82
16 Die laster teen die Heilige Gees ..... 92
17 Die Heilige Gees en die kerk ..... 98
18 Die Heilige Gees en die geloof ..... 107
19 Die Heilige Gees en die roeping ..... 119
20 Die Heilige Gees en die wedergeboorte ..... 125
21 Die Heilige Gees en die bekering ..... 134
22 Die Heilige Gees en die regverdiging ..... 142
23 Die Heilige Gees en die heiligmaking ..... 149
24 Die Heilige Gees en die volharding ..... 157
25 Die Heilige Gees en die gebed ..... 162
26 Die Heilige Gees en die voleinding ..... 167

# *Voorwoord*

Ons gewone kerkmense het tot ongeveer tien jaar gelede nie baie oor die Persoon en werk van die Heilige Gees gepraat nie, veral nie oor onderwerpe soos die vervulling met die Gees, die doop in die Gees, die spreek in tale, die gawe van genesing en dergelike sake nie. Selfs die *leerstukke* van wedergeboorte, bekering en heiligmaking is baie versigtig gehanteer of is dikwels glad nie aangeraak nie. Die rede hiervoor was dat die gewone ortodokse gelowiges bang was dat hulle van sektariese geesdrywery of van Metodisme beskuldig sou word.

Maar in die afgelope aantal jare het die leerstuk van die Heilige Gees nie net by die sektes nie, maar ook binne erkende kerke sterk op die voorgrond getree. Ook in erkende kerke het ons begin verneem van lidmate en selfs van hoë kerkleiers wat nie net die sogenaamde Geesdoop ontvang het nie, maar wat ook in onverstaanbare tale begin spreek het en byvoorbeeld aan duiweluitdrywery meegedoen het.

Dit het meegebring dat daar by ons lidmate allerlei vrae oor die Persoon, die werk, die gawes en die vrugte van die Heilige Gees ontstaan het. Ek was daarom bly toe die direkteur van Kital, dr J H Koekemoer, my in die lig van bogenoemde omstandighede 'n paar maande gelede gevra het om 'n boek oor die Bybelse leer aangaande die Heilige Gees te skryf om ons gewone lidmate én ampsdraers in te lig oor al die vernaamste aspekte van die leer oor die Heilige Gees, en om sodoende iets van die rykdom wat daar opgesluit lê in die leer aangaande die Persoon, werk, gawes en vrugte van die Heilige Gees, in die lewe van ons lidmate en ampsdraers in te dra.

Die kerkhervormer, Melanchton, het van sy groot leerboek gesê: "Ek bedoel nie om die studente van die Skrifte af weg te lei tot duistere en ingewikkelde redeneringe nie, maar om hulle, sover as ek maar kan, tot die Skrifte te bring". Daarom het hy ook gesê: "Damascenus filosofeer te veel en Longobardus wil liewer die menings van mense as die bedoeling van die Skrifte byeenbring". Dit is in hierdie gees van Melanchton dat ons hierdie boek oor die Heilige Gees geskryf het. Ons het primêr van die Heilige Skrif uitgegaan en so nou en dan ook iets van ons belydenisse en van ons reformatoriese erfenis sigbaar laat word. Ons het heel selde gefilosofeer of in gesprek getree met die menings van mense. Ons wou veeleer luister en deurgee, luister na die

Skrif en deurgee wat die Skrif sê. Wanneer ons in hierdie proses uit die Nuwe Testament en Psalms aangehaal het, het ons dit gedoen uit die allernuutste Afrikaanse vertaling. Wanneer ons van die ou vertaling gebruik gemaak het, het ons dit aangedui. In sy Institusie (I 13,3) sê Calvyn: "Die onfeilbare maatstaf vir beide ons denke en spreke moet uit die Skrif afkomstig wees. Daardeur moet die gedagtes van ons verstand en die woorde van ons mond getoets word". Ons hoop dat hierdie woorde ook van toepassing sal wees op die denke en spreke in hierdie boek oor die Heilige Gees.

B J Engelbrecht
Pretoria
Mei 1980

# 1 DIE HEILIGE GEES IS 'N LEWENDE PERSOON

Die eerste opvallende feit wat die Bybel ons in verband met die Heilige Gees meedeel, is dat Hy nie 'n blote krag is nie, maar dat Hy 'n lewende Persoon is.

Dit is wel waar dat die Bybel die Heilige Gees op verskillende plekke 'n krag van God noem en Hom in verband met krag bring. In Lukas 1:35 word Hy "die krag van die Allerhoogste" genoem, wat in Maria die lewe van die mens Jesus sal wek. In Lukas 4:14 word gesê dat Jesus ná sy versoeking na Galilea teruggekeer het, "vol van die krag van die Gees". Volgens Handelinge 1:8 sê Jesus dat sy dissipels "krag sal ontvang wanneer die Heilige Gees oor hulle kom" en in 10:38 word die salwing van Jesus deur die Heilige Gees gelykgestel met die toerusting met krag. In Romeine 15:13 sê Paulus dat die hoop van die gelowiges "al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees" en in vers 19 praat hy oor alles wat hy in diens van God uitgerig het, "in die krag van die Gees van God." Ook in Galasiërs 3:5 word die Heilige Gees en die kragtige werking nou met mekaar verbind.

Hierdie Skrifgedeeltes sê wel vir ons iets van die Heilige Gees, naamlik dat Hy op 'n kragtige wyse mense besiel, dat Hy Jesus Christus en ook ander met krag toerus om hulle dienswerk te doen. Hierdie Skrifgedeeltes sê wel vir ons: waar die Heilige Gees is, daar is die krag van God werksaam. Maar hierdie Skrifgedeeltes sê nie dat die Heilige Gees net 'n krag is en geen Persoon nie.

Wat is 'n persoon? 'n Persoon is 'n lewende iemand wat selfstandig "ek" kan sê en wat vanuit hierdie "ek" kan wil, kan besluit en handelend kan optree. Dit is presies wat die Bybel in verband met die Heilige Gees vir ons sê. Volgens Handelinge 10:19-20, sê die Heilige Gees vir Petrus in Joppe: "Daar is drie mans wat jou soek ... moenie aarsel om saam met hulle te gaan nie, want *Ek het* hulle *gestuur.*" As Petrus hom later voor die gemeente van Jerusalem hieroor verantwoord, dan sê hy: "Die Gees *het* vir my *gesê* dat ek nie moet aarsel om saam met hulle te gaan nie" (Hand 11:12). Volgens Handelinge 13:2 sê die Heilige Gees aan 'n groep ampsdraers: "Sonder Barnabas en Saulus *vir My* af om die werk waarvoor *Ek* hulle *geroep het,* te doen". In 1 Korintiërs 12:11 word van die Heilige Gees gesê dat dit Hy is "wat aan elkeen afsonderlik 'n gawe *uitdeel soos Hy wil.*" Volgens Handelinge 8:29 *gee*

die Heilige Gees aan Filippus *opdrag* om saam met die wa van die Etiopiese amptenaar te loop en in Handelinge 15:28 sê die apostels en ouderlinge: "Die Heilige Gees en ons *het besluit* om geen verdere las op julle te lê nie." Vir die ouderlinge van Efese sê Paulus dat die Heilige Gees hom "in elke stad *verseker* het dat gevangenskap en vervolging op hom wag" (Hand 20:23), en verder dat die Heilige Gees die kudde in Efese "onder hulle sorg *gestel* het" (Hand 20:28). Volgens Johannes 14: 16,17 en 26 *troos* die Heilige Gees die gelowiges, *leer* Hy hulle alles en *herinner* Hy hulle aan alles wat Jesus gesê het. In Johannes 16:8 word gesê dat as die Heilige Gees gekom het, "sal Hy *bewys* dat die wêreld skuldig is aan sonde, en dat die reg aan Christus se kant is" en volgens vers 13 sal Hy "julle in die hele waarheid *lei* ... sal Hy *sê* wat Hy hoor ... en wat Hy van My *ontvang* het (sê Jesus), sal Hy aan julle verkondig. Die gelowiges se liggame is 'n tempel van die Heilige Gees (1 Kor 6:19) en "die Gees woon in julle (Rom 8:9). Hy *lei* die gelowiges op persoonlike wyse, *staan* hulle in hulle swakheid *by*, *tree* vir hulle *in* en *pleit* vir hulle (Rom 8:14,26) en *wek* die geloof in hulle (2 Kor 4:13). 'n Mens kan ook nie 'n onpersoonlike krag weerstaan (Hand 7:51), bedroef (Ef 4:30) of beledig nie (Heb 10-29). Dit kan 'n mens alleen aan 'n lewende *persoon* doen.

Dit sal ons te ver voer om al die ander plekke uit die Skrif na vore te bring waarin daar van die Heilige Gees as Persoon gepraat word. Laat ons dit in die volgende paragrawe opsom:

- Van die Heilige Gees word onder andere gesê dat Hy soek, uitverkies, lewend maak, nuwe lewe skenk, die gawe van spreek in tale en ander gawes gee, ons swakhede te hulp kom, die verborgenhede van Christus openbaar, die dinge van die koninkryk van God verduidelik, en so meer. Al hierdie dinge kan nie deur 'n onpersoonlike krag nie, maar alleen deur 'n persoon gedoen word.
- In die Griekse taal van die Nuwe Testament is dit onnatuurlik om van die Heilige Gees te sê dat "Hy" iets doen, of van die Heilige Gees as "Hom" te praat. En tog word dit gedoen, byvoorbeeld in Johannes 15:26 en 16:13-14. Wanneer Hy aangespreek word, word Hy "U" genoem en wanneer Hy self spreek, sê Hy "Ek". Dit dui ondubbelsinnig daarop dat Hy 'n Persoon is.
- Waar Jesus beloof om die Heilige Gees te stuur, daar spreek Hy só van Hom, van sy vermoëns, bevoegdhede en werksaamhede, dat dit duidelik blyk dat Hy 'n Persoon is (byvoorbeeld Joh 15:5-17). Ook die gelowiges spreek só oor Hom. Ook die Heilige Gees se spreke is 'n persoonlike aanspraak (byvoorbeeld 1 Kor 2:10-16).



Dit is ook uit die getuienis van die Bybel duidelik dat die Heilige Gees as Persoon duidelik te onderskei is van die Persoon van die Vader en van die Seun. In Johannes 16:17 sê Jesus: "Tog sê Ek vir julle die waarheid: Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan. Want as Ek nie weggaan nie, sal die Voorspraak nie na julle toe kom nie; maar as Ek gaan, sal Ek Hom na julle toe stuur." Hieruit is dit duidelik dat die Persoon van die Heilige Gees, wat hier die Voorspraak genoem word, duidelik 'n ander is as dié van die Seun wat na die Vader gaan. In Johannes 14:16 kry ons duidelik die onderskeid tussen die Persone van die Vader, die Seun en die Heilige Gees aangedui. Daar sê Jesus: "Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n *ander* Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees." Eerstens is daar Jesus wat sal weggaan en die Vader sal vra; tweedens is daar die Vader wat gevra word en wat sal stuur; en laastens is daar die *ander* Voorspraak, naamlik die Heilige Gees. In die Bybelse formules van doop (Matt 28:19) en van die seën (2 Kor 13:13) is daar op so 'n wyse sprake van die Vader, die Seun en die Heilige Gees, dat dit duidelik blyk dat Hulle drie onderskeie Persone is wat nie volgens die Bybel met mekaar vermeng mag word nie. Dit blyk ook duidelik uit die berig oor die doop van Jesus (Luk 3:21-22). Daar het ons Jesus wat in die water staan en bid; die stem van die Vader uit die hemel wat sê: "Jy is my geliefde Seun. Oor Jou verheug Ek my", en ten slotte "Die Heilige Gees wat in sigbare gestalte soos 'n duif op Hom (Jesus Christus) neerdaal."

Wanneer ons later oor die Drie-eenheid praat, dan sal ons duidelik uit die Bybel probeer bepaal wat die onderlinge verhouding tussen die drie Persone van die Vader, Seun en Heilige Gees is. Maar uit bogenoemde getuienisse van die Skrif moet ons eerstens daaraan vashou dat die Heilige Gees 'n Persoon is, en tweedens dat sy Persoon te onderskei is van dié van die Vader en die Seun. Dat die Heilige Gees 'n afsonderlike Persoon is wat "Ek" kan sê, en vanuit hierdie "Ek" selfstandig kan wil, kan besluit en kan optree, is belangrik in dié sin dat ons persoonlik in Hom kan glo, dat ons in 'n persoonlike verhouding met Hom kan tree en dat ons tot Hom persoonlik kan bid en Hom kan verheerlik. Hoe dit kan en moet gebeur, en wat die betekenis daarvan vir die gelowige is, sal ons later verduidelik. Wat ons aandag nou vra, is die Bybelse getuienis dat die Heilige Gees, behalwe dat Hy 'n afsonderlike Persoon is, ook wesenlike, waaragtige en ewige God is.

# 2 DIE HEILIGE GEES IS WESENLIK WAARAGTIGE, EWIGE GOD EN HEER

Toe ons hierbo oor die Heilige Gees as Persoon gepraat het, het dit telkens deurgeskemer dat Hy nie 'n gewone Persoon is nie; telkens is daar só oor Hom en die dinge wat Hy doen gepraat, dat dit geblyk het dat Hy wesenlik ook God is. Daar is inderdaad sekere plekke waar die Bybel Hom direk God en Heer noem, soos in 2 Korintiërs 3: 17-18, waar ons lees: "'Die Here' beteken hier 'die Gees', en waar die Gees van die Here is, is daar vryheid", en verder: "Dit doen die Here wat die Gees is."

In die meeste Bybelse plekke waar daar oor die Godheid van die Heilige Gees gehandel word, word dit egter op indirekte wyse gedoen.

Die Ou Testament praat dikwels van "die Gees van die HERE". Volgens Numeri 11 (byvoorbeeld vers 26 en 29) word gesê dat die Gees van die HERE die profetiese woord skenk. Maar volgens die Ou Testament is dit eintlik God se werk. Hy wat dus hierdie werk doen, moet dus wesenlik één wees met God, die HERE. Die Ou Testament getuig op baie ander plekke só dat gesê word dat die handelinge van die Gees van God, die handelinge van God is. Uitdrukkings soos: "Die HERE het gesê" en "die Gees van die HERE het gesê", word voortdurend met mekaar afgewissel.

Wat in die Ou Testament nog effens verborge lê, kom duidelik aan die lig in die Nuwe Testament. Die uitdrukking: "Só sê die HERE" word in die Nuwe Testament vervang met die formule: "so sê die Heilige Gees". In Jesaja 6:9 lees ons: "En *Hy (die HERE)* het gespreek: Gaan sê vir hierdie volk ..." In Handelinge 28:25-26 word hierdie woord aangehaal, en daar lees ons: "Hoe waar is dit tog wat *die Heilige Gees* by monde van die profeet Jesaja vir julle voorvaders gesê het! Hy het gesê: 'Gaan na hierdie volk en sê vir hulle' ..." In Jeremia 31: 31-34 sê *die HERE* dat Hy 'n nuwe verbond met die huis van Israel sal sluit; in Hebreërs 10:15 word dié woorde aangehaal, maar daar word gesê: "Ook *die Heilige Gees* betuig dit aan ons ..." Die profete was dus instrumente in die hande van God, omdat hulle instrumente van die Heilige Gees was. Dit is alleen moontlik omdat die Heilige Gees God is.

Wanneer die profeet Agabus in Handelinge 11:28 van die hongersnood onder keiser Klaudius profeteer, dan word die formule



van die Ou Testament, naamlik: *"So spreek die HERE"* vervang met die uitspraak: "hy is *deur die Gees gelei* om te voorspel dat 'n groot hongersnood die hele wêreld sou tref." In lyn hiermee sê Jesus self in Markus 12: 36 dat Dawid (in Psalm 110: 1) "deur die ingewing van die Gees" van Hom geprofeteer het. Net soos die HERE, is die Gees van die Here hier dié Een wat die profetiese woorde van God spreek.

Ook wanneer die Heilige Gees spreek (byvoorbeeld Hand 10:19-20 en 11:12), dan gehoorsaam die apostels "sonder om te aarsel", want hulle weet dat dit God is wat hier praat, God die Heilige Gees. Nadat Petrus hom voor die gemeente van Jerusalem verantwoord het oor die opdrag wat hy in verband met Kornelius gekry het van *die Heilige Gees*, was die gelowiges tevrede. "Hulle het God geprys en gesê: *'God* het selfs mense wat nie Jode is nie, tot inkeer gebring om aan hulle die lewe te gee' ..."

In 1 Korintiërs 12:6 lees ons: "... daar is 'n verskeidenheid van kragtige werkinge, maar dit is *dieselfde God* wat alles in almal tot stand bring." Nadat die gawes opgenoem is, word gesê: "Maar al hierdie dinge is die werk van *een en dieselfde Gees*, wat aan elkeen afsonderlik 'n gawe uitdeel soos Hy wil" (vers 11).

Matteus 12:31 sê dat "die lastering teen die Heilige Gees nie vergewe kan word nie", en Handelinge 7:51 praat van mense wat "altyd die Heilige Gees weerstaan", terwyl Efesiërs 4:30 ons oproep: "... moenie die Heilige Gees van God bedroef nie." Dit is duidelik dat 'n mens nie in dié sin soos bogenoemde Skrifplekke dit bedoel, teen 'n skepsel kan laster, hom kan bedroef of weerstaan nie. Dit kan alleen met iemand wat God is, gebeur. Trouens, Handelinge 5:3-4 sê uitdruklik dat om teen die Heilige Gees te sondig, beteken om teen God te sondig. Petrus sê daar vir Ananias: "Hoekom het jy jou deur die Satan laat omhaal *om vir die Heilige Gees te lieg?"* (vers 3). In vers 4 sê hy dan: "Jy het nie vir mense gelieg nie *maar vir God.*" 1 Korintiërs 3:16 sê dat die gelowiges *"die tempel van God* is; wanneer daar egter van die bewoner van die tempel gepraat word, word gesê "dat *die Gees van God* in julle woon."

Samevattend kan ons sê dat die Bybel op so 'n wyse van al die werksaamhede van die Heilige Gees praat, dat dit duidelik blyk dat dit nie 'n skepsel is wat hier werk nie, maar dat dit wesenlik God self is. So word die wedergeboorte wat aan die Heilige Gees toegeskryf word (Joh 3:5-8), in Romeine 8:11 en Titus 3:5 as 'n wonder beskrywe, waarin die mens wat dood is weer lewendig gemaak word. Hierdie "opwekking uit die dood" kan geen skepsel laat gebeur nie; dit is die uitsluitlike werk van God. Op gelyke wyse sê Johannes 6:63: "Dit is die Gees wat iemand lewend maak; die mens self dra niks by nie." (vergelyk ook 1 Pet 3:18). Ook uit die feit dat die Heilige Gees bron van ons

kennis aangaande die openbaring, skenker van inspirasie, leraar, gids, heiligmaker, vernuwer, en so meer is, blyk dat Hy God is.

Die kerk het hierdie Bybelse leer dan ook in sy belydenis en leer opgeneem en gesê: "Ek *glo in* die Heilige Gees" of "Ons *glo in* die Heilige Gees, die Heer en Lewendmaker." Volgens die spraakgebruik van die kerklike leer en belydenis, kan 'n mens wel *aan* die kerk of *aan* 'n mens glo, of kan jy ook die kerk of 'n mens glo; maar jy kan nooit *in* die kerk of *in* 'n mens glo nie. Jy kan alleen *in* God *glo*. Daarom het die kerk deur die eeue altyd gesê: "Ek *glo in* die Heilige Gees," omdat die kerk op grond van die Bybel bely en geleer het dat Hy waarlik God is, dat ons ons lewe aan Hom kan vasmaak, dat ons volkome op Hom kan vertrou in verband met ons lewe en ons saligheid, en dat ons Hom daarom net soos die Vader en die Seun kan verheerlik en aanbid – Hy ons hoogste Leraar en Heiligmaker.



# 3 DIE VERHOUDING TUSSEN DIE HEILIGE GEES EN DIE TWEE ANDER PERSONE VAN DIE DRIE-EENHEID, DIE VADER EN DIE SEUN

In die vorige twee hoofstukke het ons uit die Bybel vasgestel dat die Heilige Gees tegelyk ewige, waaragtige God is én 'n afsonderlike Persoon, te onderskei van die Vader en die Seun. Die vraag is nou: As die Vader en die Seun net soos die Heilige Gees ook elkeen tegelyk ewige waaragtige God is, en elkeen tegelyk 'n afsonderlike, selfstandige Persoon, het ons dan nie met drie Gode te doen die? Die vraag is met ander woorde: Wat is die verhouding tussen die Vader, Seun en Heilige Gees? Die leer wat hierop vanuit die Bybel belydend en aanbiddend 'n antwoord probeer gee, is die leer van die Drie-eenheid. Die leer van die Drie-eenheid is nie deur die kerk opgestel omdat die kerk vreugde vind in onverstaanbaarhede nie. Die leer van die Drie-eenheid is maar vir één doel opgestel en dit is om so noukeurig en suiwer as wat moontlik is, uitdrukking aan al die fasette van die waarheid van die Skrif oor die verhouding van die Vader, Seun en Heilige Gees te gee. Op die vraag: "Terwyl daar maar tog net een goddelike Wese is, waarom praat jy van drie, naamlik die Vader, die Seun en die Heilige Gees?" antwoord die bekende Heidelbergse Kategismus in antwoord 25: "God het Hom so in sy Woord geopenbaar dat hierdie drie onderskeie Persone die enige, ware en ewige God is." Dit gaan dus in die leer van die Drie-eenheid nie oor menslike wysheid, verbeelding en spekulasie nie, maar dit gaan daarom om na te sê wat die Skrif oor die Godheid en die Persone van die Drie-eenheid voorsê. Calvyn het in hierdie verband gemaan tot soberheid en gesê dat ons in hierdie verband niks moet sê wat bokant die Skrif uitgaan nie. Hy kon die versugting nie weerhou dat dit beter sou wees as al die geleerde woorde maar liewer begrawe was, as net *hierdie* geloof by almal sou vasstaan: dat die Vader, die Seun en die Heilige Gees een God is. Alleen maar om die ketters te bestry, sê Calvyn, het hy die geleerde woorde nodig. Daarmee kan hy hulle maskers afruk en hulle weerlê deur in ander woorde alleen na te sê wat die Skrif voorsê.

Wat is dit nou wat die Skrif in hierdie verband vir ons voorsê? Die antwoord kan baie kort wees: "Dat daar maar *één* goddelike *Wese* is en tog *drie* onderskeie *Persone* (naamlik Vader, Seun en Heilige Gees)." Laat ons dit nader uitlê: Eerstens sê die Skrif dat daar maar één goddelike Wese is. Dit beteken dat as ons die Skrif noukeurig nagaan, dan

leer die Skrif dat die Vader, God en Heer is; dat die Seun, God en Heer is én dat die Heilige Gees, God en Heer is; *maar* die Bybel doen dit op so 'n wyse dat dit duidelik blyk dat daar nie drie Gode en Here is nie, maar dat daar slegs één God en Heer is, naamlik die één drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees. Om dit op 'n ander wyse te sê: Die Bybel leer ons dat as ons die Seun aanbid en verheerlik, dit nie so is dat ons 'n ander God aanbid en verheerlik as die ware Skepper van die wêreld en die Vader van ons Here Jesus Christus nie. Net so leer die Bybel ons dat as ons die Heilige Gees as God vereer, dan vereer ons geen ander God as die Skepper, die God van Abraham, Isak en Jakob en die Vader van Jesus Christus van die Nuwe Testament nie. Omgekeerd: As ons die Vader aanbid en vereer, dan aanbid en vereer ons tegelykertyd die Seun en die Heilige Gees. Dit is só omdat daar maar één God is. In hierdie verband laat Johannes 8:49 sien dat 'n mens die Vader nie kan eer as jy die Seun nie eer nie, want wat Godheid betref, is hulle dieselfde God. Uit Johannes 6:63 sien ons dat 'n mens nie in Jesus Christus kan glo as jy jou losmaak van die Heilige Gees nie, want "wat Ek vir julle gesê het (sê Jesus) kom van die Gees en gee lewe". Trouens niemand kan sê: "Jesus is die Here nie, behalwe deur die Heilige Gees" (1 Kor 12:13). "As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie" (Rom 8:9). Dit lyk dus asof ons volgens die Bybel wel "'n god" sal kan ken sonder die Heilige Gees, maar hierdie god sal altyd 'n valse god wees; die ware Vader, die werklike God van die Bybel, kan ons alleen deur die Heilige Gees ken, net soos ons ook nooit die ware Seun, Jesus Christus werklik sal kan ken, behalwe deur die Heilige Gees nie. Omgekeerd is dit ook waar: Ons sal nooit die Gees en sy gawes deelagtig kan word sonder die persoonlike lewensgemeenskap met Jesus Christus nie. Toe Simon die towenaar aan die apostels vra: "Gee my ook hierdie bevoegdheid sodat elkeen wat ek die hande oplê, die Heilige Gees kan ontvang," toe berispe hulle hom baie sterk en sê, dat sy "gesindheid teenoor God nie reg is nie!" Eers as hy hom bekeer, dit wil sê in Jesus Christus glo, mag hy ook die gawes van die Gees ontvang. Ons kan dus eers die Gees deelagtig word as ons aan God die Vader en aan Jesus Christus, die Seun, deur die geloof verbonde is.

Die feit dat die Vader, die Seun en die Heilige Gees in wese een en dieselfde God is, hou verder ook in dat die Seun en die Heilige Gees nie eers op 'n later tydstip God geword het, of tot goddelike status verhef is nie. Een van ons belydenisse sê: "Die Vader is ewig, die Seun is ewig en die Heilige Gees is ewig; nogtans is dit nie drie Ewiges nie, maar één Ewige." Hierdie selfde belydenis sê op grond van die Bybel: "Die Vader, die Seun en die Heilige Gees is één Godheid met gelyke



eer en mede-ewige majesteit." Verder word bely dat al Drie ongeskape, onmeetlik, oneindig, almagtig, God en Heer is. En tog is hulle nie drie Ongeskapenes, Onmeetlikes, Oneindiges, Almagtiges, Gode en Here nie, maar slegs één ewige, ongeskape, onmeetlike, oneindige, almagtige God en Heer. Die betrokke belydenis sê verder: "En in hierdie Drievuldigheid is niks eerder of later nie en niks meer of minder nie, maar al drie Persone is onderling mede-ewig en volkome aan mekaar gelyk."

Dít is dan wat die Bybel en belydenis bedoel wanneer gesê word "dat daar maar *één* goddelike *Wese*" is. Maar nou word tegelyk bely en geleer "dat daar *drie* onderskeie *Persone*" is, naamlik die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Die vraag is nou: Hoe sit die saak van hierdie "drie onderskeie Persone " inmekaar en hoe is dit te rym met die één Godheid?

Die belydenis wat ons so pas aangehaal het, sê dat alhoewel daar maar "één Godheid met gelyke eer en mede-ewige majesteit is," "is die Persoon van die Vader 'n ander, van die Seun 'n ander en van die Heilige Gees 'n ander." Dit waarsku ons om "nie die drie Persone met mekaar te vermeng nie". Die rede daarvoor is dat die Skrif self altyd van hierdie drie Persone as drie afsonderlike, onderskeie Persone praat. So leer die Skrif byvoorbeeld nêrens dat dit die Vader of die Heilige Gees was wat mens geword en gely het nie. Die Skrif is baie duidelik in sy getuienis dat dit alleen die Seun is wat mens geword, gely, gesterf en opgestaan het en na die hemel opgevaar het. Ook daar in die hemel word Hy onderskei van die Vader aan wie se regterhand Hy sit, en word Hy onderskei van die Heilige Gees, "die *ander* Voorspraak" wat Hy gestuur het toe Hy weggegaan het na sy Vader toe (Joh 16:7). Nêrens word in die Bybel gesê dat die Heilige Gees die Vader of die Seun na die gelowiges sal *stuur* nie, maar die Skrif leer ons wel dat Jesus Christus en die Vader die Heilige Gees na die gelowiges toe sal stuur (Joh 14:16 en 15:26). Dit is egter nie só dat Jesus Christus eers 'n aparte Persoon word wanneer Hy mens word, en die Heilige Gees eers 'n aparte Persoon word ná sy uitstorting nie. Van alle ewigheid af is die Vader, die Seun en die Heilige Gees afsonderlike Persone wat in verhouding tot mekaar staan, maar tog altyd onderskeie van mekaar bly. God die Vader is God *bokant* ons; God die Seun is Immanuel, God *met* ons (Matt 1:23) en die Heilige Gees is God *in* ons (Joh 14:17; Jak 4:5). God openbaar Hom aan ons as Vader, Seun en Heilige Gees, maar Hy openbaar Hom soos wat Hy ewig *is*, naamlik die Vader wat liefhet, die Seun as Beminde (Luk 3:22) en die Heilige Gees as die ewige Band van liefde tussen die Vader en die Seun. God openbaar Hom *as ons* Vader, maar dit doen Hy omdat Hy van ewigheid *die* Vader is wat die

Seun liefhet. Net so is die Heilige Gees *ons* Heiligmaker omdat Hy van alle ewigheid af alreeds die *Heilige* Gees is.

Maar alhoewel hierdie drie Persone nooit met mekaar vermeng mag word nie, kan hulle ook nooit van mekaar geskei word nie. Van oudsher af het die geleerdes soos die kerkvader *Johannes Damascenus*, van die *perichorese*, die inmekaar-verweef-wees van die drie Persone van die Drie-eenheid gepraat. Hulle het dit gedoen omdat die Skrif leer dat die Vader byvoorbeeld nie Vader kan wees sonder die Seun nie. Hy is wesenlik Vader omdat Hy 'n Seun het. Net so is die Vader en die Seun nooit sonder die Heilige Gees nie, én (omgekeerd) is die Heilige Gees nooit sonder die Vader en die Seun nie. Die kerkvader, *Augustinus*, het dit met die volgende beeld verduidelik: "'n Mens sien die drieheid in die liefde; want daar is drie: dié een wat bemin, die beminde en die wederkerige liefde", en tog bly dit één liefde.

Hierdie inmekaar-verweef-wees van die drie Persone van die Drie-eenheid, sonder dat hulle met mekaar vermeng word, blyk ook uit die verweefdheid en tog afsonderlikheid van hulle werk. Daar is naamlik 'n ou reël wat sê dat die werk van die Drie-eenheid na buite toe onverdeeld is. Dit beteken dat wanneer daar ook al 'n werk van God plaasvind, dan is al drie Persone daarby betrokke. En tog skryf die Bybel één werksaamheid (soos die skepping) méér toe aan die Vader; 'n ander (soos verlossing) méér toe aan die Seun en 'n ander werksaamheid (soos heiligmaking), méér toe aan die Heilige Gees. In die onderstaande tabel noem Haitjema eers dié werksaamheid wat die Skrif meer aan die Vader toeskryf, dan dié wat meer aan die Seun en dan dié wat meer aan die Heilige Gees toegeskryf word. Hieruit blyk tegelyk die eenheid én die onderskeidenheid van al drie Persone en hulle werk:

Skepping – versoening – verlossing
Skepping – verlossing – heiligmaking
Skepping – openbaring – verligting
Skepping – objektiewe verlossing – subjektiewe toeëiening
Skepping – regverdiging – wedergeboorte.

Hierdie Bybelse waarheid van die Drie-eenheid is deur die eeue dikwels deur dwaalleraars ontken, en daarmee is tegelyk ook die Godheid én die Persoonwees van die Heilige Gees prysgegee. *Arius* (Ongeveer 250-336 nC), het alreeds geleer dat die Seun 'n skepsel is. Van die Heilige Gees het hy gesê dat Hy die eerste *skepsel* is wat deur die Seun voortgebring is. Hy is dus 'n skepsel van 'n hoë orde, maar bly 'n skepsel en is nooit wesenlik God nie. *Sabellius* (ongeveer 315 nC) en sy



medestanders het die volkome identiteit van die Vader, die Seun en die Heilige Gees geleer. Die Heilige Gees was vir hom slegs 'n verskyningsvorm van één en dieselfde God. Daarmee het hy wel die volle Godheid van die Drie-eenheid en van die Heilige Gees bó alle verdenking gestel, maar die Bybelse feit dat die Heilige Gees óók 'n afsonderlike Persoon is, het hy prysgegee. *Arius* se geesverwante, soos die *Macedoniane* en die *Marathoniane*, het egter altyd die Godheid van die Heilige Gees bestry; daarom word hulle ook *Pneumatomache* genoem, bestryders van die Heilige Gees. Hulle het van allerlei drogredes gebruik gemaak om te "bewys" dat die Heilige Gees nie wesenlik God kan wees nie. Hulle het beweer dat as die Heilige Gees God is en nie verwek deur die Vader nie, dan is daar twee Gode. As hy deur die Vader verwek is, is daar twee Seuns van God. As Hy deur die Seun verwek is, dan is daar 'n Kleinseun van God, iemand waaroor die Bybel tog nie praat nie! Die sinode van Konstantinopel het in die jaar 381 na Christus al hierdie dwaalleraars en hulle ketterye veroordeel en geleer dat daar maar een God is, dat die Heilige Gees saam met die Vader en die Seun hierdie één God is, maar tegelyk 'n afsonderlike Persoon. Verder het hierdie sinode bely dat net soos die Vader die Seun gegenereer het, net so gaan die Heilige Gees van die Vader uit.

Daar was natuurlik ook ander ketterye soos *Johannes Akusnages* en *Johannes Philoponus*, wat wel die Godheid én die Persoonlikheid van die Heilige Gees gehandhaaf het, maar wat ongelukkig téén die Skrif geleer het dat daar drie afsonderlike Gode is wat ons moet aanbid. *Damianus* het selfs sover gegaan om vier Gode te leer, naamlik die Vader, die Seun, die Heilige Gees én die goddelike Wese waaraan elk van die Drie deel het. Dit sal ons egter te ver voer om elke kettery en dwaalleer rondom die Heilige Gees hier volledig en breedvoerig te behandel. Miskien kan ons in dié verband afsluit deur te sê dat dit in ons tyd veral die Jehowa-getuies is wat die leer van die heilige Drie-eenheid sterk ontken, en wel op só 'n wyse dat hulle beide die Godheid én die afsonderlike Persoonwees van die Heilige Gees ontken. In hulle boekie, Die Waarheid wat lei tot die Ewige Lewe (p 24) sê hulle van die leer van die Drie-eenheid: "Die leerstelling het nie by God ontstaan nie". Van die Heilige Gees sê hulle: "Ons het reeds gesien dat dit nie 'n Persoon nie, maar God se werkende krag is."

Wat ons hierbo uitvoerig uit die Bybel self, èn oor die ewige Godheid, èn oor die afsonderlike Persoonwees van die Heilige Gees gesê het, en wat ons verder gesê het van die onderlinge verhouding van die Vader, Seun en Heilige Gees, glo ons, is meer as genoeg om hierdie dwaalleringe te weerlê en om die suiwer waarheid van God se Woord te laat skitter.

# 4 DIE BESONDERE VERBAND TUSSEN DIE HEILIGE GEES EN JESUS CHRISTUS

In die vorige hoofstuk het ons gesien dat die Heilige Gees saam met die Vader en die Seun die één, enigste goddelike Wese is. Wat Godheid betref, is die Seun en die Heilige Gees dus één. Dit is egter tog goed om die noue verband wat daar volgens die Bybel tussen die Heilige Gees en Jesus Christus bestaan, uit te lig en nader toe te lig. Daar lê 'n diepe betekenis daarin dat die Heilige Gees op 'n paar plekke in die Skrif die Gees van Christus genoem word. So lees ons onder andere in Romeine 8:9: "As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie." Galasiërs 4:6 sê: "En omdat julle sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit 'Abba!' Dit beteken: Vader!" terwyl Paulus in Filippense 1:19 sê dat die Gees van Christus hom bystaan. In 1 Petrus 1:11 word gesê dat die Gees van Christus in die profete was, en daarom het hulle "vooruit verkondig dat Christus moet ly en daarna verheerlik sal word . . ."

Uit laasgenoemde teksvers is dit duidelik dat die verband tussen Jesus Christus en die Heilige Gees met betrekking tot Jesus se menswording alreeds tot vóór sy menswording teruggaan, in dié sin dat die Heilige Gees die profete verlig het om van Jesus se menswording, lyding en verheerliking te profeteer. Nou is dit merkwaardig dat toe God besluit het dat die tyd vervul is dat sy Seun as mens gebore sou word, toe sê die engel Gabriël aan Maria: "Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek . . ." Dit is dus die Heilige Gees wat op wonderlike wyse die menslike liggaam van Jesus Christus in die skoot van Maria vorm en laat groei.

Dit is ook die Heilige Gees wat op Simeon was en aan hom bekend gemaak het dat hy nie sou sterwe voordat hy die Christus, die Gesalfde, die Messias gesien het nie. Hy word dan ook deur die Gees gelei na die tempel waar hy die Kindjie Jesus sien en in sy arms neem en God prys (Luk 2:25-28). So laat veral die Evangelie volgens Lukas ons sien hoedat die Heilige Gees Jesus Christus en sy werksaamheid begelei, van voor sy geboorte af tot met sy hemelvaart. Laat ons hieromtrent slegs 'n paar opvallende sake uitlig en toelig.

Die doop van Jesus beteken onder andere ook dat Jesus daar amptelik gesalf is tot Christus, tot die Messias om die werk van die Messias



te doen. Ook in die Ou Testament is sekere manne afgesonder en met olie gesalf om die werk van die Here te doen, byvoorbeeld om sy volk te regeer of om te profeteer. Ons vind daar dié patroon dat ná die salwing met olie, die Gees van die Here oor hulle vaardig geword het. So lees ons in verband met Saul in 1 Samuel 10:11: "En Samuel het die kruik met olie geneem en dit op sy hoof uitgegiet en hom gesoen en gesê: Het die HERE jou nie gesalf as vors oor sy erfdeel nie?" Dan lees ons in vers 10: "Nadat hulle daar by Gibea gekom het, ontmoet hom (Saul) meteens 'n groep profete, en die Gees van God het oor hom vaardig geword, sodat hy onder hulle geprofeteer het." Die verskil is dat Jesus direk met die Heilige Gees gesalf word by sy doop. In dié verband lees ons in Lukas 3:21-22: "En Jesus is ook gedoop, en terwyl Hy staan en bid, het die hemel oopgegaan en die Heilige Gees het in sigbare gedaante soos 'n duif op Hom neergedaal . . ." Met die doop van Jesus vind dus sy ampsaanvaarding as Middelaar plaas, en deur die salwing met die Heilige Gees word Hy as Middelaar toegerus om sy ampswerk te doen.

Nadat Jesus nou só deur die Heilige Gees gesalf en vir sy ampswerk as die Christus, die Gesalfde toegerus is, lees ons in Lukas 4:1-2: "Jesus het vol van die Heilige Gees van die Jordaan af teruggekeer, en deur die Gees is Hy na die woestyn toe gelei, waar Hy veertig dae lank deur die duiwel versoek is." Bekyk ons hierdie versoekings van naderby, dan sien ons dat hulle as't ware die beleidsverklaring van Jesus bevat, die beginsels wat agter sy hele openbare optrede as die Gesalfde van God, die Christus lê. In die eerste versoeking wil die duiwel hê dat Jesus moet erken dat die honger na brood dié basiese dryfkrag van die menslike bestaan en geskiedenis is. Die duiwel wil hê Hy moet erken: dit gaan in die lewe basies om brood; dit is waarvoor mense lewe, waarvoor hulle stry en selfs bereid is om te sterf. Nou is dit merkwaardig dat Jesus nie die belang van brood vir en in die lewe ontken nie, maar dat Hy daarop wys dat daar 'n belangriker behoefte vir 'n sinvolle menslike lewe is as brood, naamlik die lewendmakende en reddende Woord van God. In die tweede versoeking stel die duiwel dat dié waarde waarvoor mense selfs God sal verloën en die duiwel sal aanbid, dié waarde waarvoor hulle selfs hulle siel sal verkoop, majesteit en mag is, veral wêreldse, politieke mag. Hierteenoor stel Jesus dat Hy in die uitvoering van sy Messiaanse roeping gehoorsaamheid aan God vér bokant magshonger stel. Dit gaan vir Hom onder geen omstandighede om wêreldse mag en majesteit nie, maar daarom om gehoorsaam die wil te doen van die Koning van die konings en die Here van die here. In die derde versoeking wil die duiwel hê dat Jesus God moet dwing om die eerste wonder in Jerusalem te laat gebeur, in Jerusalem waar

daar baie mense is (en nie in die klein plekkie te Kana in Galilea nie). Jesus moes dus erken dat die mens sy eie tye kan bepaal en dat dit basies om populariteit by die groot massas gaan. Hierteenoor stel Jesus sy lewe volkome in God se hand en wys hy die stelling af, as sou dit in die lewe basies om populariteit gaan. Jesus, in sy beleidsverklaring aan die begin van sy openbare optrede, wys dus broodhonger, magshonger, selfbeskikking en strewe na populariteit af as die basiese dryfkragte van die menslike lewe en geskiedenis. In die plek daarvan stel Hy die Woord van God, gehoorsaamheid aan God, die wag op God en sý tyd. In al hierdie dinge is die Heilige Gees en sy leiding in die lewe van Jesus volgens Lukas 4:1-2 ten nouste betrokke.

Wanneer Jesus van sy openbare werksaamhede begin, keer Hy volgens Lukas 4:14 na Galilea terug, "vol van die krag van die Gees." Wanneer Hy dan op die sabbatdag in die sinagoge in Nasaret kom, lees Hy uit Jesaja 61:1-2 voor, waar daar volgens Lukas 4:18-19 staan:

"Die Gees van die Here is op My
omdat Hy My gesalf het
om die evangelie aan armes te verkondig.
Hy het My gestuur
om vrylating vir gevangenes uit te roep
en herstel van gesig vir blindes,
om onderdruktes in vryheid uit te stuur,
om die genadejaar van die Here aan te kondig."

Hy sê dan in hierdie verband: "Vandag is hierdie Skrifwoord wat julle nou net gehoor het, vervul". Die punt waarom dit hier gaan, is die volgende: Wat Jesus hier skets, is sy werk as die Messias, as die Gesalfde van God. Nou stel Hy dat dié salwing gebeur het deur die Heilige Gees. Daarom staan sy hele openbare bediening in die teken van die salwing van die Heilige Gees en die toerusting as Profeet, Koning en Priester deur die Heilige Gees.

Namate die einde van hierdie openbare bediening ten einde loop, begin Jesus al meer en meer na die Heilige Gees te wys as dié Een wat sal kom om sy teenwoordigheid en werk voort te sit wanneer Hy na sy Vader gaan, dit wil sê wanneer Hy opvaar na die hemel toe. Veral die Evangelie volgens Johannes spreek hieroor in duidelike taal. Volgens Johannes 16:7 sê Jesus: "Tog sê Ek vir julle die waarheid: Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Voorspraak nie na julle toe kom nie; maar as Ek gaan, sal Ek Hom na julle toe stuur." Jesus sê: 'Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe" (Joh 14:18). Die wyse waarop Jesus hulle nie as



weeskinders sal agterlaat nie en waarop Hy weer na hulle toe sal kom, is deur die Heilige Gees. Die Heilige Gees is die manier waarop die gekruisigde, opgestane en na die hemel-toe opgevaarde Heer by sy gemeente en in hulle harte teenwoordig is. Daarom sê Hy dan ook: "Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, naamlik die Gees van die waarheid" (Joh 14:16), Hy wat "by julle bly en in julle sal wees" (Joh 14:17). Sy werk sal wees om hulle "in die hele waarheid te lei". Dit sal Hy doen deurdat "wat Hy sal sê, nie van Homself sal kom nie," maar, sê Jesus: "Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig". Ook wanneer die Heilige Gees die heilswerk ná die hemelvaart van Jesus Christus voortsit, dan bly Hy dus gebonde aan Jesus Christus en aan sy voltooide heilswerk.

Na Jesus se hemelvaart, is dít wat vir ons genoegsaam is om te glo om salig te word (Joh 20:30-31) deur waaragtige en betroubare getuies op skrif gestel (Joh 21:24). 2 Petrus 1:16 stel hierdie saak soos volg: "Toe ons aan julle die krag van ons Here Jesus Christus en sy wederkoms bekend gemaak het, het ons ons nie op versinsels of legendes verlaat nie. Nee, met ons eie oë het ons Hom in al sy majesteit gesien." Dit is deel van die betroubare en vaste profetiese woord en daarvan sê Petrus in vers 21: "want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, gespreek." Van die openbaring van die verborge dinge van God sê 1 Korintiërs 2:10 en 13 die volgende: "Aan ons dan het God dit deur die Gees bekend gemaak, want die Gees deursoek alle dinge, ook die diepste geheimenisse van God ... Dit verkondig ons ook, nie met geleerde woorde wat die menslike wysheid ons leer nie, maar met woorde wat die Gees ons leer." Hier word dit duidelik dat toe Jesus Christus opgevaar het na die hemel, die Heilige Gees ook in dié sin sy werk begelei het om 'n waaragtige en betroubare verslag van daardie werk in die Nuwe Testament op te stel. Die werk van die Heilige Gees na die hemelvaart van Jesus Christus is dus die volgende: Deur sy inspirasie en leiding word die heilswerk van Jesus Christus op Skrif gestel. Die Heilige Gees spreek nie uit Homself nie, maar verheerlik Christus deur uit die Heilige Skrif te neem wat aan Christus behoort en dít te verkondig. Dan open Hy die harte van die gelowiges om in Jesus Christus te glo en so word deur Woord en Gees Jesus Christus hier en nou onder die gelowiges teenwoordig gestel. Só begelei die Heilige Gees dan die Persoon en werk van Jesus van vóór sy ontvangenis tot ná sy wederkoms, en só het die kerk deur alle eeue ook hierdie noue verbintenis bely.

In die vorige hoofstuk het ons gesien hoedat die kerk in die belydenis van Konstantinopel van 381 nC van die Heilige Gees bely dat Hy van die Vader uitgaan, dat die Vader Hom stuur. Maar omdat die kerk in die Weste oortuig was van die Bybelse feit van die noue verbintenis van die werk van die Seun en die Heilige Gees, het dié kerk al meer en meer begin sê dat nie net die Vader die Heilige Gees stuur nie, maar ook die Seun – dat die Heilige Gees nie net van die Vader uitgaan nie, maar *ook van die Seun*. Die woorde *"ook van die Seun"* heet in Latyn *"Filioque"* en omdat die Oosterse kerk sterk beswaar gemaak het teen die invoeging van dié woorde op die sinode van *Toledo* (589 nC), staan dié stryd bekend as die Filioque-stryd, wat uiteindelik gelei het tot die skeuring tussen die Westerse en Oosterse kerke in 1054 nC. Die rede waarom die Oosterse kerk nie wou toegee dat die Heilige Gees óók van die Seun uitgaan nie, was dat hulle heimlik gedink het dat die Seun effens ondergeskik is aan die Vader. As hulle nou sou toegee dat die Seun op gelyke wyse die Heilige Gees stuur as wat die Vader Hom stuur, dan het hulle gesê dat die Vader en die Seun wat Godheid betref volkome aan mekaar gelyk is. En dit wou hulle juis nie doen nie. Die Westerse kerk daarenteen wou juis bely dat die Seun, wat sy Godheid betref, in geen opsig aan die Vader ondergeskik is nie.

Die Westerse kerk het nog 'n ander motief gehad waarom hulle wou bely dat die Heilige Gees óók van die Seun uitgaan. Hulle wou hiermee beklemtoon dat die leer van die Drie-eenheid nie maar blote spekulasie is nie, maar voluit met die verlossing, die redding van die mens in verband staan. Die werk van die Heilige Gees het vir hulle nie los gestaan van die verlossende heilswerk van Jesus Christus nie. Die Heilige Gees verbind Hom juis om hierdie verlossingswerk in die tyd verder te voer en in die lewe van die gelowiges tot werklikheid te maak. Die Oosterse kerk het die Heilige Gees nie so sterk aan die verwerkliking van die heil van Jesus Christus gebind nie, maar het Hom óók verbind aan die natuur en aan die menslike gees. Só het ons dan allerlei spekulasies in die Ooste gekry oor die werk van die Gees in die skepping, én hulle het later ook die Heilige Gees aan die Russiese volksiel verbind. Dit het tot allerlei dwalinge gelei waarin mensegees en die Heilige Gees met mekaar verwissel is. Daarteenoor wou die Weste beklemtoon dat die drie-enige God die God van die *versoening* is, en daarom het hulle die rol van die Heilige Gees in die *versoening* so sterk beklemtoon.

Indien 'n mens, soos die Oosterse kerk gedoen het, die werk van die Heilige Gees losmaak van die versoenende werk van Jesus Christus, dan lei dit so maklik tot die opvatting dat die mens deur die werking van die Gees buite Christus om direk met die Vader verbind kan word.



Hierdie direkte verbinding van die mens met God, staan ook bekend as die mistiek. Op grond van die Bybel het die Westerse kerk beklemtoon dat die mens alleen deur Jesus Christus in verbinding kan kom met die ware God, en nie deur middel van allerlei mistieke geestelike kontemplasie nie.

In die wetenskaplike taal van die teologie kan ons samevattend sê dat deur die invoeging van die "Filioque" in die belydenis, wou die Westerse kerk die soteriologiese gehalte van die Drie-eenheid beklemtoon, en wou hy alle kosmologiese spekulasie en mistieke kontemplasie as heilsweg by die wortel afsny.

# 5 OORSIGTELIKE SAMEVATTING VAN DIE VERBANDE WAARIN DIE BYBEL OOR DIE HEILIGE GEES PRAAT

## DIE OU TESTAMENT

Die Hebreeuse woord *ruach* kom byna 400 maal in die Ou Testament voor en afhangende van die verband waarin dit voorkom, word dit vertaal met: wind, gees van die mens en Gees van God. Net soos die Here is sy Gees ook teenwoordig in die stormwind (Nah 1:3 en Sag 9:14), maar soms is sy Gees juis in die ruising van die sagte koelte (1 Kon 19:12). Verder besiel die Gees van God ook die Gees van die mens, maar tereg wys *Hoenderdaal* daarop dat "God se teenwoordigheid geen éénwording van God en natuur beteken nie, ook geen eenwording van God se Gees en mensegees nie." Trouens *Hoenderdaal* is daarvan oortuig dat dit één van die tipiese trekke van die getuienisse van die Bybel is dat die Gees van die mens en God se Gees "nooit verwisselbaar is nie en dat God se Gees nooit die onvervreembare besit van die mens word nie." In Psalm 51: 13 het ons die bede uit die mond van Dawid: "Neem u Heilige Gees nie van my weg nie." Hierdie bede bid hy, hoewel die Gees van die Here oor hom vanaf sy salwing vaardig geword het (1 Sam 16:13). Hy het geweet dat die Gees van die Here ook oor Saul vaardig geword het nadat hy gesalf is (1 Sam 10:1,6 en 10), maar dat God sy Gees van Saul weggeneem het toe hy ongehoorsaam geword het, en dat Hy 'n bose gees gestuur het waardeur Saul se lewe beheers is (1 Sam 16: 14-16). Daarom kan tereg gesê word dat die Bybel leer dat die Heilige Gees nooit die permanente besit van die mens word nie, maar altyd eiendom van die soewereine God bly.

Kyk ons nou verder na die getuienis van die Ou Testament, dan sien ons dat die Gees van die HERE in die Ou Testament in die eerste plek in verband met die verwekking en onderhouding van *lewe*, in die natuur én in die lewe van die mens gebring word. In Psalm 104:30 lees ons in verband met die skepsels en die gelaat van die aarde: "U stuur u Gees uit, hulle word geskape; en U maak die gelaat van die aarde nuut." In Jesaja 32:15 staan daar dat as die Gees "uitgegiet word uit die hoogte, dan word die woestyn 'n vrugteboord." Die Gees van God word hier dus met lewegewende water vergelyk. Nie net in verband met die natuur nie, maar ook in verband met die mens, is die Gees van



die Here die verwekker en lewegewer. In Job 33:4 word gesê: "Die Gees van God het my geskape, en die asem van die Almagtige maak my lewend." In Genesis 6:3 staan daar: "Toe sê die HERE: My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is; maar sy dae sal wees honderd-en-twintig jaar." Die lewe van die mens word hier dus gesien as 'n werksaamheid van die Gees van die HERE en vanweë die toenemende bederf van die mens word sy lewe verkort; die Gees van die HERE word na 'n aantal jare van hom af weggeneem.

Nie net die lewe van die mens nie, maar ook die geestelike en intellektuele begaafdheid om in die gewone, natuurlike lewe sy taak uit te voer, word aan die Gees van God toegeskryf. Elihu sê in Job 32:8 "Maar dit is die Gees in die mens en die asem van die Almagtige wat hulle verstandig maak", dit wil sê wat aan hulle die menslike rede en insig gee wat hulle van die dier onderskei. Veral as iemand bo-gemiddeld begaafd is, dan word hierdie vermoë gesien as 'n besondere gawe van die Gees van God. Van die begaafdheid van Josef, om onder andere drome te verklaar, sê Farao aan sy dienaars: "Kan ons wel iemand vind soos hierdie man in wie die Gees van God is?" (Gen 41:38). Van Besáleël en Ohóliab en die ander kunstenaars wat help bou het aan die tabernakel, lees ons in Eksodus 31:2 en verder (en ook in Eksodus 35: 20 en verder): "Kyk, die Here het Besáleël, die seun van Uri, die seun van Hur, van die stam van Juda, by sy naam geroep; en Hy het hom met die Gees van God vervul, met wysheid, met verstand en met kennis en bekwaamheid vir allerhande werk; en om kunstige planne uit te dink, om dié uit te voer in goud en silwer en koper, en deur snywerk in stene wat ingelê moet word, en deur houtsnywerk; om werksaam te wees in allerhande kunsarbeid . . ."

Hoewel die werk van Josef en dié van Basáleël en sy medestanders óók in diens van die HERE staan, lees ons in die Ou Testament veral van die *toerusting* deur die Heilige Gees vir hulle *ampswerk* in diens van die HERE. Eerstens is daar die regeerders. Volgens Numeri 11:17, was die Gees van die Here op Moses sodat hy daardeur die volk kon lei en regeer. Toe Moses kla dat die regeerlas vir hom te swaar word, het die HERE aan hom opdrag gegee om sewentig oudstes na die tent van samekoms te bring. "Dan sal ek neerdaal en daar met jou spreek; en van die Gees wat op jou is, sal Ek afsonder en op hulle lê; en hulle sal jou help om die las van die volk te dra, sodat jy dit nie alleen hoef te dra nie." (Num 11:17). Numeri 11:25 sê dan dat die HERE neergedaal het "en Hy het van die Gees wat op hom (Moses) was, afgesonder en op die sewentig oudstes gelê. En terwyl die Gees op hulle rus, het hulle geprofeteer; maar daarna nie meer nie." Die feit dat hulle geprofeteer het, was alleen maar 'n openbare bevestiging voor die volk, dat hulle

werklik die Gees van God (wat aan hulle regeerwysheid skenk) ontvang het. Vir Moses gee die HERE die volgende opdrag in verband met Moses se opvolger: "Neem vir jou Josua, die seun van Nun, 'n man in wie my Gees is; lê hom die hand op ... en lê op hom van jou hoogheid (dit wil sê begaafdheid deur die Gees van God), sodat die vergadering van die kinders van Israel na hom kan luister" (Num 27:18-20). Die Gees van die Here rus ook op die rigters om hulle vir hulle regeertaak te bekwaam. In Rigters 3:10 lees ons in verband met Ótniël: "En die Gees van die HERE het op hom gekom, en hy het Israel gerig en uitgetrek om oorlog te voer ..." Net so word ook Jefta en Simson deur die Gees van God vir hulle dienswerk toegerus. Ten slotte noem ons slegs nog vir Saul en Dawid wat met die Gees van God vir hulle regeertaak bekwaam gemaak is. In 1 Samuel 10:1 lees ons hoe Samuel, Saul gesalf het en in vers 6 volg dan: "En die Gees van die HERE sal oor jou vaardig word, sodat jy saam met hulle sal profeteer en in 'n ander mens verander word." Vers 10 sê dan: "die Gees van God het oor hom vaardig geword" en beskrywe dat Saul inderdaad saam met 'n groep profete geprofeteer het. Weer eens was die profetiese gawe slegs die openbare teken daarvan dat hy inderdaad die Gees wat aan hom die regeerwysheid sou skenk, ontvang het. Nadat Dawid deur Saul gesalf is, word gesê: "en die Gees van die HERE het van dié dag af en verder oor Dawid vaardig geword."

Ook wat die *profete* betref, lees ons op 'n hele aantal plekke dat hierdie gawe en toerusting met die oog op diens, van die Heilige Gees af kom. Alreeds by die sewentig oudstes en Saul het ons gesien dat hulle geprofeteer het toe hulle die Heilige Gees ontvang het om hulle regeertaak te vervul. Op die vas en biddag van die volk waarvan Nehemía 9 praat, word van die volk gesê: "U het hulle gewaarsku deur u Gees, deur middel van die profete" (vers 30). Jesaja 61:1 sê van die profeet: "Die Gees van die Here HERE is op my omdat die HERE my gesalf het om die blye boodskap te bring ..." Hierdie selfde teks kry weer weerklank in die Nuwe Testament wanneer Jesus, vervul met die Heilige Gees, dit op Homself as gesalfde profeet toepas. Dit is die Gees wat Esegiël ophef en wegneem en laat gaan om te profeteer, alhoewel hy "verbitterd is in die grimmigheid van sy gees" (Eseg 3:14; ook 8:3). Sagaria 7:12 sê dat Israel sy hart so hard soos 'n diamant gemaak het om nie te luister na "die woorde wat die HERE van die leërskare deur sy Gees, deur die diens van die vroeëre profete gestuur het nie."

'n Derde groot verband waarbinne die Ou Testament oor die Heilige Gees praat, is in sy profetiese heenwysing na die *Messiaanse tyd*. Toe 'n seun aan Moses berig gebring het dat die twee manne wat in die laer agtergebly het, Eldad enMedad profeteer, (want "die Gees het op hulle



gerus") het Moses die versugting uitgespreek: "Ag, as die hele volk van die HERE maar profete was, dat die HERE sy Gees oor hulle mag gee!" (Num 11:26 en 29). Nou profeteer Joël dat in die tyd van die Messias "sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien. En ook op die diensknegte en op die diensmaagde sal Ek in dié dae my Gees uitgiet" (Jo 2:28-29). Vergelyk in hierdie verband ook Jesaja 44:3 waar God beloof: "Ek sal my Gees op jou kroos giet en my seën op jou nakomelinge." Op almal dus, oud en jonk, manlik en vroulik, dienskneg en diensmaagd, sal die Gees van die HERE rus. Hierdie Skrifgedeelte speel weer 'n belangrike rol in Handelinge 3, waar die uitstorting van die Heilige Gees as teken daarvan gesien word dat die ryk van die Messias in Christus Jesus aangebreek het. Op dieselfde wyse bring Jesaja in sy beskrywing van die toekomstige Messiaanse ryk die Gees in verband met die Messias-Koning. "Maar daar sal 'n takkie uitspruit uit die stomp van Isai, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra; en op Hom sal die Gees van die HERE rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en vrees van die Here" (Jes 11:1-2). Ons het vroeër al gesien hoe hierdie profesie in die Nuwe Testament vervul is, hoe die Heilige Gees Jesus Christus van vóór sy geboorte af gelei het met sy gawes en toerusting. Hier word die gawes van wysheid, verstand, raad, sterkte, kennis en godsvrees genoem.

Jesaja 42 spreek van die Kneg van die HERE wat in die lig van die Nuwe Testament gesien, Jesus Christus, die Messias-Koning is (Matt 12:18). Van Hom word gesê: "Daar is my Kneg, wat Ek ondersteun, my Uitverkorene in wie my siel 'n welbehae het. Ek het my Gees op Hom gelê; Hy sal die reg na die nasies uitbring" (vers 1). Hierdie feit dat die reg sal seëvier in die ryk van die Messias, dat die ryk van die Messias tegelyk 'n ryk van geregtigheid sal wees, kry ons ook in Jesaja 32:12-18. Wanneer God sy "Gees uitgiet uit die hoogte" dan sal nie alleen die woestyn, 'n vrugteboord word nie, maar dan sal "die reg woon in die woestyn, en geregtigheid sal verblyf hou in die vrugteboord en die werking van die geregtigheid sal vrede wees, en die voortbrengsel van die geregtigheid rus en veiligheid tot in ewigheid" (Jes 32:15-17). Inderdaad sal hierdie ryk van die Messias wat tegelykertyd ryk van die Gees is, een wees waarvan gesê word: "Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja" (Jes 11:6). Ook wanneer Sagaría 12 praat oor die heil en die seën vir die volk van die HERE in die verre toekoms, dan word in verband met die

Gees gesê: "Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal ek uitgiet die Gees van genade en smekinge ..." (vers 10).

Hierdie heilstyd sal tegelykerdtyd die tyd van die nuwe verbond tussen God en sy volk wees, 'n ewige verbond van vrede (Eseg 37:26) waar die wet in hulle binneste gegee is en op hulle hart geskrywe is (Jer 31:31 en 34). En ook hierin sal die Gees van God 'n belangrike rol speel. Esegiël 36:26 en 27 sê in hierdie verband: "En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in julle binneste; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. En Ek sal my Gees in julle binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen." Verder: "En Ek sal my Gees in julle gee, dat julle lewendig kan word; en Ek sal julle vestig in jul land; en julle sal weet dat Ek, die HERE, dit gespreek en gedoen het, spreek die HERE" (Eseg 37:14).

In die Ou Testament is dit dus só dat veral die ampsdraers met die oog op hulle dienswerk, met die Gees toegerus is. Eers in die toekomstige ryk van vrede, sal die Gees op alle vlees en op die hele volk uitgegiet word. Maar wanneer ons dít sê, beteken dit nie dat die volk in die Ou Testament nou geheel en al sonder die Gees van God was nie. — Volgens Jesaja 31:3 is die *Gees* van krag van God wat die volk teen die vyande (wie se perde maar *vlees* is) sterk, en ook van die Ou-Testamentiese bedeling sê God: "En Ek sal my aangesig nie meer vir hulle verberg nie, omdat Ek my Gees oor die huis van Israel uitgegiet het, spreek die Here HERE" (Eseg 39:29). Wat ons wel wil sê, is dat die uitstorting van die Gees in sy volheid veral tot ampsdraers beperk is,en dat die volle uitstorting van die Gees eers in die Messiaanse ryk oor almal en oor die hele volk sal gebeur, soos dit inderdaad ook gebeur het met die koms van Jesus Christus, die Messias-Koning met wie die pinkstergebeure ten nouste verbonde is.

*Hoenderdaal* wys tereg daarop dat die Heilige Gees in die Ou Testament óók nog op ander wyses werk as wat ons hierbo aangedui het. Hy is ook die rigtende en uitdelgende Gees in verband met die sonde (Jes 4:4), ook om volkere te rig en te vernietig (Jes 30:27-28). Opsommend sê *Hoenderdaal* in hierdie verband: "God kom tot die wêreld met sy Gees, huiweringwekkend, lewegewend, inspirerend, troostend en reinigend. Deur sy Gees oordeel die Heer die wêreld; sy Gees sal heers in die Messiaanse vrederyk ... God se Gees is God se asem: lewegewend en reinigend, rigtend en rigting-gewend."



# 6 OORSIGTELIKE SAMEVATTING VAN DIE VERBANDE WAARIN DIE BYBEL OOR DIE HEILIGE GEES PRAAT

## DIE NUWE TESTAMENT

### 1 Die Evangelies volgens Matteus, Markus en Lukas

Toe ons oor die noue verbintenis tussen die Persoon en werk van Jesus Christus en die Heilige Gees gepraat het, het ons alreeds sekere sake na vore gebring wat in al drie bogenoemde Evangelies na vore kom. Ons noem sy *ontvangenis* deur die Heilige Gees (Matt 1:18,20; Mark 1:8; Luk 1:35); die neerdaal van die Gees by sy *doop* (Matt 3:16; Mark 1:10; Luk 3:22); die werksaamheid van die Heilige Gees rondom sy *versoeking* (Matt 4:1; Luk 4:1,14; Mark 1:12). Deur Matteus 12:18 word Jesus Christus (as vervulling van Jesaja 42:1-3) gesien as die Kneg van die HERE op wie sy Gees is, en deur Lukas 4:18 (as vervulling van Jesaja 66:1-2) as die gesalfde Profeet en Messias op wie die Gees van die HERE is. Johannes die Doper kondig Hom aan as dié een wat sal doop met die Heilige Gees (Matt 3:11; Mark 1:8) én met vuur (Luk 3:16). Dit beteken dat Jesus die Messias is met wie se koms die nuwe tydperk van heil aangebreek het, en dat Hy die mededeler van die Gees, van sy krag en gawes is. (Ons sal nog later in 'n ander verband terugkom oor die hele saak van die doop met die Heilige Gees). Omdat die Heilige Gees één van die goddelike Persone van die Drie-eenheid is, daarom word die gelowiges ook gedoop in die Naam van die Heilige Gees (Matt 28:19).

Die drie genoemde Evangelies laat ook duidelik sien dat dié mense wat profeties van Jesus Christus getuig, gedryf word deur die Heilige Gees. Dawid het oor Hom deur die Heilige Gees gespreek (Matt 22:34; Mark 12:36), terwyl die Gees nie net op Simeon rus (Luk 2:25) en hom na die tempel toe lei nie (vers 27), maar ook aan hom openbaar dat hy nie sal sterwe voordat hy die Heiland gesien het nie. Elisabet spreek haar profesie en Sagaria sy lofsang uit, vervul met die Heilige Gees, terwyl Johannes die Doper alreeds vóór sy geboorte vervul en toegerus is met die Heilige Gees vir sy dienswerk (Luk 1:15). Die Heilige Gees sal ook die gelowiges in krisistye leer wat om te bid (Luk 12:12). Wat ons in die Ou Testament gesien het oor die gawe van die Gees met die

oog op profetiese getuienis en toerusting vir besondere dienswerk, kom hier weer eens duidelik na vore.

Ten slotte kom die saak van die laster teen die Heilige Gees in al drie genoemde Evangelies voor (Matt 12:31-32; Mark 3:28; Luk 12:10). Daaroor sal ons later afsonderlik en uitvoeriger handel.

### 2 Die Evangelie volgens Johannes en ander Johannes-geskrifte

Die Evangelie volgens Johannes verbind ook die neerdaling van die Gees op Jesus met sy doop, en sê ook dat dit Hy is wat met die Gees sal doop, die Seun van God in wie die nuwe tydperk van heil aangebreek het (Joh 1:33-34). Hy word net soos in die Ou Testament en die ander Evangelies "die Gees wat lewend maak", genoem (Joh 6:63). Om lewend gemaak te word, het hier duidelik geestelike betekenis. Dit beteken dat die Heilige Gees ons verbind met Jesus Christus wat die lewe is (Joh 14:6). So kry ons deel aan die lewe van die nuwe bedeling, deel aan die ewige lewe. Hulle wat "die woorde van God spreek", doen dit deur die Heilige Gees (Joh 3:34). Ook die profetiese gawe kom dus, soos elders, deur die werking van die Gees.

Maar dan het ons ook vyf grotere afdelings waarin daar oor die Heilige Gees gepraat word, naamlik:

- die gesprek van Jesus met Nikodemus oor die wedergeboorte;
- die gesprek van Jesus met die Samaritaanse vrou;
- die uitspraak van Jesus oor die strome van lewende water;
- die gedeeltes wat handel oor die Heilige Gees as die Voorspraak of Trooster; én
- die mededeling van die Heilige Gees aan die dissipels.

Oor die Gees en die wedergeboorte praat ons later afsonderlik en uitvoeriger. In die gesprek van Jesus met Nikodemus oor die wedergeboorte en die rol wat die Heilige Gees hier speel (Joh 3:5-8), kom egter 'n paar belangrike perspektiewe voor. Om wedergebore te wees, beteken om "opnuut gebore" te wees, om "uit die Gees gebore" te wees. Dit word gestel teenoor die eerste geboorte van die mens, teenoor "uit die mens gebore" te wees, "uit die vlees" gebore te wees. Hy wat uit die vlees gebore is, bedink vleeslike dinge, is verkoop onder die sonde (Rom 7:14) en doen die dinge van die mens. "Die mens wat nie die Gees van God het nie, aanvaar nie die dinge van die Gees van God nie. Vir hom is dit onsin. Hy kan dit ook nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel moet word. Die mens wat die Gees van God het, kan die waarde van alle dinge beoordeel" (1 Kor 2:14-15). Om uit die Gees gebore te wees, beteken dat die mens oorgegaan het uit die bestaanswyse van sonde en dood en ingebring is in die nuwe bestaanswyse van geloof, gehoorsaamheid en lewe in God. Om opnuut gebore te word, om uit God gebore te wees, om uit die Gees gebore te wees, beteken "om te glo dat Jesus die Christus is" (1 Joh 5:1).



In die gesprek met die Samaritaanse vrou, kry ons die belangrike uitspraak van Jesus in verband met die Heilige Gees: "Maar daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader deur Gees en in waarheid sal aanbid, want die Vader wil juis hê dat die mense wat Hom aanbid, dit so moet doen. God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid." (Joh 4:23-24). Teenoor die Samaritaanse vrou wat roem op "ons vader Jakob" (vers 12) praat Jesus hier van "die Vader", dit wil sê die hemelse Vader teenoor die menslike, natuurlike vader. Op dieselfde wyse moet ons ook die uitspraak: "God is Gees" verstaan. Die Samaritaanse vrou meen dat God aan 'n bepaalde plek, soos Jerusalem of die berg Gerizim, gebonde is. Deur te sê "God is Gees", word tot uitdrukking gebring dat God nie menslik, vleeslik, aards en aardsgebonde is nie. Dat God Gees is, beteken dat Hy alomteenwoordig is en dat Hy gevind word deur hulle wat deur die Gees gelei word. Om God deur die Gees te aanbid, beteken om Hom nie in die vlees te aanbid nie, om nie in jou aanbidding gebonde te wees aan menslike denke, kultus en moontlikhede nie. Dit beteken om God daar te aanbid waar Hy Hom openbaar. En Hy openbaar Hom in Jesus Christus. Omdat Jesus Christus tegelyk die waarheid is (Joh 14:6), daarom beteken dit ook dat as ons God in waarheid aanbid, ons Hom in en deur Jesus Christus sal aanbid. Om God deur die Gees en in waarheid te aanbid, beteken om gelei deur die Heilige Gees, die alomteenwoordige God in en deur Jesus Christus te aanbid.

In Johannes 7:37-39 staan daar: "Op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus daar gestaan en uitgeroep: 'As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink! Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê:' 'Strome van lewende water sal uit sy binneste vloei'. Hiermee het Hy na die Gees verwys, want die mense wat tot geloof in Hom kom, sou die Gees ontvang. Die Gees was nog nie uitgestort nie, omdat Jesus toe nog nie verheerlik was nie." Johannes wil nie ontken dat die Heilige Gees nie bestaan het en werksaam was voordat Jesus verheerlik is nie, maar die volle mededeling van die Gees en sy gawes gebeur eers wanneer Jesus weggaan en sy Gees stuur (vergelyk Joh 16:7). Diegene wat glo, ontvang die Heilige Gees, want dit is juis die Heilige Gees wat die geloof in ons werk. Weer eens word die Gees hier met lewegewende water vergelyk, en dit word duidelik dat nie net hy wat gelowig word die lewe-wekkende krag van die Gees ervaar nie, maar

dat hy dit ook as 'n stroom van lewende water na ander laat deurvloei. Jesus het nie net aan die Samaritaanse vrou die lewende water gegee nie, en dit het nie net in haar lewe geword "tot 'n fontein met water wat opborrel nie en die ewige lewe gee" nie (Joh 4:14), maar dit het ook baie Samaritane tot geloof laat kom (Joh 4:39-42).

Besonder belangrik oor die leer aangaande die Heilige Gees, is die gedeeltes in Johannes 14,15 en 16 wat oor Hom as Voorspraak (of Trooster) handel. Ons kry ook hier die gedagte dat die Voorspraak eers kom wanneer Jesus Christus verheerlik is en weggegaan het, eers wanneer die volle heil deur Jesus bewerk is. Die woord in die oorspronklike taal vir Voorspraak is *Parakleet*, wat Advokaat beteken. Wanneer die Heilige Gees nou in Johannes 14:16 en 26 en 15:26 en 16:7 die Voorspraak genoem word, dan beteken dit dat Hy die Advokaat van die gelowiges is, hulle "Pleitbesorger, Raadsman, Helper, Bemoediger en Vertrooster", soos die aantekening in die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling dit uitdruk. Wat die gelowiges betref, is Hy hulle *Verdediger*. Vanuit hulleself gesien, verdedig Hy 'n verlore saak; hulle is skuldig en verdien die dood. Hy pleit nie om vryspraak op grond van hulle eie verdienste nie, maar alleen op grond van die soenverdienste van Christus. Maar wat die wêreld betref, *veroordeel* Hy hulle, omdat hulle nie in Jesus Christus glo nie. "En wanneer Hy kom, sal Hy bewys dat die wêreld skuldig is aan sonde, en dat die reg aan my kant is, en dat die oordeel al gekom het. Die wêreld is skuldig aan sonde, want hulle glo nie in My nie: die reg is aan my kant, want Ek gaan na die Vader toe, en julle sal My nie meer sien nie; die oordeel het al gekom, want die owerste van hierdie wêreld is klaar veroordeel" (Joh 16:8-11). As Voorspraak doen Hy die volgende: Hy *getuig van Jesus Christus*. "Wanneer die Voorspraak kom wat Ek vir julle van die Vader af sal stuur, die Gees van die waarheid, wat van die Vader uitgaan, sal Hy oor My getuig" (Joh 15:26). Hy *verheerlik* Christus. "Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig" (Joh 16:14). Die Heilige Gees kom dus nie met nuwe onkontroleerbare waarhede nie. Hy bind Hom aan die volbragte heilswerk van Jesus Christus en daarom verbind Hy Hom aan die Heilige Skrif. Op hierdie wyse word alle geesdrywery en dwepery by die wortel afgesny. Verder: Hy, "die Gees van die waarheid sal julle *in* die *hele waarheid lei*" (Joh 16:13) én Hy sal alles wat aan die Vader behoort (en wat daarom aan Christus behoort), aan die gelowiges *verkondig*, óók die dinge wat sal kom (Joh 16:13-15). Hy "sal julle alles *leer* en julle *herinner* aan alles wat Ek vir julle gesê het" (Joh 14:26).

Ten slotte is ook Johannes 20:19-23 belangrik. Vir sy dissipels wat uit vrees vir die Jode agter geslote deure vergader het, sê Hy: "Vrede vir



julle! ... Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook. Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy oor hulle en sê: Ontvang die Heilige Gees. As julle vir mense hulle sondes vergewe, word dit hulle deur God vergewe; as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe nie" (Joh 20:21-23). Net soos met die Ou-Testamentiese ampsdraers gebeur het, ontvang die dissipels hulle salwing, toerusting en volmag om die dienswerk van God in die wêreld te doen, sonder dat die Heilige Gees hulle besit word waaroor hulle kan beskik.

In *1 Johannes* 3:24 en 4:13 word gesê dat ons sekerheid het waarom God in ons bly en ons in Hom. "Hy het sy Gees aan ons gegee!" Die Heilige Gees is dus God wat in ons woon en ons met God verbind. 1 Johannes 4:1 sê dat ons nie elkeen moet glo wat sê dat hy die Gees van God het nie. Ons moet ondersoek instel en indien iemand bely dat Jesus die Christus is, dan kan ons weet dat hy die Gees van God het. Hieruit blyk weer eens die noue en onlosmaaklike verband tussen die Persoon en werk van Jesus Christus en die getuienis van die Heilige Gees, soos 1 Johannes 5:6 dit ook laat sien. Volgens 1 Johannes 4:6 is die kenmerke van hulle wat die Gees van die waarheid het, dat hulle aan God behoort, God ken en na Hom luister.

In die *Openbaringe-boek* word die Heilige Gees dikwels "die sewe Geeste van God" genoem. Die getal sewe dui op die volmaaktheid van die Heilige Gees. Dat die Lam die sewe Geeste van God het (Op 3:1), of dat hulle rondom sy troon is (Op 4:5) en vanaf die troon na die aarde uitgestuur word (Op 5:6), toon nog eens die noue verband tussen Jesus Christus en die Heilige Gees en dat die Heilige Gees sy werk hier op aarde doen.

Op 'n aantal plekke (Op 2:7,11,17; 3:13,22) kry ons die woorde: "Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê". Die Heilige Gees is dus die eintlike spreker van die Woord van God hier op aarde, maar Hy is tegelyk ook dié Een wat die ore open, sodat die Woord gehoor kan word. Wanneer die siener van Patmos 'n openbaringsvisioen het, dan sien hy dit as 'n werksaamheid en gawe van die Heilige Gees (Op 4:2), net soos dit die geval met die profete van ouds was.

### 3 Handelinge

Soos wat Paulus "die apostel van die Gees" genoem is, so is Handelinge al "die boek van die Gees" genoem. Dit het alreeds daaruit geblyk dat ons in hoofstukke 1 tot 4 dikwels na die boek Handelinge verwys het.

Volgens Handelinge 10:38 het God Jesus van Nasaret "met die Heilige Gees gesalf en met krag toegerus." Nadat Hy verhoog is aan die regterhand van God, het Hy "die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort" (Hand 2:33). Dat Hy die Gees uitgestort het, word in Handelinge 1:5 en 11:16 ook genoem en dat Hy die mense met die Heilige Gees gedoop het. Deur die uitstorting het gemeentelede en ampsdraers die Heilige Gees ontvang (Hand 2:38; 8:15,17,19; 10:45,47 en 19:2), dikwels terwyl die hande op hulle gelê is (Hand 8:18; 19:6). Ander uitdrukkings wat in hierdie verband gebruik word, is dat die Heilige Gees op mense geval het (Hand 10:44; 11:15) en dat sommige vol was van die Heilige Gees (Hand 6:3,5; 7:55; 11:24). Dikwels word die gawe van die Gees in hierdie verband met wysheid, krag en geloof verbind, (byvoorbeeld Hand 6:10).

Die Heilige Gees wat só uitgestort en ontvang is, word beskrywe as dié Gees wat voluit in die gemeente werksaam word. Hy sê dat hulle Paulus en Barnabas vir Hom moet afsonder om sy werk te doen en Hy stuur hulle (Hand 13:2,4). Hy gee opdrag aan Filippus om saam met die wa van die Etiopiese amptenaar te loop, en Filippus word deur die Heilige Gees weggeneem, sodat hy later in Asdod gevind word (Hand 8:29, 39-40). Net so gee Hy aan Petrus opdrag om saam met Kornelius se boodskappers te gaan (Hand 10:19; 11:12). Die Heilige Gees versterk die kerk (Hand 9:31) en is saam met die gelowiges getuies van die heil in Jesus Christus (Hand 5:32; 20-23); trouens Hy maak van mense getuies van Jesus Christus (Hand 1:8). Partymaal verhinder die Gees mense om sekere dinge te doen (Hand 16:7,16). Paulus voel dat dit die Heilige Gees is wat hom dring om na Jerusalem te gaan (Hand 20:22), terwyl dit die Heilige Gees is wat ouderlinge as opsieners oor die kudde aanstel (Hand 20:28). Telkens word die Heilige Gees met die profetiese spreke en besluitneming verbind. Die profeet Agabus profeteer deur die Heilige Gees (Hand 11:28) en Paulus spreek deur Hom (Hand 24:4), terwyl die Heilige Gees saam met die apostels, ouderlinge en broers tot 'n belangrike besluit oor die leer van die kerk kom (Hand 15:28). Dit is trouens die Heilige Gees wat van te vore deur Dawid gespreek het (Hand 1:16).

So word dit duidelik dat die Heilige Gees volgens Handelinge wyd werk in die persoonlike lewe van die gelowiges én in die gemeente.

Oor 'n paar sake wat in Handelinge voorkom, sal ons in latere afdelings uitvoeriger praat, naamlik eerstens die uitstorting van die Heilige Gees en die spreek in tale (Hand 2,10 en 19), en tweedens lieg vir die Heilige Gees (Hand 5:3), die versoeking van die Heilige Gees (Hand 5:9) en die weerstaan van die Heilige Gees (Hand 7:51).



### 4 Die Brief aan die Romeine

Hierdie brief laat blyk dat die nuwe bedeling van die Heilige Gees aangebreek het. Teenoor die ou bedeling wat deur die sonde beheers was en tot die dood gelei het (Rom 8:6), word die nuwe bedeling beheers deur die wet van die Gees, wat lewe en vrede in Christus Jesus skenk (Rom 8:2,6 en 10). Die Gees woon in die gelowiges (Rom 8:9,11), lei hulle en maak van hulle kinders van God (Rom 8:14,15 en 16). Die gemeente word versterk deur die krag van die Heilige Gees (Rom 15:13) en omdat die Gees daar is, is daar liefde (Rom 5:5 en 15:30). Die Gees staan hulle in hulle swakhede by en leer hulle onder andere om te bid (Rom 8:26). As eerste gawe van die nuwe bedeling laat Hy hulle verlang na die volheid van die nuwe lewe in Christus (Rom 8:33). Hy wys Jesus Christus aan as die Seun van God, deurdat Hy uit die dode opgestaan het (Rom 1:4) en Hy pleit vir ons by God volgens die wil van God (Rom 8:26,27). Teenoor die ou besnydenis, skenk Hy die besnydenis van hart (Rom 2:29) en daarom word die lewe van die gelowige nie meer deur die sondige natuur van die vlees beheers nie, maar deur die Gees van God (Rom 8:4,5 en 9). Deur die Gees is die gelowiges nie meer slawe van die sonde en sondige natuur nie, maar behoort hulle aan Christus (Rom 8:9), en daarom maak hulle deur die Gees 'n einde aan die sondige praktyke (Rom 8:13) en lewe hulle tot eer van God. Paulus sê dat hy werk deur die krag van die Gees (Rom 15:19) en hy laat sy gewete lei deur die Heilige Gees (Rom 9:1), dié Gees wat aan die gelowiges geregtigheid, vrede en vreugde skenk (Rom 14:17). Paulus sien die heidene wat gelowig geword het as 'n offergawe wat voor God deur die Heilige Gees geheilig is, en wat hy in sy priesterlike bediening aan God aanbied.

Een van die werklik belangrike bydraes wat die Brief aan die Romeine lewer in verband met die leer aangaande die Heilige Gees, is die beskrywing van die nuwe lewe deur die Gees wat 'n Romeine 8 opgeteken staan en waarvan ons hierbo 'n kort uiteensetting gegee het. Op die aantal genadegawes van die Gees wat in Romeine 12:6-8 opgenoem word, kom ons later uitvoeriger terug.

### 5 Die Eerste Brief aan die Korintiërs

In hierdie brief kry ons weer eens die gedagte dat die Heilige Gees in die gelowiges woon (1 Kor 3:6), ja, dat die liggaam van 'n gelowige 'n tempel van die Heilige Gees is wat nie verontreinig mag word nie (1 Kor 6:19). Die Heilige Gees spreek die gelowiges vry op grond van die soenverdienste van Jesus Christus (1 Kor 6:11). As Paulus riglyne

in verband met die huwelikslewe gee, meen hy dat hy dit kan doen, omdat ook hy die Heilige Gees het (1 Kor 7:40).

Verder is daar in hierdie brief slegs twee grotere afdelings waarin daar oor die Persoon en werk van die Heilige Gees gepraat word, naamlik 1 Korintiërs 2:6-16 wat handel oor die Heilige Gees as die Openbaarder van die verborgenhede van God, én 1 Korintiërs 12-14 waarin daar gehandel word oor die Heilige Gees en die verskeidenheid van geestelike gawes, veral die gawes van profesie en van vreemde tale. Op hierdie laaste gedeelte (1 Kor 12-14) kom ons later uitvoeriger terug, en daarom gee ons slegs aan die eerste gedeelte (1 Kor 2) aandag:

Die gedagtegang van Paulus is dat slegs gelyksoortige dinge mekaar kan ken en met mekaar vergelyk kan word. So kan die verborge dinge van die mens slegs deur die menslike gees verstaan en geken word. Slegs die Gees van God kan die verborge waarheid en geheimenisse van God verstaan en ken (1 Kor 2:7, 10-11). Dit is daarom duidelik dat slegs die Gees van God hierdie verborge dinge van God en Christus kan meedeel. Slegs hulle wat die Gees van God en Christus ontvang het (1 Kor 2:12 en 16), kan God en Christus en die heil wat God van ewigheid af in Christus toeberei het, ken en verstaan (1 Kor 2:10, 12 en 16). Hierdie verborge dinge van God kan nie alleen geken en verstaan word wanneer die Gees dit meedeel nie, maar kan ook alleen deur woorde wat die Gees leer (en nie in woorde van menslike wysheid nie), meegedeel word (1 Kor.2:13).

Dié mense wat nie die Gees van God ontvang het nie, kan ook nooit die verborge dinge van God ken, verstaan en aanvaar nie (1 Kor 2:14), want hulle besit as't ware nie die apparaat om op die regte golflengte in te skakel nie. Omdat die dinge van God buite hulle golflengte, buite hulle verstaansvermoë val, daarom is daardie dinge vir hulle onsin (1 Kor 2:14). Diegene wat egter die Gees van God het, kan nie alleen die dinge van God verstaan nie, maar kan ook die werklike sin, betekenis en waarde van alle dinge (óók die dinge van hierdie wêreld) reg verstaan en waardeer (1 Kor 2:15).

In hierdie gedeelte word daar dus gehandel oor die vraag: hoe kan ons God ken? Die antwoord is: Alleen deur die Gees van God! Ons kan deur ons eie vermoë nooit bereik wat die heilswerk van Jesus eens en vir altyd, lank gelede aan die kruis afgehandel het nie. Alleen die Heilige Gees kan dié werk wat daar en toe afgehandel is, hier en nou weer teenwoordig en verstaanbaar maak. Daarom is die Heilige Gees al die Historikus van die Drie-eenheid genoem. Hy is dié Een wat die afgehandelde heilswerk van Jesus Christus na ons toe oorbring en vir ons wat vandag leef, teenwoordig en verstaanbaar maak.



**6 Die Tweede Brief aan die Korintiërs**

Hoewel daar nie in hierdie brief baie verwysings na die Heilige Gees is nie, is die paar wat daar is, baie belangrik. Soos ons alreeds tevore gesien het, word die Heilige Gees en krag nou met mekaar verbind. 2 Korintiërs 6: 6 laat blyk dat dit die Heilige Gees is wat aan Paulus die *krag gee* om nieteenstaande alle teëstand en moeilikhede, nogtans sy bediening uit te voer. Belangrik is die perspektief dat dit die Heilige Gees is wat die *geloof* in ons *wek* (1 Kor 4:13). Hy deel nie net die verborgenhede van God mee (soos ons in 1 Korintiërs gesien het nie), maar maak ook die harte van die gelowiges bereid en ontvanklik om hierdie verborgenhede van harte aan te neem en daarin te glo.

Net so belangrik is die uitspraak dat die Heilige Gees in die harte van die gelowiges gegee is, as *waarborg* vir wat hulle nog sal ontvang (1 Kor 1:22; 5:5 en ook Ef 1:14). Die aantekening by die nuwe Afrikaanse vertaling sê dat die woord "waarborg" die betekenis het van deposito, van eerste paaiement wat die kontrak bindend maak, deurdat dit dien as sekuriteit vir die betaling van die volle koopsom. In hierdie sin is die Heilige Gees die waarborg dat die gelowiges hulle volle erfenis van God sal ontvang.

Veral 2 Korintiërs 3 open 'n paar belangrike gesigspunte in verband met die Heilige Gees. Die gemeente van die Korintiërs is vir Paulus soos 'n aanbevelingsbrief geskrywe op sy hart, nie met ink nie, maar met die Heilige Gees (vers 3). Hierdie gedagte gee egter aan Paulus aanleiding om te dink aan Jeremia 31:31 en 33, waar God sê dat Hy in die Messiaanse tyd 'n nuwe verbond met sy volk sal oprig en sy wet sal gee "in hulle binneste en sal skrywe op hulle hart." Dit sal volgens Esegiel 36:27 gebeur deur die Gees van God. Hierdie nuwe verbond het volgens Paulus in Jesus Christus aangebreek. Die ou verbond was die verbond van die letter en het gevoer tot die dood, want die wet wat op kliptafels geskrywe was, het net eise gestel en geen krag gegee om die eise te volbring nie. Die nuwe verbond is die heerlike verbond van die Gees en voer tot die lewe, want die Gees is in die harte uitgestort en gee ook krag om die wil en wet van God te volbring (vers 6 en 8): iets wat die wet wat op kliptablette geskryf is, nie kon doen nie. Die gelowiges van die nuwe verbond is vry van die verkeerde verstaan van die wet, maar geniet ook die volle vryheid van die kinders van God. Die Seun het hulle vrygemaak van die slawerny van die sonde (Joh 8:35 en 36 en Gal 5:1) en die Heilige Gees maak hierdie vryheid tot hulle eiendom. Romeine 8:2 sê in hierdie verband: "Die wet van die Gees wat aan jou in Christus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van die sonde en die dood." Daarom kan 2 Korintiërs 8:17 sê: "en waar die Gees van die Here is, is daar vryheid." Net soos in 1 Korintiërs die

Gees die verborgenhede van God openbaar, só word die Gees hier verbind met die ontsluierende werksaamheid wat die Woord van God oopmaak, en ook die menslike verstand om dié Woord reg te begryp. Al hierdie dinge "doen die Here wat die Gees is" (2 Kor 3:18).

### 7 Die Brief aan die Galasiërs

Hierdie brief stel baie duidelik dat die mens nooit die Heilige Gees kan ontvang deur verdienstelike goeie werke wat die wet vereis, te doen nie. Die Heilige Gees wat God belowe het, kan alleen ontvang word omdat ons die evangelie van Jesus Christus *glo* (Gal 3:2, 3, 5, 14). Deur die geloof word ons kinders van God, in wie se harte God die Gees van sy Seun gestuur het deur wie ons God, ook ons Vader noem (Gal 4:6). Die Gees van God leer ons God se vaderskap sien en leer ons insien dat ons sy kinders en erfgename is (Gal 4:7). Die Gees werk in ons die hoop en verwagting van die ewige lewe (Gal 5:5); trouens wie op die akker van die Gees saai, sal deur die Gees die ewige lewe oes (Gal 6:8).

Die feit dat die gelowige die Heilige Gees ontvang het, het ook groot gevolge vir sy lewe. Die lewe van die sondige mens word deur die sondige natuur en begeertes beheers; die gelowige se lewe en begeertes word deur die Heilige Gees beheers en gelei (Gal 5: 16-18), sodat die Heilige Gees ook sy gedrag bepaal (Gal 5:25).

Galasiërs 5:22 handel oor die *vrug* van die Gees. Later kom ons uitvoeriger daarop terug.

### 8 Die Brief aan die Efesiërs.

Op twee gedeeltes van hierdie brief oor die Heilige Gees, sal ons later uitvoeriger in 'n ander verband terugkom, naamlik Efesiërs 5:9, wat praat oor die vrug van die Gees en 4:30, wat ons oproep om die Gees nie te bedroef nie.

Verder is daar 'n hele aantal uitsprake oor die Heilige Gees wat ons alreeds elders in die briewe van Paulus gekry het, soos die feit dat die Gees wysheid gee (Ef 1:17); met krag toerus (Ef 3:16); en dat die Gees die geheimenis van Jesus Christus aan die apostels en profete openbaar (Ef 3:5). Ons het ook vroeër die uitspraak teëgekom dat God deur sy Gees in die gelowiges woon soos in 'n tempel (Ef 2:22). Dit is ook alreeds bekend dat die gelowiges tot God bid deur die Gees (Ef 6:18).

Nuwe gedagtes in verband met die Heilige Gees in die Efesiërs-brief is die volgende: Die Heilige Gees wat God belowe het, beseël die gelowiges in Christus tot God se eiendom, dit wil sê die Heilige Gees



waarmerk hulle in Christus as God se eiendom, gee aan hulle die volle versekering dat hulle tot God se volk behoort. Dan kry ons in Efesiërs 4: 3 en 4 die pragtige gedagte dat die Heilige Gees die band van eenheid tussen die gelowiges smee. Omdat daar slegs één Gees is, kan en mag daar nooit verdeeldheid tussen hulle wees nie.

Dit is verder bekend dat die Bybel Woord en Gees baie nou met mekaar verbind. Die gedagte dat die Woord die swaard van die Gees is (Ef 6:17), is egter vars en veelseggend. Ons wys slegs op die volgende betekenisse in hierdie verband: Die Gees word dikwels met lewe en krag verbind en daarom "is die Woord van God lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur, selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart . . ." (Heb 4:12).

### 9 Die ander briewe van Paulus

In die res van die Paulus-briewe kry ons 'n hele aantal werkinge van die Heilige Gees opgeteken. Sommige het ons al in die ander briewe van Paulus raakgeloop; ander is in 'n sekere sin nuut. Die Gees van Jesus Christus staan Paulus in sy gevangenskap en verdrukking by (Fil 1:19). Dit is die Gees wat die liefde in die gemeente van Kolosse opwek (Kol 1:8), wat krag en oortuiging aan die woorde van die evangelie skenk (1 Tess 1:5) en wat gee dat die gelowiges in moeilike omstandighede die Woord van die Here met blydskap aanneem (1 Tess 1:6). Die gelowiges word gered deurdat die Gees hulle vir God afsonder (2 Tess 2:13). Hy woon in die harte van die gelowiges en stel hulle in staat om te bewaar wat deur die evangelie aan hulle toevertrou is (2 Tim 1:14). Dit is die Heilige Gees wat aan die gelowiges die nuwe lewe gee (Tit 3:5) en wat uitdruklik sê dat sommige in die eindtyd afvallig sal word. Paulus dien God deur die Heilige Gees (Fil 3:3), terwyl hulle wat die sedelike voorskrifte wat uit die evangelie voortkom, verwerp, ook die Heilige Gees verwerp (1 Tess 4:8). Dit is trouens Hý wat aan ons hierdie reëls vir die nuwe lewe deur Hom in Christus Jesus gee. 1 Timoteus 3:16 sê dat die aanspraak van Jesus Christus dat Hy, die Veragte, die Seun van God is, deur die Gees bevestig is toe Hy uit die dode opgestaan en na die hemel opgevaar het. Daar is ook so iets soos "die gemeenskap van die Gees" (Fil 2:1). dit beteken dat die Heilige Gees die gelowiges aan Hom verbind en aan mekaar verbind.

Wat dit beteken om die Heilige Gees teen te staan (1 Tess 5:9) sal ons later in 'n ander verband uitvoeriger behandel.

Hebreërs 6: 4 sê dat wanneer 'n mens gelowig word, jy deel kry aan die Heilige Gees; wanneer jy later afvallig word, dan verloor jy hierdie deelname. Die gelowiges bid tot God deur die krag van die Heilige Gees (Jud: 20) en wanneer die wêreld die gelowiges beledig, dan is dit die beste bewys dat die Gees van heerlikheid, die Gees van God op hulle bly (1 Pet 4:14). Diegene, daarenteen, wat verdeeldheid bring, word deur hulle natuurlike drange en nie deur die Gees van God beheers nie (Jud: 19).

God bevestig die waarheid van die evangelie van Christus deur tekens, deur wonders en kragtige dade én deur die gawes van die Gees wat Hy toebedeel soos Hy wil. Wat hierdie gawes se aard en bedoeling is, sal ons later uitvoeriger bespreek.

Verreweg die meeste verwysings in hierdie Boeke staan in verband met die verhouding van die Heilige Gees tot die Woord van God, beide in die Ou-en in die Nuwe Testament. Wanneer Hebreërs 3: 7 en 10:15 na Psalm 95 en Jeremia 31 verwys, dan sê hulle: "Luister na wat die Heilige Gees sê!" Dit was dus die Heilige Gees wat deur die profete en skrywers van die Ou Testament gespreek het. Trouens 1 Petrus 1:11 sê duidelik dat die Gees van Christus in die profete van die Ou Testament was, sodat hulle vooruit die lyding en verheerliking van Christus verkondig het. 2 Petrus 1:21 sê dat mense wat deur die Gees van God meegevoer is, die Woord wat van God kom, gespreek het. Dit lê nie in die menslike vermoë om òf die Woord van God voort te bring, òf reg uit te lê nie (2 Pet 1:20-31). Dié vermoë kom alleen van God af deur die Heilige Gees. Net soos die Heilige Gees sekere dinge deur die offerkultus van die Ou Testament verduidelik (Heb 9:8), só maak Hy ook die evangelie van Jesus Christus bekend (1 Pet 1:12).

Christus het Homself deur die ewige Gees aan God geoffer (Heb 9:14) en dit was die Gees wat Hom weer lewend gemaak het (1 Pet 3:18).



# 7 DIE UITSTORTING VAN DIE HEILIGE GEES

Die uitstorting van die Heilige Gees is 'n *wonder* net soos die ander wonders waarvan ons in die Nuwe Testament lees, soos byvoorbeeld die genesingswonders. Elke wonder in die Bybelse sin van die woord, het altyd iets in hom wat die aandag trek. Meestal is hierdie iets wat die aandag trek, die deurbreking van die natuurlike verloop van sake. Water kan onmoontlik sommer wyn word, 'n storm bedaar nie gewoonweg wanneer dit bestraf word nie, en 'n blinde word nie sommer siende as iemand sê dat hy moet sien nie. Deur die buitengewoonheid daarvan, trek die wonderwerke van Jesus die aandag. Maar behalwe dat 'n wonder die aandag trek, wys 'n wonder in Bybelse sin ook na iets heen; daarom word baie wonders in die Nuwe Testament dan ook *tekens* genoem, tekens wat na iets of iemand heenwys en betekenis het. As Jesus 'n wonder doen, dan wys die wonder daarop dat Hý wat hier werk, die Seun van God is, omdat slegs God sulke buitengewone dade kan doen. Daarom sê Petrus ook in Handelinge 2:22: "God het Jesus van Nasaret aan julle bekendgestel deur die kragtige dade, die wonders en tekens wat Hy Hom by julle laat doen het." Deur hierdie kragtige dade, wonders en tekens, het God getoon dat Hy, Jesus van Nasaret, die Seun van God is.

As ons nou die gebeurtenis van die uitstorting van die Heilige Gees op die pinksterfees nagaan, dan sien ons dat daar verskillende dinge was wat die aandag van die mense getrek het. Hoewel daar geen stormwind was nie, was daar skielik die geluid soos van 'n geweldige stormwind wat ook die vertrek gevul het waar hulle bymekaar was (Hand 2:3). Dit het inderdaad die aandag van die skare getrek, want in Handelinge 2:6 lees ons: "Toe die mense die geluid hoor, het 'n groot skare saamgedrom."

'n Tweede merkwaardige verskynsel wat hulle gesien het en wat die aandag moes trek, was dat hulle iets soos vuur gesien het wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle neergedaal het. 'n Derde verskynsel wat die aandag getrek het, was dat die Galileërs in die moedertaal van 'n hele aantal volksgroepe gepraat het "oor die groot dinge wat God gedoen het." Ons lees dat hulle "verras en verbaas" was (Hand 2:7), dat hulle "verbaas en uit die veld geslaan" was (Hand 2:12).

Hierdie dinge was nie net aandagtrekkers nie, maar het daarnatoe

heengewys dat hier 'n wonder gebeur; dit het ten minste die mense laat vra: "Wat kan dit tog beteken?" (Hand 2:12)

Behalwe om die aandag te trek en heen te wys na die wonderlike handeling van God, het elkeen van hierdie tekens ook op sigself 'n sekere betekenis. Die feit dat die uitstorting van die Heilige Gees op die pinksterfees plaasvind, hou onder andere die volgende in: Die pinksterfees is die fees van die voltooiing van die oes en die dag waarop die nuwe spysoffer aan die Here gebring is, die offer van die eerste brode van die koringoes. Die uitstorting van die Heilige Gees word daarom met voltooiing en vervulling verbind, én met vernuwing. Só word onder andere aangedui dat die ou verbond voltooi is en die nuwe nou aangebreek het. En dit is (soos ons netnou sal sien) 'n baie belangrike perspektief van die uitstorting van die Heilige Gees.

Verder is die Heilige Gees en sy lewendmakende werking, soos ons in beide die Ou-en Nuwe Testament gesien het (byvoorbeeld Eseg 37:9; Joh 3:8 en 20:22), dikwels met wind verbind – iets dus wat met die geluid soos van 'n stormwind in verband staan.

Dat hulle iets soos vuur gesien het, dui duidelik aan dat die belofte dat Jesus met die Heilige Gees en met vuur sal doop (Matt 3:11 en ooreenkomstige plekke), hier vervul is én die feit dat die vuur in tonge verdeel, wys heen na die vreemde tale waarin die dissipels praat wanneer die Heilige Gees uitgestort word.

In sy toespraak ná hierdie gebeurtenis, wys Petrus twee dinge uit die Skrif aan, naamlik: dat die Messiaanse tyd met die uitstorting van die Gees (soos deur die tale-wonder onderstreep is) aangebreek het (Hand 2:14-21) én dat Jesus werklik die Messias is, die Christus wat God belowe het (Hand 2:22-36). Die feit dat Petrus hom in hierdie uiteensetting bind aan die Skrif wat hy uitlê, is belangrik. Dit is naamlik een van die grondwerksaamhede van die Heilige Gees dat Hy die Skrif vir ons uitlê, verduidelik en op ons lewe toepas. Hy maak nie net die Skrif vir ons oop nie, maar doen dit ook met ons harte sodat ons die Skrif kan verstaan en glo.

Net so 'n belangrike perspektief is die feit dat die uitstorting van die Heilige Gees die vervulling van die belofte is wat God alreeds in die Ou Testament gegee het, én wat Jesus in die Nuwe Testament herhaal het. In Jeremia 31:31 en 33 lees ons dat God met sy volk 'n nuwe verbond sal maak en sy wet in hulle binneste sal gee. In Esegiël 37:14 blyk dit dat dit deur die Heilige Gees sal gebeur. So lees ons ook van die Messiaanse tyd in Joël 3: 28-32 waarin God onder andere beloof:

"Ek sal my Gees uitstort op mense:
julle seuns en julle dogters sal profeteer;
julle jongmense sal gesigte sien en
julle oumense sal drome droom ..."



Hierdie belofte is nou volgens Petrus vervul. Die nuwe bedeling, die nuwe verbond het aangebreek en daarom is hierdie gebeurtenis van die uitstorting van die Heilige Gees ook onherhaalbaar. Die Gees wat belowe is, *is* uitgestort en hoef nie weer uitgestort te word, sodat die belofte vervul kan word nie. Dit is vervul en die Christelike kerk, die kerk van die nuwe verbond, *is* gestig en hoef nie weer gestig te word nie.

Laat ons dit saam met *Haarbeck* soos volg verduidelik: Die pinkstergebeurtenis het sy plek in die oorspronklike heilsplan van God. Daarom word die Heilige Gees "die Gees wat belowe is," genoem (Luk 24:49; Ef 1:13; 2 Pet 1:3-5). Die uitstorting van die Heilige Gees is behalwe die wederkoms die laaste, afsluitende groot heilsopenbaring van God. Dit is 'n heilsfeit net soos die menswording, dood of opstanding van Jesus. As so 'n heilsfeit het dit dieselfde heilsbetekenis en heilswaarde as die menswording, kruisdood en opstanding. Net so min as wat die kruisdood van Jesus Christus herhaal kan word of herhaal hoef te word, net so min hoef en kan die uitstorting van die Heilige Gees herhaal word. Die Heilige Gees *is* en *bly* uitgestort. Vanaf pinkster lewe ons in die bedeling van die Gees. Die uitgestorte Gees beteken in 'n sekere sin die teenwoordigheid van Jesus Christus in die kerk en in die wêreld. Die wêreld ervaar die teenwoordigheid van die Heilige Gees as straf (Joh 16:18 verder); vir die kerk dien dit tot troos (Joh 14:16,26; 15:26; 16:7). Die geskiedenis toon duidelik die betekenis wat die feit het dat die Gees gestuur is. Voor pinkster was daar geen "krag van bo" nie (Luk 24:49). Ná pinkster is hierdie krag op oorweldigende manier teenwoordig en werksaam. Handelinge toon aan hoedat die Gees 'n geweldige mag geword het in die persoonlike lewe, in die kerk en in die wêreld. Uit alle stande en natuurlike verbintenisse word mense uitgetrek en vir Christus gewin. Harte word verenig soos nog nooit te vore nie (Hand 2:44-47 en 4:32-37). Die Heilige Gees maak dat "die apostels kragdadig getuig het dat Jesus uit die dood opgestaan het" (Hand 4:33). Deur die Heilige Gees word al die onsuiwere elemente uit die gemeente uitgesuiwer (soos Ananias en Saffira – Hand 5:1-11 en 13 en Simon die towenaar – Hand 8:18-24), terwyl die gelowiges al meer en meer met onweerstaanbare krag ingetrek en toegevoeg word (Hand 2:47; 5:4; 6:7). Samevattend kan ons sê: Die Heilige Gees werk deur die getuienis van die apostels as 'n krag wat onweerstaanbaar wyer uitkring. Hulle sê self: "Wat ons betref, dit is onmoontlik om nie te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie" (Hand 4:20). Hy trek aan wat uit die waarheid is; Hy bind hulle saam wat hulle aan die evangelie oorgee; Hy stoot af wat van die duisternis is.

# 8 DIE VERVULLING MET DIE HEILIGE GEES

In Handelinge 2:4 lees ons in verband met die pinkstergebeure: "Almal is *met die Heilige Gees vervul* en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding uit te spreek." Hoewel Paulus (byvoorbeeld in Ef 5:18-20) en Lukas (beide in die Evangelie en in Handelinge) elkeen 'n eie Griekse woord vir "vervul" gebruik, beteken dié twee woorde basies dieselfde: om vol te maak, om te vervul (óók in die sin van "tot 'n goeie einde bring"). Matteus 27: 48 en Johannes 19: 29 gebruik dieselfde woord om te sê dat die spons wat hulle vir Jesus by sy kruis aangebied het, *vol* suur wyn was, terwyl veral Matteus dit gebruik om te sê dat die profesie van die Ou Testament *vervul* is.

Wanneer ons die saak van die vervulling met die Heilige Gees in sy Bybelse verband wil nagaan, dan kom veral die volgende gedeeltes in die gesigsveld:

In Lukas 1:15 lees ons van Johannes die Doper dat hy nie wyn of sterk drank sal drink nie, maar "reeds van sy geboorte af sal hy met die Heilige Gees vervul wees." Toe Maria Elisabet besoek en groet, is Elisabet vervul met die Heilige Gees en het sy sekere profetiese woorde teenoor Maria uitgespreek (Luk 1:41). Ook Sagaria, Johannes se vader, is vervul met die Heilige Gees en het toe sy loflied uitgespreek (Luk 1:67). By pinkster is die mense vervul met die Heilige Gees en het in ander tale gespreek, soos die Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te spreek (Hand 2:4). Petrus word, wanneer hy voor die Joodse Raad verskyn, vervul met die Heilige Gees en spreek hulle dan toe (Hand 4:8). Nadat Petrus en Johannes deur die Joodse Raad losgelaat is, het hulle by die gelowiges aangesluit en almal het saam gebid. Toe is die plek waar hulle bymekaar was geskud en "hulle is almal met die Heilige Gees vervul en het met vrymoedigheid die woord van God verkondig" (Hand 4:31). By die kiesing van die sewe diakens sê die apostels aan die gelowiges: "Nou, broers, soek sewe manne onder julle uit wat daarvoor bekend is dat hulle vol is van die Heilige Gees en wysheid het, sodat ons hulle vir hierdie taak kan aanstel" (Hand 6:3). Stefanus word dan ook beskrywe as "'n man met 'n vaste geloof en vol van die Heilige Gees" (Hand 6:5). By sy steniging word van Stefanus gesê: "Vol van die Heilige Gees het hy opgekyk na



die hemel en die heerlikheid van God gesien en Jesus wat aan die regterhand van God staan" (Hand 7:55). In Handelinge 9:17 lees ons: "Ananias het toe gegaan en in daardie huis gekom. Hy het Saulus die hande opgelê en gesê: 'Saul, broer, die Here Jesus wat aan jou verskyn het toe jy op pad hierheen was, het my na jou gestuur sodat jy weer kan sien en met die Heilige Gees vervul kan word.'" Van Barnabas word gesê: Hy "was 'n goeie man, vol van die Heilige Gees en met 'n vaste geloof" (Hand 11:24). Wanneer Paulus te staan kom teenoor Elimas, die towenaar, lees ons: "Saulus, dit is Paulus, vol van die Heilige Gees, het hom skerp aangekyk en gesê: Duiwelskind!" (Hand 13:9). In Handelinge 13:52 lees ons: "Die gelowiges in Antiogië was vol blydskap en vol van die Heilige Gees."

'n Paar opvallende trekke in verband met die vervulling met die Heilige Gees, tree uit bostaande Skrifgedeeltes na vore:

- Eerstens val dit op hoeveel keer die vervulling met die Gees verbind word met spreke, met praat. As die volgende persone vervul is met die Heilige Gees, dan praat hulle: Elisabet spreek Maria toe in die vorm van 'n lied; Sagaria sing 'n lofsang; die aanwesiges by die pinkstergebeure praat in ander tale; Petrus spreek die Joodse Raad vreesloos toe; hy en Johannes en die dissipels verkondig die woord van God vrymoediglik; Paulus spreek Elimas die towenaar skerp en sonder vrees aan.
- Tweedens is dit veral diegene wat in diens van die Here gaan staan, in die diakenswerk (Hand 6:3,5) en in die verkondiging, soos Paulus (Hand 9:17) en Barnabas (Hand 11:24), wat met die Heilige Gees vervul word.
- Die vervulling met die Heilige Gees word baie nou met die vervulling met vrymoedigheid (Hand 4:31), met wysheid (Hand 6:3), vaste geloof (Hand 11:24) en blydskap (Hand 13:52) verbind.
- Iemand kan (soos Johannes die Doper) alreeds van die moederskoot af met die Heilige Gees vervul wees (Luk 1:15), én iemand kan herhaaldelik met die Gees vervul word soos byvoorbeeld Petrus by pinkster (Hand 2:4) én voor die Joodse Raad (Hand 4:8). Trouens, omdat "niemand kan sê: 'Jesus is die Here' nie, behalwe deur die Heilige Gees" dit wil sê omdat niemand 'n Christen kan wees sonder die Heilige Gees nie, daarom is dit nodig dat ons gedurig opnuut met die Gees vervul sal word. Dit is nodig, want ook in die Nuwe Testament kry ons voorbeelde van mense wat met die Heilige Gees vervul was en wat daarná weer gesondig het, soos Petrus wat gehuigel het "en selfs Barnabas wat hom deur hulle huigelary laat meesleep het," sodat Paulus hom sterk moes teenstaan omdat hy "van die reguit pad van die evangeliese waarheid afgewyk het" (Gal 2:13-14). Vervulling met die

Heilige Gees beteken dus nie, soos sekere Pinkstergroep-mense beweer, "'n tweede werk van genade" (ná bekering of wedergeboorte) waardeur die ontvanger onmiddellike heiligmaking en perfektheid bereik nie.

Maar wat beteken die vervulling met die Heilige Gees dan wel? Miskien kan Efesiërs 5: 18-20 hierop meer lig werp. Daar lees ons:

> "Moet julle nie aan drank te buite gaan nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard. Nee, laat die Gees julle vervul, en sing onder mekaar psalms, lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hart tot eer van die Here. Dank God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus."

Behalwe Diana, die godin van die Efesiërs, het die Efesiërs ook Bacchus, die god van wyn en ekstase vereer. Dan het hulle hulle met drank te buite gegaan en was hulle nie meer by hulleself nie; hulle lewe is dan nie meer deur hulleself beheers nie, maar (so het hulle geglo) deur Bacchus, die god van wyn. Dit het aanleiding gegee tot allerlei losbandighede en uitspattighede wat ons nie hier verder hoef op te noem nie. In so 'n fees wou hulle hulle vul met wyn en tevredenheid kry. Dit het nooit gebeur nie, maar het altyd op ontnugtering uitgeloop.

Paulus vra dat die Efesiërs (ja, alle gelowiges) hulle met die Heilige Gees moet laat vervul. Die vorm van die werkwoord hou nie net in dat dit ook hulle eie verantwoordelikheid is nie, maar dui ook aan dat hulle dit gedurig en weer-en-weer moet laat doen. Om met die Gees vervul te word, beteken eerstens om jou leeg te maak van jou eie geestelike rykdom, volheid en selftevredenheid. Die ou Afrikaanse vertaling het Matteus 5:3 vertaal met: "Salig is dié wat arm van gees is." Tereg vertaal die Blye Boodskap: "Gelukkig is hulle wat weet hoe arm hulle voor God is". Alleen iemand wat van sy eie geestelike armoede en leegheid bewus is, kan met die Heilige Gees vervul word. Alle selftevredenheid en selfgenoegsaamheid moet verdwyn en ook alle sonde waarvan die hart vol is. Dit is duidelik dat as die hart vol sonde is, dan kan dit nie met die Heilige Gees vervul word nie. Vervulling met die Heilige Gees vra dus die verwydering van sonde en dit kan alleen gebeur deur vergewing. Om met die Heilige Gees vervul te word, vra dus berou en geloof, geloof in die vergewing van sondes alleen op grond van die soenverdienste van Jesus Christus aan die kruis.

Vervulling met die Heilige Gees vra ook gehoorsaamheid en oorgawe aan God. Hoe meer ons aan God gehoorsaam is en ons aan Hom oorgee, des te meer sal Hy ons met sy Gees vervul.

Die gevolg van die vervulling met die Heilige Gees is dat ons lewe



deur die Gees beheers word. Vervulling met die Gees beteken juis dat die Gees kragtig en aktief in ons lewe begin word. Wanneer die Efesiërs met wyn vervul was in hulle Bacchus-feeste is hulle lewe, denke en handel deur die wyn beheers. Wanneer 'n mens egter met die Gees vervul is, is Hy die een wat ons lewe beheers en lei. Die "vervulling" met wyn het by die Efesiërs altyd tot ontnugtering gelei. Die tevredenheid waarna hulle gestreef het, kon hulle nooit op dié wyse bereik nie; in hulle lewens het daar altyd 'n groot leemte en onversadigbare verlange en dors gebly. Daarenteen; in die lewe van hulle wat met die Gees van God vervul is, daal daar 'n groot tevredenheid en vergenoegdheid neer.

Maar Efesiërs 5 laat ons ook sien dat wanneer ons met die Gees vervul is, dan borrel dit oor. Soos die mense by pinkster in ander tale gespreek het toe hulle met die Gees vervul is en Sagaria 'n loflied gesing het, só sal hulle wat met die Gees vervul is "onder mekaar psalms, lofgesange en geestelike liedere sing" en God dank. Daarmee is vervul wat Jesus aan die Samaritaanse vrou gesê het: "Die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein wees met water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee" (Joh 4:14). Of soos dit in Johannes 7: 37-39 staan: "As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink. Met die een wat glo, is dit soos die Skrif sê: "Strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. Hiermee het Hy na die Gees verwys, want die mense wat tot geloof in Hom kom, sou die Gees ontvang. Die Gees was nog nie uitgestort nie, omdat Jesus toe nog nie verheerlik was nie."

Hulle wat met die Gees vervul is, hoef dus nie soos sekere Pinkstergroepe se mense wil, noodwendig in ander tale te praat nie. Efesiërs 5 noem veral die feit dat mense tot eer van God sing en Hom dank as egte uitingsvorme van die vervulling met die Heilige Gees.

Die vervulling met die Heilige Gees lei dus tot sinvolle erediens en aanbidding. Hieroor sê Kolossense 3:15-17: "Wees in alles dankbaar. Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing. En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom." Al hierdie dinge (soos byvoorbeeld die dankbaarheid, die rykdom van die boodskap van Christus, die wysheid, die lofsange) is dus gevolg van die vervulling van die Gees.

Mense wat met die Gees vervul is, is verder bly mense, vol vreugde (Hand 13:52); hulle is mense wat vreesloos en met vrymoedigheid die woord van God verkondig (Hand 4:31) en "vol van goedheid en vervuld met alle kennis" (Rom 15:14, ou vertaling) is.

# 9 DIE HEILIGE GEES EN GEESTESVERVOERING

Die verskynsel van geestesvervoering of ekstase is bekend by feitlik alle primitiewe godsdienste, maar kom vandag (en veral in ons tyd) wêreldwyd voor onder die mees uiteenlopende groepe – vanaf diep godsdienstige mense tot by dwelmslawe wat allerlei middels gebruik om op 'n ekstatiese reis te gaan. Die woord "ekstase" beteken oorspronklik "om buite jouself te staan" en gewoonlik hou dit 'n sekere verrukking en geestesvervoering in, en in sterker en uiterste gevalle 'n droomtoestand, beswyming of selfs skyndood. Dit hou 'n sekere opheffing uit die bestaande werklikheid in en ook 'n wegvoering na 'n staat van uiterste genot, vreugde en heerlikheid. Dit gaan gepaard met opgewondenheid en entoesiasme en dikwels word so 'n persoon slegs deur een enkele gedagte of ervaring aangegryp en beheers. Die gees van die persoon in geestesvervoering is nie meer streng verbind aan sy liggaam nie. In uiterste gevalle is dit glad nie meer aan die liggaam verbind nie. Dit is eerder weggevoer vanaf "hierdie aarde" met sy gewone vorms van waarneming en denke en dit is ingebring in "die ander wêreld", waar gewone logika en natuurwette en alledaagse normale verhoudings nie meer geld nie. Die wegvoering gebeur altyd deur 'n "bo-natuurlike mag"; of hierdie mag nou die dwelmmiddel is, óf (in die geval van godsdienstige ekstase) die Godheid. Die persoon wat in geestesvervoering verkeer, is gewoonlik los van die liggaam, hierdie aarde en toestand én is verbind aan die bo-natuurlike mag en word daardeur beheers.

Die verskynsel van ekstase het ook sekere tipiese uitingsvorme soos sang en musiek van 'n bepaalde tipe, (òf eentonig, òf wild en ritmies) waarin die element van herhaling van bepaalde impulse en patrone 'n belangrike rol speel. Ander tipiese uitingsvorme is die spreke in woorde en sinsnedes op so 'n wyse dat die gewone logika en grammatika nie meer geld nie. In sekere godsdienstige ekstatiese verskynsels neem dit die vorm van "vreemde tale" aan en in ander is dit woorde en tekste in 'n ou taal (soos Latyn of Sanskrit), wat nie meer deur die hoorders verstaan word nie. In plaas van die gewone grammatika en logika, geld dan die mistieke aanvoeling en "grammatika van die gees." Behalwe musiek, sang, skreeu en "tale" is 'n belangrike element die liggaamlike beweging. Dit kan verskillende vorme aanneem, soos "dans" of "optog" in ritmiese en soms ongewone, onritmiese patrone; ook pyniging van die liggaam (byvoorbeeld deur skerp voorwerpe of vuur), kan plaasvind...



Laat ons heel aan die begin sê dat dit geensins ons bedoeling is om Christelike groepe by wie die verskynsel van ekstase ook voorkom, gelyk te stel met die ekstase wat ons by heidense godsdienste en moderne groepe (soos dwelmverslaafdes) kry nie. Al bedoeling wat ons gehad het om 'n omskrywing van ekstase in die algemeen te gee, is om sinvol oor dié verskynsel by sekere Christelike groepe te kan praat, en om dit dan uiteindelik reg te kan waardeer in die lig van die Bybel. 'n Mens moet immers duidelik omskryf waaroor jy praat.

Dit is veral by die sogenaamde Pinksterkerke dat ons die verskynsel van ekstase aantref. Hulle is natuurlik 'n talryke groep oor die hele wêreld en het na beraming vandag ongeveer vyftien miljoen lidmate. Hierdie Pinkstergroepe word ook die Pentekostaliste genoem en hulle leer die Pentekostalisme. Nou is dit merkwaardig dat vanaf die middel van die vyftigerjare die Pentekostalisme oor die hele wêreld sy invloed uitgebrei het, ook in baie van die bestaande nie-Pentekostalistiese kerke. 'n Mens het skielik van sekere ekstatiese verskynsels (soos die sogenaamde Gees-doop en daarmee gepaardgaande verskynsels soos die spreek in vreemde tale, genesingswonders en duiweluitdrywing) begin hoor, selfs by kerkleiers soos biskoppe en gewone Afrikaanse dominees.

Hoe sit die ekstatiese verskynsels, wat ons by die Pinksterkerke (en ook by groepe in die "gewone" kerke) kry, nou inmekaar? Volgens *Klempa* kan ons hierdie ekstatiese verskynsels by die "Pinksterkerke en Nuwe Pinkstergroepe" terugvoer na die "Holiness Movement," wat op sy beurt teruggaan na John Wesley en die vroeëre Metodisme. Hulle het geweldig klem gelê op die Christelike *volmaaktheid* en het beweer dat dit in *twee trappe* bereik kan word. Die eerste trap is regverdigmaking deur die geloof of bekering. Maar dan is 'n mens nog nie volmaak nie. Om werklike volmaaktheid te bereik, is 'n tweede trap nodig, 'n "tweede seën" of "tweede genade", naamlik die volle heiligmaking wanneer 'n mens deur die Gees gedoop is. (Ons kom in die volgende hoofstuk terug op die doop met die Heilige Gees). Hierdie doop met die Heilige Gees is volgens hulle 'n ekstatiese belewenis en *moes* met die spreek van vreemde tale gepaard gaan. Die spreek van vreemde tale is die noodsaaklike bewys dat 'n mens met die Gees gedoop is. Hoewel hulle nie so noodsaaklik as die spreek in tale is nie, gaan die tweede trap van heiligmaking verder gepaard met ander tipiese ekstatiese ervarings en verskynsels, naamlik die buitengewone genadegawes (wat ook *charismata* genoem word) soos visioene, "geestelike"

gesondmaking, duiweluitdrywing (ook *eksorsime* genoem) en profesie. Ook op hierdie saak van buitengewone genadegawes kom ons later weer terug, veral op die verskynsel van "vreemde" tale. Hoewel baie mense uit die Pinksterkerke aandring op 'n presiese nabootsing van die pinkstergebeure in Jerusalem, vergeet hulle dat dáár in bestaande en verstaanbare tale gepraat is, terwyl hulle aandring op ekstatiese spreke van onverstaanbare en dikwels onsamehangende klanke, waarvan hulle dikwels sê dat dit net 'n "vreemde" taal is; dit bestaan, maar is slegs onbekend en daarom onverstaanbaar vir die hoorder. Vir hulle is die spreek in vreemde tale in elk geval die bewys van die ekstatiese doop met die Heilige Gees of die ontvangs van die Gees of die werklike vervulling met die Gees.

'n Tweede tipiese trek by hulle is die duidelike (en volgens hulle "noodwendige") onderskeid wat hulle maak tussen bekering of geloof aan die een kant, én die doop met die Heilige Gees met die gepaardgaande heiligheid en volmaaktheid aan die ander kant. Eers deur 'n "tweede seën" word die mens 'n volmaakte Christen. Ons sal in 'n later hoofstuk ingaan op die verhouding tussen die verskillende elemente soos roeping, wedergeboorte, bekering, geloof, regverdigmaking en heiligmaking, en sien of hulle noodwendig op mekaar volg en of dit moontlik is dat sekere Christene slegs één trap of 'n paar trappe gevorder het, terwyl ander alreeds al die trappe voltooi het en daarom die ware, volmaakte Christene is.

Die vraag wat ons hier moet beantwoord, is hoedat ons hierdie verskynsel van ekstatiese ervaring moet beoordeel? *Klempa* wys daarop dat daar wel in die vroeëre fases van Ou-Testamentiese profesie sekere sterk ekstatiese elemente teenwoordig was, wat baie sterk met die verskynsel van spreek in tongetale ooreengekom het, soos Paulus dit in die gemeente van Korinte gevind het, en waaroor hy in 1 Korintiërs 12-14 praat. Van dié soort profesie lees ons in 1 Samuel 9:23-24: "Hierop gaan Saul daarheen, na Najot by Rama; en die Gees van God het ook oor hom gekom, sodat hy aldeur geloop en geprofeteer het totdat hy in Najot by Rama aangekom het. Hy het ook selfs sy klere uitgetrek en ook voor Samuel geprofeteer en ontbloot neergeval daardie hele dag en die hele nag. Daarom sê hulle: Is Saul ook onder die profete?"

Maar omdat iets eenmaal plaasgevind het en die Bybel dit beskryf het, beteken nie dat dit vir ons normatief, maatgewend moet wees nie. Tereg het *Oudersluys* in hierdie verband geskryf: "Alles in die Bybel is gesaghebbend, maar nie alles is maatgewend nie. Party dinge het toe gebeur wat nooit moes gebeur het nie, en baie dinge het slegs eenmaal gebeur sonder dat dit die bedoeling was dat hulle weer moet gebeur." Hy voeg daaraan toe dat "dit die geval is met die pinkstergebeurtenis"



en ons kan ook sê dat dit die geval is met die ekstatiese gebeurtenis van Saul se soort profesie.

*Klempa* wys verder daarop dat daar by die profete van die agste en sewende eeu voor Christus (Jesaja, Jeremia, ensovoorts) 'n radikale verandering ten opsigte van hulle verstaan van die profesie plaasgevind het. Hulle het die gedagte verwerp dat hulle profesie die gevolg was van een of ander geestesgegrepenheid, en hulle het hulle profesie toegeskrywe aan die krag van die Woord van God. Hulle het hulleself gesien as profete wat weer terugkeer na die tradisie van Moses, die groot profeet (Deut 18:15-18) van wie God sê: "Mond tot mond spreek Ek met hom, én deur aanskouing en nie deur duister woorde nie" (Num 12:8). Hierdie profesieë is nie in die vorm van brabbeltaal en tongetaal nie, maar is duidelike verstaanbare woorde wat voortkom uit die feit dat God met die profete praat "van aangesig tot aangesig soos 'n man met sy vriend spreek." (Eks 33:11).

Die Skrifprofete is dus een groot stuk kritiek op die ekstatiese vorme van profesie. Vir hulle gaan dit om die verstaanbare inhoud van die Woord van God en nie om die ekstatiese ervaring en brabbeltaal, wat dikwels geen inhoud het nie.

In 1 Korintiërs 12 tot 14 lewer Paulus ook 'n groot stuk kritiek teen die ekstatiese verskynsels. Die probleem is dat 'n ekstatiese belewenis op sigself nie die waarborg bied of dit goed of sleg is nie. Een soort ekstatiese belewenis noem Jesus byvoorbeeld 'n vervloeking (1 Kor 12:3). Indien dit gebeur, dan kan ons verseker weet dat dié ekstase deur 'n duiwelse mag na vore gebring is en nie deur die Heilige Gees nie. Daar is wel 'n maatstaf waarvolgens ons die Gees agter en in die ekstatiese ervaring kan "ondersoek of dit van God afkomstig is" (1 Joh 4:1) en dit is of daardie Gees sê dat Jesus die Here is, (1 Kor 12:3). Indien daardie Gees sê dat Jesus die Here is, dan is dit die Heilige Gees wat van God afkomstig is, want "niemand kan sê: Jesus is die Here nie, behalwe deur die Heilige Gees" (1 Kor 12:3). 1 Johannes 4:2-3 stem volkome hiermee ooreen, wanneer dit sê: "Hieraan ken julle die Gees van God: elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, het die Gees wat van God afkomstig is. En elkeen wat dit nie van Jesus bely nie, het nie die Gees wat van God afkomstig is nie. Hy het die gees van die antichris, die gees van wie julle gehoor het dat hy kom en wat nou reeds in die wêreld is." Dit is hierdie gees van die antichris wat sê: "Vervloek is Jesus" (1 Kor 12:3).

'n Tweede maatstaf in die ondersoek van die Geeste of hulle uit God is, is of hulle die gemeente opbou. Hierdie opbouing van die gemeente gebeur egter nie deur ekstatiese ervarings waarin onuitspreeklikheid, ondeurgrondelikheid en onverstaanbaarheid 'n groot rol speel nie,

maar deur die helder, suiwer en verstaanbare woord. Paulus sê self in hierdie verband: "Maar in die byeenkoms van die gemeente wil ek liewer vyf woorde met verstand praat om ook ander te onderrig, as duisend woorde in tale" (1 Kor 14:19). In 1 Korintiërs 14 het Paulus vanuit die gesigspunt van die opbouing van die gemeente nie 'n baie hoë waardering vir die spreek in tale nie; hy verkies die profesie waarin die duidelike en verstaanbare woord voorop staan. "Iemand wat profeteer, rig hom tot mense en praat woorde wat geestelik opbou en bemoedig en vertroos. Die een wat in tale praat, bou net homself op, maar die een wat profeteer, bou die gemeente op" (1 Kor 14:3-4). Die toets of dit werklik die Heilige Gees is wat werk, is dus nie of daar een of ander ekstatiese ervaring of belewenis plaasvind nie, maar óf die gawe van die Gees die gemeente kan opbou en dien. Die gawes wat die gemeente opbou, is dié wat deur Paulus hoog waardeer word. Omdat die ekstatiese belewenis vir die Bybel dus laer staan as dié gawes wat die opbou van die gemeente dien, daarom kan ekstase nooit verhef word tot die maatstaf of iemand werklik 'n Christen is of nie. Dit moet onthou word dat die Heilige Gees 'n goddelike Persoon is en nie net 'n blote krag om ekstatiese ervarings en belewenisse tot stand te bring nie. Hy mag nooit met ons gees en met ons ervarings geïdentifiseer word nie. Ons moet daarteen waak om in ons Christelike godsdiensbeoefening die objektiewe werklikhede van Woord en sakramente uit hulle sentrale plek uit weg te neem en dit dan te vervang met subjektiewe ekstatiese ervarings. Die Woord, soos duidelik gemaak deur die Gees, en nie die ekstatiese belewenisse en ervarings nie, moet die uiteindelike maatstaf van ons geloof en lewe wees.



# 10 DIE DOOP MET DIE HEILIGE GEES

Soos ons gesien het, maak die Pinksterkerke 'n duidelike onderskeid tussen "bekering" aan die één kant, en "doop deur die Heilige Gees" (ook genoem: "doop *in* die Heilige Gees) aan die ander kant. Die "doop met die Heilige Gees" is nie net te onderskei van bekering nie, maar dit volg ook op bekering. Hulle gee toe dat bekering ook 'n werk van die Heilige Gees is, maar met die bekering raak die Heilige Gees die lewe van die gelowige net oppervlakkig aan. Eers met die doop in die Heilige Gees ontvang die mens die hele rykdom van die Gees in sy lewe, wat van hom 'n volle Christen maak en hom volkome krag gee en toerus vir sy taak, diens en lewe as Christen. 'n Mens kon dus die Gees by sy bekering ontvang het, maar dit is nie genoeg nie, omdat dit nog geen Gees-doop was nie.

Die vraag wat in hierdie verband ontstaan, is of die Gees-doop 'n voorwaarde vir die saligheid is. Hierop antwoord die Pinkstergroepe: Nee, dit is nie noodsaaklik vir die saligheid nie. Iemand wat die bekering en geloof het, kan wel salig word, maar sonder die Gees-doop kan niemand 'n volmaakte Christen wees en 'n volle Christelike lewe lei nie. Hoewel die Gees-doop dus nie noodsaaklik vir die saligheid is nie, is dit baie wenslik. Daarom gee sekere Pinkstergroepe dan ook spesiale klasse aan gelowiges, aan mense wat al klaar bekeer is en glo, om hulle te help om bowendien nog met die Heilige Gees gedoop te word. Een van die leiers onder die Pinkstergroepe, het in hierdie verband gesê: "Anderkant bekering, anderkant die versekering dat 'n mens salig word, anderkant die feit dat jy al die Heilige Gees ontvang het, dan is daar nog die doop met die Heilige Gees." Volgens hulle bring die Gees-doop 'n dieper bewustheid van die liefde van God mee en skenk dit besondere krag vir 'n Christelike lewe en vir dienslewering aan ander, veral om van die groot dinge wat God gedoen het, te getuig. Eers die Gees-doop bring (volgens hulle) die volle inwoning van die Heilige Gees mee. Eers as jy in (of "met") die Gees gedoop is, kan jy al die gawes van die Gees ontvang en beoefen, in die besonder die gawes van spreek in tale en van gesondmaking.

Kyk ons nou na die Bybel in verband met die Gees-doop, dan sien ons dat die feit dat mense met die Gees gedoop sal word, óf met die Gees gedoop is, sewe maal in die Nuwe Testament voorkom. In Mat-

teus 3: 11 lees ons dat Johannes die Doper sê: "Ek doop julle wel met water omdat julle julle bekeer het, maar Hy wat ná my kom, is my meerdere, en ek is nie eers werd om sy skoene uit te trek nie. Hy sal julle met die Heilige Gees en met vuur doop." Byna dieselfde woorde kry ons in Lukas 3:16, terwyl Markus 1:8 nie van die doop met vuur praat nie, maar wel dat Jesus met die Heilige Gees sal doop. In Johannes 1:33 lees ons dat Johannes die Doper sê: "maar God wat my gestuur het om met water te doop, het vir my gesê: Die Een op wie jy die Gees sien kom en bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop." Veral belangrik is Handelinge 1:4-5 waar van die opgestane Heer gesê word: "Terwyl Hy 'n keer saam met hulle aan tafel was, het Hy hulle beveel: Moenie van Jerusalem af weggaan nie, maar bly wag op die gawe wat die Vader belowe het, soos julle van My gehoor het. Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal binne 'n paar dae met die Heilige Gees gedoop word."

Uit hierdie teks in Handelinge word dit duidelik dat wat Johannes die Doper beloof het, naamlik dat Jesus met die Heilige Gees en met vuur sal doop, hier deur Jesus op die pinkstergebeurtenis betrek word, wat "binne 'n paar dae" dan ook werklik plaasgevind het.

Soos ons alreeds aangetoon het, is hierdie pinkstergebeurtenis afgehandel en onherhaalbaar. Die mense uit die Pinkstergroepe kan hulle dus nie op hierdie gebeurtenis, wat die Nuwe Testament "doop met die Gees" noem, vir hulle Gees-doop beroep nie. Dit is twee totaal verskillende sake. Die doop met die Gees is vir die Nuwe Testament 'n afgehandelde, historiese gebeurtenis; vir die Pinkstergroepe is dit iets wat vandag telkens weer in die lewe van individuele gelowiges moet plaasvind.

Nog in 'n ander belangrike opsig verskil die doop met die Gees, soos die Nuwe Testament dit hier aandui (naamlik die pinkstergebeurtenis), van dié saak wat die Pinkstergroepe die Gees-doop noem. By die pinkstergebeurtenis het *al* die honderd-en-twintig mense wat daar bymekaar was die Gees ontvang, *gelyktydig* met hulle bekering. Daarenteen beweer die Pinkstergroepe dat nie *al* die gelowiges die Geesdoop ontvang nie en dat dit 'n gebeurtenis is wat *ná die bekering* (en selfs ná die ontvangs van die Heilige Gees) plaasvind.

Sommige Pinkstergroepe beweer dat al sou die doop met die Gees identies wees met die pinkstergebeurtenis, dan is die pinkstergebeurtenis nie eenmalig, soos ons beweer nie. Volgens hulle is die pinkstergebeurtenis (en daarom die Gees-doop) wel herhaalbaar. Hulle beroep hulle dan op Handelinge 11 (veral op vers 16) en sê dat ons daar definitief 'n tweede pinkster het. In Handelinge 11 verantwoord Petrus hom voor die gemeente in Jerusalem, omdat mense wat nie Jode was nie



(Kornelius-hulle) die woord van God aanneem en gedoop is. In vers 15 en 16 lees ons dan die volgende woorde van Petrus: "Skaars het ek begin praat, of die Heilige Gees kom op hulle net soos op ons in die begin. Toe dink ek aan die woorde wat die Here gesê het: Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word." Op grond hiervan sê die Pinkstermense dat ons 'n tweede pinkster het, want die Heilige Gees het op Kornelius-hulle gekom "net soos op ons in die begin" en Petrus sien daarin 'n vervulling van Jesus se woorde: "julle sal met die Heilige Gees gedoop word."

Bekyk ons nou weer die pinkstergebeurtenis, dan sien ons dat dit 'n eenmalige gebeurtenis was, die vervulling van die belofte van God dat die nuwe bedeling aangebreek het en dat Hy sy Gees oor alle vlees sal uitstort. Met pinkster *het* dit *gebeur*. Dit is nie meer nodig dat God sy Gees oor alle vlees sal uitstort nie – dit het daar gebeur; dit is ook nie so dat die nuwe bedeling weer hoef aan te breek nie – dit het mos alreeds klaar aangebreek. Wat wel in Handelinge 11 ter sprake is, is dat alle nuwe gelowiges, wanneer hulle gelowig word, die Heilige Gees moet ontvang, want niemand kan sê: "Jesus is die Here" nie, behalwe deur die Heilige Gees (1 Kor 12:3). Die Heilige Gees wat eens en vir altyd met die pinkstergebeure uitgestort is, is net deur die nuwe gelowiges (Kornelius-hulle) in Sesarea ontvang. Hierdie *ontvangs van die Heilige Gees* is 'n herhaalbare daad. Elkeen moet voordat hy kan bely dat Jesus die Here is, eers die Heilige Gees ontvang. Daarom gebeur dit talle male deur die loop van die eeue, want dit slaan op die ontvangs van die Gees deur mense wat nie vantevore Christene was nie.

Ten slotte lees ons van die "gedoop word met die Heilige Gees" in 1 Korintiërs 12: 12 en 13: "Net soos die liggaam 'n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede saam, al is hulle baie, een liggaam vorm, so is dit ook met Christus. Deur die een Gees het ons almal een liggaam geword deur die doop, of ons nou Jood of Griek is, slaaf of vry. Ons is almal met een Gees deurdrenk." Waar die nuwe vertaling die woorde het: "Deur die een Gees het ons almal een liggaam geword deur die doop", het die ou vertaling die oorspronklike taal se woorde, letterlik soos volg vertaal: "Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam." Wat opvallend is, is dat Paulus hier nie sê dat net sommige besondere Christene deur die Gees in een liggaam gedoop is nie. Nee, hy sê: "Ons is *almal* ook deur een Gees gedoop tot een liggaam." Dit is dus ook nie 'n gebeurtenis wat ná die wedergeboorte of bekering as 'n "tweede genade" of "tweede seën" moet bykom nie. Hierdie indoping in die één liggaam het (soos die nuwe vertaling tereg sê) wel deur die Gees gebeur, maar dan *by die doop* van elke gelowige.

Opsommend kan ons dus sê: Die Nuwe Testament gebruik ook die

woorde: "doop met (of "in") die Heilige Gees." In vyf van die sewe gevalle, (naamlik Matt 3:11; Mark 1:8; Luk 3:16; Joh 1:33 en Hand 1:5) slaan dit op die onherhaalbare gebeure van pinkster. In Handelinge 11: 16 het dit betrekking op die ontvangs van die Heilige Gees deur mense wat nie vantevore geglo het nie. Hulle moet die Gees ontvang, want niemand kan sê dat Jesus die Here is, behalwe deur die Heilige Gees nie. In 1 Korintiërs 12:12-13 beteken "die doop deur die Gees" die eenmalige inlywing van die gelowige in die liggaam van Christus deur die doop. In geeneen van die gevalle in die Nuwe Testament beteken dit 'n "tweede genade", 'n voller vervulling deur die Gees ná die wedergeboorte of bekering nie. Trouens Efesiërs 1:13 sê onder andere: "In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as eiendom van God beseël." Dit is dus glad nie meer nodig om 'n tweede, dieper genade te ontvang om ons vaster aan Christus te bind nie. Hy wat by sy bekering, wedergeboorte of geloof die Gees ontvang het, is alreeds "as eiendom van God beseël" en laat sy gedrag alreeds deur die Heilige Gees bepaal (Gal 2:25).

Dikwels maak die Pinkstergroepe ook nog onderskeid tussen "die doop *met* die Heilige Gees" en 'n verdere trap, naamlik "die doop *in* die Heilige Gees." Kyk ons egter na die sewe genoemde plekke waar die Nuwe Testament praat oor die "doop met die Heilige Gees," dan sien ons dat die Grieks net één woordjie in dié verband gebruik, wat die beste vertaal kan word met "doop *met* die Heilige Gees." Ook in hierdie opsig berus die gedagtes van die Pinkstergroepe nie op die getuienis van die Heilige Skrif nie, maar is dit eie gedagtes wat deur hulleself buite die Bybel om opgebou word.



# 11 DIE GAWES VAN DIE HEILIGE GEES IN DIE ALGEMEEN (ROM 12: 6-8)

Die Griekse woord wat die Nuwe Testament vir "genadegawe" gebruik, is die woord *charisma*. Daarom word daar ook van die genadegawes as *charismata* gepraat en die groepe wat hulle veral met die geestesgawes besig hou, word die *Charismatiese* groepe of beweging genoem.

Die Nuwe Testament gebruik die woord *charisma*, genadegawe nie net vir die Geestesgawes nie. In Romeine 5:15 word die hele heil wat God deur Jesus Christus geskenk het, 'n *charisma*, 'n genadegawe, genoem. Dieselfde gebeur in Romeine 6:23. Daar lees ons: "Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here." Ook "die gawes van woord en kennis" waarmee God die gemeente van Korinte ryk gemaak het, is genadegawes wat van God kom (1 Kor 1:5 en 7).

Wat ons egter hier interesseer, is die spesifieke gawes van die Gees wat in 1 Korintiërs 12: 8-10 en vers 28; in Efesiërs 4: 11; in Romeine 12: 6-8 en 1 Petrus 4:11 genoem word en waaroor Paulus in 1 Korintiërs 12 tot 14 uitvoerig handel.

Kyk ons na *Romeine 12: 6-8*, dan sien ons dat Paulus daar sewe gawes opnoem en dat hy by elkeen ook 'n riglyn neerlê waarvolgens dit uitgeoefen moet word. Sy bedoeling met die opnoem, is om aan te toon dat daar 'n verskeidenheid is, maar nieteenstaande die feit dat die één se genadegawe van die ander s'n verskil, kom almal van God en moet elkeen waardeer word as 'n gawe wat van Hom kom. "Ons het genadegawes wat van mekaar verskil volgens die genade wat God aan elkeen van ons gegee het" (vers 6). Verder wil hy verhoed dat iemand, omdat hy nou hierdie of daardie genadegawe het, hom bokant ander verhef. "Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie" (vers 3). Elkeen moet, ook wat die genadegawes betref, leer om "beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het (vers 3). Die verskeidenheid van genadegawes is juis daar om in die verskeidenheid van behoeftes wat daar in die één gemeente is, te voorsien. En tog moet dit só gebeur dat te midde van die verskeidenheid, die eenheid gehandhaaf bly. Daarom sê Paulus: "Ons het baie lede in één liggaam, en die lede het nie elkeen dieselfde funksie nie. Net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en elkeen

afsonderlik lede van mekaar" (vers 4 en 5). Die hoofmotief agter elke gawe moet wees onderlinge diens aan mekaar binne die één liggaam.

Paulus noem dan die volgende gawes op:

| *Gawe* | *Riglyn vir die beoefening* |
|---|---|
| 1 Profesie | in ooreenstemming met die geloof |
| 2 Om te dien | diens |
| 3 Om onderrig te gee | onderrig |
| 4 Om te bemoedig | bemoediging |
| 5 Om te gee | sonder bybedoelings |
| 6 Om leiding te gee | met toewyding |
| 7 Om ander te help | met blymoedigheid |

Die eerste gawe is *profesie*. Wat profesie is, weet ons uit 1 Korintiërs 14: 3: "Iemand wat profeteer, rig hom tot mense en praat woorde wat geestelik opbou en bemoedig en vertroos." Sommige uitleggers het in profesie dan ook die daad van *prediking* in die gemeente gesien, want in die prediking word mense (die gemeente) toegespreek, én met die uitleg van die Skrif wat daar plaasvind, word daar inderdaad "woorde wat geestelik opbou en bemoedig en vertroos" gespreek. In 1 Korintiërs 14:29 lees ons: "Wat die profete betref, twee of drie kan aan die woord kom, en die ander moet beoordeel wat hulle sê." Indien profesie nou opgevat word as prediking in die erediens, dan vind sommige uitleggers in 1 Korintiërs 14:29 alreeds die beginsel van die toesig en opsig van die kerkraad oor die prediking tydens die erediens. Ander uitleggers meen egter dat in die tyd toe Paulus hierdie woorde geskryf het, daar nog maar min boeke van die Nuwe Testament op skrif was. Die funksie van die profesie was dan om vanuit die basiese beginsels van die Christelike geloof wat toe bekend was, sekere groot riglyne te trek vir die leer en lewe van die gemeente. Die "profete" het dan vanuit hierdie basiese beginsels "woorde wat geestelik opbou en bemoedig en vertroos gespreek" en sodoende leiding aan die daaglikse lewe van die gemeente gegee. Die ander het dan geluister en "beoordeel wat hulle sê" (1 Kor 14:29) om vas te stel of dié woorde wel reg is. Die vraag is nou: Wat was die maatstaf waarvolgens vasgestel is of die profesie reg was? Paulus gee self die maatstaf in Romeine 12:6 aan deur te sê dat dit moet gebeur "in ooreenstemming met die geloof wat ons bely". Alreeds baie vroeg in die Christelike kerk is die hoofpunte van die algemene geloof kortliks saamgevat, en hierdie "algemene geloof" is dan gebruik as maatstaf om te beoordeel of die woorde wat mense tot stigting van die gemeente spreek, waar en reg is. Samevattend kan ons dus sê dat profesie ooreengekom het met iets wat ons vandag prediking of 'n geestelike gesprek noem en dat dit beoordeel is met die maatstaf van die "algemene geloof."



Die tweede gawe is "om te dien". Die Griekse woord wat die Nuwe Testament hier gebruik is *diakonia*, waarvan ons woord "diaken" ook afgelei is. Daar is nou eenmaal mense wat die gawe van diens aan 'n arme of noodlydende nie het nie. As hulle voor so 'n persoon of situasie te staan kom, dan staan hulle verleë. Daar is gelukkig ook baie mense in die kerk wat wel die gawe van diens ontvang het en wat op simpatieke wyse, sonder om die persoon te verneder of sonder om aanstoot te gee, mense in hulle nood of armoede van diens kan wees. Die maatstaf wat Paulus vir hierdie genadegawe van die Gees aanlê, is "diens", dit wil sê die vraag of dit egte diens is. Egte diens verneder nie dié een wat gedien word nie, laat hom nie skaam, verleë of verplig voel nie; egte diens vra ook nie beloning nie. As daar één punt in die Christelike godsdiens is waar heimlike selfsug of heimlike verdienstelike goeie werke maklik na vore kan kom, dan is dit in die barmhartigheidsdiens. Die egte diensmotief, sê Paulus, sal al hierdie euwels bekamp. Dit is verder duidelik dat hierdie gawe van diens veral noodsaaklik is by die diakens en in die diakonaat van die kerk. Maar iemand hoef nie 'n diaken te wees om die gawe van diens in die gemeente te beoefen nie. Daar is baie plekke waar ook die gewone lidmaat, veral vrouelidmate, hierdie egte, simpatieke diens tot opbouing van die gemeente en tot verheerliking van God kan beoefen.

Die derde gawe is *om onderrig te gee*. Om in Bybelse sin onderrig te gee, beteken om die rykdom van geskiedenisse, gegewens en waarhede wat daar in Gods Woord opgesluit lê op 'n helder en duidelike wyse vir kinders (as ouers tuis, maar ook in die kategeseklasse én in die openbare skool) en vir gemeentelede (byvoorbeeld in die prediking, in geestelike gesprekke en met huisbesoek) aan te bied, uit te lê en te verduidelik. Dit is tegelyk die vermoë (wat alleen die Gees aan ons kan skenk) om die genoemde rykdom nie net as interessante gegewens aan te bied en te verduidelik nie, maar ook om dit op so 'n wyse te doen dat dit die hoorders aangryp en tot geloof bring. Verder vra die gawe om onderrig te gee, harde werk. Hy wat nie die Bybel ken nie, kan ook nie grondige en verantwoordelike onderrig uit die Bybel gee nie. Baie mense wat die Geestesgawes as "buitengewone" vermoëns sien, dié dink dat so 'n gawe soos "om onderrig te kan gee" sommer vanself daar is. Dit is egter nie die geval nie. "Om onderrig te kan gee" is wel 'n gawe, maar dit moet ontwikkel en aangewakker word. Werklike insig en helderheid kom eers na baie harde werk. "Om onderrig te gee" word veral deur twee gevare bedreig: Die eerste is hooghartigheid. Die persoon wat die gawe van onderrig het, kan dink dat hy

beter is as hulle aan wie hy onderrig gee. Hy kan vergeet "om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het" (Rom 6:3). Hy kan dink dat dit sy besit is en vergeet dat dit 'n gawe is wat hy ontvang het. Die tweede gevaar is dat die ontvanger van so 'n gawe nie die gawe gebruik om die gemeente op te bou nie, maar om mense aan hom te bind en om sy eie aansien te verhoog. Daarom lê Paulus die riglyn neer: Wanneer die gawe van onderrig uitgeoefen word, moet dit eg en suiwer om onderrig gaan en nie om allerlei ander bymotiewe nie. Dit is duidelik dat die gawe om onderrig te gee, veral in noue verband staan met die ampte van leraar en hoogleraar, soos ons hulle vandag in die kerk ken. Maar alhoewel gawe en amp nou met mekaar saamhang, mag ons die gawe nooit volledig in die amp laat opgaan nie. Ook in die uitvoering van hulle doopbelofte, het elke ouer hierdie gawe nodig om hulle kinders in die dinge van die Bybel te onderrig; die kerklike kategese bied ruim geleentheid vir 'n hele aantal persone in 'n gemeente om hierdie gawe van die Gees te beoefen.

Die vierde gawe wat Romeine 12 noem, is die gawe van *bemoediging* (nuwe Bybelvertaling) óf, miskien nog meer korrek, van *vermaning* (ou Bybelvertaling). Om te vermaan, is 'n baie delikate en sensitiewe aangeleentheid. Hy wat die gawe nie het nie, kan so maklik aanstoot gee en kan homself ook maklik die verwyt van skynheiligheid op die hals haal. Om te kan vermaan, vereis moed, maar tegelykertyd versigtigheid en simpatie. Juis hy wat die gawe van vermaning nie het nie en moet vermaan, besef dat "om te vermaan" nie 'n saak van eie prestasie en vermoë is nie, maar 'n gawe van God deur sy Gees. Maar soos die nuwe Bybelvertaling tereg stel: Vermaning en *bemoediging* hoort bymekaar. Hy wat vermaan sonder 'n woord van bemoediging en aanmoediging, is 'n hartelose mens. Dit is duidelik dat ook hierdie gawe nou verbind is met die amp, naamlik die amp van die *ouderling*. Dit is hulle taak om oor die gemeente wat God aan hulle sorg toevertrou het opsig te hou, om toe te sien dat elkeen in belydenis en wandel hom betaamlik gedra, "om die onordelikes te vermaan," om te sorg dat die sakramente nie ontheilig word nie en om in alle opsigte volgens die Christelike tug op te tree, sodat die welstand en goeie orde in alle opsigte in die kerk gehandhaaf en bevorder word. Maar ook hier, net soos ons elders in verband met die ander gawes gesien het, gaan die gawe nie geheel en al op in die amp nie. Ouers sal ook hierdie gawe in 'n ruim mate nodig hê in die Christelike opvoeding van hulle kinders. Juis omdat die vermaning en bemoediging in die kring van die huisgesin gedra word deur die liefde, is dit hier nie so 'n sensitiewe en delikate aangeleentheid soos wat dit in die geval van "vreemdes" is nie. Behalwe waardigheid, moed, versigtigheid en simpatie, sal ook die liefde vir werklike goeie vermaning 'n gesondmakende riglyn wees.



Die vyfde gawe in die lys van die Brief aan die Romeine, is die gawe *om te kan gee*. Dit is 'n byna algemeen-menslike trek om jou vermoëns en besittings as jou eie eiendom te waardeer, waarop jy alleen reg het en wat jy vir jou eie voordeel en genot mag aanwend. Hierdie vyfde gawe wat die Brief aan die Romeine noem, is juis die deurbreking van hierdie selfsoekende menslike neiging deur die werking van die Heilige Gees; Hy open ons oë om ook ander mense raak te sien en ons harte om ook iets vir hulle te wil doen en gee. Om met blymoedigheid en van harte te kan gee tot diens en nut van ons naaste, is een van die mooiste gawes van die Gees. Vir mense wat hierdie gawe het, is dit lekker om iets vir 'n ander mens te gee of te doen. Wanneer 'n mens dit ook op kerklike terrein kan doen, dan spits jy hierdie algemene gawe meer op die godsdienstige gebied toe.

Behalwe die reeds genoemde riglyn van blymoedigheid, lê Paulus ook 'n baie belangrike riglyn neer vir die Christelike beoefening van hierdie gawe: dit is om dit sonder bybedoelings te beoefen. Die gevaar van 'n fyn en verborge vorm van selfsug en soeke na eie eer, kan maklik hierdie "gawe van gee," vernietig en waardeloos maak.

Die sesde gawe op die genoemde lys, is die gawe *om leiding te kan gee*. Leierskap is in die kerk in die algemeen en in elke enkele gemeente net so noodsaaklik soos in alle afdelings van ons samelewing. Sonder goeie leiding loop die sake nie net gou skeef nie, maar kan dit maklik ophou om te loop. Daarom het God in sy goedheid en wysheid dan ook besluit om hierdie gawe van leierskap deur sy Gees aan sy kerk te gee. Om leiding te kan gee, moet 'n mens soms binne oomblikke 'n bepaalde situasie kan opsom en die kern van die saak wat onder behandeling is, kan raaksien. Dan moet die leiding gegee word. Maar binne die kerk kan dit nooit gebeur buite die Woord van God om nie; die wysheid wat Woord en Gees meebring, is in die kerklike leierskap onontbeerlik, want anders word dit eiewysheid. Daarom vra Christelike leierskap dan ook werk en toewyding. *Toewyding* is die riglyn wat Paulus in hierdie verband stel. En tereg ook. 'n Christelike leier kan nie voortdurend staatmaak op flitse en skielike insigte nie. As hy werklik verantwoordelike leiding in die kerk van Jesus Christus wil gee, moet hy met toewyding werk; eerstens aan die Woord van God om daaruit die nodige wysheid te kry, en tweedens aan die sake waarin hy leiding moet gee. Saakkundigheid is net so noodsaaklik soos Skrifgebondenheid en voortdurende gebed.

Die sewende en laaste gawe wat Paulus hier noem, is die *"gawe om te kan help"* (nuwe Bybelvertaling), die *"gawe om barmhartigheid"* te

bewys (ou Bybelvertaling). Toe ons oor die tweede gawe gepraat het (die gawe van diens) en oor die vyfde gawe (die gawe van mededeelsaamheid, van "om te kan gee"), toe het ons alreeds in die buurt van hierdie gawe beweeg. Maar hier by die gawe van hulpverlening en barmhartigheid, kom daar die element van lyding en nood van ons medemens ter sprake. Daarom sal die saak van die gesindheid wat by die ander twee alreeds so belangrik was, hier in 'n nog sterkere mate na vore tree. Dit gaan in hierdie geval daarom dat ons 'n oop oog, oop hart en oop beursie sal hê vir hulle wat in nood verkeer. Veral die gesindhede van medelye, ontferming en barmhartigheid tree in hierdie verband sterk op die voorgrond. Merkwaardig is dat Paulus as maatstaf van hulpverlening in genoemde omstandighede die blymoedigheid noem. Dikwels het mense wat in nood verkeer, medelye én opbeuring deur 'n blymoedige gewer net so nodig as die materiële gawes.

Kyk ons nou terug op hierdie sewe gawes, dan sien ons dat hulle nie sulke "buitengewone" werkinge is, as wat die mense van die ekstase en Charismatiese beweging dit graag wil hê nie. *Bavink* noem hulle betreklik gewoon en heeltemal huislik. Hulle is doodnatuurlike moontlikhede, aanleg en kragte van die mens, maar God lê deur die Gees van die oorwinnende Christus daarop beslag en "tower hulle om tot iets waarin sy Ryk gestalte kry en sy werk op aarde verrig word."

Op die verdere opvallende feit, naamlik dat 'n hele paar van die genoemde gawes sterk verwantskap het met die kerklike amp, het ons alreeds gewys. Die gawe van diens wys heen na die diakensamp; die gawe van onderrig gee, dui op die amp van leraar en hoogleraar; en die gawe van leierskap roep die amp van die herder en die ouderling sterk in die herinnering op. Daarom word in 1 Korintiërs 12:28, juis daar waar daar oor die genadegawes van die Gees gepraat word, 'n lys van die ampte gegee, naamlik apostels, profete, leraars, hulle wat wonderdade doen, hulle wat gesond kan maak, hulle wat hulp verleen, hulle wat leiding gee en hulle wat in allerhande tale praat. Dieselfde gebeur in Efesiërs 4:11. Daar staan: "En dit is die 'gawes' wat Hy uitgedeel het: apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars." Dan voeg vers 12 daaraan toe: "Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en die opbou van die liggaam van Christus." Hoewel die ampsdraers nie direk in die Nuwe Testament genadegawes *(charismata)* genoem word nie, word hulle wel *gawes* genoem en volgens Efesiërs 4:12 is die bedoeling waaroor God hulle gegee het, presies dieselfde as waaroor hy genadegawes aan die gemeente gegee het, naamlik "om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en die opbou van die liggaam van Christus." In die lig hiervan kan ons sê dat genadegawe en amp nou met mekaar verbonde is. Die genadegawes word ook aan ander lidmate van die liggaam van Christus gegee, maar in die amp word hulle in 'n besondere mate en op 'n toegespitste wyse aan die kerk gegee. Daar is 'n verskeidenheid, sodat aan *elke* behoefte van die liggaam van Christus, die gemeente, voldoen kan word en nie net aan sommige behoeftes nie.

# 12 DIE GAWES VAN DIE HEILIGE GEES IN DIE ALGEMEEN (1 KOR 12: 6-8 EN 28)

Die situasie in Korinte was, altans so ver as wat dit die saak van Geestesgawes aanbetref, blykbaar baie gekompliseerder as in Rome. Waar ons in die gemeente van Tessalonika die gevaar gehad het dat hulle die Gees wou uitblus, dit wil sê dat hulle die werkinge van die Gees teengestaan het en "die profetiese uitsprake geringgeskat het" (1 Tess 5:19), daar was die gemeente van Korinte byna oorbewus van die gawes, bedieninge en kragtige werkinge van die Gees. Die fout het natuurlik nie by die Geestesgawes as sodanig gelê nie, maar by die verkeerde siening daarvan deur die Korintiërs.Hoewel daar ook ander perspektiewe in 1 Korintiërs 12 tot 14 voorkom, is hierdie hoofstukke in 'n groot mate 'n weerlegging van die verkeerde opvatting in verband met die Geestesgawes deur die Korintiërs, ook tot onderrig van ons wat vandag lewe.

Wat was nou die basiese fout in die Korintiërs se siening oor die Geestesgawes? Die antwoord is, dat hulle vergeet het dat die Geestesgawes tot diens en opbou van die hele gemeenskap van die kerk gegee is, en dat hulle in hierdie verband gedink het dat 'n Geestesgawe aan 'n individu gegee is om sy persoonlike status as Christen te verhoog en om hom bokant persoonlike swakhede te verhef. Die gevolg hiervan was dat hulle gestreef het om dié gawe(s) te bekom wat die meeste sosiale aansien aan hulle in die gemeente van Korinte verleen het. Die gawe wat destyds aan die besitter die grootste persoonlike status verleen het, was blykbaar "die spreek in tale". Die uiteinde hiervan was dat die meeste Korintiërs net na hierdie één gawe gestreef het, én dat hulle bowendien ook nog gaan neersien het op diegene wat ander gawes gehad het, gawes wat minder sosiale status vir sy besitter meegebring het. Vir die opbou van die gemeente was dit natuurlik fataal. In die eerste plek is nie na opbou gesoek nie, maar na sosiale status; in die tweede plek is die gemeente in wesenlike opsigte nie gevoed nie. As almal net in tale wou spreek, wie sou dan preek of wie sou sorg vir die broodnoodsaaklike uitoefening van barmhartigheid of goeie administrasie? Daarom lê Paulus soveel klem daarop dat die gemeente moet insien dat daar" 'n *verskeidenheid* van ganadegawes, bedieninge en kragtige werkinge" is (1 Kor 12:4-6). Daar kan tog nie sprake wees van 'n liggaam wat net uit één ledemaat bestaan nie. "As almal saam net een lid was, hoe sou daar 'n liggaam kon wees?" (1 Kor 12:19). "As die hele liggaam oog was, hoe sou hy kon hoor?" (vers 17). Net soos dit die geval met die menslike liggaam is, só is dit ook met die liggaam van Christus, die gemeente. Daarin het God 'n verskeidenheid gegee, nie sodat die een minderwaardig moet voel en jaloers op die ander moet wees nie, en óók nie sodat die één meerderwaardig teenoor die ander een moet voel en op hom neersien nie, maar sodat daar *in alle behoeftes* van die één liggaam voldoen kan word "tot welsyn van almal" (1 Kor 12:7). Daarom het God dit só gereël dat daar in die kerk 'n verskeidenheid van mense is, elkeen "aan wie God 'n bepaalde taak gegee het" (1 Kor 12:28). Die gemeente is soos 'n lewende organisme met 'n verskeidenheid behoeftes waaraan voldoen moet word. Daarom het God ook 'n verskeidenheid van ampte wat elkeen 'n spesifieke funksie het, ingestel. In 1 Korintiërs 12:28 noem Paulus dan ook agt van daardie ampte op. Dit is duidelik dat ons die funksie van die één nie met die funksie van die ander mag vermeng nie, want elkeen moet aan 'n spesifieke behoefte van die gemeente voldoen. Die riglyn is "dat die lede gelyke sorg vir mekaar dra" (1 Kor 12:25).

Aan die een kant is dit waar dat daar inherent geen verskil tussen die verskillende genadegawes is nie, want die verskeidenheid van genadegawes, bedieninge en kragtige werkinge is gawes van een en dieselfde Gees, Here en God (1 Kor 12:4-6). Maar al kom almal van dieselfde God, is daar wel 'n verskil in die genadegawes as hulle gemeet word, nie aan die status wat hulle aan die besitter gee nie (want hulle gee geen status aan die besitter nie), maar as hulle gemeet word aan die mate waarin hulle die gemeente opbou. Dan ken Paulus aan die profesie 'n hoë prioriteit toe (1 Kor 14:1), maar aan die spreek in tale gee hy 'n baie lae waarde (vers 19). Ons het in hierdie agtergronduiteensetting rondom die gawes van die Gees, slegs baie kortliks na 1 Korintiërs 12 gekyk en eintlik nog glad nie aan 1 Korintiërs 13 en 14 geraak nie. Ons kom later wel op 1 Korintiërs 13 en 14 terug wanneer ons oor die sogenaamde buitengewone gawes, veral oor "die spreek in tale" afsonderlik en uitvoeriger sal handel. Ons meen egter dat ons genoeg agtergrond gegee het om nou oor die lys van gawes in 1 Korintiërs 12: 8-10 en vers 28 effens breedvoeriger te praat. Laat ons eers net 'n oorsigtelike opsomming daarvan gee:

| *1 Korintiërs 12:8-10* *(Die Geestesgawes)* | *1 Korintiërs 12:28* *(Die ampte)* |
|---|---|
| 1 'n Woord van wysheid | 1 Apostels |
| 2 'n Woord van kennis | 2 Profete |
| 3 Geloof | 3 Leraars |

| | |
|---|---|
| 4 Gesondmaking | 4 Hulle wat wonderdade doen |
| 5 Krag om wonders te doen | 5 Hulle wat mense gesond maak |
| 6 Profesie | 6 Hulle wat hulp verleen |
| 7 Om tussen geeste te onderskei | 7 Hulle wat leiding gee |
| 8 Om allerhande tale te praat | 8 Hulle wat in allerhande tale praat |
| 9 Om die tale uit te lê | |

Die *wysheid* wat die Bybel op die oog het, is onlosmaaklik aan God verbonde en blyk onder andere uit die wonderlike wyse waarop God alles geskep het en nog deur sy voorsienigheid onderhou. Dit blyk veral uit die heil wat God in Jesus openbaar (1 Kor 1:12), sodat tereg gesê kan word dat Jesus Christus die wysheid van God is (1 Kor 1:24 en 30). As daar nou aan iemand die gawe gegee word om 'n woord van wysheid in die gemeente te praat, beteken dit dat daardie wysheid nooit los sal kan staan van God in Jesus Christus nie, Hy wat dié wysheid van God is. Wysheid is 'n sekere insig en oordeel wat dikwels op ervaring berus en tegelykertyd die vermoë om hierdie insig en oordeel krities en prakties toe te pas om sodoende leiding te gee in besondere omstandighede, òf in die lewe in sy geheel. Wysheid, in die Nuwe-Testamentiese sin van die woord, kom dan ook uit die verborge omgang met God in Jesus Christus en is die vermoë om van daaruit vir die lewe van die kerk (dikwels in moeilike probleme) 'n verlossende woord van insig, oorsig en rype oordeelsvermoë uit te spreek. Dit is duidelik dat hierdie gawe baie ooreenkom met die gawe "om leiding te kan gee", wat ons in Romeine 12 raakgeloop het.

Ook die tweede gawe van 1 Korintiërs 12, naamlik die gawe om 'n woord van *kennis* te kan spreek, is aan die wysheid verwant. Hulle vorm as't ware 'n tweelingspaar. Net soos wysheid, berus kennis ook op ervaring, maar by kennis staan die aspekte van studie en van die aktiewe verwerking van die gegewens met die verstand, meer op die voorgrond; by die wysheid handel dit eerder oor intuïtiewe insig. Dit is duidelik dat kennis in die Nuwe-Testamentiese sin van die woord, onlosmaaklik verbonde is aan die studie van die Woord van God, die Heilige Skrif. Om 'n woord van kennis te kan spreek, beteken om dan wanneer die kerk met 'n skynbaar onoplosbare teologiese of praktiese probleem worstel, die vermoë te besit om vanuit die Skrif en die skriftuurlike verbande 'n woord van oplossing en verheldering te spreek. Dit kan onder andere ook beteken om wanneer lidmate allerlei godsdienstige vrae het, (byvoorbeeld met huisbesoek) om vanuit die Skrif duidelike antwoorde te kan gee. Ook hieruit blyk dat die voortdurende omgang met die Skrif, 'n noodsaaklike voorwaarde is vir die verantwoordelike uitoefening van hierdie gawe.



Daarna word die gawe van *geloof* genoem. Dit is, volgens die Skrif, die Heilige Gees wat die geloof in ons werk dat Jesus Christus ons enigste Verlosser en Saligmaker is. Sonder hierdie geloof kan geen Christen, 'n Christen wees nie. Maar ons glo nie dat die Bybel hier in 1 Korintiërs 12:9 hierdie soort geloof op die oog het nie; ons glo eerder dat die genadegawe wat die Bybel hier bedoel, daardie soort geloof en vertroue is, wat glo dat in die werk van die Here alle dinge moontlik is. Kleingeloof en moedeloosheid nog voordat jy begin het, is twee dinge wat so maklik die werk van die Here lam kan lê. Gelukkig is daar in die kerk ook mense met 'n onuitblusbare optimisme dat iets wat in die geloof aangepak word, nie sal misluk nie; mense met 'n aansteeklike geesdrif en 'n soort blye werkkrag. Dit beteken nie dat 'n gemeente of die kerk nou allerlei onmoontlike en fantastiese skemas moet gaan aanpak nie. In Lukas 14:28-32 word ons juis gewaarsku om nie 'n gebou te wil oprig om dan, nadat ons die fondament gelê het, agter te kom dat ons "nie in staat is om die gebou te voltooi nie", met die gevolg dat "almal wat dit sien, die spot begin dryf" nie. Maar die besit van die gawe van die geloof beteken wel dat die kerk voortdurend dinge sal aanpak. Al is die begin daarvan klein, omdat die finansiële en ander vermoëns beperk is, moet dit die kerk nie verhoed om hierdie projekte wel aan te pak in die vaste geloof dat God die groeikrag sal gee nie. In hierdie verband moet die reël geld: Nooit kan geloof te veel verwag nie. Die gawe van geloof beteken óók dat die kerk, nieteenstaande teenstand, dreiging en gevaar, vreesloos sal getuig en sy werk sal doen in die vaste geloof dat God se werk nooit gekeer sal kan word nie.

Oor die vierde gawe wat 1 Korintiërs 11 noem, naamlik die *gesondmaking*, sal ons later afsonderlik handel.

Die vyfde gawe is *die krag om wonders te kan doen*. Daar is sommige uitleggers wat hierdie gawe as 'n heeltemal gewone gawe van die Gees opvat, in dié sin dat die gelowiges wat hierdie gawe het, "wonderwerke" in die gemeente kan verrig wanneer hulle dinge in die geloof aanpak. Dikwels is hulle middele en kragte maar baie beperk, en tog versit hulle as't ware berge. Indien ons hierdie gawe só opvat, dan is dit baie nou verwant aan die gawe van "geloof" wat ons hierbo bespreek het.

Daar is ander uitleggers wat hierdie gawe as 'n "buitengewone" gawe opvat en sê dat dit 'n gawe is wat vandag nog veral op die gebied van "buitengewone genesings" beoefen behoort te word. Soos ons gesê het, handel ons hieroor later afsonderlik.

Baie geleerdes wat in hulle uitleg verwant is aan die groot kerkhervormer, Calvyn, sê dat hierdie gawe om wonders te kan doen, wel aan

die apostels gegee is met die oog daarop om die kerk eers in die wêreld gevestig te kry. In hierdie verband is Markus 16:20 belangrik: "Hulle het toe die evangelie oral gaan verkondig, en die Here het met hulle saamgewerk en hulle prediking bekragtig deur die wondertekens wat daarop gevolg het." Die wondertekens was dus noodsaaklik om die evangelie eers in die wêreld te vestig, maar toe dit eenmaal gevestig was, het dit as't ware eie momentum gekry en was die wondertekens nie meer nodig nie. Daarom sal ons die gawe om buitengewone wonders te doen, nie meer in die normale loop van die kerklike lewe en evangelieverkondiging kry nie. Dit sluit egter nie uit dat God tog dié gawe weer sal kan skenk wanneer die evangelie dikwels onder moeilike omstandighede in die sendingveld gevestig moet word nie, óf wanneer die evangelieverkondiging en kerk moet worstel om te bestaan, soos byvoorbeeld in sommige Kommunistiese lande nie.

Oor die gawe van *profesie* het ons alreeds gehandel toe ons oor die lys van gawes in Romeine 12 gepraat het. Daar het dit geblyk dat dit 'n gawe is wat verwant is aan die prediking of geestelike gesprek, gerig tot mense om hulle geestelik op te bou, te vertroos en te bemoedig. Die maatstaf van beoordeling was of die profesie in ooreenstemming is met die algemene Christelike geloof wat die kerk bely. Dit is om dié rede dat 1 Korintiërs 12 'n gawe wat baie nou verwant is aan profesie, *die gawe om tussen geeste te onderskei*, as't ware saam met die gawe van profesie noem. In die godsdiens kan dit so maklik gebeur dat mense dink dat geestesvervoering die waarborg is dat 'n mens met egte godsdiens te doen het. Maar soos uit 1 Korintiërs 12: 2 blyk, kan iemand in geestesvervoering wees en desnieteenstaande besete wees met 'n duiwelse, bose gees en Jesus 'n vervloeking noem. Daarom moes ons, wanneer iemand "sê dat hy die Gees van God het", "ondersoek of sy gees van God afkomstig is" (1 Joh 4:1). Die maatstaf wat ons moet aanlê om tussen die geeste te onderskei, om te ondersoek of 'n gees van God afkomstig is, is om noukeurig na te gaan of daardie Geestesgawe (soos profesie) uitgeoefen word in ooreenstemming met die geskrewe Woord van God, die Bybel. Op die terrein van die godsdiens kan 'n mens so maklik dink dat dit wat aangryp en aangedaan maak, ware godsdiens is. Die gawe om tussen geeste te onderskei, is dié gawe om vanuit die geskrewe Woord van God die suiwer maatstaf aan te lê. Hieruit is dit duidelik dat om hierdie gawe verantwoordelik te beoefen, daar net soos by die gawe van kennis en verskeie ander gawes, baie Skrifstudie en nadenke oor die Skrif geverg word.

Die agste en negende Geestesgawes wat 1 Korintiërs 12 noem, is ook twee wat baie nou met mekaar verbonde is, naamlik die *spreek in tale* en die *uitleg van tale*. Daaroor handel ons straks afsonderlik.



Kyk ons na die lys van ampte in 1 Korintiërs 12:28, dan sien ons dat 'n hele aantal van hulle korrespondeer met die lyste van gawes wat ons in Romeine 12 en 1 Korintiërs 12 gevind het. Dit is belangrik dat ons net herhaal wat ons al vroeër in hierdie verband gesê het, naamlik dat daar geen amp kan wees sonder 'n genadegawe nie, maar dat die genadegawes ook buite die ampte in die gemeente werksaam is en moet wees. Gaan ons nou die lys van ampte na, dan sien ons dat die amp van *leraar* met die gawes van onderrig te kan gee, 'n woord van wysheid en kennis te kan spreek en selfs om tussen geeste te onderskei en leiding te gee, ooreenkom. *Hulle wat wonderdade doen* se "amp" korrespondeer met die gawe wat genoem is "die krag om wonders te kan doen." Die "amp" van *hulle wat mense gesond kan maak*, kom ooreen met die gawe van gesondmaking en die amp van *hulle wat hulp verleen*, hang saam met die gawe "om ander te help" wat ons in 1 Korintiërs 11 raakgeloop het. Net so korrespondeer die "ampte" van *leiding gee* en *hulle wat in allerhande tale praat* met gelykluidende gawes wat ons in Romeine 12 en 1 Korintiërs 12 teëgekom het. Sommige van hierdie ampte is dus geïnstitueerde ampte soos ons hulle vandag nog in die kerk ken, maar ander is "ampte" wat saamhang met die priesterskap van alle gelowiges en wat onder andere in verskillende fasette van die kerklike lewe uitgeoefen word, soos in die opvoeding van kinders deur hulle ouers, in die kategese, in die susterskvereniging, in die diakonie, in siekeversorging en hospitaalbesoek en so meer.

Een van die ampte staan effens apart, en dit is die amp van *apostel*, wat ook as die eerste van die agt ampte in 1 Korintiërs 12:28 genoem word. Die Bybel noem ook ander mense as "die twaalf", apostels.

Mattias word deur die lot in die plek van Judas gekies. "Hulle het die lot gewerp, en die lot het Mattias aangewys. So is hy gekies as die twaalfde apostel" (Hand 1:26). Maar ook "Jakobus, die broer van die Here", word in Galasiërs 1:19 en 2:9 'n apostel genoem, asook Barnabas (Hand 14:1,3,4,14). Miskien moet ons sê dat in hulle geval, die titel "apostel" op hulle besondere aansien en medewerking in die stigting van die kerk slaan, en dat die apostelamp in die Nuwe Testament slegs tot die twaalf en tot Paulus beperk moet word. In dié verband lees ons in Markus 3:14: "Hy het toe twaalf, wat Hy apostels genoem het, aangestel om by Hom te bly sodat Hy hulle kon uitstuur om te preek." Hulle moes dus getuies van Jesus Christus, van sy Persoon, werk en woorde wees, omdat hulle deur saamwees en besondere onderrig die oog- en die oorgetuies van sy omwandeling op aarde was en ook van sy opstanding. Daarom lees ons in Handelinge 1:21-22, toe iemand in Judas se plek gekies moes word: "Daar moet dus nog 'n getuie van

Jesus se opstanding by ons gevoeg word. Dit moet een van die manne wees wat saam met ons rondgegaan het die hele tyd toe die Here Jesus in die openbaar opgetree het, vandat Hy deur Johannes gedoop is totdat Hy van ons in die hemel opgeneem is." Baie belangrik is die saak dat 'n apostel óók van die feit dat "God hierdie Jesus uit die dood laat opstaan het" (Hand 2:32), getuie moes wees én dat hy deur Jesus (of in die geval van Mattias, amptelik deur die gemeente) in die amp van apostel aangestel word. Paulus was weliswaar nie "die hele tyd toe die Here Jesus in die openbaar opgetree het", by Jesus nie, maar hy grond sy apostelamp en gesag as apostel eerstens op die direkte aanstelling deur Jesus Christus (Rom 1:1; 1 Kor 1:1; Gal 1:1) en dat hy op die pad na Damaskus Jesus gesien het. In 1 Korintiërs 9:1 vra hy juis, wanneer ander hom die regte van 'n apostel wil ontsê: "Het ek nie Jesus, ons Here gesien nie?" en sê hy in 1 Korintiërs 15:8: "En laaste van almal het Hy verskyn ook aan my as die ontydig geborene" (ou vertaling).

Nou is dit opvallend dat die Bybel die apostelamp en die werksaamheid van die Heilige Gees baie nou met mekaar verbind. In Handelinge 1:2 lees ons dat Jesus Christus voor sy hemelvaart "deur die Heilige Gees bevele gegee het aan die manne wat Hy as apostels uitgekies het." Volgens Johannes 15:26 sê Jesus: "Wanneer die Voorspraak kom wat Ek vir julle van die Vader af sal stuur, die Gees van die waarheid, wat van die Vader uitgaan, sal Hy oor My getuig." Maar hulle wat die Heilige Gees sal gebruik om hierdie getuienis van Hom in die wêreld te lewer, is die apostels. Daarom sê vers 27: "En julle moet getuig, want julle was van die begin af by My". Hulle was die oog- en die oorgetuies en deur die Gees getuig hulle van Hom. Soos Handelinge 1:8 dit stel: "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld." So blyk dit dat apostelamp en begaafdheid deur die Gees onlosmaaklik met mekaar verbonde is, soos trouens elke ander amp nie sonder daardie besondere gawe van die Gees kan bestaan nie.

Hierdie getuienis van die apostels vanuit hulle samesyn en oog- en oorgetuieskap en bekwaam gemaak deur die Gees van God, het die maatstaf van die leer en lewe van die kerk in die begintyd en vir alle tye geword. In Handelinge 2:42 staan dat die oergemeente "hulle heelhartig toegelê het op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid", terwyl Efesiërs 2:20 van die kerk sê: "Julle is 'n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en profete, 'n gebou waarvan Christus self die hoeksteen is."

Dit is egter ook duidelik dat die apostelamp wat die kerk moes vestig



en begrond, onherhaalbaar is, net soos sommige Geestesgawes ook net vir die vestiging van die kerk in die wêreld gegee is, soos onder andere die "krag om wonders te kan doen", waaroor ons alreeds vroeër gepraat het. In elk geval: toe die oog- en oorgetuies almal te sterwe gekom het, was dit onmoontlik dat die apostelamp nog in die vorm van persone verder kon bly voortbestaan. Vir die kerk van vandag is dit nog aktief werksaam in die getuienis van die apostels en profete in die Heilige Skrif, wat deur die getuienis van die Heilige Gees vir ons helder en duidelik gemaak word.

*Efesiërs 4:11* noem vyf ampte op waarvan drie ooreenkom met die lys van 1 Korintiërs 12, naamlik apostels, profete en leraars. Twee "nuwe" ampte, wat tegelykertyd gawes van die Gees is, kom by, naamlik evangeliste en herders. In ons situasie het dit geblyk dat die amp van *evangelis* op die sendingveld dikwels 'n onontbeerlike hulp-amp by die predikantsamp is. Die vraag is of daar nie ook ruim plek vir hierdie amp is in die evangelisasiearbeid van die kerk onder kerkvervreemdes en die sogenaamde blanke heidene van ons tyd nie!

By ons is die amp van *herder* en leraar met mekaar tot één amp, naamlik dié van predikant verbind. Daar was tye toe die amp van *leraar* apart fungeer het, veral in die vorm van die Christelike onderwyser, die kategeet en die professore in die teologie wat nie noodwendig herders hoef te gewees het nie. Oor die herdersamp is dit nie nodig om uitvoerig hier te praat nie. Hierdie amp vra 'n wye reeks van genadegawes wat oor 'n wye spektrum soos Woordverkondiging, die diens van die gebede, sakramentsbediening, pastoraat, leiding-gewing en so meer strek. Sommige van hierdie gawes word deur studie ontwikkel; in ander fasette van die uitoefening van sy amp hoef die herder nie die betrokke gawes in volle mate te besit nie, want daarin word hy aangevul en bygestaan deur mense wat die nodige gawes in 'n ruim mate van God, die Heilige Gees het. Die hoofvereiste vir die uitoefening van hierdie amp, is die opleiding in en die gedurige studie van die Woord van God. Woordverkondiging in al sy fasette staan in die uitoefening van hierdie amp immers sentraal.

Belangrik in die bespreking van die genadegawes is ook *1 Petrus 4: 10-11*. Daar staan: "As goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien. As iemand die genadegawe ontvang het om te spreek, moet God deur hom aan die woord kom; as dit is om die gemeente te dien, moet hy dien met die krag wat God verleen het. So moet julle God in alles verheerlik deur Jesus Christus, aan wie die heerlikheid en krag behoort tot in ewigheid! Amen."

Net soos in 1 Korintiërs 12 blyk dit dat die genadegawes nie daar is

vir die besitter om mee te spog nie, maar "om die ander te dien" en om God daardeur te verheerlik. God skenk juis "veelvuldige genade" aan die gemeente om ryklik in al die veelvuldige behoeftes van die gemeente te voorsien.

Oor die gawe *om te dien* het ons alreeds gehandel toe ons die tweede gawe van Romeine 12 bespreek het. Daar het ons onder andere daarop gewys dat hierdie veral 'n gawe is wat onontbeerlik vir die diakensamp is, hoewel die diens wat in die gemeente nodig is en deur gewone lidmate gelewer word, baie wyer strek as die diakensdiens. Volgens 1 Petrus 5:11 moet elkeen wat dien, dit doen met die wete dat dit God is wat daardie krag skenk. Dit gee eerstens dapperheid en ywer, want dié een wat dien, kan weet dat dit nie swak menslike krag is waarmee hy dien nie, maar God se krag. Dit leer tweedens nederigheid en dankbaarheid, want dié een wat dien, moet weet dat hy nie met sy eie vermoëns dien nie, maar met krag wat alleen maar as gawe van God se kant ontvang is.

Die ander gawe wat 1 Petrus 4:11 noem, is *om te praat*. Tereg het die nuwe Bybelvertaling hier só vertaal dat dit blyk dat hierdie "praat" nie die praat in vreemde tale is nie, maar dat dit hier gaan oor die gawe en amp van die prediking van die Woord van God. 1 Petrus 4:11 lê ook 'n reël neer waarvolgens hierdie prediking moet gebeur, en dit is dat "God deur hom aan die woord moet kom." In die prediking gaan dit nie oor die status en persoon van die prediker nie, en ook nie oor sy menslike gedagtes en wysheid nie. Die prediker moet alleen heenwys en dan op die agtergrond tree; dié Een na wie hy moet wys is God, wat "in alles verheerlik moet word deur Jesus Christus." Weer eens blyk hier die maatstawwe van suiwer prediking, naamlik Woordgebondenheid, heenwysing ná en verheerliking van God en die opbouing van die gemeente.



# 13 DIE GAWE VAN GENESING

In die Nuwe Testament lees ons van talle geleenthede waar Jesus siekes gesond gemaak het. In Matteus 8 en 9 word 'n hele reeks genesings beskrywe. Belangrik in ons verband is egter Matteus 8:16-17 waar daar staan: "Toe dit aand word, het hulle baie wat in die mag van duiwels was na Hom gebring. Hy het die geeste met 'n woord uitgedryf en al die siekes gesond gemaak. So is vervul wat deur die profeet Jesaja gesê is: Hy het ons swakhede op Hom geneem en ons siektes het Hy gedra." Jesus is dus geen wonderdoener of towenaar wat net praat en dan gebeur daar maklik genesings nie. Nee, wanneer Hy genees, dan ly Hy, dan neem Hy ons swakhede op Hom en dra Hy ons siektes. Wanneer 'n siek vrou die soom van sy kleed aanraak en gesond word, dan gebeur die volgende: "Jesus vra toe: Wie het my aangeraak? Toe almal ontken dat dit hulle is, sê Petrus: Meester, die mense dring tog rondom U saam en druk teen U. Maar Jesus sê: Iemand het my aangeraak, want ek het agtergekom dat daar van My krag uitgegaan het." Kortom: Wanneer Jesus mense genees, dan gaan daar krag van Hom uit; wanneer Hy mense gesond maak, dan is dit deel van sy lyding ter wille van ons. In hierdie sin sal seker niemand anders genesing kan uitvoer nie, want aan die kruis het Jesus eens en vir altyd en genoegsaam vir ons gely en gesterf.

Daar is egter nog 'n tweede aspek aan die genesingswonders van Jesus verbonde, wat in 'n sekere sin ook nou verbonde is aan die feit dat dit deel van sy lyding is wanneer Hy mense genees. Hierdie aspek is dat Hy in sy lyding besig is om te stry teen die magte van sonde, siekte en dood. Uiteindelik tree Hy aan die kruis en veral met sy opstanding uit die dood, as Oorwinnaar uit hierdie stryd. Die genesingswonders is dus tegelyk tekens, tekens wat daarna heenwys dat Jesus die Oorwinnaar is oor siekte, sonde en dood.

Jesus het ook gedurende sy omwandeling aan die twaalf dissipels die "mag gegee om onrein geeste uit te dryf en om elke siekte en kwaal gesond te maak" (Matt 10:1 en 8). Die doel was ongetwyfeld om na Jesus as Oorwinnaar heen te wys met die bedoeling om die evangelie te bekragtig. Soos Markus 16: 20 dit stel: Die dissipels het die evangelie verkondig en "die Here het met hulle saamgewerk en hulle prediking bekragtig deur die wondertekens wat daarop gevolg het."

Veral ná sy hemelvaart, kry die dissipels die mag om siekes gesond te maak. Van hierdie wonderbaarlike genesings lees ons onder andere in Handelinge 3:1-10; 5:15-16; 8:7; 9:32-35 én 28:8-10. Die bedoeling van die gawe van genesing is duidelik; dit vestig die aandag op die waarheid van die evangelie van Jesus Christus. So lees ons byvoorbeeld in Handelinge 8: 6: "Toe die mense hoor wat Filippus verkondig en die wonders sien wat hy doen, het hulle aandagtig na sy prediking geluister." Dieselfde gebeur wanneer die mense Eneas sien, wat Petrus gesond gemaak het. In dié verband lees ons: "Al die mense van Lidda en die Saronvlakte het Eneas gesien en hulle tot die Here bekeer" (Hand 9:35).

Hierdie toedrag van sake het baie uitleggers daartoe gebring om aan te neem dat die gawe om buitengewone genesings te doen, in die begintyd aan die dissipels gegee is om die evangelie te bekragtig, en om die evangelie sodoende in die wêreld te vestig. Ná die vestiging was dit nie meer nodig dat die amp en gawe van wonderbaarlike genesings verder sou bly voortbestaan nie.

Dit beteken egter nie dat die gawe van genesing (soos ons straks sal sien) glad nie meer vandag bestaan nie, en dit beteken óók nie dat God niks met genesings te doen het nie. Daar skuil juis 'n groot gevaar daarin wanneer ons "goddelike genesing" slegs gaan sien as "buitengewone genesings", slegs as genesing van ongeneeslike kwale, want dan sluit ons daardeur God naderhand heeltemal uit die saak van genesing, omdat ons Hom van die gewone genesing uitsluit. As ons God se genesingsmag slegs gaan sien as werksaam in die buitengewone genesings, dan beteken dit dat namate meer siektes oorwin word en vanaf die gebied van die buitengewone, onbekende en onkontroleerbare na die gebied van die bekende en beheerbare oorgeplaas word, in dié mate sal die rol wat God in genesings speel, al kleiner en kleiner krimp.

Veeleer is dit só dat God die bron van *alle* genesings is. Die mens se wetenskaplike vermoëns, tegnieke en medisynes om mense gesond te maak, moet nie as menslike prestasies gesien word nie, maar veeleer as gawes wat God in verband met die genesing van siekes aan die mens geskenk het. Hendrikus *Berkhof* het daarop gewys dat ons nie die situasie van die oer-Christendom moet probeer na-aap nie. Ons moet byvoorbeeld "nie die situasie in Korinte probeer na-aap nie; laat staan die situasie van die pinksterdag. Ons moet die gawes, in die lig van die leer van Paulus, interpreteer vir die patrone en behoeftes van die lewe van vandag." Daarom hoef die gawe van genesing nie soos in die vestigingstyd van die kerk buitengewoon en net deur middel van die woord en die handoplegging te gebeur nie. God kan ook op die natuurlike aanleg van geneesheer, verpleegster, familielid en vriend deur sy Gees beslag lê en dit laat uitblom tot 'n gawe om lyding te verlig en sodoende Christus te verheerlik en die gemeente op te bou. In dié sin kan *die hele optrede* van 'n Christelike geneesheer of verpleegster gesien word as die uitoefeninge van 'n genadegawe van die Gees van God. Die mediese bedrewenheid is heeltemal afhanklik van die groot Geneesheer, en wanneer dit beoefen word uit die geloof en in gemeenskap met Christus, dan is 'n voorskrif of inspuiting vandag net 'n ander manier van handoplegging. Wanneer ons die saak só sien, is dit nie net só dat ons elke genesing as 'n wonder beskou en aan God al die eer gee nie, maar dan is dit óók so dat die gawe van genesing vandag deur baie gelowiges oor 'n baie wye spektrum beoefen word.



Daarby moet ons ook onthou dat siekte nie net iets liggaamliks is nie, maar ook invloed het op die gees van die mens. Veral in die afgelope tyd is al meer en meer ingesien dat siekte 'n geestelik liggaamlike werklikheid is, óf, soos dit ook genoem word, 'n psigosomatiese aangeleentheid. En nou kry 'n mens mense wat die spesifieke gawe het om met siek mense om te gaan. Partymaal beklee so 'n iemand die amp van predikant, ouderling of diaken, maar dikwels is so 'n iemand 'n gewone lidmaat wat nie soseer die liggaam van 'n sieke op mediese wyse gesond kan maak nie, maar wie se teenwoordigheid, optrede en gesprekke van gesondmakende betekenis vir die sieke is. Iemand wat hierdie begaafdheid het, kan hom inleef in die toestand van die sieke en kan daarom op egte wyse met die sieke meeleef; hy besit die vermoë om simpatiek na die sieke te luister en kan vanuit die Woord van God 'n woord spreek wat geestelik en liggaamlik van gesondmakende betekenis is. Partymaal verander die liggaamlike toestand van die siek persoon baie min, maar deur die teenwoordigheid, optrede en gesprek van 'n persoon met bogenoemde gesondmakende gawe, verander die hele beskouing van die sieke oor sy siekte, verander sy hele situasie.

Uiteindelik bly God self die bron van alle genesing, of dit nou bemiddel word deur 'n kundige geneesheer, of deur die gebede en gesprekke van 'n gewone ampsdraer of lidmaat. Die "gawe van genesing" word dus in 'n sekere sin ook deur gelowiges beoefen wanneer hulle vir 'n sieke bid, òf hulle nou bid dat God die gawe aan die geneesheer, naamlik sy gesondmakende vermoë en bedrewenheid moet seën, òf hulle gewoonweg net God vra om die sieke gesond te maak. Maar soos elke egte gebed, sal ook hierdie gebed nooit daarop gemik moet wees om God te wil dwing om ons wil te doen en genesing te gee nie. So 'n gebed sal nie net menslike hooghartigheid voor God wees nie, maar dit sal gewoonlik ook tot frustrasie en ontnugtering by

beide die sieke en die een wat bid, lei. Ook bokant die gebed vir 'n sieke, sal daar altyd in groot letters geskrywe moet staan: "Nogtans nie my wil nie, maar U wil geskied!"

Dit blyk dus dat wanneer ons die gawe van gesondmaking "in die lig van die leer van Paulus interpreteer vir die patrone en behoeftes van vandag" (soos Berkhof dit gestel het), dat dit dan 'n heel gewone gawe word, wat elke dag beoefen word deur mediese ingrype én deur geestelike gesprekke. Die hele saak van wonderbaarlike genesings wat direk deur die woord en handoplegging gebeur, het daardeur op die agtergrond getree en is tot 'n hoë mate beperk tot die vestigingstyd van die kerk. Maar ook hier moet gesê word dat as dit God in sy soewereine almag behaag, dan kan Hy (byvoorbeeld op die sendingveld, maar ook elders) "buitengewone" genesingswonders laat plaasvind, net soos Hy daagliks deur bemiddeling van geneeshere en ander mense "gewone" genesingswonders laat plaasvind.

*Aanhangsel: iets oor duiweluitdrywing*

Sommige verteenwoordigers van die Pinkstergroepe sê dat 'n mens nog nie waarlik "met die Gees vervul" of "in die Gees gedoop" is, as jy nie een of meer van die volgende drie dinge kan doen nie, naamlik: as jy nie in vreemde tale gepraat het nie; as jy nie mense gesond gemaak het én as jy nie duiwels uitgedryf het nie. Duiweluitdrywing word dus vir hulle een van die kenmerke daarvan of jy waarlik die Gees ontvang het, met die Gees vervul is of met die Gees gedoop is. Dikwels praat hulle ook van "die *gawe* van duiweluitdrywing." Ons moet egter opmerk dat die Nuwe Testament nêrens duiweluitdrywing spesifiek 'n gawe van die Gees noem nie.

Tog lees ons dikwels in die Bybel dat siekte in verband met duiwelbesetenheid gebring word, en dat duiweluitdrywing en genesing met mekaar verbind word en langs mekaar in een en dieselfde vers beskrywe word. Só sê Matteus 10:1 dat Jesus aan die twaalf dissipels "mag gegee het om onrein geeste uit te dryf en om elke soort siekte en kwaal gesond te maak." Matteus 8:16 sê van Jesus: "Hy het die geeste met 'n woord uitgedryf en al die siekes gesond gemaak", terwyl Lukas 7:21 sê: "Op daardie oomblik het Jesus juis baie mense gesond gemaak van siektes en kwale en bose geeste ..." Partymaal lees ons net dat iemand van 'n onrein of bose gees besete is en eienaardig optree (byvoorbeeld Mark 5:1-5), maar meestal is dit so dat die duiwelbesetenheid die oorsaak van 'n spesifieke siekte is, soos die geval van die man wat sy seun na Jesus bring "omdat hy van 'n gees besete is wat hom stom maak" (Mark 9:17). So berig Lukas 13 aan ons die volgende: "Daar was ook 'n vrou wat al agtien jaar lank gely het onder 'n bose



gees wat haar heeltemal verswak het. Sy was krom getrek en kon glad nie meer regop kom nie" (vers 11).

Hierdie verband tussen siekte en duiwelbesetenheid is nie toevallig nie. Dit is nie so dat iemand wat siek is of deur ellendes getref word, meer sonde gedoen het as iemand wat gesond is en rustig lewe nie. Die verband tussen 'n spesifieke siekte en 'n spesifieke sonde in die lewe van 'n mens, het Jesus meermale afgewys, onder andere in Lukas 13: 1-5. Wanneer Pilatus 'n aantal Galileërs vermoor, vra Jesus: "Dink julle dat hierdie Galileërs groter sondaars was as al die ander Galileërs omdat dit met hulle gebeur het?" Sy antwoord is dan duidelik: "Nee, sê Ek vir julle ..." Maar dit sluit nie uit dat agter al die siekte, lyding en ellende in die wêreld, die groot werklikheid van die sonde lê nie. En nou was die duiwel juis betrokke by die intrede van die sonde in die wêreld (byvoorbeeld Gen 3). Dit is daarom dat die Bybel siekte en duiwelbesetenheid dikwels in verband met mekaar bring. Dit beteken egter ook nie dat die Nuwe Testament nou sê dat elke siekte die gevolg van duiwelbesetenheid is nie. In Matteus 8:16 word juis 'n duidelike onderskeid gemaak tussen die "baie wat in die mag van duiwels was" by wie Hy "die geeste met 'n woord uitgedryf het" én die ander "siekes wat Hy gesond gemaak het."

Wanneer Hy "die geeste met 'n woord uitdryf" (Matt 8:16), dan kan daar partymaal 'n heftige reaksie by die persoon plaasvind uit wie die gees gedryf word. So lees ons dat Jesus die bose gees skerp aanspreek om uit die man van Kapernaum uit te gaan en dan gebeur die volgende: "Die onrein gees het die man stuiptrekkings laat kry, hard geskreeu en toe uit hom uitgegaan" (Mark 1:26). Ook toe Hy by geleentheid 'n duiwel uit 'n sekere besete seun gedryf het, lees ons: "Die gees het hom laat skreeu en hewige stuiptrekkings laat kry en toe uit hom uitgegaan. Dit het gelyk of die seun dood is ..." (Mark 9:26). Maar by ander geleenthede verloop alles heeltemal rustig. By die vrou wat Jesus op die sabbatdag genees, spreek Hy nie net 'n woord nie, maar lê Hy ook die hande op. Sy kry egter nie stuiptrekkings en skreeu ook nie. Ons lees gewoonweg: "Toe het Hy haar die hande opgelê, en sy het onmiddellik regop gestaan en God begin prys." (Luk 13:13). Ons stel hierdie saak omdat sommige mense uit die Pinkstergroepe net soos wat hulle die situasie met die uitstorting van die Heilige Gees of die situasie in Korinte wil na-aap, ook die duiweluitdrywing in Jesus se tyd (soos hulle dit sien), wil naboots. Volgens hulle moet die hande altyd op die besetene gelê word, moet daar altyd 'n worsteling plaasvind en moet daar altyd iets soos stuiptrekking, 'n geskreeu of iets dergeliks plaasvind.

Die doel waarom Jesus duiwels uitdryf, is volgens die Bybel presies

dieselfde as die doel waarom Hy genesings en ander wonders doen, naamlik dat Hy deur die wonders wil aantoon dat Hy die Seun van God is, en dat Hy wil aantoon dat Hy gekom het om die sonde en die duiwel te oorwin en dat Hy oproep tot geloof in Hom. Laat ons weer Markus 1:21-28 as voorbeeld in hierdie verband neem: Nadat Jesus die bose gees uit die besetene van Kapernaum gedryf het, gebeur die volgende: "Almal was so verbaas dat hulle onder mekaar geredeneer en gesê het: 'Wat gaan hier aan? Dis 'n nuwe leer en dit kom met gesag! Hy gebied selfs die onrein geeste, en hulle gehoorsaam Hom:' En dit was nie lank nie of daar is in Galilea oral in die hele omgewing oor Hom gepraat" (vers 27-28).

In die vestigingstyd van die evangelie is ook aan daardie vroeë bedienaars van die Woord die mag gegee om duiwels uit te dryf. Markus 16 noem as een van die wondertekens op: "in my Naam sal hulle duiwels uitdryf" (vers 17). Die doel is weer eens dat "die Here met hulle saamgewerk het en hulle prediking bekragtig het deur die wondertekens wat daarop gevolg het" (vers 20). Ook wanneer Filippus die evangelie in Samaria verkondig, vind ons: "Onrein geeste het met 'n groot geskreeu uit baie mense uitgegaan." Die doel en die gevolg daarvan was: "Hulle het aandagtig na sy prediking geluister" en "daar was groot blydskap in daardie stad" (Hand 8:6-8). In Handelinge 19 kry ons die geskiedenis van die Jode wat in die Naam van Jesus geeste uitgedryf het en dat 'n sekere besetene hulle toe aangeval en oorweldig het, "sodat hulle kaal en stukkend geslaan uit daardie huis gevlug het." Die gevolg hiervan was weer eens die volgende: "So het die woord van die Here sy krag getoon en al hoe verder versprei" (Hand 19: 20).

Net soos dit die geval met die genesingswonders is, lyk dit ook hier asof daardie buitengewone gevalle van duiweluitdrywing in die vestigingstyd van die kerk gebeur het om die prediking te bekragtig, sodat "die woord van die Here sy krag kon toon." Toe die evangelie eers gevestig was, was sulke buitengewone gebeurtenisse nie meer nodig nie. Dit wil egter nie sê dat die mediese wetenskap alle gevalle van duiwelbesetenheid wetenskaplik verklaar en daarom laat verval het nie. Ek glo dat die mediese wetenskap en wetenskaplike sielkunde wel baie siektes en eienaardige optredes van mense as gewone verklaarbare en behandelbare verskynsels kan identifiseer en behandel. Tog glo ek dat daar altyd 'n sekere hoeveelheid van ongesteldhede (veral geestelike ongesteldhede) en optredes van die mens sal oorbly, wat nie anders gesien sal kan word, as besetenheid deur die duiwel of demone nie. Dikwels in die lewe van mense en byvoorbeeld op die terrein van die wêreldpolitiek, tree sekere demoniese magte na vore, breek hulle na die oppervlakte toe uit. Jesus het hierdie bedreiging van



die menslike lewe en maatskappy deur demone duidelik aangedui toe Hy ons geleer het om gedurig te bid: "Verlos ons van die Bose." Hierdie "Bose" is nie net die bose invloed in die wêreld nie, maar sluit ook duidelik die besetenheid deur Satan en sy trawante (die duiwels en demone) in.

Hoewel die buitengewone gevalle van duiweluitdrywing wat in die begintyd van die evangelie tot bevestiging van die evangelie gedien het, vandag nie normaalweg voorkom nie (natuurlik kan God in sy soewereiniteit hulle nog laat voorkom wanneer Hy dit weer nodig ag!), beteken dit nie dat die duiweluitdrywing nie vandag nog op heel gewone vlak voorkom nie. Dit is wel waar dat ons in Handelinge 8:7 lees: "onrein geeste het met 'n groot geskreeu uit baie mense uitgegaan" en dat ons hoor dat Paulus volgens Handelinge 16:18 die formule gebruik: "Ek beveel jou in die Naam van Jesus Christus: gaan uit haar uit!" (vergelyk ook Hand 19:13). Maar, soos ons alreeds gesien het, is dit vir ons vandag in die normale verloop van sake nie nodig om die situasie in die tyd van die apostels na te boots nie. Soos alreeds uit die bede van die Onse Vader, naamlik "Verlos ons van die Bose" blyk, vind die normale uitdrywing van die duiwel gewoonweg in die lewe van alle gelowiges plaas deur die gebed. Wanneer die formule wat die dissipels uitspreek, nie by magte is om 'n duiwel uit te dryf nie, dan vra hulle Jesus: "Waarom kon ons die gees nie uitdrywe nie?" Dan sê Jesus vir hulle: "Hierdie soort goed kan met niks anders as met gebed uitgedrywe word nie" (Mark 9:28-29). Die gebed in die Naam van Jesus Christus is dus die allerkragtigste manier om enige duiwel of invloed van die duiwel uit die lewe van 'n mens, ook uit ons lewe, uit te drywe. Ons hoef dus geen spesiale tegnieke (soos handoplegging of sekere "magtige" formules) te gebruik nie en daar hoef ook geen geskreeu, stuiptrekkings en so meer by duiweluitdrywing plaas te vind nie. Deur die "gewone" gebed in die Naam van Jesus Christus vind daar dus normaalweg in die lewe van duisende der duisende gelowiges duiweluitdrywing plaas oor die hele wêreld, ook in ons eie lewe. Dit gebeur, soos ons gesê het, op heel gewone wyse sonder ophef, sonder sensasie en sonder om die aandag af te trek van Jesus Christus en dit verkeerdelik op die persoon van die "uitdrywer" te vestig.

# 14 DIE GAWE VAN DIE SPREEK IN TALE

Dit het in die voorafgaande uiteensettings al 'n paar keer geblyk dat sommiges uit die Pinkstergroepe van oordeel is dat 'n mens nie 'n volle Christen kan wees en nie waarlik met die Heilige Gees gedoop kan wees nie, indien jy nie ook in tale (en veral in "vreemde" tale) praat nie. Belangriker egter vir die feit om oor hierdie saak van die spreek in tale te handel, is omdat die Bybel self op verskillende plekke hieroor praat, dit in 1 Korintiërs 12:10 'n gawe van die Heilige Gees noem en in 1 Korintiërs 12:28 'n amp.

By die pinkstergebeurtenis "is almal met die Heilige Gees vervul en het hulle in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om uit te spreek" (Hand 2:4). Die aanwesiges wat saamstroom, is verbaas en verras en sê: "Die mense wat daar praat, is tog almal Galileërs. Hoe hoor elkeen van ons sy moedertaal?" (vers 8). Nadat die verskillende taalgroepe en dialekte opgenoem is (soos Perse, Meders, Elamiete, mense uit Rome, Arabiere, ensovoorts), word gesê: "ons hoor hulle in ons eie tale praat oor die groot dinge wat God gedoen het."

Hoewel sommige uitleggers meen dat dit 'n "hoor-wonder" was en dat die Galileërs gewoonweg in hulle eie dialek gepraat het en die ander slegs "*gehoor* het hoe hulle in ons eie tale praat", lyk die wonder tog baie meer na 'n "spreek-wonder", want hulle het immers "in ander tale begin *praat* soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om *uit* te *spreek*" (Ons kursivering).

Wat wel belangrik is, is dat die ontvangs van die Gees hier gepaard gegaan het met die spreek in ander tale, maar dan spreke van *bestaande en verstaanbare tale*. Dit is wel waar dat party van die aanwesiges wat nie die ander tale kon verstaan nie, *gedink* het dat hulle 'n soort van brabbeltaal praat omdat hulle, soos hulle gemeen het, dronk is (Hand 2:13). Die waarheid is egter dat hulle in verstaanbare en bestaande tale en dialekte gepraat het. En dit is ook verstaanbaar waarom dit so is. Hierdie Galileërs was immers dié manne wat saam met Jesus "rondgegaan het die hele tyd toe die Here Jesus in die openbaar opgetree het, vandat Hy deur Johannes gedoop is totdat Hy ... in die hemel opgeneem is" (Hand 1:21-22). Hulle moes van hierdie gebeure nie net getuies in Jerusalem wees nie, maar ook in Judea en Samaria "en tot in



die uithoeke van die wêreld" (Hand 1:8). Daarvoor was nodig dat ook die ander taalgroepe sou "hoor hoe hulle in ons eie tale praat oor die groot dinge wat God gedoen het" (Hand 2:11).

In die begintyd het hierdie gawe, soos so baie ander gawes van die vestigingstyd van die evangelie, op wonderbaarlike wyse tot uiting gekom. Mense wat daardie ander tale nie voorheen geleer het nie, kon dit skielik praat, sodat die hoorders verbaas en verras was om te hoor hoe daar in elkeen se moedertaal gepraat word oor die groot dinge wat God gedoen het. Die doel van hierdie wonder was duidelik: Eerstens wou dit die aandag daarop vestig dat die evangelie van Jesus Christus nie uit mense voortgekom het nie, maar sy oorsprong in God het. Tweedens wou dit hierdie evangelie vestig en uitbrei, ook onder ander volke. Daarom het dit gebruik gemaak van die tale van daardie volke.

Hierdie gawe is vandag nog in die kerk werksaam, maar nie normaalweg in sy buitengewone, wonderbaarlike uitingsvorms nie, maar in sy gewone gestalte. Eerstens is daar die spreek in tale: Dit is 'n begaafdheid, 'n gawe wat mense van God ontvang het en wat hulle deur studie en oefening verder kan ontwikkel om ook ander tale as hulle eie, vlot en met vrymoedigheid te kan praat tot bevordering en uitbreiding van die evangelie. Hierdie gawe is veral op twee terreine van die kerk se arbeid vandag belangrik: In die sending én in die ekumeniese werk van die kerk. Tweedens is daar die gawe "om tale uit te lê," soos 1 Korintiërs 12:10 dit noem. Weer eens is hierdie gawe normaalweg 'n gewone begaafdheid wat God in sy wysheid en in sy goedheid aan sommige gelowiges skenk om in sekere baie belangrike behoeftes van die kerk te voorsien, en sodoende die kerk en die uitbreiding van die evangelie te dien. Veral hierdie gawe om tale te kan uitlê, die gawe van eksegese en hermeneutiek (soos dit deur wetenskaplikes genoem word) kan deur volgehoue studie tot 'n hoë peil ontwikkel word. Die kerk en die uitbreiding van die evangelie word veral op die terreine van wetenskaplike Bybeluitleg, van Bybelvertaling, kategese en verantwoordelike prediking deur hierdie gawe gedien en bevorder.

Op die terrein van die bestaande en verstaanbare spreek in tale het ons dus drie gawes wat in wesenlike behoeftes voorsien: Eerstens is daar die vermoë om in eie taal oor die evangelie met helderheid en vrymoedigheid te spreek (1 Pet 4:1). Met hierdie gawe word die kerk veral op die terrein van die prediking gedien.

Tweedens is daar die begaafdheid om oor die dinge van God in 'n ander taal as jou eie te kan praat, die gawe van "spreek in ander tale." Hierdeur word die kerk veral op die gebied van die sending en ekumene gedien.

Derdens is daar die eksegetiese en hermeneutiese bekwaamheid, die gawe van Bybeluitleg. Deur hierdie begaafdheid word die kerk en evangelie op 'n wye verskeidenheid van terreine gedien, soos onder andere wetenskaplike Bybelverklaring, Bybelvertaling, kategese en prediking.

Waar ons in Handelinge 2 met die situasie van bestaande en verstaanbare tale te doen het, het ons in 1 Korintiërs 12 tot 14 in 'n groot mate met die situasie te doen van tale wat vir die spreker en dikwels vir die hoorder onverstaanbaar is.

Die saak sit soos volg in mekaar: Die pinkstergebeurtenis het die aandag van die vroeë kerk getrek en veral vir die gemeente van Korinte, was die feit dat daar in ander tale gepraat is toe die Heilige Gees ontvang is, van groot belang. Maar in die situasie in Korinte het daar 'n aanmerklike klemverskuiwing en betekenisverskuiwing ingetree ten opsigte van die situasie in Jerusalem, waarvan Handelinge 2 praat. Die vernaamste verskille tussen die twee situasies was: Eerstens (soos ons alreeds hierbo aangedui het) het dit in Jerusalem oor bestaande en vir die betrokke hoorders, verstaanbare tale gegaan; in Korinte is dit "tale" wat vir die spreker en in meeste gevalle vir die hoorder onverstaanbaar is, dit wil sê in 'n groot mate 'n nie-bestaande soort "brabbeltaal." 1 Korintiërs 14:2 sê van iemand wat in hierdie soort tale spreek: *"Niemand verstaan hom nie,* want deur die Gees spreek hy geheimenisse uit" (ons kursivering).

Tweedens: By pinkster, in Jerusalem, was die doel van die spreek van ander tale die vestiging van die evangelie en die opbou van die gemeente; in Korinte was die doel eerder om status aan die begaafde te gee. Hy "bou net homself op" (1 Kor 14:4).

Derdens: Die spreek in ander tale in Jerusalem was 'n gawe om in 'n spesifieke behoefte te voorsien, naamlik die vestiging van die evangelie en die opbou van die gemeente. Die Korintiërs het dit nie as een van baie gawes gesien om in die verskeidenheid van behoeftes van die gemeente te voorsien nie (1 Kor 12:4-7 en 1 Pet 4:10-11), maar as die barometer om te bepaal of iemand werklik 'n volle Christen is met 'n hoë status in die gemeente.

Dit is hierdie skeeftrekkings wat Paulus in 1 Korintiërs 12 tot 14 probeer regstel. Soos ons vroeër al gesien het, wys hy op die *verskeidenheid* van geestelike gawes wat deur die Gees "aan elkeen afsonderlik uitgedeel word soos Hy wil." Daarom kan die Korintiërs nie die *één* gawe, naamlik die spreek in tale as voorwaarde vir *almal* opeis en sê jy kan nie 'n Christen wees as jy nie dié gawe het nie. In die verskeidenheid van gawes is hierdie gawe maar één van baie. Mense kan dit nie



opeis vir hulle nie; alleen die Gees beskik daaroor en Hy deel dit uit "soos Hy wil" (1 Kor 11:12). Om aan *al* die behoeftes van die *hele* liggaam te voldoen, is nie net één gawe nodig nie, maar *baie*. In 1 Korintiërs 12: 8-12 en 28-29 noem Paulus dan ook 'n hele aantal gawes en ampte op, 'n hele verskeidenheid. En dié verskeidenheid, sê hy, het 'n doel.

Die tweede regstelling doen hy in 1 Korintiërs 13, die beroemde hoofstuk oor die liefde. Sommige Korintiërs het op ander gelowiges wat meer "tale" kon praat as hulle, afgunstig geword. Hulle wat wel die gawe van spreek in tale gehad het, het weer grootpraterig en verwaand geword en het hulle eie status probeer vergroot, hulle eie belang gesoek. Teenoor die afgunstiges en liggeraaktes sê Paulus dat die liefde nie afgunstig en liggeraak is nie. Teenoor dié wat verwaand en grootpraterig is en eie eer soek, sê hy dat die liefde nie verwaand en grootpraterig is nie en nie sy eie belang soek nie (1 Kor 13: 4-5). Sommige Korintiërs het, in verband met die gawe van spreek in tale, só verwaand geword dat hulle beweer het dat hulle nie net in die vreemde tale van mense praat nie, maar dat hulle selfs die taal van engele spreek. Teenoor hulle wat op hierdie manier spog, sê Paulus: Ag mense, "al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het geen liefde nie, het ek 'n stuk klinkende metaal en 'n galmende simbaal geword" (1 Kor 13:1). Liefde beteken in hierdie verband om 'n oop oog vir ander mense te hê, vir hulle gawes (om dit te waardeer, al verskil hulle van jou eie), maar ook vir hulle node en behoeftes om met jou gawes hulle te dien en in hulle node en behoeftes te voorsien om sodoende die gemeente op te bou). Die liefde is nie maar nog 'n gawe nie, maar die liefde is die grondliggende beginsel wat al die gawes dra, wat die gawes diensbaar maak tot die opbou van die gemeente; die liefde is die weg waarvolgens al die gawes uitgeoefen moet word. En die liefde maak nie net die gawe van die spreek in tale sinvol nie. Sonder die liefde sal ook al die ander gawes en ampte wat ons vroeër opgenoem het, van weinig waarde wees. Paulus sê dat al sou ek die gawes van profesie, kennis en geloof in die allergrootste mate besit, en die liefde nie hê nie, dit wil sê as ek nie gewillig sou wees om hierdie gawes tot diens van ander gelowiges en tot opbou van die gemeente aan te wend nie, dan sou alles leeg en sinneloos wees. Die liefde, dit wil sê die bereidheid tot diens en opbou, gee ook aan hierdie gawes van die Gees hulle sin en betekenis. Ja, al deel ek alles wat ek het aan ander uit en al gee ek my liggaam prys, dit wil sê al sou ek die gawe van mededeelsaamheid en van offervaardigheid tot die hoogste top voer en ek het nie die liefde nie, dit wil sê ek doen hierdie dinge ter wille van my eie eer, "om my daarop te kan beroem" (1 Kor 13:3), dan

sou ook hierdie mededeelsaamheid en offervaardigheid geen sin, betekenis en waarde voor God hê nie.

Die Geestesgawes is tydelik van aard, want dit behoort tot hierdie onvolmaakte bedeling en is bedoel om in hierdie bedeling die gemeente op te bou. Daarom sê 1 Korintiërs 13:8-9 dat die "profetiese gawes sal uitgedien raak", want "ons profeteer maar gedeeltelik; net so sal "kennis uitgedien raak", want as die volmaakte gekóm het sal hierdie gedeeltelike wyse van ken nie meer nodig wees nie, want dan "sal ek ten volle ken soos God my ten volle ken" (vers 11). Dan sal dit ook nie meer nodig wees om die gemeente deur middel van kennis en profesie op te bou nie, want dan sal die gemeente alles ken en "sien soos dit werklik is" (vers 12). Ook die spreek in tale is 'n gawe wat tot hierdie onvolmaakte, gedeeltelike en tydelike bedeling behoort en daarom "sal tale ophou" (vers 8). Met die liefde (net soos met die saligmakende geloof en die hoop) is dit egter anders gesteld. Soos ons gesê het: die liefde is nie maar een van die baie gawes nie; dit is 'n gesindheid van die hart. As so 'n gesindheid van die hart het dit (anders as die gawes wat verbygaan) blywende waarde (vers 13).

In 1 Korintiërs 14 kom Paulus nog verder terug op die gawes, veral op die gawe van "spreek in tale" en bring hy wat dié saak betref, nog verdere korreksies aan en lê hy wat die beoefening van die gawes in die algemeen betref, verdere riglyne neer.

In 1 Korintiërs 14:1-12 vergelyk hy die gawe van profesie met dié van spreek in tale. Profesie is vir hom 'n baie beter gawe as die spreek in tale, omdat dit die gemeente opbou en omdat die spreek in tale (sonder dat dit bestaande tale is wat verstaanbaar uitgelê kan word) net die spreker en nie die gemeente opbou nie. "Iemand wat in tale praat, praat nie met mense nie ... niemand verstaan hom nie, maar iemand wat profeteer, rig hom tot mense en praat woorde wat geestelik opbou en bemoedig en vertroos" (vers 2-3). Daarom is hy "wat profeteer van groter betekenis as hy wat in 'n taal praat" (vers 5). Om in tale te praat en dit dan nie uit te lê nie, is net so sinloos as iemand wat 'n klomp deurmekaar klanke uit 'n musiekinstrument laat kom, of soos iemand wat met 'n ander persoon 'n taal praat wat die ander persoon glad nie ken en verstaan nie. So 'n persoon "praat mos in die wind" (vers 9). Hierdie soort praat in tale bou nie die gemeente op nie. Die reël is egter: "As julle julle toelê op die gawes van die Gees, streef dan na dié wat tot die opbou van die gemeente dien, sodat julle daarin kan uitmunt."

In 1 Korintiërs 14:13-19 wys Paulus die spreek in tale in die openbare erediens af. In die openbare erediens is dit so dat ons onder andere "die lof van die Here *sing*" (vers 15), "'n *dankgebed* doen" (vers



16) en "praat om ook ander te *onderrig*" (vers 19). Maar by al hierdie dinge is die verstand betrokke, sodat ander mense daardeur geestelik opgebou kan word. Wie egter in tale spreek (of dit nou in die vorm van 'n gebed of lied is), se "verstand is nie daarby betrokke nie" (vers 14). Die gewone mens wat teenwoordig is, verstaan dié soort gebed nie en kan nie daarop "amen" sê nie (vers 16); "mense word nie daardeur opgebou nie" (vers 17). Vir gebruik in die binnekamer mag die spreek in tale miskien goed wees, "maar in die byeenkoms van die gemeente" (sê Paulus) "wil ek liewer vyf woorde met my verstand praat om ook ander te onderrig, as duisend woorde in tale" (vers 19).

In 1 Korintiërs 14:20-25 toon Paulus aan dat die spreek in tale nie net nutteloos is in soverre dit die opbou van die gemeente betref nie, maar dat dit ook die ongelowiges en buitestaanders krities, bevooroordeeld en skepties sal maak en uiteindelik sal afstoot. As almal in die gemeentelike byeenkoms in tale sou praat "en daar kom buitestaanders of ongelowiges binne, sal hulle nie sê julle is van julle verstand af nie?" (vers 23). As almal egter profeteer, sal so 'n ongelowige of buitestaander in sy hart aangegryp word, tot selfondersoek kom en uiteindelik openlik getuig: "Waarlik, God is hier by julle!" (vers 24-25). Die afleiding is duidelik: ook wat die buitestaander en ongelowige betref, moet die spreek in tale baie negatief waardeer word, terwyl die gawe van profesie, in die sin van Woordverkondiging, heerlike positiewe betekenis het.

In 1 Korintiërs 14:26-40 stel Paulus weer eens profesie en die spreek van tale teenoor mekaar, en gee hy 'n reëling daarvoor van hoe elkeen in die erediens moet plaasvind. Weer eens herhaal hy die goue reël wat in die erediens moet geld: "Sorg dan dat alles tot opbou van die gemeente verloop" (vers 26). Daarby moet nog 'n tweede baie belangrike reël vir die erediens se verloop kom, naamlik: "Alles moet egter gepas en ordelik geskied" (vers 40), want "God is tog nie 'n God van wanorde nie, maar van orde en vrede" (vers 33). Profesie voldoen aan die vereiste om die gemeente op te bou. Wat die ordelikheid betref, kan almal profeteer en die ander moet beoordeel wat hulle sê (vers 29), maar hulle moet dit "een vir een doen, sodat almal daaruit kan leer en almal bemoedig kan word" (vers 31). Die spreek in tale voldoen nie sonder meer aan die reël dat die gemeente opgebou moet word nie. Die spreek in tale kan alleen die gemeente opbou wanneer daar iemand is wat die taal wat gepraat word, kan uitlê. Dit beteken dat die spreek van 'n taal alleen die gemeente kan opbou wanneer dit nie 'n brabbeltaal is nie, maar wanneer dit 'n bestaande taal is en een van die aanwesige gelowiges hierdie taal ken en dit kan "uitlê", dit wil sê dit kan vertaal, sodat die ander gemeentelede dit ook kan verstaan. Maar "as daar

niemand is wat dit kan uitlê nie, moet die een wat in tale praat, stilbly in die byeenkoms van die gemeente en net tuis met homself en met God praat" (vers 28). Nie net wat die moontlikheid om die gemeente op te bou betref, lê Paulus sekere reëlings neer nie, maar ook wat die ordelikheid in die erediens betref, word die volgende riglyne neergelê: "Wat die tale betref, net twee of hoogstens drie moet dit praat, elkeen op sy beurt, en daar moet een wees wat dit uitlê" (vers 28). In die erediens word daar dus wat die spreek in tale betref, drie beperkings opgelê: Die eerste is dat dit 'n bestaande taal moet wees wat deur minstens één gelowige wat daar teenwoordig is, verstaan en vertaal moet kan word. Die tweede is dat gedurende 'n gemeentelike byeenkoms net *twee* of hoogstens *drie* persone in tale wat uitgelê word mag praat en nie *almal*, soos dit vir die profesie geld nie. Die derde beperking is dat twee persone nooit gelyktydig in tale (wat dan uitgelê moet word) in die erediens mag praat nie. Elkeen moet sy beurt afwag.

Daar is veral onder die Pinkstergroepe mense wat meen dat hulle in die erediens nie noodwendig 'n bestaande taal hoef te praat nie. Hulle mag, so sê hulle, wel 'n geestelike, nie-bestaande soort "taal" praat. Al voorwaarde hiervoor is dat hulle vir hierdie "taal" 'n uitlegger moet kry. Amerikaanse studies het egter aangetoon dat in sekere negen-en-negentig persent van die gevalle waar 'n nie-bestaande geestelike taal deur 'n uitlegger in die Pinksterkerke uitgelê word, hy net een van twee dinge sê, naamlik: die persoon wat die vreemde taal praat het òf gesê: "Bekeer julle!" òf: "Die wederkoms van die Here is naby!" Daar is dan ook byna altyd 'n groot verskil in die hoeveelheid woorde wat die spreker in die "vreemde taal" gebruik en die woorde van die uitlegger. Gewoonlik praat die spreker in die "vreemde taal" taamlik lank en dan gee die uitlegger gewoonweg die "uitleg" daarvan in een van bogenoemde twee kort sinnetjies. Hierdie toedrag van sake het mense soos *Jonker* en sy medeskrywers die vraag laat vra: Bogenoemde twee waarhede is tog oorbekend en word van tyd tot tyd in die gewone Woordverkondiging aangeraak. Is dit nou werklik nodig dat ons hulle keer op keer deur middel van die spreek in vreemde tale en die uitleg daarvan in die erediens moet verneem?

Die saak word vir my nog bedenkliker wanneer 'n mens verneem dat daar in die Pinkstergroepe se geledere dikwels klasse gegee word oor hoe 'n mens in vreemde tale moet praat, dit wil sê in nie-bestaande sogenaamde "geestelike tale." Omdat húlle die spreek in sodanige tale as die voorwaarde vir die ontvangs van die Gees en daarom van die geloof beskou, daarom moet elkeen, voordat hy (of sy) seker kan wees dat hy werklik *glo*, in 'n vreemde taal gepraat het. Dit is duidelik teen die Skrifuitspraak dat die Heilige Gees nie aan almal dieselfde gawe



(soos die spreek in vreemde tale) gee nie, maar dat Hy "die gawes aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil" (1 Kor 12:11). Daarom is ek ook daarvan oortuig dat wanneer Paulus van die "tale" praat wat in die erediens gebruik mag word, dan bedoel hy bestaande tale wat in 'n taal wat vir die gemeente verstaanbaar is, vertaal moet word. As dit nie-bestaande tale sou wees wat in die gemeentelike byeenkoms uitgelê moet word, dan sal ons altyd die probleem van klakkelose herhaling van 'n paar standaard-uitlegte kry.

# 15 DIE VRUG VAN DIE GEES

Ons het gesien dat aan die één gelowige hierdie Geestesgawe, en aan die ander gelowige weer daardie Geestesgawe geskenk word deur die Gees. As hulle reg gebruik word, bou die Geestesgawes die gemeente op. Maar met die *vrug van die Gees* is dit anders. As daar geen vrug van die Gees in die lewe van 'n mens is nie, is so 'n persoon ook nie gered nie (Ef 5:21). Daarom is die vrug van die Gees iets wat van *elke gelowige* gevra word. Gawes word gegee om daarmee diens te lewer; vrugte word gevra omdat dit die teken daarvan is dat iemand die Gees ontvang het, en dat die Gees in so 'n iemand se lewe deur die geloof werksaam is.

Alreeds in die Ou Testament word die Gees verbind met vrugbaarheid, groei en vrugte op die terrein van die geestelike lewe. In Jesaja 32:14-17 lees ons: "Want die paleise is verlate, die stadsgewoel is in eensaamheid verander . . . 'n weiveld vir die troppe vee – totdat oor ons uitgegiet word die Gees uit die hoogte, dan word die woestyn 'n vrugteboord, en die vrugteboord self word vir 'n bos gereken. En die reg woon in die woestyn en die geregtigheid hou verblyf in die vrugteboord. En die werking van die geregtigheid sal vrede wees en die voortbrengsel van die geregtigheid rus en veiligheid tot in ewigheid." So kom daar nie net groei op die akker van die volkslewe nie, maar ook volop vrugte van die Gees soos reg, geregtigheid, vrede, rus en veiligheid. Die volk word met hierdie heerlike vrugte geseën omdat hulle hart reg is deur die Gees wat in hulle binneste woon. Dan is op die gebied van die volkslewe vervul wat die Psalmdigter vra: "Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees. Verwerp my nie van u aangesig nie en neem u Heilige Gees nie van my weg nie" (Ps 51:12-13). Dan het God sy belofte vervul: "En Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. En Ek sal my Gees in julle binneste gee en maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen" (Eseg 36: 26-27).

Die doel van God is om die gelowiges te verlos; maar tegelykertyd wil Hy sê dat hulle wat Hy verlos het, uit dankbaarheid tot sy eer sal lewe en vrugte sal dra wat by die bekering pas, vrugte van die Gees. Hierdie bedoeling van God word duidelik in Galasiërs 5 uiteengesit. Die lewe van die ongelowige word beheers deur die "vlees," dit wil sê



deur die sonde en sy begeerlikhede. Omdat die "vlees,"die sonde sy baas is, doen hy ook as slaaf van die sonde, dié werke wat die sonde sê dat hy moet doen; doen hy die werke van die "vlees". "Wat die sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil" (Gal 5:17) en "die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattighede en dergelike dinge" (vers 19-20). Maar hy wat sy "lewe steeds deur die Gees van God laat beheers word, sal nooit swig voor die begeertes van die sondige natuur nie" (vers 16). Veeleer sal hy vrugte dra, vrugte van die Gees." Die vrug van die Gees is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing" (vers 22-23).

"Die praktyke van die sondige natuur" dek eintlik die hele breedte van die menslike lewe. Eerstens is daar die *sinlike begeertes* (onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid); tweedens is daar die *oortreding van sekere gebooie* van God (afgodediens en towery); derdens is daar die *skending van die broederlike liefde* (vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring en afguns) en ten slotte is daar die dinge waarin 'n mens *jou te buite gaan* (dronkenskap, uitspattighede en dergelike dinge). Dit kan ook nie anders as dat hierdie praktyke die hele breedte van die spektrum van die menslike lewe dek nie, want as die hart, die gesindheid verkeerd is, dan is ook al die lewensuitinge van die hart verkeerd.

Nou is dit merkwaardig dat Paulus teenoor "die *praktyke* van die sondige natuur" (in die meervoud) "die *vrug* van die Gees (in die enkelvoud) stel. Die rede daarvoor is waarskynlik dat hy wil aantoon dat al is daar verskillende uitingsvorme, al daardie verskillende gesindhede voortspruit uit die werking van die één Gees wat al hierdie dinge tot stand bring. Ook die woord *"vrug"* sê vir ons iets. Dat al hierdie gesindhede *"vrug"* van die Gees is, wil aan ons duidelik maak dat dit nie ons prestasie en verdienste is nie, maar dat dit tot stand gebring word deur die Gees wat op 'n wonderlike wyse laat groei en ryp laat word.

Nou word daar gesê dat daar 'n negevoudige vrug van die Gees is: Liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Laat ons kortliks na elkeen van hierdie gesindhede kyk.

1 Voorop staan die *liefde*. Hierdie begrip het ons al vroeër, toe ons oor die gawes gepraat het, raakgeloop. Toe het dit geblyk dat die liefde nie maar net één van die gawes is nie, maar dat dit eintlik die gesindheid

is wat al die ander gawes dra en die beoefening daarvan sinvol maak; toe het dit geblyk dat die liefde onder andere die wegkyk van jouself is en die vermoë om 'n oop oog te kry vir die gawes, maar veral vir die behoeftes van die ander mense. Maar liefde is nie net om die ander raak te sien nie; dit is ook om die ander te waardeer en te dien. Daarom is die liefde so 'n sentrale begrip in die Bybel. Hoewel die Bybel ook praat van God se liefde vir die mens (byvoorbeeld Joh 3:16) en van die mens se liefde tot God (byvoorbeeld Matt 22:37), lyk dit asof die liefde as vrug van die Gees eerder naasteliefde is. Dit is daardie warmhartige toegeneentheid tot die ander persoon, wat ook 'n egte besorgdheid insluit vir die belange en behoeftes van die ander. Dié een wat liefhet, gee nie net iets vir hom of haar wat hy liefhet nie; hy gee eerder homself. Dit word veral duidelik in die liefde wat Jesus vir die sondaar aan die kruis getoon het toe Hy Homself vir ons oorgegee het. Pragtig beskryf 1 Johannes 4:9-10 hierdie voorbeeldige liefde vir ons: "Hierin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. Werklike liefde is dit: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes." Nou sê Galasiërs 5:16 en 22 vir ons dat wanneer die Gees van God die inwonende en beheersende mag in die lewe van mense word, dan word die liefde verwerklik. Hierdie liefde is nie net 'n goedgesindheid en die algemene menslike toegeneentheid nie, maar bestaan alleen omdat die mens met God in Jesus Christus deur die Gees verbonde is. Jesus Christus wil beide die bron en die inspirasie van ons liefde teenoor ons medemens wees. In Johannes 13:34 sê Hy: "Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê." Hierdie liefde sluit die liefde in vir alle mense in nood, ook jou vyande, soos die gelykenis van die barmhartige Samaritaan ook laat blyk (Luk 10:30-37). In Matteus 5:43-54 sê Hy uitdruklik: "Julle het gehoor dat daar gesê is: Jou naaste moet jy liefhê en jou vyand moet jy haat. Maar ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê en julle moet bid vir dié wat julle vervolg, sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel. Hy laat immers sy son opkom oor slegtes en goeies ..." Dit is die "nuwe gebod" waarvan Jesus in Johannes 13:24 praat, wat ver uitgaan bokant die Ou-Testamentiese reël dat jy jou naaste moet liefhê soos jouself (Lev 19:18). Volgens hierde reël is jyself nog die maatstaf, maar volgens die reël van Christus is Hy en sy hemelse Vader die maatstaf: Hy wat Homself vir ons oorgegee het "toe ons nog sondaars was" (Rom 5:8) en die hemelse Vader wat sy son laat opkom oor slegtes en goeies (Matt 5:45).

2 *Vreugde* is altyd 'n aangename gevoel wanneer die mens iets wat hy



graag wou hê en waarna hy verlang het, bereik het en daarvan kan geniet. Gewoonlik is vreugde 'n verbygaande iets. Volgens die Bybel mag ons wel in God se skepping (die natuur), in sy gawes soos die musiek en in ons omgang met ons medemens vreugde vind. Ons mag egter nooit hierdie vreugde in die geskapene verabsoluteer en bokant die vreugde in God stel nie. Want op stuk van sake is God die bron van alle ware en blywende vreugde. Dit is so omdat God aan ons die groot gawes van vergiffenis van sondes, die wederopstanding van die vlees en die ewige lewe en heerlikheid in Jesus Christus gee. Ons is bly omdat Hy ons in Jesus Christus uit ons nood en ellende verlos en aan ons vrymaking skenk. Daarom sê die engele vir die skaapwagters met die geboorte van Jesus Christus: "Want kyk, ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk bestem is" (Luk 2:10). Die eerste Christelike gemeente het dan ook "van huis tot huis die gemeenskaplike maaltye gehou en hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geëet" (Hand 2:46). Die apostels wil verder medewerkers wees om hierdie vreugde van die gelowiges te bevorder (2 Kor 1:24). Die vreugde oor God se genadige ingrype om in Jesus Christus aan ons bevryding en die ewige lewe te gee, kom in die eerste plek tot uiting teenoor God in gebed, psalm en lied waarin ons sy Naam prys en grootmaak vir sy groot verlossende liefde. Maar hierdie vreugde kom ook tot uiting in die lewe van die gelowiges onder mekaar. Hulle ervaar alreeds iets van die nuwe gemeenskap wat daar met God en met die medemens tot stand gekom het. Deels bestaan hierdie vreugde dus in wat die gelowige alreeds hier en nou ervaar; deels bestaan dit in die vaste wete dat die volkome verlossing eenmaal ten volle verwerklik sal word. Die gelowiges is dus bly mense omdat hulle toekomsmense is. Daarom kan geen terugslag, leed, droefheid of wat ook al hierdie vreugde ooit demp nie. Hulle deel ook hierdie vreugde onder mekaar en "is bly saam met dié wat bly is" (Rom 12:15). Hulle is bly (ook onder mekaar en teenoor mekaar) omdat hulle leef uit die verlossing en bevryding wat daar in Jesus Christus is en omdat hulle in sy Naam soveel goeie gawes (waarvan die ewige lewe die vernaamste is) ontvang het.

3 Die derde begrip wat deur Galasiërs 5:22 in verband met die vrug van die Gees gebring word, is *vrede*. Die Ou-Testamentiese woord vir vrede is *sjalom*, en dit het 'n besondere ryk inhoud en betekenis. Elke mens verlang na vrede, wil graag vrede hê. Vrede is daardie gevoel en toestand wat die Israeliet ervaar het wanneer hy rustig en tevrede "onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom kon sit, sonder dat iemand hom verskrik", sonder dat enigiets hom gehinder of gepla het (Mig 4:4). Maar daar is geen vrede moontlik sonder dat daar nie ook

rus en tevredenheid in die hart is nie. Daarom het egte vrede sy oorsprong nie soseer in die uiterlike dinge nie, maar in die vrede van die hart, omdat die gelowige weet dat sy verhouding met God reg is, sy sonde voor God versoen is. Daarom is dit dat die engele met die geboorte van Jesus Christus nie net vreugde aankondig nie, maar ook vrede: "Eer aan God in die hoogste hemel, vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het" (Luk 2:14). Simeon neem die Kindjie dan ook in sy arms, prys God en sê: "Here laat u dienaar nou in vrede gaan volgens u woord, omdat my oë u verlossing gesien het" (Luk 2: 29-30). Daarom kan Paulus ook sê: "Aangesien ons nou deur die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus" (Rom 5:1). God is dié Een wat die ware vrede kan gee (Rom 15:33). Hierdie vrede in Jesus Christus het ook 'n wêreldwye omvang. "Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel; deur Hom het Hy alles op aarde en in die hemel met Homself versoen" (Kol 1:20). Hierdie vrede het verder betekenis vir die verhouding tussen mens en mens. "Christus is ons vrede, Hy wat dié twee, Jode en nie-Jode, een gemaak het. Deur sy liggaam te gee, het hy die vyandskap afgebreek wat vroeër soos 'n muur skeiding gemaak het" (Ef 2:14). Die vrede is dus ook in hierdie lewe werksaam, maar sal eers volkome verwerklik word met die wederkoms. "Mag God, die bron van alle vrede, julle volkome aan Hom toegewyd maak en julle geheel en al, na gees, siel en liggaam so bewaar dat julle onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom!" (1 Tess 5:23). Wanneer vrede as een van die elemente van die vrug van die Gees aangedui word, dan beteken dit dus dat die Gees rus en tevredenheid bring in die gemoed van die gelowiges, omdat hulle weet dat hulle sondes vergewe en hulle met God versoen is. Maar daardie vrede brei ook uit na die sfeer van menslike verhoudings. Wie werklik uit die vrede wat van God kom, lewe, hy leef ook in vrede met sy naaste sonder haat, vyandskap, nyd en twis. Hierdie vrede is in die liefde gewortel.

4 *Geduld* is die vierde komponent van die vrug van die Gees. Net soos die ander deugde wat deel vorm van die vrug van die Gees, het ook hierdie deug sy grond in God. "God is ryk in goedheid, verdraagsaamheid en geduld! Sê dit vir jou niks nie? Besef jy nie dat God jou deur sy goedheid tot bekering wil lei nie?" God is dus die bron van geduld en dit blyk daaruit dat Hy nie dadelik met sondaars in die gerig wil tree nie, maar aan hulle die geleentheid wil skenk dat hulle hulle sal bekeer en leef. Ook Jesus Christus het gedurende sy lewe op aarde 'n voorbeeld van geduld gestel: "Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie; toe Hy gely het het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan



Hom wat regverdig oordeel" (1 Pet 2:23). Geduld beteken onder andere om te wag op dié dinge wat 'n mens hoop, byvoorbeeld wat God aan ons beloof het, soos sy heerlike wederkoms. In hierdie verband sê Hebreërs 6:11-12: "Dit is ons vurige wens dat elkeen van julle end-uit dieselfde ywer as vroeër aan die dag sal lê totdat die dinge waarop julle hoop, vervul is. Julle moet dus nie traag word nie, maar die voorbeeld navolg van dié wat deur die geloof en geduld deel gekry het aan die dinge wat God beloof het." Die geduld van 'n Christen beteken nie net die geduldige wag op die vervulling van God se beloftes nie, beteken nie net om geduldig te dra wat Hy ons oplê nie, maar dit beteken ook om geduldig teenoor mekaar te wees: "Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe" (Kol 3:13). Dit is moontlik omdat die gelowiges mekaar liefhet. "Die liefde is (immers) geduldig" (1 Kor 13:4). Daarom sal die gelowige in sy verhouding teenoor mense ook baie onreg sonder weerwraak en teenbeskuldiging met lankmoedigheid verdra. Net soos die ander deugde wat vrug van die Gees is, kan geduld nie verwerf word nie; geduld kan alleen as deel van die ryk oes van die Gees ontvang word.

5 'n Ander faset van die vrug van die Gees is *vriendelikheid*. Vriendelikheid is 'n ingesteldheid van 'n mens, maar dit kom ook tot openbaring in 'n mens se houding en gedrag teenoor ander mense. God word vriendelik genoem onder andere in Lukas 6:35 waar ons vertaal: "Nee, julle moet julle vyande liefhê en goed doen en uitleen sonder om iets terug te verwag ... dan sal julle kinders wees van die Allerhoogste, omdat Hy self vriendelik is teenoor ondankbares en slegtes". Vriendelikheid in Bybelse sin van die woord beteken dus om goed te doen aan ander, nie alleen wanneer ander in nood verkeer nie, maar ook wanneer hulle dit nie verdien en waardeer nie. Só het God sy liefde ook teenoor ondankbare en slegte sondaars bewys; as ons sy kinders wil wees, moet ons dieselfde doen. Die "vriendelikheid" van God is dus in Jesus Christus geopenbaar en is deur sy Gees in die harte van die gelowiges uitgegiet en kom tot openbaring in die vriendelikheid wat die gelowiges teenoor die naaste bewys, selfs al verdien die naaste dit nie. Hierdie vriendelikheid sluit ook die vergewensgesindheid in. In Efesiërs 4:32 en 5:1 lees ons die volgende: "Wees vriendelik en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het. Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg." Paulus sê verder dat hierdie vriendelikheid as vrug van die Gees ook 'n kenmerk van sy bediening was. "Ons het onberispelik opgetree, met begrip, met verdraagsaamheid, met vrien-

delikheid. Dit alles het ons gedoen deur die Heilige Gees ..." (2 Kor 6:6). Net soos die geduld, is hierdie vriendelikheid ook gegrond op die liefde. Van die liefde sê 1 Korintiërs 13:4: "Die liefde is vriendelik."

6 'n Volgende deug wat deel is van die vrug van die Gees, is *"goedheid"* (ou vertaling) of *"goedhartigheid"* (nuwe Bybelvertaling). Hierdie begrip is moeilik om van vriendelikheid te onderskei. Tog lê die Bybel die aksent hier effens anders as by vriendelikheid. In die Ou Testament word veral van die "goedertierenheid" van God gepraat. In die ou Bybelvertaling lees ons: "Loof die Here want Hy is goed, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid" (Ps 136:1). God is dié Een wat wesenlik goed is: "Want die Here is goed; sy goedertierenheid is tot in ewigheid en sy trou van geslag tot geslag" (Ps 100:5). Aan hierdie goedheid en goedhartigheid van God moet alle ander goedhartigheid en goedheid gemeet word. Dat God goed is, blyk uit sy gawes. God het "laat blyk dat dit Hy is wat die goeie dinge gee: Hy het vir julle reën van die hemel af gegee en gereelde oeste; Hy het volop kos gegee, en julle gelukkig gemaak" (Hand 14:17). Sy goedhartigheid blyk veral uit die gawe van sy Seun. "Hy het sy Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy dan nie al die ander dinge saam met Hom skenk nie?" (Hand 14:17). Sy goedhartigheid blyk veral uit die gawe van sy Seun. "Hy het sy Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy dan nie al die ander dinge saam met Hom skenk nie?" (Rom 8:32). Jesus Christus was dan ook die spieël van God se goedhartigheid onder die mense. Dit het geblyk uit sy lewe, sy woorde, sy werke en sy kruis. Ons word geroep om ook wat die goedhartigheid betref, navolgers van God en Christus Jesus te wees. "Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg. Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het ..." (Ef 5:1-2). Wanneer ons só lewe, sal die volgende gebeur: "Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is" (2 Kor 3:18). Op hierdie wyse word die goedhartigheid 'n deel van die vrug van die Gees in ons lewe.

7 Die sewende element van die vrug van die Gees is *getrouheid*. Die Griekse woord wat Paulus gebruik en wat hier met getrouheid vertaal word, is die woord vir *"geloof"*. Ons sal dus ook kan sê dat dit hier handel oor die deug van *geloofwaardigheid*. Romeine 3:4 sê: "Dit staan vas dat God betroubaar is." Treffend word die feit dat God die groot Getroue is, in die berymde vorm van Psalm 105:5 onder woorde gebring:



"Die HEER wat van geen wankel weet nie,
sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag
tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind,
bevestig Hy van kind tot kind."

Van God word gesê: "U trou is rondom U" (Ps 89:9). En nou wil God hê dat sy kinders ook iets van hierdie standvastigheid, geloofwaardigheid en getrouheid in hulle onderlinge verhouding moet openbaar. In hierdie verband sê Jesaja 26:2: "Maak oop die poorte, dat die regverdige nasie kan ingaan wat die trou bewaar." Baie konkreet gestel, beteken hierdie getrouheid: 'n Christen is iemand op wie jy kan reken. Hy sal sy woord hou, al is dit tot sy skade; hy sal sy verantwoordelikheid altyd nakom. Iemand wat geloofwaardig is, sien ook altyd die beste in ander mense raak en probeer om dit in die lewe van daardie mense te laat groei.

8 Die voorlaaste aspek van die vrug van die Gees is *nederigheid*. Hierdie deug het baie nou verwantskap met die reeds genoemde deugde van vriendelikheid, geduld en goedhartigheid. Jesus Christus self word genoem Hy "wat nederig en vriendelik is", en sy nederigheid blyk veral daaruit dat "Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself ontledig deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word" (Filip 2:6-7). Maar juis in hierdie verband sê Paulus: "Dieselfde gesindheid moet daar in julle wees wat daar ook in Jesus Christus was" (Filip 2:5). In sy verhouding teenoor sy medemens moet die Christen, in navolging van sy Heer, Jesus Christus, ook nederig wees. Daarom roep Filippense 4:5 op: "Laat julle welwillendheid (nederigheid) bekend wees aan alle mense." Nederigheid staan teenoor hooghartigheid, aanmatiging en verwaandheid. Dit beteken om meegaande te wees, maar dan sonder om die waarheid en jou beginsels prys te gee; dit hou besadigdheid, gematigdheid en beskeidenheid in, sonder om beginselloos en ruggraatloos te wees.

9 Die negende en laaste element van die vrug van die Gees is *selfbeheersing*. Paulus praat "oor geregtigheid en selfbeheersing en die komende oordeel" met Feliks. "Dit het Feliks bang laat word" (Hand 24:23). 2 Petrus 1:6 sê dat ons ons "kennis met selfbeheersing deur volharding" moet verryk. Paulus sê in 1 Korintiërs 7:8-9 dat "dit is vir hulle goed om ongetroud te bly soos ek. Maar as hulle nie in selfbe-

heersing kan leef nie, moet hulle trou, want dit is beter om te trou as om deur hartstog verteer te word." Hier word dus van selfbeheersing op die gebied van die geslagtelike lewe gepraat, en dit dui iemand aan wat sy hartstogte kan beheers en beheer. Dit is tiperend, want selfbeheersing druk uit dat iemand sy hele lewe goed kan dissiplineer. Dit is nie so dat geslagtelike sake, eet en drink op sigself sondig is nie; misbruik daarvan is sondig. Selfbeheersing beteken dat ons deur die krag van die Gees in staat gestel word om op 'n verskeidenheid van lewensterreine die goeie gawes van God met matigheid te kan gebruik; om in die gebruik daarvan nie in misbruik en uitspattighede te verval nie. In 1 Korintiërs 9:24 vervolgens, vergelyk Paulus die Christelike lewe met 'n wedloop. Dan sê hy in vers 25: "Almal wat aan 'n wedstryd deelneem ontsê hulle allerlei dinge." Letterlik staan daar: "Almal wat aan 'n wedstryd deelneem, pas selfbeheersing ten opsigte van baie dinge toe." Dan sê Paulus: Hulle doen dit om 'n verganklike oorwinnaarskroon te kry; hoeveel te meer sal ons dit nie in ons lewensloop doen om 'n onverganklike oorwinnaarskroon te ontvang nie? In Efesiërs 5:23 sê Paulus dat dit die Heilige Gees is wat in ons lewe werk, sodat ons van harte hierdie selfbeheersing in ons lewe sal toepas. En hierdie selfbeheersing se toepassing vind op 'n breë spektrum van ons lewe plaas: Dit geld ons gedagtes en begeertes, dit geld ons woorde, dit geld ons ambisies, dit geld ons temperament, dit geld ons dade, ja, dit geld elke lewensterrein en lewensuiting. Veral op die gebied van die ampte, moet hierdie selfbeheersing op voorbeeldinge wyse tot openbaring kom. Daarom vra Titus 1:8 dan ook dat 'n ouderling "gasvry moet wees, lief vir wat goed is, verstandig, regverdig, vroom en selfbeheers." Hierdie selfbeheersing word in vers 7 gestel teenoor iemand wat "aanmatigend en opvlieënd is, 'n dronkaard, 'n rusiemaker en 'n soeker na oneerlike wins". Veral wanneer ons selfbeheersing sien teen die agtergrond van sy wye spektrum en van hierdie ondeugde, dan blyk dit watter belangrike deug en deel van die vrug van die Gees dit werklik is.

Net soos Paulus, het ons vandag ook te doen met mense wat van die *gawes* van die Gees 'n probleem maak. Vir hulle is die gawes buitengewoon, het die gawes met geestesvervoering, met ekstase te doen, is die gawes opspraakwekkend. Dit lei dikwels tot heftige verskille en soms tot skeuring. Maar net soos die liefde wat volgens 1 Korintiërs 13 die gawes moet dra en die beoefening daarvan sinvol en stylvol maak, is die *vrug* van die Gees nie opspraakwekkend, buitengewoon en ekstaties nie. Daarom is daar ook so 'n nou verband tussen die liefde en die vrug van die Gees, tussen 1 Korintiërs 13 en Galasiërs 5:22-34. Vier van die deugde van Galasiërs 5 kom net so in 1 Korintiërs 13 voor, naamlik



geduld en vriendelikheid (1 Kor 13:4); blydskap (vreugde) (vers 6) en geloof (getrouheid) (vers 7). Hierdie vrugte het te doen met ons heiligmaking (waaroor ons later uitvoeriger praat). Paulus sê dan ook in 1 Tessalonisense 4:3: "Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe." Ons kan dit doen as ons deur die geloof aan Jesus Christus verbonde is. "Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrug, want sonder My kan julle niks doen nie" (1 Joh 15:5).

# 16 DIE LASTER TEEN DIE HEILIGE GEES

Veral toe ons hierbo oor die verskillende verbande waarin die Bybel oor die Heilige Gees praat, gehandel het, het ons dit teëgekom dat daar gesê is dat mense die Heilige Gees kan versoek, weerstaan, bedroef, teenstaan, beledig, vir Hom kan lieg en teen Hom kan laster. Die enigste gevolgtrekking wat ons tot dusver hieruit gemaak het, was om aan te toon dat as die mense só teenoor die Heilige Gees kan optree, dan is Hy sonder twyfel 'n lewende Persoon en nie maar net 'n onpersoonlike krag nie. Ons het toe telkens belowe dat ons later noukeuriger sal ingaan op die verskillende maniere waarop 'n mens teenoor die Heilige Gees kan handel, veral op die saak van die lastering teenoor die Heilige Gees wat ook as "die onvergeeflike sonde" bekend staan. Dit doen ons nou:

1 In Handelinge 5:1-11 het ons die bekende geskiedenis van Ananias en Saffira. In Handelinge 4:32-37 lees ons dat daar 'n groot onderlinge mededeelsaamheid van die oer-Christene teenoor mekaar was. Hulle het "alles met mekaar gedeel" (vers 32). Grond en huise is verkoop "en die verkoopprys daarvan is gebring en vir die apostels gegee. Dié het dit dan uitgedeel volgens elkeen se behoefte" (vers 34-35). Ananias het ook 'n stuk grond verkoop en met medewete van Saffira van die prys agtergehou, maar voorgegee dat hy die hele prys vir liefdadigheid skenk. Petrus sê dat dit nie dwingend nodig was dat hy die geld hoef te geskenk het nie. Hy kon verkoop het en "met die geld gemaak het wat jy wou" (Hand 5:4). Sy sonde was dat hy voorgegee het dat hy vir die diens van God alles gee, terwyl hy in werklikheid nie alles gee nie. Van hierdie daad sê Petrus dat Ananias hom "deur die Satan laat omhaal het om *vir die Heilige Gees te lieg*" (vers 3). Van hierdie daad sê Petrus: "Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God." Petrus kan dit sê omdat die Heilige Gees wesenlik self God en Heer is. Maar die punt waaroor dit hier gaan, is dat die mens vir die Heilige Gees lieg wanneer hy doelbewus in godsdienstige sake 'n leuen vertel om sy eie aansien te verhoog; wanneer hy die godsdiens (soos sy offervaardigheid en vroomheid) wil gebruik om valslik sy eie eer te soek en daardeur afdoen aan dié eer wat alleen aan die waaragtige God toekom. Ananias en Saffira het nie net hulle eie aansien probeer verhoog deur op die



terrein van die godsdiens te lieg nie, maar hulle Godsbegrip was ook vals. Hulle het gedink dat God hulle leuen nie sal agterkom nie. Daardeur het hulle die almag en alwetendheid van God die Heilige Gees, die Kenner van ons harte, gelöen. Petrus noem dit ook uittarting van die Heilige Gees. In vers 9 vra hy Saffira: "Waarom het julle ooreengekom om die Gees van die Here uit te tart?" Ander vertalings lui: "Waarom het julle ooreengekom *om die Gees van die Here te versoek?*" Die saak steek dan soos volg inmekaar: God sê dat Hy alwetend is en die gedagtes van ons hart ken. Maar ons wil met God eksperimenteer; ons wil God op die proef stel om te sien of Hy werklik die waarheid gepraat het, toe Hy gesê het dat Hy alwetend is. Die geskiedenis van Ananias en Saffira maak aan ons duidelik dat die mens nooit met God kan eksperimenteer nie; ons moet God op sy Woord neem en weet dat wat Hy byvoorbeeld oor sy almag, alwetendheid en straf sê, werklikheid en waarheid is.

2 In Handelinge 7:51 verwyt Stefanus die Joodse Raad dat hulle "altyd *die Heilige Gees weerstaan.*" Wat dit beteken, word baie duidelik gemaak deur die verband waarin die betrokke sinsnede voorkom. Hy sê dat hulle mense is wat deur bemiddeling van engele die wet ontvang het, en tog is hulle nie gehoorsaam aan die wet nie en glo hulle nie die profete wat die koms van die Regverdige aangekondig het nie. Trouens, hulle vaders het die profete vervolg en doodgemaak en hulleself het die Regverdige verraai en vermoor. Daarom noem Stefanus hulle "hardkoppiges" wat "heidens van hart is" en "doof vir die Woord van God." Om die Heilige Gees te weerstaan, beteken dus in hierdie verband om nieteenstaande die oorduidelike getuienisse, wat selfs deur engele ondersteun word, jou hart en oog volkome toe te sluit vir die Woord van God.

3 Efesiërs 4:30 vra die volgende van die gelowiges: "En moenie *die Heilige Gees van God bedroef* nie, want Hy het julle as eiendom van God beseël met die oog op die verlossingsdag." Dat die Heilige Gees ons beseël het met die oog op die verlossingsdag, beteken dat Hy ons as't ware toegesluit het, sodat die mag van die Satan ons nie meer skade kan aandoen tot op die dag van die wederkoms van Christus nie. Dit beteken verder dat ons wat só toegesluit is, tegelyk die waarmerk ontvang het dat ons aan God en aan niemand anders nie, behoort. Omdat ook die gelowiges in baie opsigte nog tegelykertyd sondaars is, bestaan die moontlikheid dat ons nieteenstaande die vaste versekering van ons heil wat uit die beseëling deur die Heilige Gees voortspruit, nogtans uit swakheid in sondes kan val. As ons dit doen, dan bedroef

ons die Heilige Gees. Dit is so 'n "menslike" manier om oor die Heilige Gees te praat, maar juis daarom is dit so aangrypend verstaanbaar.

4 *Moenie die Heilige Gees teenstaan nie.*" Moenie profetiese uitsprake geringskat nie, maar toets dit alles en behou wat goed is" (1 Tess 5:19-20). Blykbaar was die situasie in Tessalonika in teenstelling met die omstandighede in die gemeente van Korinte, sodanig dat hulle alle gawes van die Gees gering geskat het, selfs die profetiese gawe wat Paulus in 1 Korintiërs 14 baie hoog waardeer (byvoorbeeld vers 1, 3-5). Maar nou weet Paulus goed dat as die gawes van die Gees normaalweg en reg gebruik word, is hulle noodsaaklik vir die opbou van die gemeente. Daarom mag hulle nooit gering geskat word nie. Die Tessalonisense hoef natuurlik ook nie alles wat as gawe van die Gees aangebied word, onkrities te aanvaar nie. Hulle kan gerus maar die "buitengewone," ekstatiese, opspraakwekkende vorms van die Geestesgawes krities bejeën. Daarom sê Paulus: Hulle moet "dit alles toets en behou wat goed is." Maar hulle mag nooit die Geestesgawes wat noodsaaklik is om die gemeente op te bou, nie toelaat nie. As hulle die Geestesgawes uit die gemeente sou weer, net omdat hulle Geestesgawes is, dan sal hulle die Heilige Gees van God teenstaan, want dan sal hulle verhinder dat die Gees die gemeente deur sy gawes opbou.

Ook die ou vertaling van 1 Tessalonisense 5:19 is 'n moontlike en sinvolle vertaling, naamlik: "Blus die Gees nie uit nie." Die agtergrond van die uitleg bly nog dieselfde as wat ons hierbo genoem het, maar die beeld rondom die Gees verander dan. In hierdie geval word die Gees (soos op etlike ander plekke in die Bybel) in verband met vuur gebring. Hy is dan dié Een wat op geestelike gebied die gelowige en die gemeente aanvuur. Indien ons die Gees uitblus, dan beteken dit dat ons Hom verhinder om in ons persoonlike en in die gemeentelike lewe sy inspirerende, besielende werk te doen.

5 Die laaste saak wat ons hier wil behandel, is die saak van die *lastering* teen die Heilige Gees, of soos Hebreërs 10:29 dit stel, die *belediging* van die Gees van genade.

5.1 In *Matteus 12:31-32* lees ons: "Daarom sê Ek vir julle: elke sonde en lastering kan die mense vergewe word, maar die lastering teen die Heilige Gees kan nie vergewe word nie. As iemand teen die Seun van die mens iets sê, kan dit hom vergewe word; maar as iemand iets teen die Heilige Gees sê, kan dit hom nie vergewe word nie, nie in hierdie bedeling nie en ook nie in die toekomstige nie." Dieselfde gedagte kry ons in Markus 3:28-29 en Lukas 12:10. Markus sê onder andere: "Wie



egter teen die Heilige Gees laster, word tot in ewigheid nie vergewe nie, maar bly ewig skuldig aan die sonde." Omdat dit so 'n doodernstige saak is wat onherroeplike gevolge het, ook vir die ewigheid, het uitleggers van die begin af ernstige aandag aan hierdie saak van "die onvergeeflike sonde" gegee. Die verband waarin hierdie saak voorkom, is dat Jesus 'n duiwel uit 'n blinde en stom man gedryf het, sodat hy van sy gebrek genees is. Nieteenstaande hierdie klinkklare bewys dat dit God is wat hier werk, sê die Fariseërs: "Hy dryf duiwels uit met die hulp van Beëlsebul, die aanvoerder van die duiwels" (Matt 10:24). Hieruit blyk dat die lastering teen die Heilige Gees daarin bestaan dat 'n mens nieteenstaande die heldere tekens dat God in Jesus Christus werk, sy hart só volkome vir die getuienis van die Heilige Gees toesluit, dat hy willens en wetens sê dat dit die duiwel is wat in Jesus Christus werk, en nie God nie. Dit is nie soseer 'n sonde wat teen die Persoon van die Heilige Gees bedryf word nie, maar dit is dié sonde om jou hart volkome en tot aan die einde van jou lewe toe te sluit vir die getuienis en werk van die Heilige Gees. Soos ons vroeër gesien het, is dit juis die werk van die Heilige Gees om die geslote harte van sondaars oop en ontvanklik te maak vir die evangelie van Jesus Christus. Diegene wat teen die Heilige Gees sondig, gee nooit aan Hom die geleentheid om hulle harte vir die evangelie van Jesus Christus oop te sluit nie. Hulle sê eerder dat die Heilige Gees Beëlsebul, die aanvoerder van die duiwels is. Jesus sê dat Hy "deur die Gees van God die duiwels uitdryf" (Matt 10:28). Maar as Hy dit doen, dan sê die Fariseërs: "Hy dryf duiwels uit alleen met die hulp van Beëlsebul, die aanvoerder van die duiwels" (Matt 10:24). Die laster teen die Heilige Gees lê dus ook daarin dat hulle sê dat sy werk die werk van Beëlsebul is, en dat hulle by implikasie Hom en Beëlsebul, die aanvoerder van die duiwels, met mekaar gelykstel. Die werk van God word dus deur hulle toegeskryf aan die invloed en werksaamheid van Satan. Sulke mense sluit hulle dus doelbewus uit van die vernuwende krag van die Heilige Gees. Trouens: tot aan die einde van hulle lewens is daar by hulle geen berou nie en volhard hulle daarin om die werk van God in Jesus Christus deur die Heilige Gees te belaster en belaglik te maak.

Partymaal kry 'n mens mense wat in 'n geweldige innerlike stryd gewikkel is, omdat hulle meen dat hulle dalk die onvergeeflike sonde teen die Heilige Gees begaan het. In die lig van wat ons hierbo oor die saak gestel het, is dit duidelik dat solank as wat iemand hom (of haar) nog bekommer daaroor of hy (of sy) teen die Heilige Gees gelaster het, solank mag so 'n persoon verseker daarvan wees dat hy (of sy) nie die onvergeeflike sonde begaan het nie. Mense wat die onvergeeflike

sonde begaan, bekommer hulle juis nie oor hulle sonde nie, maar sluit hulle hart tot aan die einde van hulle lewe volkome toe vir die werk van die Heilige Gees, wat juis die kommer oor ons sonde en die berou in ons harte tot stand laat kom.

5.2 Ook *Hebreërs 6:4-6* is van oudsher af in verband met die onvergeeflike sonde gebring. Daar lees ons: "Wanneer mense een keer deur God verlig is, die hemelse gawe ontvang en deel gekry het aan die Heilige Gees, die goeie woord van God leer ken het en die kragte van die toekomstige wêreld ondervind het en dan nogtans afvallig geword het, is dit onmoontlik om hulle weer tot bekering te bring. In hulleself kruisig hulle immers weer die Seun van God en maak hulle Hom in die openbaar tot 'n bespotting". Dit handel hier oor mense wat wel uiterlik tot die Christelike geloof behoort het, maar wat nooit werklik geglo het nie. Uiterlik het dit gelyk asof hulle verlig is deur die Gees van God, het hulle die hemelse gawes soos die nagmaal ontvang; uiterlik het hulle die goeie woord van God leer ken en die kragte van die toekomstige wêreld in hulle lewe ervaar. Maar innerlik het hulle nog altyd heidene en ongelowiges gebly. Daarom het hulle later ook wat die uiterlike betref, tot die heidendom en ongeloof teruggeval en sodoende kruisig hulle Jesus Christus weer en maak van Hom 'n bespotting. Dit het dus een keer geblyk dat hierdie mense, nieteenstaande alles wat hulle voorgegee het, nooit hulle harte werklik vir die getuienis en werk van die Heilige Gees oopgesluit het nie. Sulke mense sal dan ook nooit hulle harte vir sy werk oopsluit nie. As iemand hiermee volhard tot die einde toe, dan kan hy nooit salig word nie, dan het hy die onvergeeflike sonde gedoen.

5.3 Byna op dieselfde wyse as Hebreërs 6:4-6 handel ook *Hebreërs 10:26, 27 en 29* oor hierdie mense, wat nooit werklik geglo het nie, maar altyd hulle hart vir die getuienis en werk van die Heilige Gees toegesluit gehou het en Hom in dié sin beledig het dat hulle vir die wêreld voorgegee het dat hulle hulle harte vir hom oopstel, terwyl hulle in werklikheid dit doelbewus nooit gedoen het nie. In die betrokke gedeelte lees ons: "Wanneer ons opsetlik bly sondig nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, is daar geen offer meer wat ons sondes kan wegneem nie. Daar bly alleen 'n verskriklike verwagting oor van oordeel en van 'n gloeiende vuur wat die teenstanders van God sal verteer." Dit handel hier oor 'n mens "wat die Seun van God verag het, die bloed van die verbond waardeur hy geheilig is, geminag het en die ... Gees van genade beledig het." Dit blyk dus dat hierdie soort mens nooit werklik geglo het nie, want nieteenstaande die feit dat hy uiterlik tot die Christelike geloof behoort het, het hy *"opsetlik* bly sondig", het hy 'n "teenstander van God" gebly, het hy "die Seun van God verag, die bloed van die verbond ... geminag en die Gees van genade beledig." Dit is duidelik dat 'n persoon wat só gehuigel het, dit tot aan die einde sal bly doen en nooit sy hart sal oopsluit vir die genadige werking van die Gees nie. Soos ons alreeds gesê het: Hy beledig die Gees van God op dié manier wat hy voorgee dat hy wel sy hart vir Hom oopgemaak het, terwyl hy doelbewus weet dat hy daaroor lieg.



Dikwels is Hebreërs 6 en 10 misverstaan in dié sin dat mense gedink het dat daarin geleer word dat as 'n gelowige doelbewus een of meer maal 'n sonde doen, daar dan geen redding meer vir hom moontlik is nie. Natuurlik wil God nie dat 'n gelowige sonde sal doen nie, maar (soos die nagmaalsformulier sê) as ons somtyds uit swakheid in sonde val, moet ons nie aan die genade van God twyfel en in die sonde bly lê nie. Ons moet inteendeel berou hê en ons tot God, uit wie se vergewing ons lewe, bekeer. Solank as wat daar hierdie berou en bekering is, dan is Hebreërs 6 en 10, ja die hele saak van die onvergeeflike sonde, glad nie op ons van toepassing nie.

# 17 DIE HEILIGE GEES EN DIE KERK

Volgens die Bybel is daar 'n onlosmaaklike verbondenheid tussen die Heilige Gees en die kerk, die liggaam van Jesus Christus. Sonder die verbondenheid met die Heilige Gees sal die kerk nie kan bestaan nie, en sal die kerk nie in staat wees om sy dienswerk in en aan die wêreld te doen nie. In 2 Korintiërs 3:3 sê Paulus die volgende van die gemeente in Korinte: "Dit is tog duidelik dat julle 'n brief van Christus is, deur ons diens geskrywe, nie met ink nie, maar met die Gees van die lewende God, nie op kliptablette nie, maar op die harte van mense." Dit geld van elke gemeente, ook van ons. In die werk van hierdie gemeente is dit só dat "uit onsself is ons tot niks in staat om iets te bedink asof dit uit onsself kom nie. Ons bekwaamheid kom van God wat ons bekwaam gemaak het om bedienaars van die nuwe verbond te wees" (2 Kor 3:5-6). Uit die Bybel is dit duidelik dat hierdie bekwaammaking, hierdie toerusting deur die Heilige Gees gebeur.

1 Korintiërs 3:16-17 gebruik weer 'n ander beeld vir die kerk, waarin beide die verbondenheid met die Heilige Gees én die heiligheid wat deur die inwoning van die Heilige Gees tot stand kom, beklemtoon word. Daar staan: "Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie? ... die tempel van God is heilig en dit is julle."

Telkens kry ons in die Bybel die beeld daarvan dat die gemeente die liggaam van Christus is, en dat Hy die hoof van hierdie liggaam is. En nou laat die Bybel ons sien dat in die onderlinge verbondenheid van die lede met mekaar én in hulle verbondenheid met Christus, die Heilige Gees 'n wesenlike rol speel. Efesiërs 1:22-23 sê in hierdie verband van Christus: "Aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk. Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul." Efesiërs 4:15-16 sê weer die volgende: "Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas bymekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde." Die rol wat die Heilige Gees hierin speel, word duidelik wanneer ons in aanmerking neem dat dit juis die Heilige Gees is wat hulle "in liefde in die waarheid laat bly" en na Christus toe



laat groei (sien Joh 16:13), en dat dit juis die Heilige Gees is wat sy gawes gee sodat elkeen in die gemeente sy funksie kan vervul en die gemeente, die liggaam kan opbou. Baie duidelik kom die rol wat die Gees speel in die samebinding van die lede van die liggaam onderling én met Christus tot uiting in 1 Korintiërs 12:12-13: "Net soos die liggaam 'n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede saam, al is hulle baie, een liggaam vorm, so is dit ook met Christus. Deur die een Gees het ons immers almal één liggaam geword deur die doop, of ons nou Jood of Griek is, slaaf of vry. Ons is almal met die een Gees deurdrenk." Watter sterk rol die Gees speel om die gelowige en die gemeente aan Christus te verbind, blyk onder andere uit Romeine 8:9 waar Paulus sê: "As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie." Hoe sterk hierdie verbondenheid is, word onder andere daaruit duidelik dat Romeine 8:11 laat blyk dat as dieselfde Gees van God beide in Christus en in ons woon, dan sal God wat Christus uit die dood opgewek het, ook ons "sterflike liggame lewend maak deur die Gees wat in ons woon."

Ook in Romeine 12:4-5 word die werk en gawes van die Gees in verband met die liggaam van Christus, die kerk gebring. Net voordat Paulus die sewe afsonderlike gawes van die Gees opnoem, sê hy: "Ons het baie lede in een liggaam en die lede het nie elkeen dieselfde funksie nie. Net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en elkeen afsonderlik lede van mekaar."

Maar die Heilige Gees roep nie net die kerk in aansyn nie en verbind nie net die lede onderling met mekaar én met Christus nie; die Heilige Gees is ook dié Een wat die ampte aan die gemeente gee sodat die dienswerk van die kerk voortgang kan hê en die gemeente opgebou kan word. Efesiërs 4:11-12 sê in dié verband: "En dit is die 'gawes' wat Hy 'uitgedeel het:' apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus." Dieselfde gedagte kry ons in 1 Korintiërs 12:27-30 waar Paulus die agt ampte wat deur die Gees van God aan die kerk gegee is, opnoem: "Julle is die liggaam van Christus," en afsonderlik is elkeen 'n lid daarvan. En in die kerk is daar mense aan wie God 'n bepaalde taak gegee het. Ten eerste is daar apostels, ten tweede profete, ten derde leraars ... ensovoorts." Hy skenk nie net die ampte aan die gemeente nie, maar gee ook aan hulle die verskillende bekwaammakende "genadegawes," "bedieninge" en "kragtige werkinge" om in hulle veelvoudigheid in al die verskillende behoeftes van die gemeente te voorsien (1 Kor 12:4-7).

Wie werklik wil sien hoedat die Heilige Gees die kerk en die kerklike ampsdraers deurdring en lei, moet na die boek Handelinge, die

eerste boek van die geskiedenis van die kerk, kyk. Jesus gee bevele voordat Hy na die hemel toe opvaar, "deur die Heilige Gees aan die manne wat Hy as apostels uitverkies het" (Hand 1:2) en Hy gee aan hulle die belofte dat hulle "krag sal ontvang wanneer die Heilige Gees oor hulle sal kom" en dat hulle vanaf Jerusalem tot aan die uithoeke van die wêreld sy getuies sal wees (Hand 1:8). Daarom kan Petrus-hulle ook sê dat hulle getuies van die hele Christusgebeure is," ons en die Heilige Gees wat God aan dié wat Hom gehoorsaam is, gegee het" (Hand 5:32). Die ampsdraers, soos die diakens, moet "daarvoor bekend wees dat hulle vol van die Heilige Gees is en wysheid het" (Hand 6:3). Stefanus se teenstanders was dan ook "nie opgewasse teen die wysheid wat hy van die Heilige Gees ontvang het en waarmee hy gepraat het nie" (Hand 6:10). Dit is die Heilige Gees wat aan Filippus (Hand 8:29) en aan Petrus (Hand 10:19 en 11:12) sekere riglyne gee van hoe hulle hulle sendingopdragte moet uitvoer. Trouens, Hy sê ook vir die gemeente: "Sonder Barnabas en Saulus vir My af om die werk waarvoor Ek hulle geroep het, te doen" (Hand 13:2), en daarom kan gesê word: "So is Barnabas en Saulus deur die Heilige Gees uitgestuur" (Hand 13:4). Paulus gaan later ook na Jerusalem, "daartoe gedring deur die Gees (Hand 20:22). Partymaal laat die Gees die ampsdraers nie toe om sekere planne uit te voer nie (Hand 16:6-7).

So lei die Heilige Gees die gelowiges (Hand 21:4) in die praktiese uitvoering van hulle werk van gemeente-opbou en sending; maar ook wanneer hulle tot beslissings oor die geloof en leer moet kom, verlig Hy hulle verstand en wys hy vir hulle die regte rigting aan. Hiervan is die geskiedenis van Handelinge 15:22-35 'n pragtige voorbeeld. In daardie belangrike beslissing oor wat die ware geloof en leer is, kan die gelowiges sê: "Die Heilige Gees en ons het besluit..."

Ons het tot dusver veral oor twee fasette van die werk van die Heilige Gees in die kerk gepraat, naamlik oor die feit dat die Heilige Gees binnegemeentelik werk én dat Hy die kerk toerus om sending te doen.

In verband met die binnegemeentelike werk van die Heilige Gees, het ons gesien dat dit Hy is wat die gemeente van Christus in aansyn roep, dat Hy die lede met Christus én met mekaar verbind, dat Hy die ampte skenk om die werk van die kerk te doen én dat Hy aan die ampsdraers en gemeentelede die bekwaammakende genadegawes skenk om hulle roeping uit te voer. Ons kan hierdie saak ook op 'n ander manier stel en sê dat die kerk kerk van die Gees is, omdat dit kerk van die Woord is. Kerk, Woord en Gees hoort byeen. Dit het vroeër al geblyk watter noue verbondenheid daar tussen die Gees en die Woord van God bestaan. Elisabet en Sagaria spreek die Woord van God uit in die vorm van lofgesange, wanneer hulle "met die Heilige



Gees vervul" word (Luk 1:41-45 en 67-79). Markus 12:36 sê dat "Dawid self deur die ingewing van die Gees" die Woord van God in Psalm 110 uitgespreek het, terwyl Petrus in Handelinge 1:16-17 sê: "Broers die Skrifwoord wat die Heilige Gees tevore by monde van Dawid oor Judas uitgespreek het, moes vervul word." Hebreërs 3:7 haal Psalm 95:7-11 aan en sê in dié verband: "Luister daarom na wat die Heilige Gees sê." Volgens Hebreërs 10:15-17, betuig die Heilige Gees die woorde van Jeremia 31 aan ons. Nie net die woorde van die Ou Testament nie, maar ook dié van die Nuwe Testament is woorde wat deur die Heilige Gees ingegee en geleer is. In hierdie verband sê 1 Korintiërs 2:12-13: "Die Gees wat ons ontvang het, is nie die gees van die wêreld nie, maar die Gees wat van God kom en daardeur weet ons wat God uit genade geskenk het. Dit verkondig ons ook, nie met geleerde woorde wat die menslike wysheid ons leer nie, maar met woorde wat die Gees ons leer." Daarom kan van beide die Ou- en die Nuwe Testament geld, wat in 2 Petrus 1:21 staan: "Want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, gespreek." In die Heilige Skrif het ons dus nie te doen met "verdigsels" nie (1 Tim 1:15), want die Skrif berus nie op "versinsels en legendes" nie, maar op wat die oog- en oorgetuies "met ons eie oë gesien het" (2 Pet 1:16). Hulle kan daarom sê: "Ons het Hom self gehoor; ons het Hom met ons eie oë gesien; ja, ons het Hom gesien en met ons hande aan Hom geraak. Hy is die Woord, die Lewe" (1 Joh 1:1). Van hierdie Woord wat op die werklikheid van wat waarlik ervaar is, berus, sê 2 Timoteus 3:16: "Die hele Skrif is deur God ingegee," deur God die Heilige Gees.

En nou is dit juis hierdie Woord wat deur die werk van die Heilige Gees tot stand gekom het en deur sy besondere sorg op skrif gestel is, wat die fondament van die kerk is, ook van die taak en die dienswerk van die kerk. Efesiërs 2:20-21 sê in hierdie verband dat die kerk "'n gebou is wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, 'n gebou waarvan Christus self die hoeksteen is ... 'n huis waarin God deur sy Gees woon." So word dit duidelik dat dit die Heilige Gees is wat aan die kerk sy vaste fondament verskaf, naamlik die Woord van God. Maar ook wanneer die kerk hierdie Woord verder uitdra, geskied dit nie sonder die Heilige Gees nie. Hulle "wat die evangelie verkondig het, het dit bekend gemaak deur die Heilige Gees wat van die hemel af gestuur is" (1 Pet 1:12). Aan die gelowiges maak God die verborgenhede van die evangelie "deur die Gees bekend" (1 Kor 2:10).

Die kerklike verkondiging word dus van die begin af tot vandag toe op 'n dubbele wyse deur die Heilige Gees gedra. Eerstens is die kerk se

verkondiging gegrond op die Heilige Skrif, dié Woord wat op 'n besondere wyse deur bemiddeling van die Gees tot stand gekom het en op Skrif gestel is. Tweedens, is dit die Heilige Gees wat die harte van die gelowiges oop en ontvanklik maak, sodat die Skrifwoord hier en nou vir hulle in hulle besondere situasie tot die Woord van God word. Die Heilige Gees skenk nie net aan die kerk die kerklike ampte en rus die ampsdraers en gemeentelede nie net toe met genadegawes om die werk van die kerk te doen nie – ook wanneer daardie verkondiging werklik plaasvind, is God die Heilige Gees aktief in daardie verkondiging werksaam om dit verkondiging van God se Woord te laat wees. En dit gebeur oor die hele breedte van die kerklike lewensverrigtinge – in die erediens, in die herderlike sorg, in die kategese en so meer. As die werksaamheid, leiding en inspirasie van die Heilige Gees in enige faset van die binnekerklike werksaamheid sou ontbreek, dan sou hierdie werk alleen maar menslike werk in 'n vereniging wees, en nie God se werk in die kerk nie.

Net soos die binnekerklike werk gedra en deurgloei word deur die Heilige Gees, so ook die "buitekerklike" werk van die kerk. Kyk ons na die sending, dan sien ons dat die sendingwerk van die kerk en die werk van die Gees onlosmaaklik deur die Bybel aan mekaar verbind word. Ons wys hier slegs op twee Skriftuurplekke wat in duidelike taal oor die verbondenheid van die sending en die Heilige Gees spreek: Die opgestane Heer stuur sy dissipels met die volgende woorde en handeling uit: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook. Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy oor hulle en sê: Ontvang die Heilige Gees!" (Joh 20:21-22). Dan is daar die bekende sendingbevel in Handelinge 1:8: "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem, sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."

Nie net die sending is 'n werksaamheid van die kerk wat na buite gerig is nie; die kerk is ook in die wêreld en het 'n taak ten opsigte van die wêreld. Baie moderne teologieë sien vandag die betrokkenheid van die kerk by die wêreld, by die politieke en ekonomiese strukture ten onregte as die hooftaak, en dikwels as die enigste taak van die kerk. Hoewel die kerkhervormers ook die betrokkenheid van die kerk by die wêreld geken het, het hulle nog altyd die verkondiging met die oog op die ewige heil (en alles wat daarmee in verband staan, soos die erediens en die persoonlike vroomheid) as die eerste taak van die kerk gesien. Maar nadat Calvyn hierdie eerste taak van die kerk beklemtoon en ten uitvoer gebring het, wou hy die persoonlike en openbare lewe in al sy geledinge vanuit die Woord só omvorm en kersten dat hulle één groot loflied tot eer van die soewereine God sou sing. Daarvan is



die stadstaat in Genève 'n pragtige voorbeeld. John Knox noem dit "die volmaakste skool van Christus wat ooit op aarde bestaan het sinds die dae van die apostels." Dit is veral die Nederlandse teoloog, *AA van Ruler*, wat meen dat hy hierdie aspek van die werk van Calvyn op verantwoorde wyse verder voer en hy doen dit veral onder die gesigspunt van die werksaamheid van die Heilige Gees. Van Ruler stel duidelik dat die redding van die mens en die koninkryk van God nooit uit die skepping self kan voortkom nie. Daar is geen verlossingskrag wat in die menslike geskiedenis of die innerlike van die mens verborge lê en net ontplooi moet word nie. Die verlossing is deur 'n daad van God op 'n bepaalde tydstip in die geskiedenis bewerk deur die vleeswording van Jesus Christus. Nou is dit waar dat hierdie Messiaanse heil in Jesus Christus in persoonlike lewens van mense inkom met die oog op die ewige lewe. Hierdie toepassing van die heil in die persoonlike lewe, geskied volgens die Bybel deur die Heilige Gees. Maar, sê Van Ruler, die heil in Jesus Christus reik veel verder as net die verlossing van mense met die oog op die ewige lewe! Al het die skepping in sonde geval, bly dit nog altyd God se skepping en daarom moet die verlossing in Jesus Christus nie net die gelowiges tot ewige heil strek nie, maar moet hierdie Messiaanse heil ook in die ganse skepping indring en dit deurdring en deurgloei. Die mens bestaan in 'n gemeenskap en is 'n sosiale, politieke, ekonomiese en historiese wese. Die hele aarde in al sy fasette moet met die heil in Jesus Christus gevul word en dié Persoon wat dít doen, is die Heilige Gees. Die heilige algemene Christelike kerk, die gemeenskap van heiliges en die vergewing van sondes is die "gestaltes" waardeur die Heilige Gees werk om die ganse skepping met die heil van die Messias, Jesus, te vul. Die Heilige Gees maak in hierdie proses egter nie net gebruik van die kerk, van die prediking, sakramente en ampte nie, maar ook die gestaltes van die menslike lewe, geskiedenis en kultuur soos die tradisies, staat, regstelsel, ensovoorts word hiervoor as instrumente in die hand van die Gees gebruik. Die godsdienstige lewe van 'n kind word byvoorbeeld gevorm en dikwels diepgrypend gestempel, nie net deur die afgemete gestaltes van kerk, sakrament (doop) en kategese nie, maar deur die tradisie, die bepaalde ouerhuis waarin hy gebore en opgevoed word – daardie ouerhuis wat op sy beurt weer aan 'n hele kerklike en kulturele tradisie en geskiedenis verbonde is.

Die heilswerk van Jesus Christus is dus die fondament van die werk van die Heilige Gees wat die Messiaanse heil in en deur die gestaltes van hierdie wêreld uitbreiding in die tyd en in die ganse ruimte van die wêreld gee. Gemeenskap van die gelowige met Christus is noodsaaklik, maar daarmee is die werk van die Gees nie afgehandel nie. Die

doel van die heil in Jesus Christus is die koninkryk van God en die lewe van die gelowiges op hierdie aarde as mense wat aan hierdie koninkryk deel het. Die Gees word nie soos Christus vlees nie. Wat Hy wel doen, is dat Hy nie net in die harte van gelowiges inwoon nie, maar dat Hy in die hele geskape werklikheid ingaan, dit vergewe, versoen en gesond maak. Daar ontstaan nie 'n geheel nuwe skepping nie, maar die bestaande word herskep. Die hele skepping word deur die Heilige Gees gegryp, geheilig en verheerlik. Die wyse waarop die Heilige Gees dit doen, is dat Hy die heil op 'n veelvormige wyse, in talle gestaltes uitbreiding in die harte van mense, maar ook in feitelike, tasbare historiese werklikhede van die wêreld gee.

Ons beoordeel hier nie die manier waarop Van Ruler die verbreiding van die heil van Jesus Christus in die wêreld uitwerk nie. Wat ons wel wil sê, is dat die motief om die samelewing in al sy fasette tot 'n Christelike samelewingsorde te omvorm, 'n egte reformatoriese motief is.

Veral Calvyn het daarvan uitgegaan dat 'n Christen wel 'n verantwoordelikheid in die samelewing het, én dat die Heilige Gees die gelowiges lei wanneer hulle hulle lewe tot eer van God in hierdie wêreld inrig. Dit is waar dat Calvyn ook geleef het onder die besef van die wederkoms en die voleinding van hierdie bedeling, maar hy was tegelykertyd bewus van die krag van God om alle dinge te verander en te omvorm, sodat hulle sy eer en lof sal verkondig.

Dit is op hierdie gebied waar ons die netelige probleem teëkom van die "politieke verantwoordelikheid" van die kerk. Die vraag kom na vore: Hoe lei die Heilige Gees die kerk in die uitoefening van die kerk se sosiale verantwoordelikheid? Dit is een van die beginsels van die kerkhervormers wat hulle uit die Skrif gekry het, dat die Heilige Gees nie buite die Woord om praat nie. As die kerk binne 'n veelheid van sosiale probleme leiding moet gee, dan beteken dit dat die Gees die kerk daarin nie anders lei as deur die openbaring wat in beide die Ou- en Nuwe Testament opgeteken is nie. In hierdie openbaring en in die besonder in die Tien Gebooie en die groot gebod van die liefde, is die groot riglyne opgeteken van waaruit die kerk leiding in sosiale, politieke en ekonomiese probleme moet gee. Die kerk mag nooit buite die Skrif om gaan wanneer dit uitsprake op hierdie gebiede maak nie. Dit beteken dat die kerk dikwels nie spesifieke advies sal kan gee nie, maar alleen die groot riglyne sal kan neerlê as agtergrond waaruit die spesifieke besluite in 'n verskeidenheid van rigtings kan gaan. Dit is byvoorbeeld moontlik dat nadat die kerk sekere breë riglyne neergelê het, twee, drie of meer politieke partye volkome binne die perke van



hierdie breë riglyne hulle programme sal kan opstel, hoewel hulle as partye onderling van mekaar aanmerklik sal verskil.

Dat die kerk nooit buite die Skrif om mag gaan wanneer hy op sosiaal-politieke gebied uitsprake maak nie, mag ook beteken dat die kerk dikwels wat sekere probleme betref, sal moet swyg omdat die Skrif, selfs per implikasie, nie hieroor iets sê nie. Die kerk moet altyd onthou dat hy één taak het, en dit is om die Woord te preek, die Woord uit te lê. Hierin mag die kerk met outoriteit optree. Maar as die kerk met allerhande uitsprake kom en oor elke saak iets wil sê wat met die Woord niks te doen het nie, dan word die wettige outoriteit van die kerk in diskrediet gebring. Dan word die vastheid van die Woord uitgeruil vir politieke betreklikhede en dan glo die lidmaat die kerk later ook nie meer as hy oor die werklike waardes en waarhede van die Woord praat nie. Uitsprake van die kerk oor sosiaal-politieke aangeleenthede kan dus partymaal afwyk van die groot skriftuurlike riglyn en ten onregte in spesifieke besonderhede verval; dit kan partymaal ook oor alles iets wil sê, dikwels in sake waaroor die Skrif swyg. Indien die kerk in een van hierdie twee slaggate trap, dan word sy uitsprake tereg deur sommige gesien as aanmatigend en deur ander as vroom algemeenhede wat nie ter sake is nie. Daarom moet die kerk daarteen waak om nie maar net nog 'n alternatiewe politieke party te word nie; indien die kerk dit sou doen, dan gee hy sy geestelike gesag om uitlegger van die goddelike Woord te wees, prys.

Ook die individuele gelowige is in sy sosiaal-politieke en ekonomiese beslissings gebonde aan die groot riglyne wat die kerk in sy uitleg van die Woord neerlê. Maar in teenstelling met die kerk, moet die individuele gelowige wel oor besonderhede besluit, en ook in sommige sake waaroor die Skrif geen spesifieke voorskrif of riglyn gee nie tot besluitneming geraak. Die gewone praktiese lewe dwing die individuele gelowige eenvoudig om oor genoemde sake beslissings te maak. Hoe lei die Heilige Gees nou die individuele gelowige in hierdie sosiale, politieke, ekonomiese en alledaagse praktiese besluitneming? Ons glo dat die antwoord in die volgende rigting gesoek moet word: Die eerste voorwaarde is, soos ons alreeds gesê het, dat die individuele gelowige hom in die breë moet laat lei deur die groot riglyne wat die kerk in hierdie verband in sy uitleg van die Woord neergelê het. Die Heilige Gees lei die kerk deur die Woord en vanuit die Woord gee die kerk leiding aan die gelowiges in hulle besluitneming van elke dag. In hierdie verband wys ons, veral wat sosiaal-politieke besluitneming betref, byvoorbeeld op die breë Bybelse riglyne van reg, geregtigheid en naasteliefde. Die individuele gelowige sal hom, óók wanneer hy oor besonderhede moet besluit, daardeur moet laat lei. Maar die indivi-

duele gelowige sal in sy besluitneming ook *saaklik* moet wees, dit wil sê hy sal ook *al* die feite wat vir die neem van 'n bepaalde besluit ter sake mag wees, in aanmerking moet neem. Dikwels dwaal die gelowige in sy praktiese besluitneming en beoordeling van bepaalde sake nie soseer daarin dat hy die breë Bybelse riglyne vergeet het nie, maar daarin dat hy die saak waaroor besluit moet word, nie in al sy fasette noukeurig bekyk het nie.

In sy praktiese besluitneming weet die individuele gelowige egter dat hy nie onfeilbaar oor die waarheid en oor die Heilige Gees beskik nie. Hy sal daarom altyd moet rekening hou met die voorlopigheid en betreklikheid van sy praktiese besluite. Dit verhinder hom egter ook nie om telkens weer en weer in die gebed die Gees te vra om leiding aan sy lewe te gee nie. As hy egter die verkeerde besluit geneem het, sal hy nooit die Heilige Gees mag verwyt dat die Gees hom verkeerd gelei het nie. Hoewel daar dus in die praktiese keuses wat ons in ons lewe uitoefen, altyd die element van onsekerheid sal wees, mag die gelowige wel die onwrikbare sekerheid hê dat die Heilige Gees die kerk en die individuele gelowige onfeilbaar sal lei wat dié dinge van die ewige saligheid betref.



# 18 DIE HEILIGE GEES EN DIE GELOOF

## 1 Inleidende opmerkings

Die heilswerk van God is in Jesus Christus tot stand gebring en eens en vir altyd volbring (Joh 19:30; Heb 9:11-15 en 24-28). Nou laat die Heilige Skrif ons sien dat die Heilige Gees dié goddelike Persoon is wat hierdie volbragte heilswerk neem en in die harte en lewens van die gelowiges inbring en tot hulle eiendom maak. In dié verband sê Johannes 15:26: "Wanneer die Voorspraak kom wat Ek vir julle van die Vader af sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy oor My getuig." Net so staan daar in Johannes 16:13-14: "Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig. Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig." Tereg sê die doopformulier dan ook: "Net so ook: As ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, verseker die Heilige Gees ons deur hierdie sakrament dat Hy in ons wil woon en dat Hy ons tot lidmate van Christus wil heilig. Dit doen Hy deur tot ons eie te maak wat ons in Christus het, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe, totdat ons uiteindelik volmaak sal wees as ons in die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe gestel word."

Die Heilige Gees is dus dié Een wat die heil wat daar en toe in Jesus Christus plaasgevind het, deur die loop van die eeue weer teenwoordig stel, en tot die eiendom van elke gelowige maak.

Van die mens word alleen maar gevra dat hy in Jesus Christus sal *glo*. In Johannes 6:40 en 47 kry ons die bekende woorde van Jesus in hierdie verband: "Dit is die wil van my Vader: dat elkeen wat die Seun sien en in Hom glo, die ewige lewe sal hê; en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan ... Dit verseker Ek julle: Wie in My glo, het die ewige lewe." In Johannes 11:25 sê Jesus vir Marta: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook." Wanneer die tronkbewaarder van Filippi vir Paulus en Silas vra: "Menere, wat moet ek doen om gered te word?" dan antwoord hulle sonder aarseling: "Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin."

Dit is duidelik dat die *geloof* dus in die proses van die toeëiening van die heil van Jesus Christus deur die Heilige Gees aan die mens sentraal staan. Dit is nie só dat die Bybel byvoorbeeld éérs wedergeboorte, daarná bekering, dan geloof en dan vervulling met die Heilige Gees vra, wanneer die Bybel oor die redding van die sondaar praat nie. Dit is verder ook nie so dat die Bybel in hierdie verband sê dat geloof nie genoeg is nie; daar moet nog die bekering, wedergeboorte, vervulling met die Gees, ensovoorts bykom. Wat wel gebeur, is dat die Bybel, om hierdie vernuwende werksaamheid van die Gees in die harte en lewe van mense te beskrywe, 'n groot rykdom van beelde gebruik om hierdie één en dieselfde werk van God, die Heilige Gees, van verskillende kante af te belig en te verduidelik. Die sentrale begrip is die geloof, maar dan is daar ook die begrippe soos roeping, wedergeboorte, berou, bekering, regverdigmaking, heiligmaking, volharding en eintlik nog baie meer soos redding, verligting, lewendmaking, vernuwing, reiniging, vervulling met die Gees en so meer. Hierdie verskeidenheid van begrippe laat duidelik die veelkleurige rykdom van God se heilshandeling deur sy Gees na vore kom. Alle mense dink nie eenders nie en voel nie dieselfde nie en ervaar die wêreld, ook die wêreld van God, nie op dieselfde wyse nie. Deur 'n verskeidenheid van beeldgroepe te gebruik om die een groot werklikheid van die toeëiening van sy heil aan die mense te beskrywe, buig God Hom in sy genade na ons toe neer, sodat elkeen van ons dit op sy eie wyse kan ervaar en verstaan.

Dit sal dus 'n fout wees om te beweer dat hierdie verskeidenheid van begrippe soos trappe van 'n leer is, waar elkeen 'n vaste plek ten opsigte van die ander het, waarin die één (byvoorbeeld die wedergeboorte) noodwendig aan die ander (byvoorbeeld die bekering) moet voorafgaan, of waarin die één (byvoorbeeld die wedergeboorte), altyd 'n hoër trap op die weg van saligmaking is as die ander (byvoorbeeld as die geloof).

In die volgende hoofstukke gaan ons telkens die tipiese trekke van elkeen van die gebruiklike beeldegroepe kortliks behandel. Aan die einde van die behandeling gaan ons weer eens kortliks terugkom op die onderlinge verband tussen die betrokke beeldegroepe. Ons begin by die *geloof*, nie omdat die geloof aan die ander begrippe voorafgaan of 'n hoër stadium op die weg van saligheid aandui nie, maar omdat ons meen dat die Bybel só oor die geloof praat, dat dit aan die geloof 'n sentrale plek toeken.

## 2 Die geloof

Hoewel die Bybel, net soos in ons alledaagse taalgebruik, ook verskillende betekenisse aan die woord "geloof" heg, is die geloof waaroor dit hier gaan, die alleen-saligmakende geloof in die drie-enige God in Jesus Christus deur die werking van die Heilige Gees.

Laat ons eers, voordat ons oor die ware geloof praat, net kortliks na 'n paar ander verbande kyk waarin die woord geloof ook gebruik word:

*Eerstens* sê ons dat ons iets glo, wanneer ons nie seker is of dit so is nie. As ek byvoorbeeld nie seker is of iemand al iets gedoen het nie, en ek word gevra of daardie iemand die taak wel uitgevoer het en ek het 'n vermoede dat hy dit wel gedoen het, dan sal ek sê: "Ek glo hy het dit al gedoen." Ek is dus nie seker nie, maar het tog 'n vermoede dat dit so is en dit druk ek dan met die woordjie "glo" uit. Soos ons later sal sien, is die alleen-saligmakende geloof juis die teenoorgestelde van hierdie soort geloof, omdat in die alleen-saligmakende geloof daar juis 'n groot sekerheid opgesluit lê.

*Tweedens* is daar die sogenaamde "historiese geloof." Dit beteken dat 'n persoon suiwer verstandelik kennis neem van die historiese feite en gebeurtenisse wat in die Bybel voorkom, maar dat sy hart koud en onaangeraak bly; dat daar geen persoonlike oorgawe is ten opsigte van dít wat die Bybel meedeel nie. So 'n persoon kan dus bes moontlik meer van die inhoud van die Bybel af weet as 'n eenvoudige diepgelowige mens, maar in die ware sin van die woord *glo* hy nie.

*Derdens* is daar ook die geloof wat bekend staan as die wonder-geloof. Dit beteken dat iemand daarvan oortuig is dat God deur hom as instrument of vir hom, tot sy voordeel, 'n wonder sal doen. Dit is dié geloof waarvan Matteus 17:20 praat waar Jesus sê: "As julle maar geloof het so groot soos 'n mosterdsaadjie, sal julle vir hierdie berg sê: 'Gaan staan daar anderkant!' en hy sal gaan. Niks sal vir julle onmoontlik wees nie." Wonder-geloof is byvoorbeeld ook die oortuiging van Marta, Lasarus se suster, wanneer sy vir Jesus sê: "Here as U hier was, sou my broer nie gesterwe het nie. Maar selfs nou weet ek dat God U alles sal gee wat U van Hom vra." (Joh 11:21-22). Daar is natuurlik talle voorbeelde van wonder-geloof in die Bybel, maar kenmerkend van almal is dat dié een wat hierdie geloof het, oortuig is dat God bestaan, en verder dat God by magte is om wonders te doen. Dit is alreeds twee positiewe punte in die wonder-geloof wat ook elemente van die ware geloof is. Maar wonder-geloof is nog nie die ware geloof nie, omdat dit onder andere die element van persoonlike oorgawe aan Jesus Christus as Verlosser nie besit nie. Partymaal kan wonder-geloof én ware geloof gelyktydig in dieselfde persoon voorkom, soos byvoorbeeld by Marta.

Toe Jesus vir haar sê: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal in ewigheid nooit sterwe nie," toe antwoord Marta: "Ja, Here, ek glo vas dat U die Christus, die Seun van God is, die Een wat na die wêreld toe moes kom" (Joh 11:25-27). Behalwe die geloof dat Jesus wonders kan doen, spreek sy ook 'n belydenis van egte geloof uit.

*Vierdens* kry ons ook die geloof wat bekend staan as die tydelike geloof. Hierdie tydelike geloof kom baie naby aan die egte geloof, want behalwe die kennis van die heilsfeite, is daar ook 'n mate van persoonlike betrokkenheid aan hierdie geloof verbonde. Die tipiese karaktertrek van die tydelike geloof, is dat dit geen wortel, geen diepte en daarom geen permanensie het nie. Van hierdie tydelike geloof lees ons onder andere in die gelykenis van die saaier. In sy uitleg van die gelykenis sê Jesus: "Die man weer by wie daar op die klipbanke gesaai is, is hy wat die Woord hoor en dit dadelik met blydskap aanneem. Hy laat dit egter nie by hom wortel skiet nie, en hy hou nie lank uit nie. As hy ter wille van die Woord verdruk en vervolg word, word hy gou afvallig." (Matt 13:20-21). So 'n geval is Demas wat "die teenwoordige wêreld liefgekry het" nadat hy 'n tyd lank geglo het (2 Tim 4:10).

*Die ware geloof* is egter anders en veel ryker en ruimer as bogenoemde vier vorms van "geloof". Geloof in die Ou Testament beteken *vetroue* op die God van Abraham, Isak en Jakob. Dit word onder andere uitgedruk in sinne soos "vertrou op die HERE" of "vertrou die HERE met jou hele hart" (byvoorbeeld 2 Kon 18:22; Ps 4:6; 21:8; 37:3; 115:9,10,11; Spr 3:5 en baie ander plekke). Hierdie vertroue op die Here hou onder andere in dat die mens "ja" sê vir God se getuienisse, omdat hulle waaragtig en betroubaar is. Dit beteken dat die gelowige leun op God en sy hoop vestig op die beloftes wat God in sy openbaring gegee het. Hierdie vertroue hou ook in dat 'n mens alleen op die HERE vertrou, omdat Hy alleen hierdie vertroue waardig is. In die geskiedenis het Hy Hom as die getroue Betroubare bewys, die Rots, die Toring, die Krag en die Sterkte. Hierdie vertroue sluit die vertroue op jouself, op eie insig, op jou rykdom, op mense, magtiges en afgode uit. Die volgende bekende gedeeltes spreek duidelik in hierdie verband: "So sê die HERE: Vervloek is die man wat op die mens vertrou en vlees sy arm maak" (Jer 17:5). "Want ek vertrou nie op my boog nie, en my swaard sal my die oorwinning nie gee nie; maar U het ons verlos van ons teëstanders ... in God roem ek die hele dag" (Ps 44:7-9). In Psalm 52:9 lees ons dat die regverdiges sal lag vir "die man wat God nie tot sy toevlug gemaak het nie, maar vertrou het op die grootheid van sy rykdom." Psalm 118:8-9 stel duidelik dat dit beter is om op die HERE te vetrou as op mense of edeles, terwyl ons in Psalm 146 lees: "Vertrou nie op prinse, op die mensekind by wie geen heil is nie" (vers 3). Geloof beteken dus absolute vertroue op die HERE alleen en persoonlike oorgawe aan Hom alleen.

Maar wanneer ons sê dat geloof volgens die Ou Testament vertroue is, dan sluit ons daarmee nie uit dat in die Ou Testament die geloof ook aangedui word deur uitdrukkings soos: "liefde tot God," "gehoorsaamheid aan Hom en sy insettings" en "vrees van die Here" nie. 'n Mens dink hier aan die bekende woorde van Deuteronomium 6:4, ensovoorts: "Hoor Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE. Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag." Net so bekend is Deuteronomium 10:12: "en nou Israel, wat eis die HERE jou God van jou as net om die HERE jou God te vrees, in al sy weë te wandel en Hom lief te hê en die HERE jou God te dien met jou hele hart en met jou hele siel, om te hou die gebooie van die HERE en sy insettinge." Miga 6:8 definieer geloof soos volg: "Hy het jou bekend gemaak, o mens wat goed is; en wat vra die HERE van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God?"

Kyk ons na die Nuwe Testament, dan getuig dit dat God Jesus Christus as Verlosser van die wêreld gestuur het. Net soos in die Ou Testament, beteken geloof eerstens om vertroue te hê, vertroue in Jesus Christus alleen as die Verlosser. Tegelyk met hierdie vertroue beteken geloof ook dat daar 'n persoonlike verhouding van liefde met Christus tot stand kom, sodat die mens in God deur Jesus Christus, wat die verlossing betref, rus vind vir sy gemoed. Romeine 3:25 stel dat God Jesus Christus "gegee het as offer wat deur sy bloed versoening bewerk het vir die wat glo." Die wat glo, word deur die geloof geregverdig en die gevolg is vrede met God. "Aangesien ons nou deur die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus. Deur Hom het ons in die geloof ook die vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan" (Rom 5:1-2).

Geloof as vertroue in Jesus Christus met die oog op die verlossing, sluit die vertroue vir die verlossing op ander persone of werklikhede uit. Vir die verlossing kan en mag nie op eie prestasie of op enigiets anders vertrou word nie – alleen op Jesus Christus. Van Israel vra Paulus: "waarom kon hulle nie die geregtigheid verkry nie?" Dan antwoord hy: "Omdat hulle nie op die geloof wou bou nie, maar op eie prestasies" (Rom 9:32). Geloof op sigself besit nie 'n inherente kwaliteit of prestasie waardeur dit mense salig maak nie, maar dit is 'n gawe van God, 'n instrument waarmee die mens die gawe van die ewige lewe kan en mag ontvang. Ten diepste is dit nie die geloof wat salig maak

nie, maar is dit God wat deur middel van die geloof mense red en salig maak.

Besonder treffend illustreer Paulus in Romeine 4:17-22 wat die geloof is, na aanleiding van die geskiedenis van Abraham, die vader van die gelowiges. Abraham het die belofte van God ontvang (Gen 15:5) dat sy nageslag so talryk soos die sterre aan die hemel sal wees en daarom is sy naam ook verander na Abraham, "want Ek maak jou 'n vader van 'n menigte nasies" (Gen 17:5). Dan staan daar: "En hy het in die HERE geglo" (Gen 15:6). Maar die jare het verbygegaan en Abraham het "terdeë besef dat sy liggaam reeds gedaan was – want hy was sowat honderd jaar oud – en dat Sara te oud was om kinders te hê" (Rom 4:19). Dit was die natuurlike werklikheid en die natuurlike verstand van die mens het gesê dat dit nou te laat is; die belofte kan nie meer vervul word nie! Maar Abraham hou teen die natuurlike gang van die werklikheid en teen dit wat sy verstand vir hom sê,vas aan die waarheid en werklikheid van God se belofte. "Toe daar geen hoop meer was nie, het Abraham nog gehoop en geglo ... sy geloof het nie verswak nie ... Hy het nie in ongeloof begin twyfel aan die belofte van God nie, maar hy is in die geloof versterk en het aan God die eer gegee" (Rom 5:18-20). "Hy was ook ten volle daarvan oortuig dat God mag het om te doen wat Hy beloof het" (Rom 5:21). Hy kon dit alleen wees, omdat hy resloos vertrou het op "God wat dooies lewend maak en dinge wat nie bestaan nie, tot stand bring deur sy Woord" (Rom 5:17). Hy was daarvan ooruig dat God wat alles uit niks geskape het, ook in hierdie geval sy belofte waar sal maak deur iets uit niks tot stand te bring. Hy het vasgehou aan Gods Woord wat "ja" gesê het, al het die natuur en die natuurlike verstand "nee" gesê. Teenoor die menslike onmoontlikheid het Abraham vasgehou aan die goddelike werklikheid. Die onsigbare werklikheid was, omdat dit van God kom, sterker, groter en waaragtiger as die sigbare werklikheid. Hy het 'n intuïtiewe sekerheid oor die werklikheid van God se beloftes gehad, wat veel groter was as dié sekerheid wat langs die weg van waarneming en logiese afleiding kom. In die Nuwe Testament is geloof dan ook radikale selfoorgawe aan God wat Hom in Jesus Christus geopenbaar het. Geloof is radikale vertroue op en gehoorsaamheid aan God.

Ook Hebreërs 11 laat vir ons iets van die rykdom van die geloof duidelik word. Onder andere word in Hebreërs 11:11-12 weer 'n keer teruggekom op die geskiedenis van Abraham, wat ons hierbo na aanleiding van Romeine 5 bespreek het. Daar staan: "Omdat Abraham geglo het, het hy, hoewel Sara onvrugbaar was en hy al te oud, krag tot bevrugting ontvang, omdat hy God wat dit beloof het getrou geag het. Die gevolg was dat daar van een man, 'n man wat nie meer 'n kind kon



verwek nie, kinders afgestam het so talryk soos die sterre van die hemelruim en so ontelbaar soos die sandkorrels langs die see."

Dit sal te lank neem om die voorbeelde van gelowiges wat Hebreërs 11 noem, elkeen na te gaan. Maar baie belangrik is die definisie van geloof wat ons in vers 1 kry: "Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om ooruig te wees van die dinge wat ons nie sien nie."

Dit wat geglo word, word eerstens genoem "die dinge wat ons hoop." Dit beteken al die dinge wat God beloof het, soos die wederopstanding van die vlees, die ewige heerlikheid, lewe en saligheid. Al is die mens se aardse lewe hoe ellendig, hy het een anker, die anker van die toekomstige dinge waarop hy wag en hoop.

Tweedens word dié dinge waaraan 'n mens glo, "die dinge wat ons nie sien nie," genoem. Hierdie onsigbare dinge is die dinge wat ons alleen deur die openbaring en die geloof kan weet en wat ons nie deur die waarneming, ervaring en logika kan bewys nie. Die natuurlike oë sien hierdie dinge nie. So kan 'n mens op natuurlike wyse nie bewys dat Jesus Christus uit die dood uit opgestaan het nie; dat Hy van ewigheid af die Seun van God is nie; dat sy lyding en sterwe tot ons redding en verlossing dien nie; dat Hy sy Gees gegee het om by ons te bly en ons te vertroos nie; dat daar vergewing van sondes en die wederopstanding van die vlees is nie. Maar die geloof is, so sê Hebreërs 11:1, seker daarvan, is ten volle daarvan oortuig dat die dinge werklikheid en waarheid is. Hierdie sekerheid van die geloof kom nie uit die mens voort nie, maar is in die openbaring en die geloof self geleë. Wanneer Calvyn (Inst III,2, 14-15) oor hierdie sekerheid praat, dan sê hy "dat geloof heeltemal tereg *kennis* genoem word (Kol 2:2), asook *wete*, naamlik in 1 Johannes 3:2 waarin Johannes verklaar dat die gelowiges *weet* dat hulle kinders van God is. Hulle weet dit *seker*, maar hierdie sekerheid word eerder teweeggebring deur die geloof aan die goddelike waaragtigheid as deur 'n bewysvoering deur die rede ... en daarom maak ons die gevolgtrekking dat die kennis van die geloof meer berus op sekerheid as op die feit dat 'n mens dit begryp ..." Dit is daarom dan ook so dat "die woord *geloof* dikwels gelykgestel word met die woord *vertroue*." Dit is wel waar dat daar ook aanvegting in die lewe van die gelowige is en momente van twyfel en selfs van vertwyfeling; maar ten diepste glo en weet die gelowige dat God in sy soewereine genade hom vasgegryp het en nooit verlore sal laat gaan nie.

Waar Hebreërs 11 die elemente van *hoop* en *sekerheid* van die geloof na vore laat kom het, daar beklemtoon Jakobus 2:14-26 weer die verband tussen *glo* en *doen*. "Wat help dit, my broers, as iemand beweer dat hy glo, maar sy dade bevestig dit nie?" (vers 14). "So gaan dit ook

met die geloof: As dit nie in dade oorgaan nie, is dit sonder meer dood" (vers 17). Van Abraham se geloof sê Jakobus 2: "Jy sien dus dat sy geloof met dade gepaard gegaan het en dat dit eers deur die dade volkome geword het ... 'n Liggaam wat nie asemhaal nie, is dood. So is die geloof wat nie tot dade kom nie, ook dood" (vers 22 en 26). Dit is nie so dat Jakobus goeie verdienstelike dade bepleit en 'n ander leer voorstaan as wat Paulus onder andere in Romeine 3:28, Galasiërs 2:16 en in Efesiërs 2:8-10 leer nie. In laasgenoemde gedeelte lees ons: "Julle is inderdaad uit genade gered deur die geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie ..."

Maar wat Jakobus wel sê, is dat die geloof nie bloot 'n saak van die hart is nie, nie bloot 'n saak van verstandelike toestemming en gevoel is nie, maar dat die geloof deur die *dade van dankbaarheid* ook in die lewe en wêreld van die gelowige werksaam moet wees. Dit is dieselfde as wat in Lukas 6:43-44 staan. "Dit is nie die goeie boom wat slegte vrugte dra nie, en ook nie die slegte boom wat goeie vrugte dra nie. Elke boom word aan sy eie vrugte geken." Dit is dus vir die geloof onmoontlik om verborge te bly in die hart van die mens en nie tot dade oor te gaan nie. 'n Ware gelowige hoor nie net die woord van die Here nie, en spreek nie net met die mond 'n belydenis uit nie, maar doen ook wat die Here sê. "Watter sin het dit dat julle my aanspreek met 'Here, Here!' en nie *doen* wat Ek sê nie?" (Luk 6:46). Die mens "wat na My toe kom en na my woorde luister *en doen wat Ek sê*", dié mens vergelyk Jesus met die verstandige man wat diep gegrawe "en die fondament op die rotsbodem gelê het" (Luk 6:47-48), en op die wyse sy lewenshuis gebou het.

Geloof volgens Jakobus is dus onlosmaaklik verbonde aan die persoonlike verbondenheid aan Jesus Christus en die uitlewing van hierdie verbondenheid. Vir hom is geloof veral geloof as daad, geloof as gehoorsaamheid. Geloof is vir Jakobus meer as alleen maar toestemming; dit is 'n oorgawe aan God in Jesus Christus, só volkome dat dit die hele lewe, ook die doen en late van 'n mens, bepaal.

Die Evangelies van Matteus, Markus en Lukas lê, wanneer hulle die geloof beskryf, die klem op dié Een in wie geglo word, naamlik Jesus Christus, die Gekruisigde en Opgestane. Deur die band met Hom is daar redding uit die nood, is daar behoud vir die gelowiges. Johannes sluit hierby aan en lê sterk klem op die inhoud van die geloof. Hy wat "ja" gesê het vir Jesus Christus, het oorgegaan van die dood na die lewe. Paulus lê weer baie klem op die genade teenoor die Jodedom, wat die klem op die vervulling van die wet lê. Nie verdienstelike goeie werke nie, maar 'n lewende geloof red 'n mens. Dit is veral Paulus wat



sterk klem lê op die rol wat die Heilige Gees speel in verband met die geloof. Die Heilige Gees verseël ons in die geloof, dit wil sê Hy oormerk ons as skape van die kudde van die Here. Verder noem Paulus die Heilige Gees die "waarborg". Hierdie woord beteken (soos die woordelys van die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling dit tereg uitlê) "'n deposito of paaiement waardeur 'n kontrak bindend gemaak word. Dit dien as sekuriteit vir die betaling van die volle koopsom. Die Heilige Gees is in hierdie sin die waarborg dat die gelowiges hulle volle erfenis van God sal ontvang." Van die Heilige Gees as seël en waarborg van die geloof, lees ons onder andere in 2 Korintiërs 1:22 en in Efesiërs 1:13-14: "Hy het ons vir Hom afgesonder, ons as sy eiendom beseël en die Heilige Gees in ons harte gegee as waarborg van wat ons nog sal ontvang ..." "Deur Christus het ook julle deel geword van die volk van God toe julle die waarheid wat aan julle verkondig is, die evangelie van julle verlossing gehoor en tot geloof gekom het. In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as eiendom van God beseël. Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal verlos."

Omdat die geloof so 'n sentrale begrip in die Christelike godsdiens is, is daar deur die eeue gepoog om ter wille van die oorsigtelikheid 'n kort samevattende definisie daarvan te gee, wat reg laat geskied aan al die aspekte wat die Heilige Skrif aan die begrip "geloof" toeskryf. Calvyn het (*Institusie* 111, 2,7) die volgende definisie van geloof gegee: "Nou sal die juiste bepaling van wat geloof is, vir ons vasstaan indien ons sê dat dit 'n vaste en seker kennis van God se welwillendheid teenoor ons is, wat gegrond is op die waarheid van sy genadige belofte in Christus en wat deur die Heilige Gees aan ons verstand geopenbaar word en in ons hart verseël word." Geloof is dus 'n kennis, 'n wete; kenmerkend van hierdie wete is dat dit vas en seker is. Dit is wel kennis met die verstand, maar dit is tegelykertyd "in ons hart verseël", dit wil sê, geloof raak ook die diepste wese van die mens; dit lê beslag op die verstand, die gevoel én die wil van die mens. Die inhoud van die geloof noem Calvyn "God se welwillendheid teenoor ons," dit wil sê sy genade, liefde en ontferming. Wie iets van hierdie "welwillendheid" van God teenoor ons wil sien, moet na Jesus Christus kyk, want in Hom het God hierdie welwillendheid beloof en geopenbaar; Hy is die grond van hierdie liefde, genade en ontferming van God teenoor ons. Maar uit onsself uit is ons nie in staat om hierdie welwillendheid van God in en deur Jesus Christus teenoor ons raak te sien nie. Daarom is dit nodig dat iemand beide ons verstand en ons hart oop en ontvanklik maak vir hierdie heerlike waarheid. Dié een wat dít doen, is

die Heilige Gees. Hỳ openbaar dit aan ons verstand en verseël dit as iets wat baie kosbaar is, in ons hart.

Vraag 21 van die Heidelbergse Kategismus vra: "Wat is 'n ware geloof?" Antwoord 21 lui dan soos volg: "'n Ware geloof is nie alleen 'n vaste wete of kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het vir waar aanvaar nie, maar ook 'n vaste vertroue wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart wek, naamlik dat God nie net aan ander nie, maar ook aan my vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk het uit loutere genade alleen op grond van die verdienste van Christus." Ook in hierdie definisie van wat 'n ware geloof waarlik is, kom die twee elemente, naamlik kennis met die verstand én vertroue van die hart na vore. Weer eens word dit duidelik dat die natuurlike mens nie uit homself hierdie kennis en vertroue kan bekom nie. Die Heilige Gees moet sy verstand verlig sodat hy die openbaring van God kan verstaan, én die Heilige Gees moet daardie vaste vertroue in God en sy beloftes in ons hart tot stand laat kom. Die kennis en vertroue wat só tot stand kom, is nie onseker of weifelend nie, maar is vas en seker. Antwoord 21 sê ook aan ons op watter wyse die Heilige Gees die verstand verlig en vertroue in ons hart wek. Die Heilige Gees werk in die gelowige "deur die evangelie in my hart". Soos dit vroeër al geblyk het, is daar 'n baie nou verband tussen Woord en Gees. Die Gees wek die geloof in die harte van God se kinders deur die prediking van die Woord. Romeine 10:17 sê: "Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus."

'n Verdere kenmerk van die ware geloof wat antwoord 21 noem, is die feit dat die gelowige nie net met die verstand weet dat daar vergewing van sonde is nie, maar dat die gelowige ook persoonlik intens by daardie vergewing betrokke is. Die ware gelowige is daarvan oortuig "dat God nie net aan ander nie, *maar ook aan my* vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk het." Net soos by Calvyn, is die inhoud van die geloof die welwillendheid van God teenoor ons. Die grond van hierdie welwillendheid is die "verdienste van Christus" en die dryfveer daarvan is nie in ons geleë nie, maar is "die loutere genade" van God.

Geloof is dus 'n daad waarby die hele mens betrokke is met sy verstand, hart en wil. Met sy verstand verneem hy die goeie boodskap van verlossing in Jesus Christus. Hy neem egter nie net kennis daarvan nie. Hy is persoonlik hierby betrokke en twyfel geen oomblik daaraan dat wat hy weet, die waarheid is, die waarheid van God oor die mens se lewe. Maar die mens wat glo is ook daarby betrokke met sy hele hart. Hy stel al sy vertroue op God in Jesus Christus deur die werking



van die Gees. Hierdie vertroue hou onder andere in, die oorgawe van jouself in liefde met hart en siel aan Jesus Christus. Tegelykertyd buig God deur sy Gees ook ons wil op so 'n wyse dat ons voel dat hierdie dinge nie van buite af teen ons sin, op ons afgedruk word nie, maar dat ons dit ook werklik begeer en wil. So gesien, is geloof die selfoorgawe in liefde aan die waarheid, wat God geopenbaar het en wat ons met ons verstand verneem het. Hy wat hierdie ware geloof het, het niks meer nodig om salig te word nie, omdat hy wat die ware geloof het, Christus het en Christus is vir ons genoegsaam vir tyd en vir ewigheid.

Die vraag kan ontstaan: Maar wat dan van wedergeboorte, bekering, heiligmaking en so meer? Die antwoord is dat elkeen van hierdie begrippe een en dieselfde werklikheid beskrywe as wat die woord "geloof" beskrywe, maar hulle doen dit telkens vanuit 'n ander gesigspunt, vanuit 'n ander hoek.

Maar as dit so is dat hy wat die geloof het, Christus het, hoe kom dit dan dat 2 Korintiërs 5:15, 2 Tessalonisense 1:3 praat van die "toeneem in geloof?" As 'n mens Christus het, is dit tog genoeg; 'n mens kan Hom tog nie meer en meer hê nie! Die antwoord op hierdie probleem is daarin geleë, dat wanneer die Bybel ons oproep om toe te neem in die geloof, dan beteken dit dat ons moet "toeneem in die *kennis* van God" (Kol 1:10), dat ons moet toeneem in ons verbondenheid aan Christus en in die belewing en waardering van die heil wat God deur Hom aan ons skenk.

Aangesien een van die elemente van die ware geloof "kennis" is, is die vraag al meermale gevra: Wat is die absolute minimum wat iemand moet ken om 'n gelowige genoem te word? Sommige verklaarders het daarop gewys dat Jesus dikwels vir mense gesê het: "Jou geloof het jou gered" sonder dat daardie mense iets van sy lyding, sterwe en opstanding geweet het. Jesus het dit onder andere vir die volgende mense gesê: Aan Bartimeus (Mark 10:52) en die blinde man van Jerigo (Luk 18:42) wat Hom alleen "Seun van Dawid" genoem het. Vir die vrou wat aan bloedvloeiing gely het en selfs geglo het dat sy gesond sou word as sy sy kleed aanraak, sê Jesus ook: "Dogter, jou geloof het jou gered" (Matt 5:29) en hy doen dieselfde teenoor die vrou wat sy voete gesalf het (Luk 7:50), en die Samaritaan wat gekom het om dankie te sê nadat hy van sy melaatsheid gereinig was (Luk 17:19). Op grond hiervan sê sommige verklaarders is dit alleen nodig om vas oortuig te wees dat Jesus die Seun van Dawid is en dat Hy wonders kan doen. Dit, sê hulle, is genoeg om 'n gelowige genoem te word. As ons egter na die res van die Nuwe Testament kyk, dan sien ons dat Jesus die woorde "Jou geloof het jou gered," op 'n bepaalde stadium van sy lewe op aarde gebruik het. Toe was dié soort geloof genoeg.

Maar nadat Hy gesterf het en uit die dood uit opgestaan het, is dit nodig dat iemand wat deur geloof gered wil word, óók minstens aan sy plaasvervangende lyding, sterwe en opstanding sal glo. Die Heidelbergse Kategismus, antwoord 22 sê dat wat 'n Christen moet glo, die volgende is: "Alles wat aan ons in die evangelie beloof word en wat die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof ons kort saamgevat leer." Hulle beroep hulle onder andere op Johannes 20:30-31 waar ons lees: "Jesus het nog baie ander wondertekens, wat nie in hierdie boek beskrywe is nie, voor sy dissipels gedoen. Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê."

Selfs in gevalle wat verstandelik vertraag is, het die kerk gevra dat sulke persone sover as moontlik minstens die Tien Gebooie, die Twaalf Artikels en die Onse Vader sou leer, dié kernpunte waaruit die hele Heidelbergse Kategismus opgebou is. Vir die normale katkisante is ook die wyer uitleg van die genoemde drie kernpunte, en dan ook nog die leer oor die sakramente gevra. Trouens: Die prediking moet onder andere só ingerig word sodat dit almal, ook die lidmate wat alreeds belydenis van die geloof afgelê het, kan laat "toeneem in die kennis van God" (Kol 1:10).

Ons hoop dat uit bostaande geblyk het watter sentrale en ryk gawe, werk en vrug van die Gees, die geloof is.



## 19 DIE HEILIGE GEES EN DIE ROEPING

Die woorde wat ons in Afrikaans meestal met roeping vertaal, word in die oorspronklike tale van die Bybel in verskillende sinsverbande gebruik, en het gevolglik verskillende betekenisse. Toe die mens en sy vrou hulle na die sondeval verberg, "toe roep die HERE God die mens en sê vir hom: Waar is jy?" (Gen 3:9). God het hulle dus uitgenooi, gevra om te antwoord en te sê waar hulle is. 'n Ander verband waarin die woord vir "roep" gebruik word, is om mense vir 'n fees byeen te roep (Kl 1:15). So word in Matteus 22:2 gesê dat die koning "sy slawe uitgestuur het om die genooides na die bruilof te roep." Die woord wat ons met "genooides" vertaal, beteken letterlik in die oorspronklike taal "geroepenes." In hierdie sinsverband beteken "roep" dus "uitnooi." "Roep" kan verder ook "noem" beteken, "om aan iets of iemand 'n naam te gee", soos byvoorbeeld in Genesis 1:5 waar daar letterlik staan "en God het die lig dag *geroep*", dit wil sê "God het die lig dag *genoem*" . In die Afrikaanse Bybelvertaling van 1933 lees ons in 1 Korintiërs 7:20-21: "Laat elkeen in die roeping bly waarin hy geroep is. Is jy as slaaf geroep, laat dit jou nie kwel nie." In hierdie verband beteken "roeping" dus "stand", "beroep", die "werk" wat iemand daagliks doen. Dit was veral *Luther* wat beklemtoon het dat *elkeen* se daaglikse "werk" 'n "roeping" is, 'n roeping van God waarin ons Hom moet verheerlik. *Luther* het dit gedoen teenoor Rome, wat die woord "roeping" slegs toegepas het op diegene wat die kloosterlewe as lewenstaat en amp gekies het. In Genesis 4:26 kry ons die betekenis van "aanroep" vir die woord "roep." "En ook vir Set is 'n seun gebore, wat hy Enos genoem het. Toe het hulle die Naam van die HERE begin *aanroep*." Om die Naam van die HERE te roep of aan te roep, beteken om jou vertroue op Hom te stel, om tot Hom te bid, om Hom te dien en om van Hom hulp te verwag, veral in nood.

"Roep" en "roeping" kan ook die betekenis hê van roeping deur God vir 'n bepaalde doel, as't ware tot 'n bepaalde "amp" om God se werk in die wêreld te doen. In 1 Samuel 3:4 lees ons: "Die HERE het na Samuel geroep; en hy het geantwoord: Hier is ek." Die "Kneg van die Here" sê in Jesaja 49:1: "Die HERE het My geroep van die moederskoot af . . ." en dan word beskrywe hoe dat die HERE hom toegerus het vir sy taak. In Markus 1:20 word gesê dat Jesus Jakobus en Johannes ge-

roep het om twee van die twaalf dissipels te wees, en in Galasiërs 1:15-16 sê Paulus: "Maar God het my al voor my geboorte vir Hom afgesonder, en Hy het my in sy genade geroep ... sodat ek die evangelie oor Hom (Jesus Christus) onder die heidennasies sou verkondig." Trouens, op hierdie wyse het God al die profete, apostels en ander dienaars geroep om sy dienswerk op aarde te doen.

Maar roeping het ook nog 'n ander betekenis in die Bybel, en dit is met hierdie betekenis dat ons ons hier uitvoeriger wil besig hou. Roeping beteken in die Bybel naamlik dat "God 'n aanbod van redding in Jesus Christus aan alle mense maak, en ernstig by hulle aandring om Christus in die geloof aan te neem om sodoende vergewing van sonde en die ewige lewe deelagtig te word" *(L Berkhof)*. Hierdie roeping geskied deur die verkondiging van die evangelie. In hierdie verband sê Romeine 10:17: "Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus." Verder: "Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen. Ons smeek julle namens Christus: Versoen julle met God!" (2 Kor 5:20). Hierdie oproep tot bekering en geloof word aan alle mense gerig. In Matteus 11:28 sê Jesus: "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee." Volgens Handelinge 17:30 sê Paulus: "God het die tye van onkunde oorgesien, maar nou roep Hy al die mense oral op om hulle te bekeer."

Die aanbod wat gemaak word, is die vergewing van sonde en die ewige lewe. "In die goeie wedloop van die geloof moet jy al jou kragte inspan en die *ewige lewe* as prys behaal. Daartoe het God jou geroep ..." (1 Tim 6:12). "God wat alle genade gee en wat julle geroep het om in Jesus Christus deel te hê aan die *ewige heerlikheid*, sal julle, nadat julle 'n kort tydjie gely het, self weer oprig en julle moedig, sterk en standvastig maak" (1 Pet 5:10). In hierdie verband lees ons in 2 Tessalonisense 2:14 die volgende: "Hy het julle hiertoe (tot redding) geroep deur die evangelie wat ons aan julle verkondig het, sodat julle deel kan kry aan *die heerlikheid* van ons Here Jesus Christus." In 1 Tessalonisense 2:12 word gesê dat God die een is "wat julle roep om in sy *heerlike koninkryk* in te gaan." Trouens, al maak God van gesante gebruik (byvoorbeeld 2 Kor 5:20), bly Hy in die laaste instansie altyd dié Een wat roep. Paulus sê byvoorbeeld dat God hom voor sy geboorte afgesonder het "en Hy het my in sy genade geroep" (Gal 1:15). Dit is Hy wat Lidia, die purperverkoopster "vir Paulus se woorde ontvanklik gemaak het" (Hand 16:14).

God roep dus deur die verkondiging van die evangelie alle mense op om hulle te bekeer en te glo, en sodoende vergewing van sondes en die ewige heerlikheid deelagtig te word. Maar nie almal reageer positief op



hierdie oproep nie. Matteus 22:14 sê: "Baie is immers geroep, maar min is uitverkies." Elkeen word dus opgeroep om persoonlik te antwoord, maar net die uitverkorenes antwoord positief. Dit doen hulle nie uit hulleself nie, maar die Heilige Gees maak hulle deur die woord bereid en gewillig om hierdie roeping te hoor en aan te neem. Daarom sê Paulus: "Die boodskap wat ek verkondig, het julle oortuig, nie deur geleerdheid en welsprekendheid nie, maar deur die kragtige werking van die Gees" (1 Kor 2:4). 1 Tessalonisense 1:4-6 stel hierdie saak van die werking van die Gees ten opsigte van die roeping, soos volg: "Broers, ons weet dat God julle wat Hy liefhet, uitverkies het, want die evangelie wat ons aan julle verkondig het, het nie bloot met woorde tot julle gekom nie, maar ook met krag en deur die Heilige Gees en met volle oortuiging ... onder baie moeilike omstandighede het julle die woord aangeneem met blydskap wat van die Heilige Gees kom." Verder: "Julle is gered deurdat die Gees julle vir Hom afgesonder het en deurdat julle die waarheid glo. Hy het julle hiertoe geroep deur die evangelie wat ons aan julle verkondig het" (2 Tess 2:13-14). Die gelowiges word opgeroep om hulle "des te meer daarvoor te beywer om deur hulle lewe te bewys dat God hulle geroep en uitverkies het" (2 Pet 1:10). Hierdie nuwe lewe in gehoorsaamheid aan God, word in die gelowiges deur die Heilige Gees tot stand gebring.

As ons vra waartoe word die gelowige opgeroep, dan laat die Bybel blyk dat die gelowige tot gemeenskap met Christus, tot heerlikheid, tot vryheid, tot ontvangs van die ewige erfenis, tot navolging van, tot heiligheid, tot hoop en tot die ryk van God en sy heerlikheid geroep word. So sê 1 Korintiërs 1:9: "God is getrou. Hy wat julle geroep het *om verenig te lewe met sy Seun*, Christus Jesus, ons Here." 1 Petrus 2:9 sê dat die gelowiges 'n uitverkore volk en koninklike priesterdom is, en dat God hulle "uit die duisternis geroep het tot *sy wonderbare lig*." 1 Petrus 3:9 sê dat die gelowiges geroep is, "sodat julle die *seën van God* kan verkry." 1 Petrus 3:21 laat blyk dat die gelowiges "juis hiervoor geroep is, omdat Christus vir julle gely het en so vir julle 'n voorbeeld gestel het, sodat *julle in sy voetspore kan volg*." In 1 Tessalonisense 2:12 word gesê dat God "julle roep om in *sy heerlike koninkryk in te gaan*." "Hy het julle hiertoe geroep deur die evangelie wat ons aan julle verkondig het, sodat julle *deel kan kry aan die heerlikheid van ons Here Jesus Christus*" (2 Tess 2:14). Volgens Hebreërs 9:15 is die gelowiges geroep, sodat hulle *"die beloofde ewige erfenis kan ontvang"*. "Julle, broers is tot *vryheid* geroep" (Gal 5:13). God roep die gelowiges *"om in vrede te lewe"* (1 Kor 7:15). Verder: "God het ons nie geroep om onsedelik te lewe nie, maar *om heilig te lewe* (1 Tess 4:7). "Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net *één hoop* is waartoe God julle geroep het"

(Ef 4:4). Ten slotte: "In die goeie wedloop van die geloof moet jy al jou kragte inspan en die *ewige lewe* as prys behaal. Daartoe het God jou geroep ... (1 Tim 6:12).

Wat roeping werklik is, word deur 'n hele aantal gelykenisse vir ons verduidelik. So is daar byvoorbeeld die gelykenis van die saaier. In sy uitleg van dié gelykenis sê Jesus: "Die saaier saai die woord" (Mark 4:14). Hierdie woord word tot almal gerig, maar die lotgevalle van die woord in sy gang deur die wêreld is verskillend. Daar is hulle wat "sodra hulle die woord hoor, kom die Satan dadelik en vat die woord weg wat in hulle gesaai is." Dan is daar mense wat "sodra hulle die woord hoor, dit met blydskap aanneem. Hulle laat dit egter nie in hulle wortel skiet nie en hou nie lank uit nie. As hulle daarna ter wille van die woord verdruk of vervolg word, word hulle gou afvallig." Dan is daar die mense "wat die woord hoor, maar die sorge van die lewe en die verleiding van die rykdom en die begeertes na allerhande ander dinge kom op en verstik die woord, en dit bly sonder vrug." Ten slotte is daar mense "wat die woord hoor en aanvaar en vrug voortbring, party dertig-, party sestig-, party honderdvoudig" (Mark 4:14-20).

Ook die gelykenis van die koninklike bruilof (Matt 22:1-14) laat ons sekere aspekte van die roeping sien. Die genooides (letterlik: die geroepenes) wat "hulle nie daaraan gesteur het" om te kom nie (vers 5), is die Jode. Toe hulle nie gunstig reageer op die roeping nie, sê die Koning: "gaan nou uit na die straathoeke en nooi soveel mense as wat julle teenkom, na die bruilofsfees." Hulle het toe "uitgegaan op die strate en almal wat hulle gekry het bymekaar gemaak, slegtes sowel as goeies" (vers 9 en 10). Hierdie opdrag is die sendingopdrag van die kerk in die wêreld. Maar ook onder die heidennasies wat so geroep word, is daar "die slegtes" en hulle "wat nie bruilofsklere aan het nie" (vers 11). Destyds het die gasheer die bruilofsklere vir die gaste gegee. Iemand wat nie bruilofsklere aan het nie, sê dus vir die gasheer: "Ek wil nie u klere hê nie; my klere is goed genoeg." Hy wat voor God met sy eie verdienste en vermoë staan, word vasgebind en uitgegooi "in die diepste duisternis daarbuite" (vers 13). Daarom sluit Jesus hierdie gelykenis dan ook af met die woorde: "Baie is immers geroep, maar min is uitverkies." Hieruit is dit duidelik dat dit slegs die uitverkorenes is wat positief antwoord op die roeping wat tot almal kom, dat dit slegs hulle is "wat die woord hoor en aanvaar en vrug voortbring" (Mark 4:20). Calvyn het al daarop gewys dat die roep van die evangelie nie in homself werksaam is nie, maar dat dit werksaam gemaak word deur die Heilige Gees, wanneer Hy die woord verlossend toepas in die harte van mense, en Hy pas dit net toe in die harte en lewe van die uitverkorenes.



Tereg kan die vraag gestel word: Is dit reg en regverdig van God om almal te roep en die aanbod van saligheid deur die geloof in Jesus Christus aan hulle te maak, terwyl uiteindelik net die uitverkorenes hierdie roeping aanvaar? Ons glo dat die antwoord in die volgende rigting gesoek moet word: God roep nie sonder 'n voorwaarde nie, naamlik dat alleen hulle wat waarlik glo, gered sal word. In Markus 16:15-16 lees ons: "Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom. Wie glo en gedoop is, sal gered word; wie nie glo nie, sal veroordeel word." Wanneer hulle wat glo, terugkyk, dan sal elkeen van hulle bely dat dit nie hulle goedheid of prestasie is dat hulle glo nie, maar dat dit alleen God se uitverkiesende liefde en genade is wat hulle laat glo. Hulle egter wat nie glo nie, *wil nie glo nie* en gaan deur eie skuld verlore. (sien byvoorbeeld die Dordtse Leerreëls III en IV, 9). 'n Mens sal dus nooit die situasie kry dat iemand ernstig glo en uit die geloof probeer lewe en dat daardie iemand tog nie uitverkies is nie. Elkeen wat positief antwoord op die roep van God in die evangelie en wat daarin volhard, kan seker wees dat hy uitverkore is. Heilssekerheid is 'n kenmerk van egte geloof. (cf. *L. Berkhof*, p. 462-463).

Intussen is die feit dat God alle mense roep in die verkondiging van die evangelie van Christus Jesus, nie sonder betekenis nie. Eerstens is dit só, dat hulle wat die evangelie verkondig, nie weet wie die uitverkorenes is en wie hulle is wat verlore gaan nie. Potensieel is elkeen aan wie die evangelie verkondig word, vir hulle wat verkondig, 'n uitverkorene.

Tweedens moet ons die feit dat die evangelie aan almal verkondig word, positief waardeer omdat God daardeur sy aanspraak op die mens nie laat vaar nie, al wil daardie mens niks van God weet nie. As die openbaring in die skepping genoegsaam is om die mense alle verontskuldiging te ontneem (Rom 1:20), hoeveel te meer sal die verkondiging van die evangelie deur duidelike, verstaanbare woorde nie alle mense skuldig stel voor God nie?

Derdens is die verkondiging van die evangelie aan alle mense, ook aan hulle wat dit nie aanneem nie, tog nie sonder goeie gevolge nie. Ook al kom sommige mense nie tot ware geloof nie, het die evangelieverkondiging ook op hulle 'n heilsame, gesondmakende invloed, sodat die allerergste kwaad in die wêreld ten minste aan bande gelê word.

In die uiteensetting van die leer van die kerk oor roeping, is daar dikwels onderskeid gemaak tussen die uiterlike of algemene roeping aan die een kant, en die innerlike of doeltreffende roeping aan die ander kant. Die uiterlike of algemene roeping is dan dié roeping wat tot alle mense kom, en die innerlike, doeltreffende roeping is dié een

wat net tot die uitverkorenes kom en deur hulle positief beantwoord word. Maar in werklikheid is dit maar een en dieselfde roeping wat tot alle mense kom, alle mense waarby die uitverkorenes ingesluit is. Daar is dus nie twee soorte roeping nie, maar slegs twee wyses waarop dit beantwoord word. Hulle wat die roeping nie aanneem nie, wil dit nie aanneem nie en hulle wat dit wel aanvaar, aanvaar dit omdat God in sy genade sy Gees aan hulle gee wat hulle bereid en gewillig maak om die roeping wel te aanvaar. So gesien, is daar 'n noue verwantskap tussen geloof en die aanvaarding van die roeping. Die inhoud van die begrip roeping is belangrik, omdat dit antwoord gee op die vraag: "Wat is die oorsprong van die geloof?" Die roeping is noodsaaklik vir die geloof, want "hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie?" (Rom 10:14).



# 20 DIE HEILIGE GEES EN DIE WEDERGEBOORTE

Die woord *wedergeboorte* (in die Grieks heet dit *palingenesia)* kom in letterlike sin net twee maal in die Bybel voor, naamlik in Matteus 19:28 en Titus 3:5. Matteus 28:19 sê dat hulle wat Hom gevolg het "in die wedergeboorte, wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel." Tereg het die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling die woorde "in die wedergeboorte" vertaal met: "wanneer alles nuut gemaak word" en inderdaad beteken "wedergeboorte" (soos ons later uitvoeriger sal aantoon) vernuwing, algehele vernuwing van die mens deur die wonderbaarlike werking van die Heilige Gees. In Titus 3:5-6 staan daar: "Hy het ons verlos, nie op grond van iets wat ons vir ons regverdiging gedoen het nie, maar op grond van sy eie ontferming. Dit het Hy gedoen deur die wedergeboorte wat die sonde afwas en deur die Heilige Gees wat nuwe lewe gee. God het die Heilige Gees oorvloedig op ons uitgestort deur Jesus Christus ons Verlosser." In die woordelys van die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling word die woord "wedergeboorte wat die sonde afwas," verklaar "as aanduiding van die doop wat die algehele lewensvernuwing van die gelowige simboliseer en bevestig. Die uitdrukking bevat 'n toespeling op die doop as sakrament van die sterwe en opstaan met Christus tot 'n nuwe lewe (Rom 6:3-9)." Dit gaan dus in die wedergeboorte oor die afsterwe van die ou mens en die bekleding met die nuwe mens in en deur Christus, 'n nuutheid wat ook in die "nuwe lewe," in die dade van die wedergeborene tot uiting sal kom. Behalwe dat Titus 3:5-6 die wedergeboorte met die doop verbind, beklemtoon dit die vernuwende werk van die Gees in die wedergeboorte. Dieselfde twee elemente kry ons in Jesus se gesprek met Nikodemus oor die wedergeboorte. "Dit verseker Ek jou: "As iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan hy nie in die koninkryk van God kom nie." (Joh 3:5). Weer eens is die verwysing na die doop hier 'n sinspeling op Romeine 6. "Deur die doop is ons immers saam met Hom (Christus Jesus) in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die heerlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei" (vers 4).

Hierdie verbinding van "wedergeboorte" en "doop", het Lutherse teoloë daartoe gebring om van die "doopswedergeboorte" te praat.

Hulle onderskei tussen "die eerste wedergeboorte" wat die verbondskinders by hulle doop deur die werking van die Gees ontvang," en die "tweede wedergeboorte" of "hernuwing," wat deur die Heilige Gees deur die prediking van die Woord tot stand kom. Die "eerste wedergeboorte" is die inplanting van die saad van die wedergeboorte en die "tweede wedergeboorte" of "hernuwing," is die uitlewing van die innerlike vernuwing in die lewe van die gelowige.

Trouens, sekere geleerdes onderskei tussen wedergeboorte in engere sin en wedergeboorte in breëre sin. Wedergeboorte in engere sin is dan die geheime werking van God die Heilige Gees in die hart van die mens, waardeur hy oop en ontvanklik gemaak word vir die verkondiging van die Woord van God. Hulle verwys veral na Skriftuurplekke, soos Handelinge 16:14 waar daar van Lidia gesê word: "Die Here het haar vir Paulus se woorde ontvanklik gemaak." Hieruit lei hulle dan af dat daar altyd so 'n geheimsinnige werking van God deur sy Gees sal wees *voordat* mense ontvanklik is vir die Woord van God. God gebruik dan aanvanklik nie die middele van Woord of sakramente nie, maar plant op direkte wyse die saad van die wedergeboorte, van die nuwe lewe in die hart van die mens in. Aanvanklik is hierdie mense nog nie "soos mense wat hulle deur die Gees van God laat lei nie," maar "soos kindertjies in die geloof," wat nog "met melk gevoed moet word en nie met vaste kos nie" (1 Kor 3:1-2). Eers later kom "elke mens tot geestelike volwassenheid" deur die verkondiging (Kol 1:28). Soos ons later uitvoeriger sal aantoon, verstaan baie geleerdes en ook ons Calvinistiese belydenisskrifte die saak só dat wedergeboorte eerder 'n vrug is van die geloof, dié geloof wat die mens wederbaar. So sê ons Nederlandse Geloofsbelydenis in artikel 24: "Ons glo dat hierdie ware geloof in die mens voortgebring word deur die Woord van God en deur die werking van die Heilige Gees; dat die geloof hom wedergebore laat word en tot 'n nuwe mens maak, hom 'n nuwe lewe laat lei en hom bevry van die slawerny van die sonde." Johannes 1:12-13 sê in hierdie verband: "Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy reg gegee om kinders van God te word (dit wil sê om wedergebore te word). Hulle is dit nie van nature nie ... maar God is hulle Vader" of soos die 1933 Afrikaanse Bybel die Grieks letterlik vertaal: "maar hulle is uit God gebore." In hierdie sin word wedergeboorte gesien as daardie vernuwende werking van die Heilige Gees in die harte en lewens van hulle wat God in die geloof (wat deur die verkondiging van die Woord tot stand gekom het) aangeneem het. Uit hulle lewe blyk dit dat hulle nuwe mense is, wedergeborenes.

Uit wat ons tot dusver gesê het, blyk dit dat al kom die woord "wedergeboorte" slegs 'n paar maal letterlik in die Bybel vóór, dan kom die



saak van die wedergeboorte tientalle kere voor. Die woorde en uitdrukkings wat gebruik word om die wedergeboorte te beskryf, is onder andere:

- "Om uit God gebore te wees" (Joh 1:13; 1 Joh 2:29; 3:9; 5:1, 4 en 18);
- "om opnuut gebore te wees" (Joh 3:3 en 7);
- "om uit die Gees gebore te wees" (Joh 3:5 en 8);
- "om uit water en Gees gebore te wees" (Joh 3:5);
- "om deur God geskep te word om ons lewe aan goeie dade te wy" (Ef 2:10);
- "om deur God voortgebring te wees deur die waarheid" (Jak 1:18);
- "om as nuwe mens te lewe" (Ef 4:23);
- "om 'n nuwe skepsel te wees" (2 Kor 5:27 en Gal 6:15);
- "om dié wat dood was, weer in Christus lewend te maak" (Ef 2:5).

Die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling het die uitdrukking "om uit God gebore te wees", vertaal met: "om God as Vader te hê" en "om kind van God te wees." Dit open die perspektief dat in die meeste gevalle waar daar in die Bybel sprake is van die Vaderskap van God en die kindskap van die mens, daar ook sprake is van die wedergeboorte. Van nature (dit wil sê wat sy eerste geboorte betref) is die mens geneig om God en sy naaste te haat. Slegs as die mens weer gebore word deur die Heilige Gees se werking in sy hart, kan hy werklik 'n kind van God wees. So verwys Galasiërs 3:26 dan ook na die wedergeboorte wanneer dit sê: "Deur hierdie geloof in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God." Dieselfde gebeur wanneer Romeine 8 oor die Vaderskap van God en die kindskap van die gelowiges praat. "Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God. Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie meer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: 'Abba'. Dit beteken 'Vader'. Hierdie Gees getuig saam met ons Gees dat ons kinders van God is. En as ons kinders is, is ons ook erfgename ..." (vers 14-17). Wat geërf word, is die ewige heerlikheid in die koninkryk van God. Wanneer 1 Korintiërs 15:50 nou sê dat "vlees en bloed nie aan die koninkryk deel kan kry nie," dit wil sê dat net die kinders van God, die weergeborenes, daaraan deel kan kry, en as Galasiërs 3:26 sê dat almal wat glo in Jesus Christus, kinders van God is en as Romeine 8:14 sê dat "almal wat hulle deur die Gees laat lei, kinders van God is," dan is dit duidelik dat "geloof", "wedergeboorte" en "laat lei deur die Gees van God" baie nou aan mekaar verwant is; trouens, dan word dit duidelik dat wedergeboorte nie iets ekstra is wat by die geloof moet bykom nie, maar dat

beide geloof én wedergeboorte die beskrywing is van één en dieselfde groot werklikheid, naamlik die toepassing van die heil van Jesus Christus in die lewe van die mens deur die Heilige Gees. Slegs die gesigspunt waaruit hierdie beskrywing gebeur, verskil: Wat die gesigspunt van die wedergeboorte betref, wil dit die toeëiening van die heil deur die Heilige Gees in die lewe van die mens beskrywe, vanuit die perspektief van totale lewensvernuwing waarin die mens geen bydrae lewer nie, maar wat soewerein deur God die Heilige Gees in ons tot stand gebring word. Ons het alreeds gesien dat artikel 24 van die Nederlandse Geloofsbelydenis die verband tussen wedergeboorte en geloof só nou sien, dat dit sê dat die mens deur die geloof wederbaar word. Waar Romeine 10:17 sê. "Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus", daar sê 1 Petrus 1:23: "Julle is immers weer gebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad: die lewende en ewige woord van God." Ook sê 1 Johannes 5:1: Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore," is dus 'n kind van God, 'n wedergeborene. As ons nou hierdie drie Skrifgedeeltes met mekaar vergelyk, dan blyk dit weer eens dat geloof en wedergeboorte slegs aspekte van dieselfde werklikheid is, en dat hulle albei onlosmaaklik aan die Woord van God verbonde is. Dit is om hierdie rede dat nie alleen die Nederlandse Geloofsbelydenis nie, maar ook die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls en Calvyn die wedergeboorte sien as die totale lewensvernuwing van die mens as vrug van die geloof wat deur die Heilige Gees deur die verkondiging van die woord tot stand gebring word. Die Heidelbergse Kategismus noem die wedergeboorte "die ware bekering van die mens." Vraag 88 vra dan: "Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?" Die antwoord lui dan: "Uit twee dele: die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens." Van beide die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens wat 'n nuwe lewe lei wat aan God toegewy en teenoor Hom gehoorsaam is, lees ons in Romeine 6:4-6: "Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die heerlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei. Aangesien ons met Hom een geword het in sy dood, sal ons sekerlik ook met Hom een wees in sy opstanding. Ons weet dat ons ou mens saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word." Efesiërs 4:22-24 doen die volgende beroep: "Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek weg met die ou mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mens wat na die beeld van God in ware geregtigheid en heiligheid geskep is." Kolossense 3 noem as kenmerke van die ou mens die volgende op: "onsedelikheid, onreinheid, wellus, slegte begeertes, gierigheid, afgodery, ongehoorsaamheid aan God, woede, haat, nyd, vloekery, vuil taal en leuens." Maar, sê Kolossense 3:9-10: "Julle het met die ou mens en sy gewoontes gebreek en leef nou die lewe van die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper en tot die volle kennis van God." Uit hierdie Skrifgedeeltes blyk dit dat wedergeboorte hier nie soseer as die geheimsinnige en direkte inplanting van die saad van die nuwe lewe gesien word nie, maar veeleer as die lewensvernuwing, wat onstaan wanneer die mens waarlik glo deur die hoor van die Woord en die werking van die Heilige Gees. Daarom sê Calvyn (Inst III, 3, 9-11) dat wedergeboorte twee elemente het, naamlik eerstens om "waarlik deel te hê aan Jesus Christus se dood" waardeur die ou mens, die sonde, gekruisig word en sterf, sodat "die verdorwenheid van die eerste natuur geen krag meer het nie." Die tweede element van die wedergeboorte is "dat ons deel kry – deur die geloof – aan Jesus Christus se opstanding, sodat ons daardeur opgewek word tot 'n nuwe lewe wat beantwoord aan God se geregtigheid". "In één woord, ek verstaan onder boetvaardigheid die wedergeboorte, wat geen ander doel het nie as om die beeld van God, wat deur Adam se oortreding besoedel en byna uitgewis was, in ons te herstel." Hy verwys na Efesiërs 4:23 en Kolossense 3:10 wat ons hierbo al aangehaal het, en ook na 2 Korintiërs 3:18: "Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is." Hierdie teks is vir Calvyn belangrik, óók omdat dit aandui dat die wedergeboorte 'n proses is wat ons hele lewe duur. "En hierdie vernuwing" (sê Calvyn) "word nie op een oomblik, of dag, of jaar volbring nie, maar deur voortdurende, ja soms ook langsame voortgang maak God die verdorwenhede van die vlees in sy uitverkorenes tot niet ..." Ons moet bewus daarvan wees "dat hierdie krygsdiens nie 'n einde kry voor in die dood nie." "So word dus die kinders van God van die diensbaarheid van die sonde bevry deur die wedergeboorte, nie só dat hulle as't ware die volle besit van die vryheid reeds verkry het nie, maar só dat daar vir hulle 'n voortdurende oorsaak van stryd oorbly ..." "Ons leer dus dat in die heiliges altyd sonde is, totdat hulle die sterflike liggaam aflê ... Wanneer God hulle wat aan Hom behoort wederbaar, bring Hy dit wel tot stand dat Hy die *heerskappy* van die sonde vernietig. Want Hy skenk aan hulle die krag van die Gees, sodat hulle die oorhand in hulle stryd behou en uiteindelik oorwinnaars sal word."

In dieselfde rigting word ook in die Dordtse Leerreëls (II en IV, 11-

17) oor die wedergeboorte belydend gepraat: "Deur die kragtige werking van dieselfde Gees wat die wedergeboorte skenk, dring God ook deur tot in die binneste dele van die mens, open Hy die geslote hart ... In die wil stort Hy nuwe eienskappe in en maak die wil wat dood was lewend; wat sleg was, goed; wat onwillig was, gewillig; en wat ongehoorsaam was, gehoorsaam ... Dit is die wedergeboorte, die nuwe skepping, die opwekking uit die dode wat God sonder ons in ons werk ... Die gevolg is dat almal in wie se harte God op hierdie wonderlike wyse werk, sekerlik, onfeilbaar en kragdadig weer gebore word en daadwerklik glo. Dan word die wil, wat nou vernuwe is, nie alleen deur God gedrywe en beweeg nie, maar omdat dit deur God beweeg is, werk dit ook self ... Daarom werk die goddelike genade van die wedergeboorte nie in die mens asof hulle stokke en blokke is nie; ook vernietig dit nie die wil en sy eienskappe nie, en dwing dit nie met geweld teen sy sin nie. Die genade maak die wil geestelik lewend, genees, verbeter en buig dit tegelykertyd lieflik en kragtig ... Hierin lê die ware en geestelike vernuwing en die vryheid van ons wil ... Die bonatuurlike werking van God waardeur Hy ons weergebore laat word, sluit volstrek nie die gebruik van die evangelie uit nie en werp dit ook nie omver nie." Daar word voortdurend gebruik gemaak van "die bearbeiding van die Woord, van die sakramente en die kerklike tug."

Wedergeboorte beteken radikale geestelike vernuwing. Om hierdie vernuwing te beskrywe, gebruik die Bybel verskillende beelde. Die voor-die-hand-liggende beeldegroep staan in verband met die geboorte. Die mens moet uit God gebore word, opnuut gebore word, uit die Gees gebore word (1 Joh 2:29; 3:3 en 3:5). Maar dan is daar ook die beeldspraak van "sterf" en weer lewend gemaak word." Efesiërs 2:5 sê byvoorbeeld: "Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredinge, saam met Christus weer lewend gemaak." Romeine 6:4-6 stel ook dat die oue mens saam met Christus gekruisig is, gesterf het en begrawe is. Maar die gelowige het ook deel aan Jesus Christus se opstanding en daarom kan hy as nuwe mens "ook 'n nuwe lewe lei." Dit word ook pragtig uitgedruk in Esegiël 37:1-14 waar daar van die doodsbeendere gepraat word, waar die HERE sê dat Hy sy "Gees in hulle sal gee, dat hulle lewendig kan word" (vers 14) en inderdaad word hulle dan ook lewendig. Agter die uitsprake van Jesaja 57:15 en Psalm 51:10 lê dieselfde beeldspraak van "doodmaak van die oue" en "herlewing van die nuwe." Die HERE sê daar dat Hy woon "by die verbryselde en nederige van gees om te laat herlewe die gees van die nederiges en te laat herlewe die hart van die verbryseldes."

Behalwe die beeldgroepe van hergeboorte en van dood en weer lewendig maak, word die wedergeboorte ook aangedui deur die beeld van herskepping. Efesiërs 4:23 sê: "Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as 'n nuwe skepsel wat na die beeld van God in ware geregtigheid en heiligheid geskep is." Net so praat 1 Korintiërs 5:17 daarvan dat hy wat "aan Christus behoort, is 'n nuwe skepsel." In Psalm 51:12 vra die digter: "Skep vir my 'n rein hart, o God, vernuwe my gees en maak my standvastig."

Al drie hierdie beeldegroepe wat die wedergeboorte beskryf, wil veral twee aspekte van die heil wat in Christus Jesus is en wat deur die Heilige Gees aan ons toegeëien word, beklemtoon. Die eerste aspek wat deur die beelde van hergeboorte, weer-lewendig-gemaak-word en herskepping sterk na vore gebring word, is die aspek van radikale vernuwing. Dit laat ons sien dat die mens van nature skuldig en sondig is. Hy pas nie in die koninkryk van God nie en kan nooit in die ryk van God ingaan nie (Joh 3:3-5). "Vlees en bloed kan nie aan die koninkryk van God deel kry nie" (1 Kor 15:50). Daarom skep God in sy genade 'n nuwe mens (Ef 4:23); 'n mens wat uit God gebore is (1 Joh 2:29); 'n mens wat uit die Gees gebore is (Joh 3:5 en 8); daarom maak God van die sondige mens 'n nuwe skepping (Gal 6:15). Ja, ook die ganse skepping wat deur die mens se sonde aangetas is, moet alles eers nuut gemaak word (2 Kor 5:7 en Op 21:5). Hierdie radikale en totale vernuwing word in die Ou Testament aangedui deur te sê dat God aan sy volk "'n nuwe hart sal gee en 'n nuwe gees in hulle binneste" (Eseg 11:19; 36:26). Dit sal God doen deur die Heilige Gees wat Hy aan hulle sal skenk. "En Ek sal my Gees in julle binneste gee" (Eseg 36:27). "Hart" beteken in hierdie verband die sentrum en die oorsprong van die mens se lewe. God skenk dus deur sy Gees aan die mens 'n nuwe lewensentrum. Die dryfkrag van so 'n mens se denke en lewe is nie meer die sonde nie (1 Joh 3:8-10), maar hy laat hom deur die Gees lei. So neem die Gees besit van die mens en Hy gee 'n nuwe rigting aan die mens se lewe, 'n rigting wat maak dat die mens God soek, vind en volg. Hierdie nuwe mens wandel na die Gees, lewe in die Gees, is vervul met die Gees en word gelei deur die Gees. Kenmerke van die kinders van God, dit wil sê van hulle wat weergebore is, is eerstens die *liefde*. "Maar Ek sê vir julle: julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat julle vervolg, sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel" (Matt 5:44-45). "Iemand wat 'n kind van God is, doen nie meer die sonde nie, omdat die Gees van God in hom bly ... Ons weet dat ons klaar uit die dood na die lewe oorgegaan het, want ons het ons broers lief"; (1 Joh 3:10 en 14). 'n Tweede kenmerk van hulle wat weergebore is, is die *geloof* in Jesus Christus. "Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is 'n kind van God" (1 Joh 5:1). Nog 'n ken-

merk van hulle wat weergebore is, is die feit dat hulle hulle deur die Gees laat lei. "Ons lewe deur die Gees; laat die Gees ook nou ons gedrag bepaal!" (Gal 5:25). Die wedergeborenes *ken ook die Vader*: "Julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en ons tot God laat roep: 'Abba!' dit beteken: 'Vader'. Verder streef hulle na *heiligheid*. "Wees heilig want Ek is heilig" (1 Pet 1:16). Omdat hulle hemelse Vader volmaak is, moet hulle ook probeer om *volmaak* te wees (Matt 5:48), en omdat hulle Vader barmhartig is, moet ook hulle *barmhartig* wees (Luk 6:36).

Die ander aspek wat die genoemde drie beeldegroepe (hergeboorte, lewend maak en nuwe skepping) na vore wil laat kom, is dat God (en nie die mens nie) die Inisiatiefnemer en Volvoerder is in die tot standbrenging én toepassing van die heil, wat daar in Christus Jesus is. Net soos die mens geen deel of keuse in verband met sy natuurlike geboorte het nie, so ook in verband met sy geestelike geboorte, sy geboorte uit God, sy wedergeboorte. Ook die beelde van lewendmaking en herskepping, beklemtoon hierdie aspek van die soewereine genade van God.

Opsommend kan ons dus sê: Die Bybel gebruik drie beeldegroepe om vir ons die saak van die wedergeboorte te beskrywe. Die eerste is die groep wat stel dat die mens opnuut gebore moet word, uit God, uit die Gees. Baie keer wanneer die Bybel van die Vaderskap van God en die kindskap van die mens praat, lê hierdie beeldspraak daaragter en word die wedergeboorte veronderstel, of word daar direk na die wedergeboorte heengewys. Die tweede beeldegroep is dié wat stel dat die natuurlike mens dood is vanweë die sonde, en dat God hom deur sy Gees in Christus lewendig maak. Partymaal word gesê dat die natuurlike mens, die "ou mens" met Christus gekruisig is, gesterf het en begrawe is. Omdat die gelowige deur die geloof aan Jesus Christus verbonde is, daarom het die gelowige ook deel aan die opgestane Heer. Dit maak van hom 'n nuwe mens wat 'n nuwe, aan God toegewyde lewe lei. Die derde beeldegroep sluit by hierdie tweede aan en stel dat God, net soos Hy by die skepping alles uit niks geskape het, nou ook die mens deur 'n magsdaad herskep en van hom 'n nuwe mens maak.

Al drie hierdie beelde wil eerstens die radikale en totale aard van die wedergeboorte beklemtoon, en wil tweedens sê dat die mens geen bydrae tot sy saligheid lewer nie; hierdie eer kom alleen aan die soewereine en genadige God toe.

Die Bybel praat op twee wyses oor die wonder van die wedergeboorte. Partymaal word onder wedergeboorte die geheime werking van die Gees verstaan wat die mens se hart oop en ontvanklik vir die spreke van God maak; maar meestal word die wedergeboorte só beskrywe dat die mens die Woord hoor en glo en dat hierdie geloof 'n totaal nuwe lewe uit die geloof tot gevolg het. Dikwels praat die Bybel só oor die wedergeboorte dat hierdie twee fasette as't ware inmekaar verweef is tot 'n eenheid.

# 21 DIE HEILIGE GEES EN DIE BEKERING

In Handelinge 16:30-31 lees ons dat die tronkbewaarder van Filippi vir Paulus en Silas vra: "Menere, wat moet ek doen om gered te word? Hulle antwoord hom: *Glo in die Here Jesus*, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin." In Handelinge 2:37-38 vra die mense ná die aanhoor van die toespraak van Petrus op die pinksterdag: "Wat moet ons doen, broers? Toe antwoord Petrus hulle: *Bekeer julle* en laat julle elkeen doop in die Naam van Jesus Christus, sodat julle sondes vergewe kan word, en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang."

Hieruit blyk dat daar 'n baie nou verband tussen geloof en bekering bestaan; dat bekering partymaal in die plek van geloof gebruik word. Dit is so, omdat albei, geloof én bekering, slegs twee fasette van één en dieselfde saak is; omdat albei die beskrywing is van die proses van die toepassing van die heil in die lewe van die gelowige, maar elkeen gebruik sy eie beeldspraak. Wat die tipiese beeldspraak van die bekering is, sal ons straks sien. Laat ons eers net na enkele verbande kyk. Eerstens: Geloof en bekering is so nou aan mekaar verbonde dat geleerdes soos Louis Berkhof sê dat bekering twee basiese elemente het, naamlik geloof en berou. Geloof is op sy beurt weer onlosmaaklik verbonde aan die regverdigmaking, omdat die regverdigmaking deur die geloof, uit genade alleen plaasvind. Tegelykertyd is bekering ook onlosmaaklik aan die wedergeboorte verbind. Eintlik is bekering slegs die doelbewuste uitlewing van die wedergeboorte wanneer ons wedergeboorte opvat as die radikale vernuwing van die hart, van die lewensentrum van die gelowige. Vat ons wedergeboorte op as die nuwe lewe wat voortvloei uit die lewensentrum wat totaal en radikaal vernuwe is, dan is wedergeboorte en bekering een en dieselfde saak. Daarom sê die Heidelbergse Kategismus (vraag 88) en die Dordtse Leerreëls (III en IV, 11-17) dat die wedergeboorte niks anders is as "die ware bekering" nie. Hulle doen dit heeltemal tereg, omdat hulle onder wedergeboorte verstaan wat ons in die vorige hoofstuk "wedergeboorte in breëre sin" genoem het, naamlik die nuwe lewe wat uit die hart wat vernuwe is, voortvloei. Dat daar 'n nuwe lewe uit die hart wat vernuwe is, voortvloei, is nie 'n vanselfsprekende, outomatiese iets nie, maar dit gebeur deur 'n besondere werking van die Heilige Gees. Dit blyk dus dat die bekering onlosmaaklik verbonde is aan geloof, regverdiging, wedergeboorte en berou, dat elkeen net 'n ander faset van dieselfde saak is met sy eie beeldspraak. Daarom word die woord bekeer, ook dikwels saam met sommige van die genoemde woorde gebruik. Jesus begin sy prediking in Galilea deur te sê: "Die tyd het aangebreek, en die koninkryk van God het naby gekom. *Bekeer* julle en *glo* die evangelie." Dieselfde verbintenis tussen bekering en geloof, kry ons in die volgende Skrifgedeeltes. In Handelinge 20:21 sê Paulus vir die ouderlinge van Efese: "Ek het sowel die Jode as die Grieke ernstig vermaan om hulle tot God te *bekeer* en in ons Here Jesus te *glo*." Hierdie Skrifgedeeltes het onder andere vir Luther daartoe gebring om te leer dat die bekering altyd eerste plaasvind en dat die geloof dan daarop volg. Maar in Handelinge 11:21 word die orde omgekeer. Daar word geloof eerste genoem en daarna bekering: "Die Here het hulle gehelp, sodat daar baie mense tot die *geloof* gekom het en hulle tot die Here *bekeer* het." Ons moet daarom baie versigtig wees om nie 'n sekere tydsorde, of ook logiese orde, vas te stel deur byvoorbeeld te sê dat bekering altyd ná die wedergeboorte plaasvind of dat geloof altyd aan die bekering moet voorafgaan nie. Omdat (soos ons al herhaaldelik beklemtoon het) geloof, roeping, wedergeboorte, bekering, regverdigmaking, heiligmaking, volharding en so meer slegs verskillende fasette van die selfde saak is, elkeen met sy eie beeldspraak, daarom stel die Bybel geen vasstaande orde vas waarin die een noodwendig die ander een moet voorafgaan of moet volg nie. Maar behalwe dat bekering en geloof dikwels in een en dieselfde sinsnede voorkom, kry ons dit ook in die Bybel dat bekering en berou of inkeer, met mekaar verbind word. "Daarom, bekeer julle en kom tot inkeer, sodat julle sondes uitgewis kan word" (Hand 3:19). Volgens Handelinge 26:20 sê Paulus dat hy vir die mense in Damaskus, in Jerusalem, in die hele Judea en ook vir die heidennasies "gepreek het dat hulle tot inkeer moet kom en hulle tot God moet bekeer; en dit moet hulle bewys met dade wat by die bekering pas." Veral hierdie laaste sinsnede is belangrik, omdat die goeie dade uit dankbaarheid (sommige noem dit "boete") onlosmaaklik aan die bekering verbonde is. Jona 3:10 sê naamlik: "En God het hulle werke gesien dat hulle hulle bekeer het van hulle verkeerde weg." Johannes die Doper sê ook dat sy hoorders hulle nie moet laat doop uit vrees vir die toorn en oordeel van God nie, en dat hulle nie daarop kan staat maak dat hulle vleeslik kinders van Abraham is nie. Wat wel nodig is, is die volgende: "Dra liewer vrugte wat bewys dat julle bekeer is" (Matt 3:8). Hierdie sinsnede kon net sowel ook gelui het: "Dra liewer vrugte wat bewys dat julle werklik glo." Daaruit blyk weer eens die verband tussen geloof en bekering. Daar is geleerdes wat veral in die gelykenis van die verlore seun 'n tipiese voorbeeld van bekering sien, wat ook die nou verbondenheid tussen bekering en

inkeer beklemtoon. Hulle onderskei dan drie fasette in die bekeringsgeskiedenis van die verlore seun: Eerstens kry hy 'n *afkeer* in sy haglike toestand wanneer hy as Jood vir 'n vreemdeling varke moet oppas. Dan kom hy (soos Luk 15:17 ook direk sê) tot *inkeer* en sien tegelykertyd die leegheid en die boosheid van sy eie hart en lewe. Ten slotte is daar die *terugkeer* (die bekering) wanneer hy sê: "Ek sal dadelik na my pa teruggaan en vir hom sê: Pa, ek het teen God en teen pa gesondig!" (Luk 15:18). Ons hoef natuurlik in ons beskouing van wat bekering is, nie altyd hierdie drie momente van afkeer, inkeer en bekeer te handhaaf nie. Wat wel duidelik is, is dat daar altyd twee momente in die bekering is, naamlik die negatiewe element (die afkeer) en die positiewe element (die bekeer, die terugkeer). Ons moet altyd probeer om die balans tussen die twee momente te handhaaf. Rome het byvoorbeeld baie klem op die negatiewe element van bekering gaan lê, en het toe 'n uitgebreide boeteleer uitgewerk waarin die bieg en die aflaat 'n vername rol speel. Deur verdienstelike goeie werke, kan die mens dan genoegdoening (satisfaksie) bewerkstellig. Luther het ook klem gelê op die negatiewe moment en die bieg en die boete speel tot vandag toe nog 'n groot rol in die Lutheranisme. Die verskil is egter dat hy nie die goeie werke as verdienstelik met betrekking tot die mens se saligheid gesien het nie, maar dat hy onwrikbaar daaraan vasgehou het dat die mens deur geloof alleen uit genade alleen voor God geregverdig word.

Ook die laaste sin van die aanhaling uit Jona 3:10 is belangrik, naamlik dat God uit hulle werke gesien het "dat hulle hulle bekeer het *van hulle verkeerde weg.*" Die beeldspraak van die bekering is juis die beeldspraak wat die lewe van die mens sien as 'n weg, terwyl die mens 'n reisiger op daardie weg is na een of ander eindbestemming. Dit is natuurlik 'n geliefde beeld in die Bybel, maar ook in baie ander literatuur. Om die nuwe lewe in Christus en die toepassing van die heil in terme van "die weg" en "die reisiger" te beskrywe, dit is die beeldspraak wat agter die woord "bekering" lê. Wanneer Matteus 7:13-14 die volgende sê, dan praat dit in terme van die bekering: "Gaan deur die nou poort in. Die poort wat na die verderf lei, is wyd en die pad daarheen breed, en dié wat daardeur ingaan, is baie. Maar die poort wat na die lewe lei, is nou en die pad daarheen is smal, en dié wat dit kry, is min." Ook in die volgende Skrifgedeeltes kom die beeldspraak van die weg en die omdraai van die verkeerde weg duidelik na vore: "Bekeer julle tog elkeen van sy verkeerde weg en van die boosheid van julle handelinge... en loop nie agter ander gode aan om hulle te dien en voor hulle neer te buig nie." (Jer 25:5-6). Van Johannes die Doper word gesê: "Hy sal baie van die volk Israel laat terugkeer tot die



Here, hulle God." Hy sal uitgaan "om ongehoorsames op die regte pad terug te bring en so vir die koms van die Here 'n volk voor te berei" (Luk 1:16-17). "Weet dan dat hy wat 'n sondaar van sy dwaalweg terugbring, hom uit die dood red en maak dat 'n menigte sondes vergewe word" (Jak 5:20). 1 Tessalonisense 1:9 stel dat die mense vertel "hoe julle julle van die afgode tot God bekeer het en nou die lewende en ware God dien." "Julle het immers soos skape rondgedwaal, maar nou het julle teruggekeer na julle Herder en die Bewaker van julle lewe" (1 Pet 2:25). Hoewel ons ook ander woorde in die Ou Testament met die woord "bekeer" en "bekering" vertaal, is die basiese woord *sjub*. Dit beteken om "om te draai", "om terug te draai," "om weer te draai." Wat Israel betref, sit die saak só inmekaar dat die troue God sy verbond met hulle gesluit het en deur Moses en die profete die weg wat hulle moet loop, duidelik uitgestippel het. Nieteenstaande die verbondstrou van God, sondig Israel, is Israel ontrou en gaan hulle op hulle eie weë wat na die afgode en die verderf lei. Daarom tugtig God hulle of trek hulle in liefde om die verkeerde weë te laat staan, om doelbewus in berou en geloof om te keer, in die verkeerde weë 'n afkeer te kry en om terug te keer tot God om in sy weë te wandel. Wanneer dit gebeur het, dan word gesê dat Israel hulle bekeer het. Wat die ander volke betref: hulle lewensweg is die weg van die nietige afgode. Om hulle te bekeer, beteken om om te draai na die enigste God toe, Hy wat leef en regeer en almagtig is, soos hulle ook in die geskiedenis kan sien. Hy is die almagtige Skepper van alles; Hy het die magsdaad van die uittog van Egipte gedoen en uit die geskiedenis van Israel blyk sy ewige krag en vermoë.

Die Nuwe Testament gebruik twee woorde vir bekering, naamlik *metanoia* en *epistrephein*. *Metanoia* beteken dat daar in die gemoed, in die hart 'n totale *sinsverandering* plaasvind. Romeine 12:2 doen die oproep: "Laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat voor Hom goed en aanvaarbaar en volmaak is." Daar is dus 'n verstandelike element in die bekering, net soos daar ook 'n gevoelselement en 'n wilselement is. Die hele mens word geraak. Van die gevoelselement van die bekering lees ons onder andere in 2 Korintiërs 7:10: "Want droefheid volgens die wil van God bring bekering wat tot redding lei ..." Ook Psalm 51:10 laat hierdie gevoelselement na vore kom. Daar bid Dawid: "Laat my weer blydskap en vreugde belewe. U het my verbrysel; laat my weer jubel." Die wilselement is daarin geleë dat die mens bewus word van sy sonde en doelbewus daarvan wegdraai. "Ja, my oortredinge ken ek en van my sonde is ek altyd bewus. Teen U alleen het ek gesondig, ek het gedoen wat verkeerd is in u oë ... Maar U verwag opregtheid

diep in 'n mens se hart: laat ek dan diep in my binneste weet hoe U wil dat ek moet lewe" (Ps 51:6 en 8). Die feit dat bekering in die Bybel ook *metanoia*, sinsverandering, genoem word, wil aan ons duidelik maak dat bekering nie maar net 'n uiterlike ommekeer is nie, nie net 'n oppervlakkige verbetering van 'n mens se lewe is nie, maar dat dit diep ingryp in die mens se denke, gevoel en wil. Eers wanneer daar diep binne-in die mens 'n radikale en totale sinsverandering plaasgevind het, kan 'n mens jou wegkeer van die afgode, Satan, sonde, duisternis, dood en eiesinnigheid, én kan jy terugdraai na God en sy seëninge toe; kan jy terugdraai weg van die duisternis na die wonderbare lig en na die lewe toe.

Met hierdie beeldspraak van die wegdraai van die verkeerde weg en die terugdraai na God en sy weë, het ons alreeds uitgekom by die tweede woord wat die Nuwe Testament vir bekering gebruik. *Epistrephein* beteken letterlik "om om te draai", dit wil sê om weg te draai van jou eie verkeerde weë en terug te draai na God toe. Dit is alleen moontlik wanneer daar 'n totale verandering in 'n mens se gesindheid plaasvind waarin 'n mens afskeid neem van die ou, sondige mens en wanneer jy Christus as die einddoel van jou weg, as die hoogste prioriteit van jou lewe sien. In Filippense 3:7-11 stel Paulus hierdie prioriteit duidelik: "Maar wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, ja nog meer: alles beskou ek as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde ... Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood."

Waar die beeldspraak van die wedergeboorte die klem sterk laat val het op die feit dat die mens geen bydrae tot sy saligheid kan maak nie, maar dat God die Inisiatiefnemer en Voleinder is, daar wil die beeldspraak van die bekering die klem laat val op die verantwoordelikheid van die mens. Dit is egter nie só, soos dit dikwels gestel word, dat wedergeboorte God se werk is en bekering die mens se werk is nie. Dit is inderdaad so dat die menslike verantwoordelikheid in die beeldspraak van die bekering benadruk word, soos onder andere blyk uit die feit dat ons in die Bybel honderd maal lees dat die mens hom bekeer en slegs agtien maal dat God die mens bekeer. Bekering is inderdaad 'n menslike keuse en daad waarin die mens hom na God toe draai, maar in laaste instansie is dit God wat die mens laat draai. Dit word onder andere duidelik in Jeremia 31:18 en in Filippense 2:12-13. Daar lees ons: "Bekeer my, dan sal ek my bekeer, want U is die HERE my God." "Met eerbied en ontsag moet julle voortwerk aan julle verlossing, want dit is God wat in julle werk. Hy maak julle gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer." Hieruit blyk dat as God nie die eerste is wat werk en die mens bereid maak nie, dan kan die mens nie omdraai nie. Die omdraai van die mens is eintlik 'n omgedraai word deur God. Maar wanneer die mens nie wil omdraai nie, dan gaan hy verlore deur eie skuld. In Matteus 23:37 sê Jesus: "Jerusalem, Jerusalem! Jy wat die profete doodmaak en die boodskappers stenig wat na jou toe gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaar maak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaar maak, *maar julle wou nie!*"

Daar is sommige mense, veral uit die Pinkstergroepe, wat sê dat die bekering slegs dán ware bekering is, indien dit plotseling en dramaties plaasvind. Bekering is volgens hulle 'n sterk emosionele belewing en jy sal die dag en datum van jou bekering moet kan opnoem, anders is jy nie waarlik bekeer nie.

Gaan ons nou hierdie saak in die Bybel na, dan vind ons dat bekering in sommige gevalle inderdaad 'n krisisbelewing is, wat (sover dit die uiterlike, sigbare sy betref) plotseling plaasvind. 'n Mens dink hier byvoorbeeld aan die bekeringsgeskiedenisse van Paulus (Hand 9), Kornelius (Hand 10) en die tronkbewaarder van Filippi (Hand 16). Maar daar is ook gevalle waar die bekering plotseling plaasgevind het, sonder die dramatiese moment. 'n Mens kan in Handelinge 8 en 16 lees hoe rustig die bekering plaasgevind het in die lewe van die Etiopiese amptenaar en van Lidia, die purperverkoopster in Filippi. Dis is ook so dat die bekering in die lewe van die meeste mense 'n geleidelike, voortdurende proses is. Dit geld veral die verbondskinders wat uit gelowige ouers gebore is en in gelowige huise grootgeword het. Van Johannes die Doper word gesê: "En reeds van sy geboorte af sal hy met die Heilige Gees vervul wees" (Luk 1:15). Dieselfde geld ook van Timoteus van wie Paulus sê: "en jy ken van kleins af die Heilige Skrif" (2 Tim 3:15). Hy het in 'n gelowige huisgesin grootgeword en die geloof en bekering kom nie met plotselinge en dramatiese felheid in sy lewe nie. Daarom sê Paulus: "Ek dink ook aan jou opregte geloof, dieselfde geloof wat al in jou grootmoeder Loïs en in jou moeder Eunise gewoon het, en wat, daarvan is ek oortuig, ook in jou is" (2 Tim 1:5). Selfs al is slegs die één ouer 'n gelowige, dan is die kinders, as verbondskinders, heilig en rein, want "anders sou julle kinders heidene wees, maar nou behoort hulle aan God" (1 Kor 7:14). Hieruit is dit duidelik dat ons nie kan eis dat bekering, indien dit ware bekering wil wees, juis dramaties en plotseling moet wees nie. Bekering kan ook heel rustig en langsamerhand plaasvind.

Volgens die Bybel is dit ook moontlik dat 'n mens jou net tydelik kan

bekeer om dan net tydelik op die regte weg te loop, om daarna weer terug te keer tot jou eie sondige weë. In hierdie verband is die gelykenis van die saaier insiggewend. In Matteus 13:20-23 lees ons: "Die man weer by wie daar op die klipbanke gesaai is, is hy wat die woord hoor en dit dadelik met blydskap aanneem. Hy laat dit egter nie by hom wortel skiet nie, en hy hou nie lank uit nie. As hy ter wille van die woord verdruk en vervolg word, word hy gou afvallig. Die man by wie daar tussen die onkruid gesaai is, is hy wat die woord hoor, maar die bekommernis van die lewe en die verleidelikheid van rykdom verstik die woord, en dit bly sonder vrug." Paulus noem sulke gevalle, onder andere Himeneus en Aleksander, van wie hy sê dat "hulle geloof skipbreuk gelei het" (1 Tim 1:19-20) en Demas van wie Paulus sê: "Demas het die teenswoordige wêreld liefgekry en my verlaat ..." (2 tim 4:10). Daar is sommige uitleggers wat meen dat hierdie genoemde tydelike bekerings nie ware bekerings was nie. Hulle meen dat die ware bekering net eenkeer in 'n mens se lewe plaasvind. Teenoor hierdie standpunt moet egter opgemerk word, dat al sou iemand bekeer wees en op die regte pad loop, daar nog altyd sonde in so iemand sal wees, (soos Calvyn dit ook in sy Institusie III, 3, 11 stel), en dat daardie iemand altyd nog maar geneig sal wees om langs afdraaipaadjies af te draai. Dit is dus sinvol om behalwe van die eerste bekering, ook van 'n daaglikse bekering te praat.

Lukas 22:31-32 stel 'n mens voor 'n besondere probleem in die beskrywing van wat bekering werklik is. In die 1933 Afrikaanse Bybelvertaling staan daar: "En die Here sê: Simon, Simon ek het vir jou gebid dat jou geloof nie ophou nie; en as jy eendag bekeerd is, moet jy jou broers versterk." Op grond van hierdie teks, stel sommige mense uit die Pinkstergroepe dat al het Petrus Jesus gevolg, dan het dit nog nie beteken dat Petrus waarlik bekeer is nie. Hy was nog nie bekeer nie, omdat daar nog nie 'n dramatiese bekeringsbelewing in sy lewe plaasgevind het nie. Hierdie mense beweer dan dat daar vandag ook nog duisende kerkmense is wat net soos Petrus nog nie waarlik bekeer is nie, al glo hulle ook in 'n sekere mate.

Ons is egter van oordeel dat hierdie stelling nie kan opgaan nie, want soos ons alreeds gesien het, hoef die ware bekering nie altyd dramaties en plotseling te wees nie. Tereg het die nuwe Bybelvertaling die sinsnede:" as jy eendag bekeerd is, moet jy jou broers versterk" vertaal met: "as jy weer tot inkeer gekom het, moet jy jou broers versterk." Dit beteken dat Petrus, hoewel hy op die regte pad was, telkens weer daarvan afgedwaal het. Daarom was dit nodig dat hy hom weer sal bekeer in dieselfde sin as wat ons hierbo oor die daaglikse bekering gepraat het.



Die beeldspraak wat agter die begrip bekering lê, open dus 'n perspektief van waaruit ons weer 'n ander kant te sien kry van die rykdom van die heil in Jesus Christus, en die toeëiening daarvan deur die Heilige Gees. Wat veral beklemtoon word, is die aspek van die menslike verantwoordelikheid in die proses van heilstoeëiening, en ook die gedagte van omdraai van die verkeerde weg na God en sy weë toe, 'n ommekeer wat veranker is in die totale innerlike verandering van die mens.

# 22 DIE HEILIGE GEES EN DIE REGVERDIGING

Die beeldspraak wat agter die Bybelse begrip "regverdiging" lê, is die beeldspraak van God as Regter wat regspreek; dit is die beeldspraak van reg, regverdigheid en geregtigheid. Volgens Genesis 18:25 is God "die Regter van die ganse aarde." Hy is tegelykertyd ook 'n regverdige Regter. In die aangehaalde vers sê Abraham: "Laat dit ver van U wees om die regverdige saam met die goddelose om te bring sodat die regverdige gelyk is met die goddelose." Die kenmerk van die regverdige regter is dat hy "die regverdige regverdig en die skuldige skuldig verklaar" (Deut 25:1), terwyl "hy wat die goddelose regverdig verklaar en die regverdige skuldig verklaar, hulle altwee is vir die HERE 'n gruwel" (Spr 17:15). "Die heilige God sal Hom as die Heilige laat ken deur geregtigheid" (Jes 5:16). Romeine 3:4 haal in hierdie verband Psalm 51:6 aan wat van God sê: "U is regverdig wanneer U uitspraak doen." Die rede waarom God regverdig genoem word, is "omdat God sy verhouding met die mense gestand doen" en omdat "Hy uitspraak lewer in die guns van die regverdige" (Ps 7:10; 11:7; 37:32,33). (Woordelys van die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling, p 589).

Die merkwaardige is nou dat ons in Romeine 4:5 lees dat God "die goddelose regverdig verklaar." Daarmee lyk dit asof God sy regverdigheid prysgegee het. En inderdaad sou dit só gewees het as God nie in sy vrye genade en sondaarsliefde aan ons die plaasvervangende soenverdienste en geregtigheid van Jesus Christus toegereken het nie.

Dit is dan ook hoe die saak van die regverdiging inmekaar sit: "God vergewe naamlik ons sondes en verklaar uit vrye genade dié sondaars wat in Hom glo, regverdig. Hy doen dit, nie op grond van ons eie goedheid en werke nie, maar op grond van Jesus Christus se soenverdienste, Hy wat plaasvervangend vir ons die wet vervul het en ons straf tot die dood toe gedra het. Duidelik stel 2 Korintiërs 5:21 die saak: "Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees."

Nou is dit ook so dat hierdie leerstuk van die regverdiging van die sondaar uit genade deur die geloof op grond van Jesus Christus se plaasvervangende soenverdienste, een van die sentrale leerstukke van die Protestantisme is. Dit beskryf vir ons hoe 'n mens salig word.



Luther het byvoorbeeld gesê: "As die artikel van die regverdiging nie vasstaan nie, dan val alles." Calvyn wy nie minder as agt uitvoerige hoofstukke in sy Institusie aan die saak van die regverdiging deur die geloof nie (Inst III, 11-18). Hy sê dat die leerstuk van die regverdiging "die vernaamste grond is waarop die ware godsdiens moet rus, en daarom vra dit groter sorg en aandag" (Inst III, 11, 1). Inderdaad is dit die kern van die Protestantse belydenis, naamlik dat die mens geregverdig word deur die geloof waardeur hy aan dié saak deel kry wat lewensbelangrik is, naamlik geregtigheid wat voor God geld. Die leerstuk van die regverdiging deur die geloof is meermale genoem, "die artikel waarmee die kerk staan en val." Dit is so omdat die regverdiging vir Paulus (veral in die Briewe aan die Romeine en Galasiërs) 'n pregnante uitdrukking is van die evangelie van Jesus Christus. Regverdiging is vir hom 'n ander manier om te sê God vergewe sondaars wat glo. Hierdie basiese waarheid kom onder andere tot uitdrukking in Romeine 1:17: "In die evangelie kom juis tot openbaring dat die geregtigheid wat God skenk, van begin tot end 'n saak van geloof is, soos daar geskrywe is: Hy wat deur die geloof geregtigheid verkry het, sal lewe." Dieselfde gedagte kry ons ook in Filippense 3:9: Paulus sê dat hy alles prysgegee het om "een met Hom te wees: geregverdig nie op grond van my eie geregtigheid wat op die onderhouding van die wet berus nie, maar op grond van die geregtigheid wat op die geloof in Christus berus. Dit is die geregtigheid wat God op grond van die geloof gee."

Wat die mens betref, geld dit wat in Romeine 3:10 staan: "Daar is immers geskrywe: Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie." "Almal het gesondig en hulle het nie deel aan die heerlikheid wat God vir hulle bestem het nie" (Rom 3:23). En tog "word hulle, sonder dat hulle dit verdien, in sy genade geregverdig" (Rom 3:24). Hoe is dit moontlik? Die antwoord is: "deur die verlossing in Jesus Christus", want "hom het God gegee as offer wat deur sy bloed versoening bewerk het vir dié wat glo, en daardeur het God getoon dat Hy regverdig is" (Rom 3:25). Omdat Jesus Christus die straf wat op die sondaars moes neerkom, in die sondaars se plek gedra het, daarom word die sondaars as 'n regverdige in die oë van God gereken en omdat God regverdig is, spreek God hierdie "regverdiges" vry. "Daardeur word bevestig dat Hy regverdig is en dat Hy elkeen wat in Jesus glo, regverdig verklaar" (Rom 3:26). Die regverdiging is dus 'n begrip uit die regswêreld wat die genadige werk wat God aan sondaars doen, aandui; Hy doen hierdie genadige werk só dat sy geregtigheid daardeur nie skipbreuk ly nie, want hy straf wel regverdiglik die sonde; Hy straf dit egter nie aan sondaars nie, maar aan Jesus Christus. "Aangesien

ons nou geregverdig is deur sy bloed, staan dit soveel vaster dat ons deur Hom ook van die straf van God gered sal word" (Rom 5:9).

Veral in Romeine 5:1-11, maar ook elders, word die vrug van die regverdiging beskrywe. "Aangesien ons nou deur die geloof geregverdig is, het ons *vrede by God* deur onse Here Jesus Christus ... En ons verheug ons ook in die *hoop op die heerlikheid* wat God vir ons bestem het" (Rom 5:1-2). Hierdie hoop is so vas dat die mens daarvan vas oortuig is dat *niks "hom kan skei van die liefde van God* nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here" (Rom 8:38). "Omdat Christus in julle is, gee die Gees aan julle *die lewe* op grond van die regverdiging ... (Rom 8:10). 'n Ander vrug van die regverdiging is die volgende: "Julle word egter nie deur julle sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees, want die *Gees van God woon in julle"* (Rom 8:9). Hulle wat deur die geloof in Jesus Christus geregverdig is, is nie meer vyande of vreemdelinge nie, maar kinders van God en erfgename van al sy ryke beloftes. "En omdat julle kinders is, het God *die Gees van sy Seun in ons harte* gestuur, en in ons roep Hy uit: Abba! Dit beteken: Vader! Jy is dus nie meer 'n slaaf nie; *jy is nou 'n kind van God.* En omdat jy 'n kind is, het God jou ook sy *erfgenaam* gemaak" (Gal 4:6-7). "Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is *kinders van God* ... julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: Abba! dit beteken: Vader! Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename" (Rom 8:15-17).

Dit is verder merkwaardig hoeveel ander kernbegrippe van die evangelie in verband met die regverdiging gebring word. In Romeine 3:24 lees ons: "Maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, in *genade* geregverdig deur die *verlossing* in Jesus Christus". Dieselfde verbinding tussen genade, geloof en regverdiging kry ons in Romeine 4:4-5: "Die arbeider se loon word vir hom nie as 'n guns toegeken nie, maar as iets wat hom toekom. Maar die mens wat nie op wetsonderhouding staatmaak nie, maar *glo* in Hom wat die goddelose regverdig verklaar, vir hom word sy *geloof* tot geregtigheid gereken." In 2 Korintiërs 5:19 het ons die verbinding tussen regverdiging en die versoening in en deur Jesus Christus: "Die boodskap van *versoening* bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense *hulle oortredinge nie toereken nie."* Romeine 5:8-9 verbind weer God se sondaarsliefde met die regverdiging: "Maar God bewys sy *liefde* vir ons juis hierin dat *Christus vir ons gesterf het* toe ons nog sondaars was." Dit beteken dat "ons nou geregverdig is deur sy bloed." "So sê ook Dawid dat dié mens *geseënd* is aan wie God die geregtigheid toereken buite die wetsonderhouding om" (Rom 4:6). "Daarom, broers,



moet julle goed weet dat wat aan julle verkondig word, die *vergewing van sondes* deur Hom is, en dat elkeen wat glo deur Hom vrygespreek word van alle sondes" (Hand 13:38).

Wanneer Calvyn in sy Institusie (Inst III, 11) 'n definisie en omskrywing van die begrip regverdiging gee, dan grens hy hom skerp af teen die dwaalleer van Osiander én teen die leer, as sou die mens op grond van jou goeie werke en nie deur die geloof nie, voor God regverdig verklaar word. Die leer van Osiander word die leer van die *wesenlike regverdiging* genoem. Osiander sê dat regverdiging beteken "nie net dat ons deur onverdiende genade met God versoen is nie, maar ook dat ons *inderdaad regverdig gemaak* word" (Inst III, 11, 6) en nie net *regverdig verklaar* word nie. Die manier waarop ons regverdig gemaak word, is (volgens Osiander) dat God "sowel sy natuur as sy hoedanigheid in ons ingiet" (Inst III, 11, 5). Osiander sê "dat om geregverdig te word, nie net 'n term uit die regswêreld is wat vryspraak aandui nie, maar ons moet ook werklik *regverdig wees."* Hy sê dat Hy mense regverdig en tog bly hulle in werklikheid sondaars" (Inst III, 11, 11). Verder beweer hy: "Dit is tog onmoontlik dat God mense vir regverdig hou wat nie inderdaad regverdig is nie" (Inst III, 11, 12). Hierteenoor hou Calvyn vol dat regverdiging 'n term uit die regswêreld is, en dat dit primêr beteken dat God ons *regverdig verklaar*, natuurlik nie op grond van ons eie verdienste nie, maar op grond van die toerekening van Christus se geregtigheid aan ons. "U sien dat ons geregtigheid nie in onsself is nie, maar in Christus." "Dit is duidelik dat dit geheel en al deur die tussenkoms van Christus se geregtigheid is dat ons regverdiging voor God verkry. Dit is dieselfde as om te sê: Die mens is nie in homself regverdig nie, maar dat die geregtigheid van Christus deur toerekening aan hom oorgedra word, terwyl hy in werklikheid straf verdien ..." (Inst III, 11, 23).

Nêrens, sê Calvyn, leer die Bybel dat regverdiging beteken dat God sy goddelike natuur, sy wese in ons instort en ons só regverdig maak nie. Maar as God ons regverdig verklaar, beteken dit ook nie dat daar niks met die sondaar gebeur nie. Hy voer drie redes aan om aan te toon dat daar met die vryspraak werklik iets met die mens gebeur. In sy Institusie III, 11, 21 lees ons die volgende: "Regverdiging deur die geloof is versoening met God, en dit bestaan uitsluitlik in die *vergewing van sondes* ... regverdiging (sê Calvyn) kan met een woord genoem word: *vergewing van sondes."* Tweedens, sê Calvyn, is dit só dat regverdiging en *heiligmaking* onlosmaaklik aan mekaar verbonde is en slegs twee sye van dieselfde saak is. "Net soos Christus nie in aparte dele verdeel kan word nie, so is die twee sake, regverdiging en heiligmaking, wat in Hom tot 'n eenheid verbind is, onlosmaaklik aan me-

kaar verbonde ... Hoewel die Skrif albei (regverdiging en heiligmaking) met mekaar verbind, klassifiseer die Skrif hulle tog apart van mekaar, sodat die menigvuldige genade van God daardeur beter vertoon kan word" (Inst III, 11, 6). Die bedoeling van Calvyn is dat ons die beeldegroep van die regverdiging waarvan die beeldspraak uit die regswêreld is, volkome moet ontgin en ook die beeldegroep van die heiligmaking wat weer 'n ander beeldspraak het; maar ons moet dit só doen dat ons nie sal vergeet dat albei beeldegroepe op stuk van sake één en dieselfde werklikheid beskryf nie. Aspekte van die Bybelse waarheid wat in die één beeldegroep nie tot hulle reg kom nie, kom wel weer duidelik na vore in 'n ander beeldegroep. Daarom kan Calvyn sê dat die beeldspraak wat agter die begrip "regverdiging" lê, slegs beteken dat God die mens in juridiese sin, *regverdig verklaar*. So gesien, praat die beeldegroep van die regverdiging nie van die werklike vernuwing en verandering wat in die mens plaasvind nie. Dit is ook nie nodig nie, want hierdie aspek van vernuwing en verandering word wel uitvoerig in die beeldegroep van die wedergeboorte en heiligmaking na vore gebring. Die beeldegroep van die regverdiging wil nie soseer sê dat die mens in werklikheid verander word voor God nie, en so 'n nuwe mens word nie, maar wil beklemtoon dat die mens 'n *nuwe status* voor God kry, deur die toerekening van die geregtigheid van Christus aan die mens.

Calvyn wys ook op 'n derde saak, wat vir ons duidelik aantoon dat daar met die vryspraak werklik iets met die sondaar gebeur. Hy wys naamlik daarop dat die regverdiging geskied *deur die geloof*. Deur die geloof word ons as't ware met Christus verenig. As ons deur die geloof een met Hom is, dan het ons nie net deel aan sy Persoon nie, maar ook aan dié geregtigheid wat Hy deur sy lyding en sterwe voor God verdien het. So lees ons in 2 Korintiërs 5:21: "Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, *deur die eenheid met Christus*, deur God vrygespreek kan wees." God reken dus die mens regverdig, nie omdat die mens self die wet vervul het nie, maar omdat Christus in hulle plek die wet vervul het en *hulle deur die geloof in Christus is*. God se geregtigheid bly op dié manier onaangetas, want Hy oordeel en straf wel die sonde, maar Hy doen dit aan Christus, dit wil sê Christus Jesus word geoordeel en gestraf in ons plek. "Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God *deur Christus* die wêreld met Homself versoen het en *die mense hulle oortredinge nie toereken nie*" (2 Kor 5:19). "Hierin (sê Calvyn) is die wonderlike wyse van regverdiging geleë, dat die gelowiges, beklee met die geregtigheid van Christus, nie die oordeel wat hulle verdien het, vrees nie" (Inst III, 11, 11). Wanneer Calvyn 'n definisie van regverdiging gee, dan sê hy



die volgende: "Daarom vat ons regverdiging op as die aanneming waarmee God ons in sy guns ontvang asof ons regverdig is; en ons beweer dat hierdie regverdiging bestaan uit die vergewing van sonde en die toerekening van Christus se regverdigheid" (Inst III, 11,3).

Op verskillende plekke lê Calvyn klem daarop dat regverdiging nie deur die goeie werke plaasvind nie, maar dat die *geloof die middel* is waardeur ons geregverdig word. "Inteendeel, die mens sal *deur die geloof* regverdig word wanneer hy, uitgesluit uit die geregtigheid deur goeie werke, deur geloof die geregtigheid van Christus aanneem en geklee daarin, in die oë van God verskyn, nie as 'n sondaar nie, maar as 'n regverdige" (Inst III, 11,2). Maar die geloof as sodanig regverdig nie die mens nie. As dit die geval was, sou die geloof 'n verdienstelike goeie werk wees. Die genade van God sluit egter die verdienstelike goeie werke uit. In hierdie verband sê Romeine 11:6: "en as dit uit genade is, dan is dit nie uit verdienste nie, anders sou die genade nie meer genade wees nie." Volgens Romeine 4:3-5 en Galasiërs 3:6 is Abraham nie gered omdat hy "op wetsonderhouding staatgemaak het nie," maar "hy het in God geglo en God het dit vir hom as geregtigheid gereken." Geloof is die middel tot geregtigheid, maar nie die grond van die geregtigheid nie. Ook die Brief van Jakobus wat sterk klem op die dade lê, weerspreek nie Paulus wat sê dat ons alleen deur middel van die geloof geregverdig word nie. Jakobus sê alleen dat geloof eers egte geloof is as die geloof geregverdig word uit die goeie dade. Daarmee stem Paulus volkome saam. In 1 Korintiërs 6:9 sê Paulus: "Of weet julle nie dat mense wat onreg doen, geen deel sal kry aan die koninkryk van God nie?" Ook: "Hulle gee voor dat hulle God ken, maar hulle dade weerspreek dit" (Tit 1:16).

Artikel 23 van die Nederlandse Geloofsbelydenis stel die saak van ons regverdiging deur die geloof in Jesus Christus alleen, soos volg: "Ons glo dat ons geluksaligheid geleë is in die vergewing van sondes om Jesus Christus ontwil, en dat daarin ons geregtigheid voor God bestaan. Dit leer Dawid en Paulus ons deur te verklaar dat die mens se geluksaligheid *daarin bestaan dat God hom die geregtigheid sonder die werke toereken* (Ps 32:2; Rom 4:6). Dieselfde apostel sê dat ons verniet, dit wil sê uit genade, geregverdig is deur die verlossing wat in Jesus Christus is (Rom 3:24). Ons hou daarom hierdie grondslag altyd vas: Ons gee aan God die eer, verneder ons voor Hom, erken dat ons is wat ons is, en roem glad nie in onsself of in ons verdienste nie, maar maak staat en steun op die gehoorsaamheid van Christus alleen. Hierdie gehoorsaamheid is ons eie as ons in Hom glo; dit is genoegsaam om al ons ongeregtighede te bedek en die gewete van vrees, verbystering en skrik te bevry en om ons vrymoedigheid te gee om tot God te gaan ..."

Pragtig vat vrae en antwoorde 60 en 61 die saak soos volg saam: "*Vraag:* Hoe is jy regverdig voor God? *Antwoord:* Alleen deur 'n ware geloof in Jesus Christus; op so 'n wyse dat al kla my gewete my aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig het en dat ek nie een daarvan gehou het nie en dat ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is, skenk God nogtans aan my sonder enige verdienste van my kant, uit louter genade die volkome voldoening, geregtigheid en heiligheid van Christus. Dit reken Hy my toe asof ek nooit sonde gehaat of gedoen het nie, asof ek self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het. Aan hierdie weldaad het ek deel vir sover ek dit met 'n gelowige hart aanneem."

*Vraag:* Waarom sê jy dat jy alleen deur die geloof geregverdig is? *Antwoord:* Nie dat ek op grond van die waarde van my geloof vir God aanneemlik is nie, maar omdat alleen die voldoening, geregtigheid en heiligheid van Christus my geregtigheid voor God is. En dit kan ek nie anders as alleen deur die geloof aanneem en tot my eie maak nie."



# 23 DIE HEILIGE GEES EN DIE HEILIGMAKING

In die woord "heilig", soos dit in beide die Ou- en die Nuwe Testament gebruik word, lê daar altyd die gedagte van "afsondering". Iemand of iets is heilig wanneer dit afgesonder is van die sekulêre, die profane werklikheid. So word God heilig genoem omdat Hy die Verhewende, die Gans Andere is, afgesonder van wat wêrelds en sondig is. Jesaja 8:13 sê van God: "Die HERE van die leërskare – Hom moet julle heilig, en laat Hy julle vrees en Hy julle verskrikking wees." Om God te heilig, beteken dat die mens sal erken dat God die Heilige en Verhewende is. Dit is ook so dat die heilige God dae, dinge en mense heilig (en laat heilig). Dit beteken dat Hy hierdie sake opsy sit (of opsy laat sit) vir sy diens tot sy eer. So word ons opgeroep om die sabbatdag te heilig (byvoorbeeld Eks 20:8 en Neh 13:22). Dit beteken dat ons die rusdag tot God se diens en eer moet gebruik. In Eksodus 13:2 is daar die opdrag om die eersgeborenes te heilig. Die rede daarvoor is dat hulle aan die HERE behoort. "Heilig dit", sê die HERE, want "dit is myne." In Levitikus 8:30 word gesê dat Moses "Aäron, sy klere sowel as sy seuns en die klere van sy seuns geheilig het." In 2 Kronieke 26:18; 29: 5; 19; 31:6 word gestel dat nie net Aäron en sy seuns geheilig is nie, maar dat ook die "huis van die HERE," "die gereedskap" wat in sy huis gebruik is en "die tiendes van die beeste en kleinvee en die tiendes van die heilige gawes aan die HERE hulle God geheilig is." Eintlik is alles wat in verband met die heiligdom, die huis van die HERE staan, heilig, omdat al hierdie dinge (soos die altaar en die tempelgereedskap) afgesonder is van die gebruik vir gewone doeleindes en ingebring is in die kring van die diens van die HERE tot sy eer. In Matteus 23:17 en 19 word gesê dat "die tempel die goud heilig maak", en dat "die altaar die offergawe heilig." In sy hoëpriesterlike gebed sê Jesus van die gelowiges: "Hulle behoort nie tot die wêreld nie, net soos ek nie tot die wêreld behoort nie. Laat hulle aan U toegewy wees deur die waarheid. U woord is die waarheid . . . en ter wille van hulle wy Ek My aan U toe, sodat hulle ook deur die waarheid aan U toegewy kan wees" (Joh 17:17-19). In Johannes 10:36 sê Jesus dat Hy "deur die Vader afgesonder en na die wêreld toe gestuur is." Jesus Christus is dus dié groot afgesonderde, die groot Heilige van God en hulle wat deur die geloof in die woord van waarheid aan Hom ver-

bonde is, is ook heiliges voor God. Hulle is deur Jesus Christus se "eie bloed van hulle sondes gereinig" (Heb 13:12), want "hiervoor het Christus immers Homself as volkome offer deur die ewige Gees van God geoffer" (Heb 9:14). "Omdat God dit so wou, is ons vir Hom afgesonder (dit wil sê geheilig), deurdat Jesus Christus sy liggaam as offer gebring het, eens en vir altyd ... Deur één offer het Hy dié wat vir God afgesonder word, vir altyd volkome van sonde vry gemaak" (Heb 10:10 en 14). Hieruit blyk alreeds een van die grondbeginsels van die heiligmaking: Dit rus naamlik volkome op die vrymaking van sondes wat Jesus Christus deur sy eenmalige soenoffer vir hulle wat deur die geloof aan Hom verbonde is, verwerf het. Vanuit hierdie grond sal die gelowiges hulle dan ook "beywer vir 'n heilige lewe, waarsonder niemand die Here sal sien nie" (Heb 12:14). Heiligmaking beteken: "Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is" (2 Kor 3:18). In hierdie laaste aanhaling uit die Skrif word 'n verdere drie dinge in verband met die heiligmaking na vore gebring. Eerstens dat Jesus Christus nie net deur sy versoenende offerande die bron van ons heiligmaking is nie, maar dat Hy tegelykertyd die norm en inhoud van die heiligmaking is. Dit word uitgedruk deur die uitdrukking dat ons na sy beeld verander word. Tweedens blyk dit dat heiligmaking 'n proses is, want "die heerlikheid wat van ons afstraal neem steeds toe." Derdens blyk dit dat Hy wat die heiligmaking bewerk, is "die Here wat die Gees is."

Maar uit wat ons alreeds in verband met die heiligmaking gesê het, blyk dit duidelik dat heiligheid, as dit op die mens betrekking het, nie slegs bestaan in uiterlike afsondering van wat wêrelds en sondig is nie, maar dat dit ook iets innerlik moet wees wat uit die hart voortkom. Daar moet 'n innerlike verandering binne-in die mens plaasvind wat moet lei tot reinheid, heilige gedagtes en 'n lewe wat aan God toegewy is.

Daar is verder 'n baie nou verbondenheid tussen vergewing van sondes, regverdiging en heiligmaking. Psalm 32:1-2 sê: "Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe is, wie se sonde bedek is. Welgeluksalig is die mens aan wie die HERE die ongeregtigheid nie toereken en in wie se gees geen bedrog is nie." Die beeldspraak wat agter die regverdiging lê, is dat God ons vryspreek van ons *sonde;* die beeldspraak wat agter die heiligmaking lê, is dat God ons vry maak van *onreinheid* en van *die besmetting van die sonde.* Heiligmaking is die deur God gewerkte nuwe lewe in die mens, dié mens wat vergewing van sondes én die regverdigverklaring van die sondaar deur die geloof in Jesus Christus ontvang het. Albei, regverdiging én heiligmaking, kan alleen deur die geloof aangeneem word. Heiligmaking is in 'n sekere sin vrug van



die regverdigmaking wat die gelowige ontvang het. Hy wat regverdig verklaar is en wat vergewing ontvang het, *moet* eenvoudig goeie werke doen en heilig lewe. Maar nou is dit nie só dat sondevergiffenis en regverdiging die werk van God is, en heiligmaking die mens se bydrae is in die proses van verlossing nie. *Brownson* het eenkeer gesê dat ons nooit die volgende beskouing mag hê nie, naamlik dat die goeie tyding is dat God ons sondes vergewe en die slegte tyding dat *ons* nou heilig moet wees nie. Al drie, vergewing van sondes, regverdiging én heiligmaking is geheel en al God se genadige werk in en deur Jesus Christus. Daarom sê die Korter Westminsterse Kategismus dan ook: "Heiligmaking is die *werk van die vrye genade van God,* waardeur ons as hele mens na die beeld van God vernuwe word en waardeur dit vir ons moontlik gemaak word om al meer en meer die sonde af te sterwe en in geregtigheid te lewe."

Dit is dus so dat daar in die regverdiging 'n innerlike drang lê om tot heiligmaking voort te gaan. Die sedelike lewe spruit uit die geloofslewe voort en is onlosmaaklik daaraan verbonde. Die heiligmaking is vrug van die gelowige se gemeenskap met Christus se dood en opstanding deur die geloof. "Deur die doop is ons immers saam met Hom vir sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die heerlike magsdaad vàn die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei" (Rom 6:4). "Julle het tog van Hom gehoor, en omdat julle sy volgelinge is, is julle onderrig volgens die waarheid wat in Jesus is. Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou mens in julle, wat deur die sondige begeertes verteer word. Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mense wat na die beeld van God in ware geregtigheid en heiligheid geskep is" (Ef 4:21-23). Daar is dus ook 'n negatiewe aspek aan die heiligmaking verbonde, wat in bogenoemde aanhalings uit die Skrif genoem word "die lewe wat ons vroeër gelewe het," en wat vir die gelowige "saam met Christus gesterwe het en begrawe is." Die heiligmaking laat die sondaar sy sondige aard al meer en meer ken. Die positiewe aspek is egter dat Jesus Christus deur sy Heilige Gees ons uit genade al meer en meer die krag gee om teen die sonde te stry. Dit is dus nie so dat die gelowige wat vergiffenis van sonde ontvang het en deur God regverdig verklaar is, sommer eensklaps volmaak heilig is nie. Die Heilige Gees plant die heiligheid in prinsipe, soos 'n saadjie in ons lewe in en dit moet geleidelik in ons lewe groei en tot volle wasdom kom. In hierdie lewe bereik ons egter nooit die volmaakte heiligheid nie. Die sonde en onreinheid bly nog altyd in ons lewe voortbestaan. Daarom word ons opgeroep om gedurig teen die sonde te stry en om te probeer word wat ons in beginsel in Christus is: "geroepe heiliges" (Rom 1:7). Ons mag nooit

vergeet dat "as ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie" (1 Joh 1:8). Daarom moet ons gedurigdeur stry, waak en bid. "Waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is gewillig maar die vlees is swak" (Matt 26:41). Dit geld ook vandag nog woord vir woord, selfs vir die allerheiligste onder ons. Vraag en antwoord 114 van die Heidelbergse Kategismus stel hierdie saak soos volg: *Vraag:* "Maar kan dié wat tot God bekeer is, hierdie gebooie volmaak gehoorsaam?" *Antwoord:* "Nee, want selfs die allerheiligste het, solank hulle in hierdie lewe is, nog maar 'n nietige begrip van hierdie gehoorsaamheid, maar tog so dat hulle met 'n ernstige voorneme begin om nie alleen volgens party nie, maar om volgens al die gebooie van God te lewe." Paulus sê in verband met hierdie gedurige stryd van die gelowige, die volgende: "Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie. Wat die sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer. Hierdie dinge staan lynreg teenoor mekaar en daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie" (Gal 5:16-17). Maar wanneer Jesus Christus eenmaal verskyn, dan sal ons wees soos Hy is. Dit sal ons wees, nie omdat ons ooit volmaakte heiligheid kan bereik nie, maar omdat God dit aan die einde van ons lewe as 'n gawe van sy genade aan ons sal skenk. In verband met ons uiteindelike gelykvormigheid aan Jesus Christus, sê 1 Johannes 3:2: "Geliefdes, ons is nou reeds kinders van God. Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees." Ons wys dus op grond van die Skrif en belydenis alle perfeksionisme af, alle gedagtes wat verkondig dat die gelowige alreeds in hierdie lewe volmaak heilig kan wees. Hierdie leer van die perfeksionisme is nie alleen onskriftuurlik nie, maar dit kan ook mense wat gedink het dat hulle volmaaktheid bereik het en wat dan weer in sonde val, tot die wreedste ontnugtering bring en in die diepste wanhoop dompel. Hierdie afwysing van die perfeksionisme mag geensins van ons onverskillige en goddelose mense maak nie; in alle erns moet die gelowige gedurigdeur hierdie taak van heiligmaking aanpak. In vraag 64 vra die Heidelbergse Kategismus dan ook: "Maar maak hierdie leer nie mense onverskillig en goddeloos nie?" Die antwoord sê: "Nee, want dit is onmoontlik dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sou voortbring nie." Ons heiligmaking, is dus tegelykertyd gawe van God se genade én taak van ons lewe. In hierdie verband het *Vinet* eenkeer gesê: "Die Christen verwag alles van die genade van God, maar hy werk tegelykertyd asof alles van homself afhang!"



Daar is egter nie net 'n noue samehang tussen heiligmaking én regverdiging en vergiffenis van sonde nie. Daar is ook 'n onlosmaaklike samehang tussen heiligmaking en geloof. Luther het eenkeer gesê: "geloof doen sonder ophou goeie werke ... is altyd besig om goeie werke te doen." Natuurlik is hierdie goeie werke wat deel van ons heiligmaking is, nooit verdienstelike goeie werke nie, maar altyd goeie werke wat ons uit dankbaarheid doen tot God se eer en tot sy verheerliking. Net soos die geloof die hand, die instrument is waarmee ons die gawe van regverdiging aanneem, só is die geloof ook die instrument waarmee ons die gawe van die heiligmaking aanneem. Deur die geloof word ons met Jesus Christus verbind as die Bron van die nuwe, geheiligde lewe wat God deur sy Gees in ons tot ontplooiing laat kom. Deur klem te lê op die noue verband tussen geloof, regverdiging en heiligmaking, word ons daarvan weerhou om ons heiligmaking as eiegeregtigheid te sien. Deur die geloof rus ons heiligmaking in die regverdiging, wat God in sy vrye genade aan ons op grond van die soenverdienste van Jesus Christus skenk. As ons heiligmaking die vrug van ons regverdiging is, en ons regverdiging 'n gawe van die vrye genade van God is, dan kan hierdie vrug nooit 'n verdienste van ons kant wees nie. Vrae en antwoorde 62 en 63 spreek in hierdie verband 'n duidelike taal. Vraag 62 vra: "Maar waarom kan ons goeie werke nie die geregtigheid voor God of 'n deel daarvan wees nie?" Dan word geantwoord: "Omdat die geregtigheid wat voor die strafgerig van God kan bestaan, heeltemal volmaak en in alle opsigte met die wet van God ooreen moet stem, en dat ook ons beste werke in hierdie lewe almal onvolkome en met sonde besmet is." Vraag 63 stel: "Wat! Verdien ons goeie werke dan niks nie terwyl God hulle tog in hierdie en in die toekomstige lewe wil beloon?" Dan kom die antwoord: "Hierdie beloning word nie uit verdienste nie, maar *uit genade* gegee." In hierdie verband word na Lukas 17:10 verwys: "As julle alles gedoen het wat aan julle opgedra is, sê dan net: Ons is maar slawe wat niks verdien het nie. Ons het net gedoen wat ons verplig was om te doen." As daar dan van die gelowiges gesê word dat "hulle loon groot is in die hemel" (Matt 5:12; Luk 6:23), en wanneer 1 Korintiërs 3:8 sê: "God sal elkeen beloon volgens sy werk", dan is dit in die lig van Skrifplekke soos Lukas 17:10, Romeine 4:4-6 en Galasiërs 2:16 duidelik dat God hierdie beloning nie uit verdienste skenk nie, maar uit louter genade. Omdat heiligmaking 'n genadegawe en genadewerk van God in ons lewe is, daarom mag ons heiligmaking nooit sien as bloot die mens se sedelike vooruitgang en verbetering deur sy eie natuurlike vermoëns en krag nie. Die filosoof *Kant* het heiligmaking só gesien, en op sy voetspoor het die vrysinnige teologie geleer dat heiligmaking bestaan uit die voortdurende verlos-

sing van die mens se laere self, deurdat sy hoëre self geleidelik die oorhand oor die laere self kry. Wanneer ons egter hierdie dwaalweg vermy wat sê dat heiligmaking gewoonweg net sedelike lewensverbetering is, en dat onsself uit eie krag dit kan bereik, dan beteken dit nie dat egte heiligmaking geen invloed op ons alledaagse lewenspraktyk sal hê nie. Volgens Johannes 15:2, 8 en 16 wil Jesus juis dat hulle wat deur die geloof aan Hom verbonde is, soos die loot aan die wingerdstok, "veel vrug sal dra," "vrugte wat hou." Romeine 8:13 sê: "As julle julle lewe deur die sondige natuur laat beheers, gaan julle die dood tegemoet, maar as julle deur die Gees 'n einde maak aan julle sondige praktyke, sal julle lewe." Dieselfde gedagte-inhoud kry ons ook in Galasiërs 5:7-8: "Moenie julleself mislei nie. God laat nie met Hom spot nie. Wat 'n mens saai, dit sal hy ook oes. Wie op die akker van die sondige natuur saai, sal van die sondige natuur dood en verderf oes. Wie op die akker van die Gees saai, sal van die Gees die ewige lewe oes." In Romeine 13:1 doen Paulus 'n beroep op die gelowiges om hulle oor te gee aan God "as lewende heilige offers." "Dit is," sê hy, "die wesenlike van die godsdiens wat julle beoefen." Die gelowige moet toelaat dat "God hulle verander deur hulle denke te vernuwe. Dan sal hulle kan onderskei wat die wil van God is, wat voor Hom goed en aanvaarbaar en volmaak is" (vers 2). Daarom kan 1 Tessalonisense 4:3 ook sê: "Dit is die wil van God: julle heiligmaking".

Soos ons alreeds vroeër herhaaldelik gestel het, is wedergeboorte, net soos geloof, regverdiging, heiligmaking en so meer, slegs verskillende maniere om die verskillende aspekte van die rykdom van die één heil wat daar in Jesus Christus is, te beskrywe. Daarom is daar nie net 'n noue verband tussen heiligmaking, vergiffenis van sondes, geloof en regverdiging nie (soos ons hierbo aangetoon het), maar ook tussen wedergeboorte en heiligmaking. Agter die begrip wedergeboorte lê die beeldspraak van die nuwe mens en van die nuwe lewe wat God in ons begin; agter die begrip "heiligmaking" lê die gedagte dat God nie net hierdie nuwe lewe in ons begin nie, maar dat Hy dit ook deur die werking van sy Gees laat ontplooi en laat groei. Die verwantskap tussen wedergeboorte en heiligmaking is dus dié van "begin" en "ontplooiing", van "die plant van die nuwe saadjie" en "die groei en vrugte dra." Altwee gedagtes word onder andere in Filippense 1:6 uitgedruk. Daar sê Paulus: "Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Jesus Christus sal kom."

Samevattend kan ons sê: God heilig hulle wat aan Hom behoort *in Christus;* Hy doen dit *deur die Heilige Gees;* die Heilige Gees maak gebruik van *die woord van die waarheid;* hierdie heiligmaking word



aanvaar *deur die geloof* en die doel daarvan is 'n *lewe van diens en liefde.* Laat ons kortliks na elkeen van hierdie vyf elemente kyk:

1 God heilig ons in Christus omdat sy soenverdienste die enigste grond en fondament van die heiligmaking is. "God het ons *in Christus* geseën met *al die seëninge* van die Gees wat daar in die hemel is" (Ef 1:3), óók met die seëning van die heiligmaking. Daarom word die gemeente dan ook "die geheiligdes in Christus, die geroepe heiliges" genoem (1 Kor 1:2, ou vertaling). In hierdie verband sê 1 Korintiërs 1:30: "Aan God is dit te danke dat julle met Christus verenig is. Hy het vir ons geword die wysheid wat van God kom: die vryspraak, die heiligmaking en die verlossing." Ook wat ons heiligmaking betref, werk die Heilige Gees nooit sonder Christus nie. Die Heilige Gees verbind ons juis met Jesus Christus in wie ons die volle rykdom van geestelike seëninge het, ook ons heiligmaking. Jesus sê juis: "En Ek heilig Myself vir hulle, sodat hulle ook in waarheid geheilig kan word" (Joh 17:19 ou vertaling). "Ons is geheilig deur die offer van die liggaam van Christus, net eenmaal" (Heb 10:10, ou vertaling). "Julle is geheilig, julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God" (1 Kor 6:11).

2 Laasgenoemde twee aanhalings uit die Skrif is belangrik. Hulle laat blyk dat die eenmalige en afgehandelde grond vir ons heiligmaking die soenoffer van Jesus Christus is, *maar dat die Heilige Gees dié Persoon is wat die heiligmaking uitgebreidheid in die tyd en in die lewe van die gelowiges gee.* Romeine 8:11 sê: "Omdat die Gees van Hom deur wie Jesus uit die dood opgewek is, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon." Hoewel dit nie die enigste betekenis van die sinsnede is dat God deur sy Gees ons sterflike liggame lewend sal maak nie, is dit ook só dat ons sterflike liggame in hierdie lewe lewend gemaak word om 'n lewe van heiligmaking te lei. Van die gemeente sê 2 Tessalonisense 2:13 "dat God hulle van die begin af verkies het tot saligheid in heiligmaking van die Gees en geloof in die waarheid." 1 Petrus 1:2 noem ook die gemeentes hulle wat uitverkies is "in die heiligmaking van die Gees", terwyl Titus 3:5 sê "Hy het ons verlos, nie op grond van iets wat ons vir ons regverdiging gedoen het nie, maar op grond van sy eie ontferming. Dit het Hy gedoen deur die wedergeboorte wat die sonde afwas, en deur *die Heilige Gees wat nuwe lewe gee."*

3 Maar nou is dit nie so dat die Heilige Gees ons heilig maak deur 'n misterieuse werking buite die woord van God om nie. 'n Lewe van heiligmaking is 'n lewe wat geleef word *uit die woord van God.* Daarom sê Jesus dan ook: "Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waar-

heid" (Joh 17:10, ou vertaling). Paulus sê dan ook: "Maar nou vertrou ek julle aan God toe en aan die woord van sy genade. Die woord is magtig om julle op te bou en julle in die seëninge te laat deel wat Hy aan al die gelowiges as erfdeel belowe het" (Hand 20:32). Eén van hierdie "seëninge", so het ons hierbo gesien, is die heiligmaking. Van die gelowiges word gesê: "Julle is immers weergebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad: die lewende en ewige woord van God" (1 Pet 1:23).

Dit is nie net nodig om op die werking van die Gees deur *middel van die woord* klem te lê teenoor sommige sektes wat sê dat die Gees direk in ons werk nie, maar ook teenoor Rome wat leer dat die *sakramente* die groot middels tot heiligmaking is. Volgens hulle word die heiligmakende genade deur middel van die sakramente in die lewe van die gelowiges in gegiet.

4 Hierbo het ons alreeds uitvoerig aangetoon dat die *geloof* die enigste instrument is waardeur ons nie alleen geregverdig word nie, maar waardeur ons die heiligmaking kan aanneem. Van die lewe in heiligmaking sê Galasiërs 2:20: "En nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, *leef ek in die geloof in die Seun van God* wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê." Dieselfde lewe word bedoel wanneer Paulus vir die gelowiges bid, "dat Christus *deur die geloof* in hulle harte sal woon en dat hulle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees" (Ef 3:17). 2 Tessalonisense 2:13 sê: "Julle is gered deurdat die Gees julle vir Hom afgesonder het (geheilig het) en deurdat julle *die waarheid glo.*"

5 Die *doel* van die heiligmaking is 'n lewe uit liefde tot diens van ons naaste en tot eer en verheerliking van God. Veral die woord "liefde" is in bostaande sinsnede belangrik. 1 Timoteus 1:5 sê juis: "Maar die doel van die gebod is liefde uit 'n rein hart en 'n goeie gewete en 'n ongeveinsde geloof" (ou vertaling). Hierdie liefde maak dan ook die kern uit van 'n lewe wat gewortel is in die heiligmaking.



# 24 DIE HEILIGE GEES EN DIE VOLHARDING

Die leerstuk van die volharding van die heiliges is 'n tipiese Calvinistiese leerstuk, en dit hang saam met die leer van die predestinasie; dit is as't ware 'n voortvloeisel uit die predestinasieleer. Nieteenstaande die besware teen hierdie leer van die kant van die Rooms-Katolisisme, die Lutheranisme en die vrysinnige teologie, is dit 'n troosryke en tegelykertyd 'n noodsaaklike leerstuk. Dit is 'n troosryke leerstuk, omdat dit laat blyk dat die ware gelowiges seker kan wees van hulle saligheid omdat hierdie leer duidelik maak dat nie net die begin en voortgang van ons lewe uit die geloof in God se hand rus nie, maar dat ook die voleinding van ons geloof veilig in sy hande rus. Hiermee is dan ook die verband aangetoon tussen wedergeboorte, heiligmaking en volharding. Die beeldspraak van die wedergeboorte praat oor die *oorsprong* van die nuwe lewe in die gelowige; die beeldspraak van die heiligmaking praat oor die *voortgang* van hierdie nuwe lewe, terwyl die beeldspraak wat agter die volharding lê, oor die *voleinding, die voltooiing* daarvan deur God, die Heilige Gees, praat. God, die Heilige Gees, is nie net dié Een wat die nuwe lewe in ons begin nie, is nie net dié Een wat die heerlike werk van God se genade in ons van dag tot dag volbring nie, maar is ook die Voleinder van daardie werk (sien Gesang 194:5). En daarom is hierdie leer nie net troosryk nie, maar ook noodsaaklik, omdat die Skrif ons leer dat ons nie uit eie krag in die geloof tot aan die einde van ons lewe kan volhard nie, maar dat dit God is wat deur sy Gees ons in die geloof tot aan die einde van ons lewe laat volhard. God se heilswerk in ons is en bly van die begin tot aan die einde, God se werk. Dit is juis *God* se getrouheid wat aan ons die sekerheid van ons geloof en saligheid skenk. Hierdie sekerheid word onder andere in antwoord 54 van die Heidelbergse Kategismus bely. Die vraag lui: "Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk?" Die antwoord is: "Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag, vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van ware geloof van die begin van die wêreld af tot nou toe vergader, beskerm en onderhou en dat ek daarvan 'n lewende lid is *en ewig sal bly.*" Die ware gelowiges kan val, kan selfs baie diep val, maar kan nooit geheel en al verval nie. Dit is so omdat God hulle aan die hand gevat het en vashou. Die Bybel self stel aan ons

die eis van volharding. In Matteus 24:13 lees ons: "Maar wie tot die einde volhard, sal gered word," terwyl Jakobus 1:3-4 sê: "As julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard. En die volharding moet end-uit volgehou word ..." Maar nou word dit uit die Skrif duidelik dat dit God is wat ons by die hand neem en ons end-uit laat volhou. Jesus sê: "Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie. Dié wat die Vader vir My gegee het, is die belangrikste van almal, en niemand kan hulle uit die hand van die Vader ruk nie. Ek en die Vader is een" (Joh 10:28-30). Ook uit Johannes 17:12 blyk dit dat geen ware gelowige, geen uitverkorene ooit verlore sal gaan nie, omdat God hulle vashou en end-uit bewaar: "Toe ek by hulle was, het Ek hulle in u Naam bewaar, die Naam wat U My gegee het. Ek het hulle beskerm, en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die een wat verlore moet gaan sodat die Skrif vervul kan word." God het selfs Petrus, die man van gedurige val en weer opstaan, bewaar: "Simon, Simon! Luister! Die Satan het daarop aangedring om julle soos koring te sif. Maar Ek het vir jou gebid dat jou geloof jou nie begewe nie. As jy weer tot inkeer gekom het, moet jy jou broers versterk" (Luk 22:31-32).

As ons hieruit 'n voorlopige omskrywing van wat volharding is, moet gee, dan kan ons sê: Hulle wat God na sy voorneme geroep het tot gemeenskap met sy Seun, bewaar God kragtig deur sy Heilige Gees tot die einde toe in die staat van genade.

Rome, die Remonstrante en andere leer egter dat die gelowige wel geheel en al uit die genade en dus uit die ewige saligheid kan val. Hulle staan hierdie leer voor, omdat hulle leer dat die mens 'n vrye wil het en dat hy, nadat hy 'n tydlank geglo het, uit vrye keuse weer totaal uit die genade van God kan uitval. Omdat die mens se saligheid van die mens afhang (van sy vrye wil en keuse), daarom kan 'n mens (volgens Rome en die Remonstrante) geen absolute sekerheid oor jou saligheid hê nie. Omdat die Calvinisme die sekerheid van die uitverkorene se saligheid op die getrouheid van God en sy genade bou, daarom kan die ware gelowige wel absolute sekerheid oor sy saligheid hê.

Rome en die Remonstrante beroep hulle vir hulle siening onder andere op 1 Johannes 2:19 en Hebreërs 6:4-6. In 1 Johannes 2:19 lees ons van die antichriste: "Hulle het uit ons geledere voortgekom." Daaruit maak Rome en die Remonstrante die afleiding dat selfs die antichriste gelowiges was wat net vir 'n tydlank geglo het en toe afvallig geword het. As ons egter die hele vers 19 lees, dan sien ons dat hulle nooit werklike gelowiges was nie; hulle was slegs skyngelowiges en was duidelik bewus daarvan. Vers 19 sê juis: "Hulle het wel uit ons geledere voortgekom, maar niemand van hulle was ooit werklik een van ons nie, want as hulle werklik van ons was, sou hulle by ons gebly het. Dit moet duidelik word dat geeneen van hulle werklik een van ons is nie." In Hebreërs 6:4-6 lees ons: "Wanneer mense een keer deur God verlig is, die hemelse gawe ontvang en deel gekry het aan die Heilige Gees, die goeie woord van God leer ken het en die kragte van die toekomstige wêreld ondervind het en dan nogtans afvallig geword het, is dit onmoontlik om hulle weer tot bekering te bring. In hulleself kruisig hulle immers weer die Seun van God en maak hulle Hom in die openbaar tot 'n bespotting." Ook hierdie Skrifgedeelte kan nie as bewys dien dat die ware gelowiges weer totaal in sonde kan verval nie, want uit die res van die Skrif (soos byvoorbeeld 1 Johannes 2:19), blyk dit duidelik dat hierdie mense wat "afvallig geword het" slegs skyngelowiges was, al is hulle deur God verlig en al het hulle die hemelse gawe ontvang en deel gekry aan die Heilige Gees.

Die ware gelowiges daarenteen, is ten volle verseker dat hulle nooit deur God losgelaat sal word nie. Hebreërs 10:22 praat van "die volle geloofsekerheid" van hulle wat God met 'n opregte hart nader en vers 23 sê dan: "Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het." Die volgende Skrifgedeeltes laat ook blyk dat God belowe het dat Hy nooit die ware gelowige sal loslaat nie: Romeine 11:29 sê duidelik: "As God eenmaal aan mense sy genadegawes geskenk en hulle geroep het, trek Hy dit nooit weer terug nie." 1 Tessalonisense 5:23-24 sê in hierdie verband: "Mag God, die bron van alle vrede, julle volkome aan Hom toegewyd maak en julle geheel en al, na gees, siel en liggaam, so bewaar dat julle onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom! Hy sal dit ook doen, want Hy wat julle roep, is getrou." Daarom kan die gelowiges saam met Paulus sê: "Ek is veral ook daarvan oortuig dat God wat die goeie werk in julle begin het, dit eind-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom" (Fil 1:6). Die ware gelowige juig dan ook met die volgende woorde: "Want ek weet op wie ek vertrou, en ek is daarvan oortuig dat Hy magtig is om wat Hy aan my toevertrou het, tot op die dag dat Hy weer kom, in stand te hou" (2 Tim 1:12). Verder: "Die Here sal my red van elke onheil en my behoue in sy hemelse koninkryk bring. Aan Hom kom die eer toe tot in alle ewigheid! Amen" (2 Tim 4:18).

Omdat hulle al die eer aan God alleen wou gee, óók wat die *voleinding* van ons saligheid aanbetref, het die Dordtse vadere op grond van Skrifgedeeltes soos dié wat ons hierbo aangehaal het, en in aansluiting by die leer van die uitverkiesing die hele Hoofstuk V van die Leerreëls tesame met die "Verwerping van dwalings oor die leer van die vol-

harding van die heiliges," aan die leer van die volharding van die heiliges gewy. Laat ons ter afsluiting van hierdie hoofstuk oor die volharding, kortliks na 'n paar uittreksels uit hierdie belydenisskrif van ons kerk kyk:

Die kernpunt van die volharding is die volgende: "Die bekeerdes kan nie in die genade volhard as hulle op eie kragte sou steun nie. Maar God is getrou. Uit barmhartigheid bevestig Hy hulle in die genade wat eenmaal aan hulle gegee is, terwyl Hy hulle ook kragtig bewaar tot die einde toe" (V, 3). "Tog verlos Hy hulle in hierdie lewe nie heeltemal van die vlees en al sy sondes nie" (V, 1). "Daarom moet hulle hulle voortdurend voor God verootmoedig" en "so moet hulle aangaan totdat hulle, losgemaak van hierdie liggaam van die dood met die Lam van God in die hemel regeer" (V, 2). "Soms verloor hulle selfs vir 'n tyd lank die besef van die genade" (V, 5), maar "God wat oneindig barmhartig is, neem ... sy Heilige Gees nie heeltemal van sy eiendom weg nie, selfs nie in hulle jammerlike sondeval nie" (V, 6). "Wanneer hulle so in die sonde val, bewaar God eerstens die onverganklike saad waaruit hulle weer gebore is ... en tweedens vernuwe Hy hulle deur sy Woord en Gees seker en kragtig tot bekering" (V, 7). "Omdat dit van God afhang", kan hulle egter nooit verlore gaan nie (V, 8). "Die gelowiges kan sekerheid hê van hierdie bewaring van die uitverkorenes tot saligheid en van die volharding van die ware gelowiges in die geloof" (V, 9). "Hierdie sekerheid spruit nie voort uit enige besondere openbaring wat sonder of buite die Woord plaasgevind het nie, maar uit die geloof aan die beloftes van God wat Hy in sy Woord baie oorvloedig tot ons troos geopenbaar het" (V, 10). "Deur die Heilige Gees skenk Hy steeds die sekerheid van die volharding" (V, 11). "Dit is egter totaal onmoontlik dat hierdie sekerheid van die volharding die ware gelowiges hoogmoedige en sorgelose mense sou maak. Inteendeel, dit is 'n ware wortel waaruit die nederigheid, kinderlike vrees, die ware vroomheid, die lydsaamheid in alle stryd, die vurige gebede die standvastigheid onder die kruis, die standvastigheid in die belydenis van die waarheid en die standvastigheid van 'n ware vreugde in God spruit" (V, 12). "Dit het God behaag om hierdie goddelike genadewerk deur middel van die verkondiging van die evangelie in ons te begin. So bewaar Hy dit, sit dit voort en voleindig Hy dit deur die aanhoor, die lees en die oordenking van die evangelie, deur die aansporing, die vermaning en die beloftes daarin, asook deur die gebruik van die heilige sakramente" (V, 14).

Opsommend word in "Verwerping", paragraaf 1 die volharding soos volg onder woorde gebring: "Die Heilige Skrif getuig immers dat die volharding die vrug is van die uitverkiesing en dat dit deur die krag



van die dood, die opstandi
uitverkorenes gegee word."

In hierdie lig gesien, is d
wat aan God al die eer wil
wiges is. Die volharding i
Heilige Gees.

# 25 DIE HEILIGE GEES EN DIE GEBED

In Lukas 11:9-13 lees ons: "Ek sê vir julle: Vra, en vir julle sal gegee word. Soek en julle sal kry. Klop en vir julle sal oopgemaak word. Elkeen wat vra, ontvang, en elkeen wat soek, kry, en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word. Is daar 'n vader onder julle wat as sy seun vir hom 'n vis vra, vir hom 'n slang sal gee in plaas van die vis? Of as hy 'n eier vra vir hom 'n skerpioen sal gee? As julle wat sleg is dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee – die Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die *Heilige Gees* gee vir dié wat Hom vra." Matteus sê: "Hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemel is, *goeie gawes* gee aan dié wat dit van Hom vra?" (Matt 7:11). Op grond hiervan het die Heidelbergse Kategismus (Vraag en antwoord 116) op die vraag waarom die Christene moet bid, gesê: "Omdat die gebed die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis. En omdat God sy genade én Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom uit die hart met smeekbedes sonder ophou daarom bid en daarvoor dank." En inderdaad word ons in 1 Tessalonisense 5:17-19 opgeroep om sonder ophou te bid. Daar lees ons: "Bid gedurig. Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag. Moenie die Heilige Gees teenstaan nie."

Uit die Kategismus en uit die Skrifgedeeltes waarop dit steun, val drie sake op:

*Eerstens:* God verwag van ons dat ons sal bid en dat ons sonder ophou sal bid. Van die gelowige se kant is hierdie vrye toegang tot God, hierdie geleentheid om met God onder alle lewensomstandighede te mag praat, 'n onuitspreeklike groot voorreg.

*Tweedens:* Uit bostaande blyk dat daar tussen gebed en die Heilige Gees 'n onlosmaaklike verband is. Dit blyk ook uit die volgende: By geleentheid van die doop van Jesus word gesê" "En terwyl Hy staan en bid, het die hemel oopgegaan en het die Heilige Gees in sigbare gestalte soos 'n duif op Hom neergedaal" (Luk 3:21-22). In Handelinge 1:14 lees ons: "Hulle het almal eensgesind volhard in die gebed ..." En dan: "Toe die dag van die pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar. Skielik was daar 'n geluid uit die hemel soos van 'n geweldige stormwind ... En almal is met die Heilige Gees vervul ..." (Hand 2:1,2 en 4). Die Here sê aan Ananias in Damaskus aangaande



Saulus van Tarsus: "Hy is besig om te bid." Ananias sê dan as hy Paulus besoek: "Saul, broer, die Here Jesus wat aan jou verskyn het toe jy op pad hierheen was, het my na jou gestuur sodat jy weer kan sien en met die Heilige Gees vervul kan word" (Hand 9:11 en 17). In Handelinge 10:2 word van kaptein Kornelius gesê, "hy het gereeld tot God gebid." Petrus besoek hom dan en "terwyl Petrus nog praat, het die Heilige Gees op almal gekom wat na die woord geluister het" (vers 44). Trouens, ons lees telkens in verband met hulle wat uitgestuur is om die evangelie te verkondig, dat daar gebid is, dat hulle die hande opgelê is en dat hulle, "deur die Heilige Gees gestuur, gegaan het" (Hand 13:3-4).

Uit feitlik al hierdie plekke blyk dit dat daar om die Heilige Gees gebid is, en dat Hy dan mense vervul en hulle vir hulle Christenskap en vir hulle taak as Christene toegerus het. Later sal dit egter blyk dat daar nie net dié verband tussen die Heilige Gees en die gebed is nie (naamlik dat ons vir Hom moet bid dat Hy in ons moet kom woon nie), maar dat die Heilige Gees tegelyk oorsprong van die gelowige gebed is, en dat Hy die gebede van die gelowiges begelei.

'n *Derde* saak wat uit die Kategismus en die Skrifgedeeltes waarop dit steun, na vore tree, is "dat die gebed die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis." Calvyn het in hierdie verband gesê: "Die gebed neem in die diens van God die vernaamste plek in" (Kommentaar op Hand 20:21). Maar nou is hierdie uitsprake nie só te verstaan dat ons lewe uit die geloof (waarin ons uit dankbaarheid die gebooie van God onderhou) 'n afsonderlike en mindere vorm van ons dankbaarheid teenoor God is nie. Tereg het *Van der Linde* aangetoon dat die hele Christelike lewe volgens Calvyn gebedslewe is. Daarom is daar dan ook so 'n noue verband tussen geloof en gebed, omdat geloofslewe gebedslewe is. Gebod en gebed hoort bymekaar. Die gebod gee die riglyn vir ons lewe uit die geloof en deur die krag van die Gees dra die gebed daardie lewe uit die geloof. Daarom kan Calvyn sê: "Die geloof is die moeder van die gebed" (Kommentaar op Hand 8:22). Hieraan voeg hy toe: "Die geloof ... is die sleutel wat die deur van die gebed oopsluit." Daarom: sonder die geloof is geen gebed moontlik nie; maar ook omgekeerd: sonder die gebed is geen geloof moontlik nie.

Hieruit spruit nog 'n verdere saak: Ons het alreeds aangetoon dat die geloof en die Heilige Gees onlosmaaklik aan mekaar verbonde is. Trouens die geloof is die vernaamste werk van die Heilige Gees. Omdat gebed en geloof so nou met mekaar saamhang, daarom is die gebed ook onlosmaaklik verbonde met die Heilige Gees. In hierdie verband het Calvyn opgemerk: "Ons kan selfs nie ons mond oopmaak

sonder gevaar voor God nie, tensy die Heilige Gees ons onderrig tot die regte manier van bid" (Inst III, 20, 34). *Van der Linde* het in sy pragtige studie oor Calvyn aangetoon dat Calvyn in sy kommentare oor die volgende Skrifgedeeltes (Luk 18:7; Eks 30:23; Ps 20:7; Ps 138:3 en Eks 10:18), die volgende verbande tussen die Heilige Gees en die gebed aangetoon het: "die Heilige Gees is die aandrywer tot die gebed, Hy heilig die gebed. Hy gee die gebed in. Hy wek op tot gebed en Hy gee gloed en diepte aan die gebed." Verder: "Die Heilige Gees leer ons die regte gebed ... Hy is 'Meester van die gebed', want hy gee ons die innerlike aandrywing tot die gebed, hy wek die gebed en dra die gebed en gee ook aan ons die regte woorde vir die gebed." Uit onsself sal ons nooit tot die gebed kom nie. Calvyn sê dat ons deur die sonde "dom en traag" is. Alleen die wonder van die Heilige Gees, maak vir ons die wonder van die gebed moontlik. In sy Insitusie (III 20,5) sê Calvyn die volgende dinge in hierdie verband: " Daarom gee God, om ons in ons swakheid te hulp te kom, ons in ons gebede sy Gees tot Leermeester, om ons voor te sê wat goed is, en om ons geneënthede te bestuur. Want omdat ons nie weet wat ons moet bid soos dit behoort nie, kom Hy ons te hulp en bid Hy vir ons met onuitspreeklike versugtinge (Rom 8:26); nie dat Hy self inderdaad bid of sug nie, maar Hy wek in ons die vertroue, die verlangens en versugtinge wat die kragte van ons natuur nie kan verwek nie. En Paulus noem die versugtinge wat die gelowiges onder leiding van die Gees opstuur, nie sonder rede onuitspreeklik nie, want hulle wat werklik in die gebed geoefen is, weet baie goed dat hulle deur heimlike benoudhede só verwar en belemmer word dat hulle nouliks dit kan vind wat nuttig is om uit te spreek: ja, wanneer hulle probeer om te stamel, steek hulle in verwarring vas. Daaruit volg dat dit 'n besondere gawe is om goed te bid. Maar dit word nie om dié rede gesê dat ons, terwyl ons aan ons eie swakheid toegee, die taak om te bid aan God se Gees moet oorlaat en dat ons in ons sorgeloosheid, waartoe ons meer as genoeg geneig is, sal verslap om te bid nie ... maar dit word veelmeer gesê sodat ons 'n afkeer moet kry in ons sorgloosheid en traagheid en die hulp van die Gees moet soek. Ook wanneer Paulus in 1 Korintiërs 14:15 ons beveel om 'in die Gees te bid', hou hy daarom nie op om ons tot waaksaamheid aan te spoor nie. Daarmee gee hy te kenne dat die ingewing van die Gees só 'n krag het om ons gebede te vorm, dat dit ons allermins verhinder om te bid of ons traag maak om te bid. God wil in hierdie opsig ons veeleer beproef om vas te stel hoe kragtig ons harte deur die geloof aangedryf is."

Behalwe die ander belangrike dinge wat Calvyn in hierdie aanhaling sê, sny hy ook twee baie belangrike sake aan, naamlik eerstens wat dit beteken wanneer Romeine 8:26 sê dat "die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie onder woorde gebring word nie," én tweedens: Wat beteken dit om "in die Gees te bid" (Ef 6:1 en Jud: 10)?

Laat ons eers na Romeine 8:26-27 kyk: "Die Gees staan ons in ons swakheid by: Ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie onder woorde gebring word nie." Vergelyk hieroor *Warren*, p. 75-80.

Die vraag is:

1 Sê dié teks dat die Heilige Gees in ons plek bid? Doen Hy iets wat ons swakheid nie kan doen nie? Dan beteken dit dat die Gees vir ons bid, maar nie deur ons nie, al woon Hy in ons. Dit beteken dat Hy vir ons intree en bid, ook wanneer ons nie bid nie; dan is sy biddende intrede onafhanklik daarvan, of ons bid of nie bid nie. Sommige geleerdes het selfs die gedagte na vore gebring dat soos Jesus Christus vir ons plaasvervangend ingetree het, byvoorbeeld aan die kruis, so tree die Heilige Gees ook vir ons plaasvervangend in, naamlik in sy voortdurende gebed vir ons. *Dr Abraham Kuyper* het ook die gedagte voorgestaan dat die Heilige Gees *vir* ons bid, maar nie *deur* ons nie. Wat nuut was in sy beskouing, was dat die gebed van die Heilige Gees "'n *aanvullende* gebed" by ons gebede is, "'n gebed vir sover die gelowige self nog nie kan bid soos hy behoort te bid nie; 'n gebed wat dus minder word en afneem namate God se kind self nog nie die goeie en rype vermoë om te bid aangeleer het nie."

2 Maar Romeine 8:26-27 kan óók beteken dat die Heilige Gees nie net *vir* ons bid nie, maar "dat Hy ons in ons swakheid bystaan" op dié wyse dat Hy ook *deur* ons bid. So het ons hierbo al gesien dat Calvyn hierdie standpunt voorstaan. Die Heilige Gees roer die siel van die gelowige aan en verwek en dra die gebed van die gelowiges. Ook "die versugtinge wat nie onder woorde gebring word nie" kry (soos *Miskotte* dit gestel het), deur die Heilige Gees vorm en stem ... so word ons onvermoë opgeneem in sý vermoë.

Ek self glo dat Romeine 8:26-27 albei hierdie dinge sê. Soms tree die Heilige Gees vir ons in, onafhanklik van ons bedes en versugtinge; ander kere neem Hy deur sy krag ons swakheid en vorm dit, sodat dit 'n aanneemlike gebed voor God is. Ek glo dat ons vir hierdie standpunt steun het wanneer ons Romeine 8:15-16 met Galasiërs 4:6 vergelyk: Romeine 8:15-16 sê: "Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: Abba! Dit beteken: Vader! Hierdie Gees getuig saam met ons Gees dat ons kinders van God is." Twee sake is hier van belang: Eerstens is dit *ons* wat onder inspirasie van die Gees die belydenis

uitspreek dat God ons Vader, en ons sy kinders is. Tweedens: Net soos die Gees saam met ons gees getuig dat ons kinders van God is, net so bid die Gees ook saam met ons gees, bid Hy *vir* ons, maar ook *deur* ons. Vergelyk ons dit nou met Galasiërs 4:6, dan blyk die volgende. Daar staan: "En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur en in ons roep Hy uit: Abba! Dit beteken: Vader! " Waar in Romeine 8:15 dit *ons* was wat uitgeroep het" Abba – Vader!", daar is dit in Galasiërs 4:6 *die Gees* van die Seun wat in ons woon, wat so uitroep. Daarom kan ons sê dat die gedagte dat die Gees soms selfstandig vir ons bid en dan weer *deur ons* vir ons bid, nie vreemd is aan die Bybelse getuienis nie.

Ons het daarop gewys dat die tweede saak wat Calvyn in die genoemde aanhaling in verband met die verhouding van die Heilige Gees en die gebed na vore bring, die vraag is: Wat word bedoel met "bid in die Gees", soos dit voorkom in Efesiërs 6:18 en in Judas: 20? Die ou Afrikaanse Bybelvertaling het hierdie twee verse soos volg vertaal: "terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid *bid in die Gees*" (Ef 6:18) én: "Maar julle geliefdes, julle moet julleself opbou in julle allerheiligste geloof en *in die Heilige Gees bid."* Dit is letterlike vertalings van die oorspronklike taal waar ons die uitdrukking het van *"in die Gees bid."* Maar wat beteken dit nou om in die Gees te bid? Ek glo dat die nuwe vertaling hierop 'n antwoord gee. Daar word soos volg vertaal: "Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid *deur die Gees*" (Ef 6:18); "Julle, geliefdes, moet egter voortgaan om julle lewe te bou op julle allerheiligste geloof. *Bid altyd deur die krag van die Heilige Gees*" (Jud 20). Die uitdrukking "om *in* die Gees te bid" beteken dus om *"deur* die Gees te bid", *"deur die krag* van die Heilige Gees te bid." Dit beteken dat ons moet toelaat dat die Gees beslag lê op ons vermoëns, dat die Gees ons deur sy krag sal inspireer, besiel en lei in ons gebedslewe. *Warren* het daarop gewys dat D Martyn Lloyd-Jones ses aspekte genoem het wat opgesluit lê in die uitdrukking "om te bid in die Gees." Hierdie ses aspekte is:

die Gees skep in ons 'n geestelike ingesteldheid;
die Gees herinner ons aan ons sonde;
die Gees maak ons bewus daarvan dat ons God nodig het;
die Gees laat ons God in sy heerlike krag sien;
die Gees vestig ons oë op die Here Jesus Christus; en
die Gees laat ons die beloftes van God verstaan.

So gesien, is dit inderdaad 'n heerlike voorreg om "in die Gees" te mag bid!



# 26 DIE HEILIGE GEES EN DIE VOLEINDING

In die vorige hoofstuk het ons gesien dat geloof, gebod, gebed en Gees ten nouste met mekaar verbonde is. In hierdie hoofstuk sal dit blyk dat daar 'n onlosmaaklike verband tussen geloof, Gees *en hoop* is. Hebreërs 11:1 sê immers: "Om te glo, is om seker te wees van dié dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie." Van diegene wat in God en sy beloftes geglo het, sê Hebreërs 11:33: "Deur die geloof het hulle . . . verkry wat God beloof het." Jesus Christus word nie net die Begin van die geloof genoem nie, maar ook die Voleinder daarvan. "Laat ons die wedloop *wat vir ons voorlê*, met *volharding* hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en *Voleinder van die geloof"* (Heb 12:1-2). In Romeine 15:13 tree die onlosmaaklike verband tussen Gees, geloof en hoop op die toekoms van God, waarvan ons hierbo gepraat het, duidelik aan die lig." Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul sodat julle hoop al sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!" In dieselfde hoofstuk sê Paulus: "Alles wat vooraf in die Skrif opgeteken is, is tog opgeteken om ons te leer sodat ons deur die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif ons gee, vol hoop kan wees" (vers 4). Hy wat deur die Skrif werk om ons hierdie standvastigheid, bemoediging en hoop te gee, is die Heilige Gees. Die Heilige Gees is immers Hý wat die hoop in die gelowige wek, die verwagting van die voltooiing van God se werk, beide in die persoonlike lewe van die gelowige en in wêreldomvattende verband.

Pragtig het Calvyn in sy Institusie (III, 2, 42 en 43) op die verband, veral tussen geloof en hoop gewys: "Oral dan waar hierdie lewende geloof is, moet dit noodsaaklikerwys die hoop op die ewige saligheid as 'n onafskeidelike metgesellin by hom hê, of liewer: dit moet die hoop uit homself voortbring en laat voortkom: want indien die hoop weggeneem word, dan staan dit vas dat ons geen geloof het nie, hoe welsprekend en sierlik ons daar ook oor mag praat. Want indien die geloof, soos ons alreeds gehoor het, 'n vaste oortuiging is aangaande die waarheid van God . . . verwag hulle wat hierdie sekerheid ontvang het, ongetwyfeld tegelykertyd dat God sy beloftes sal hou . . . sodat, kortom, die hoop niks anders is as die verwagting van dié dinge wat (soos die geloof glo) waarlik deur God beloof is. Só glo die geloof dat

God waaragtig is; die hoop verwag dat Hy te gelegener tyd sy waaragtigheid sal betoon; die geloof glo dat Hy vir ons 'n Vader is; die hoop verwag dat Hy Hom as Vader teenoor ons sal gedra; die geloof glo dat die ewige lewe aan ons geskenk is; die hoop verwag dat dit eenmaal geopenbaar sal word. Die geloof is die fondament, waarop die hoop rus; die hoop voed die geloof en ondersteun dit. "As ons geloof nie as't ware vermoeid wil beswyk nie, moet dit ondersteun en gesterk word deurdat ons geduldig hoop en verwag. Daarom stel Paulus tereg ons saligheid in die hoop (Rom 8:24). Want wanneer die hoop in stilte die Here verwag, hou dit die geloof in toom, sodat dit nie al te haastig voorthardloop nie; die hoop versterk die geloof, sodat die geloof nie wankel ten opsigte van die beloftes van God of aan hulle waarheid sal begin twyfel nie; die hoop verkwik die geloof, sodat dit nie vermoeid word nie; sy laat dit volhou tot by die eindpaal. Eindelik, deur die voortdurende vernuwing en herstelling van die geloof deur die hoop, maak dit dat die geloof homself herhaaldelik kragtiger as te vore oprig tot volharding." Wanneer die gelowige begin dink dat God sy beloftes uitstel, "dan is dit die taak van die hoop om te doen wat die profeet beveel (Hab 2:3): 'As dit mag vertoef, wag daarop; want al te seker sal dit kom en nie versuim nie ...' Vanweë hierdie verbinding en verwantskap gebruik die Skrif soms die woorde geloof en hoop deurmekaar. Want wanneer Petrus leer (1 Pet 1:5) dat ons in die krag van God deur die geloof bewaar word tot by die openbaring van die saligheid, skryf hy aan die geloof toe wat eintlik meer by die hoop sou pas. Maar dit is nie verkeerd nie, want ons het alreeds gesien dat die hoop die voedsel en die krag van die geloof is ..." Nadat ons "die getuienis van die evangelie oor God se onverdiende liefde aanvaar het, wag ons totdat God openlik toon wat nou nog in die hoop verborge is ... Die hoop kan geen ander doelwit hê, as die geloof nie."

Ons het hier só uitvoerig uit Calvyn aangehaal, om aan te toon in watter groot mate die hoop (dit wil sê die Christelike toekomsverwagting) die geloofslewe van die Christen voed, ondersteun, in toom hou, verkwik, herstel en vernuwe. Hieruit blyk dat die eintlike vervulling van God se beloftes in die toekoms geleë is, dat die volheid daarvan nog moet kom. Hierdie lewe is nooit volmaak nie; ons het die Heilige Gees hier slegs ten dele, maar eenmaal sal wat gedeeltelik is, tot niet gaan en dan sal ons ten volle ken soos God ons ten volle ken (1 Kor 13:9, 10 en 12). Terwyl ons onderweg is na die voleinding, hou die Heilige Gees die toekomsverwagting in ons lewens lewendig. Die Heilige Gees het die gemeente gestig, maar dit is ook Hy wat die gemeente na haar voleinding in die toekoms van God lei. Die Heilige Gees lei die werk van God in Jesus Christus tot voltooiing; Hy hou die gebrekkige



aardse lewe en geloof in stand met die oog op die ewigheid. Treffend beskryf Paulus hierdie reikhalsende verlange van die kinders van God én van die hele skepping na die ewige toekoms van God in Romeine 8:20-26: "God het die belofte van hoop gegee: die skepping sal self ook bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid, om so tot die vryheid te kom wat hoort by die heerlikheid van die kinders van God. Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyne van verwagting. En nie net die skepping nie, maar ook ons wat die Gees ontvang het as eerste gawe van God, ons sug ook. Ons sien daarna uit dat God bekend sal maak dat Hy ons as sy kinders aangeneem het: Hy sal ons van die verganklikheid bevry. Ons is immers gered, en ons het nou hierdie hoop. Wat die mens sien, hoop hy tog nie meer nie. Wie hoop nog op wat hy reeds sien? Maar as ons hoop op wat ons nie sien nie, wag ons daarop met volharding." Oor die gevolge van hierdie hoop ook vir hierdie lewe, sê 1 Petrus 1:8-9: "Deur in Hom te glo, al sien julle Hom nie nou nie, het julle reeds deel aan die saligheid wat die einddoel van julle geloof is. En dit vervul julle met onuitspreeklike en heerlike blydskap." Dit is waar wat Hebreërs 13:14 sê dat die Christen" in hierdie wêreld geen vaste verblyfplek het nie, maar op soek is na die toekomstige." En tog is dit ook waar (soos byvoorbeeld uit bostaande aanhaling uit 1 Petrus 1:8-9 blyk) dat, al is die Christelike toekomsverwagting op die voltooiing, op die ewigheid van God gerig, dit geweldige gevolge vir ons lewe in die hede het. Trouens, die toekoms van God omstraal en bepaal die wêreld van die hede. In die lig van die ewige toekoms van God, blyk dit eerstens dat die huidige wêreld sondig en boos is. Galasiërs 1:4 en Efesiërs 2:2 praat van "hierdie sondige wêreld." 1 Johannes 5:19 sê dat "ons weet dat ...die hele sondige wêreld in die mag van die duiwel is." Daarom is dit so "dat vriendskap met die wêreld, vyandskap teen God is" (Jak 4:4) en dat "die wysheid van hierdie wêreld, dwaasheid by God is" (1 Kor 3:19). Daarom mag hulle wat glo en wie se lewe gedra word deur die hoop, "nie die teenswoordige wêreld liefkry" (2 Tim 4:10; 1 Joh 2:15) en daaraan "gelykvormig word nie" (Rom 12:2). Die gelowige moet besef, "die huidige wêreld met al sy begeertes gaan verby" (1 Joh 2:17). Daarom is daar altyd 'n geweldige spanning tussen "hierdie wêreld" en "die toekomstige wêreld" waarop ons hoop. Van Noag wat vasgehou het "aan die dinge wat nog nie gesien kon word nie", sê Hebreërs 11:7: "Omdat Noag geglo het, het hy God eerbiedig gehoorsaam toe hy gewaarsku is oor die dinge wat nog nie gesien kon word nie. Daarom het hy die ark gebou om sy huisgesin te red. Sy geloof was 'n veroordeling van die wêreld, maar dit het hom erfgenaam gemaak van die geregtigheid wat deur die geloof kom." Op dieselfde wyse praat 1 Joh 5:4-5 en 4:17 oor

hulle wat glo en daarom die ewige hoop in hulle harte het: "want enigeen wat 'n kind van God is, kan die sondige wêreld oorwin. Die oorwinning wat ons oor die wêreld behaal het, is deur ons geloof. Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is ... Hiérin het die liefde sy doel volkome met ons bereik: ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie, want in hierdie wêreld lewe ons deur die liefde net soos Jesus."

Die eerste gevolg van die Christelike hoop vir die lewe van die gelowige is dus altyd: stryd teen die magte van die duiwel en die sonde; stryd om die sondige wêreld te oorwin: stryd teen alles wat nie ooreenkom met die wêreld van sy toekomsverwagting nie. Daarom word die Christen, omdat sy hart op die wêreld van die hoop gerig is, opgeroep om te stry. "Trek die wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel. Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die heersers van hierdie donker wêreld teen die bose geeste in die lug. Trek daarom die wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan" (Ef 6:11-13). In vers 14 tot 17 word dan die wapenrusting nader omskryf:

die waarheid as gordel;
die geregtigheid as borsharnas;
die bereidheid om die evangelie te verkondig as skoene;
die geloof as skild;
die verlossing as helm; en
die woord van God as die swaard van die Gees.

Merkwaardig is nou dat wanneer 1 Tessalonisense 5:8 oor hierdie wapenrusting praat, dan word die helm daar genoem "die helm van *hoop*."

Op hierdie wyse word die stryd van die Christen baie nou verbind met die hoop, met die Christelike toekomsverwagting.

Die tweede gevolg van die Christelike toekomsverwagting vir ons lewe op aarde, is dat dit klem lê op die groot *verantwoordelikheid* van die Christen in hierdie lewe. Sê nou maar dat daar geen Christelike toekomsverwagting sou wees nie, en dat die dooies nie opgewek en geoordeel sal word nie, dan sal die beste lewensbeskouing dié een wees wat Paulus in hierdie verband in 1 Korintiërs 15:32 beskryf, naamlik: "Laat ons eet en drink, want môre sterf ons!"

Maar nou is dit die onwrikbare oortuiging van die Bybelse toekomsverwagting dat daar wel 'n opstanding uit die dode is, en dat daar wel 'n eindoordeel is, òf tot die ewige lewe, òf tot die ewige straf.



Hebreërs 6:2 praat dan ook van "die leer... van die opstanding, van die dooies en die ewige oordeel" as kernpunte in die Christelike leer. Hebreërs 10:27 sê: "'n Mens is bestem om eenmaal te sterf en daarna kom die oordeel." Matteus 25:31-46 skryf uitvoerig hieroor: "Wanneer die Seun van die mens in majesteit kom en al die engele saam met Hom, sal Hy op sy koninklike troon gaan sit. Al die volke sal voor Hom bymekaar gebring word, en Hy sal die mense van mekaar skei soos 'n wagter die skape en die bokke skei" (vers 31-32). Diegene wat nie sy wil gedoen het nie, "sal die ewige straf ontvang, maar dié wat die wil van God gedoen het, die ewige lewe" (vers 46). Omdat daar in die toekoms van God 'n opstanding en eindoordeel is, daarom kan die mens nie doen wat hy wil en leef soos hy wil nie, maar moet hy na die wil van God oor sy lewe vra. Die toekomsverwagting maak dus van hierdie lewe so 'n belangrike en verantwoordelike saak.

Die vraag ontstaan: Hoe kan die gelowige seker wees van die toekoms van God, byvoorbeeld van sy eie opstanding en vryspraak? Op hierdie vraag antwoord die Skrif op tweërlei wyse. *Eerstens* sê die Skrif dat die sekerheid van ons opstanding gebou is op die feit dat "die Here regtig opgestaan het" (Luk 24:33). In 1 Korintiërs 15:12-34 bou Paulus die onwrikbare sekerheid van die gelowige oor sy eie opstanding, op die onbetwisbare feit dat Jesus Christus uit die dode opgestaan het en dit deur sy verskyning aan baie betroubare getuies, bevestig het. As Hy, die eniggebore Seun van God opgestaan het, sal ook al die ander kinders wat deur die geloof aan Hom verbonde is, opstaan. Daarom word Hy "die eersteling uit die wat gesterf" en opgestaan het, genoem.

Die *tweede wyse* waarop die Skrif ons verseker van ons eie opstanding en die toekoms van God, is dat die Skrif heenwys na die gawe van die Heilige Gees. Die Heilige Gees word op verskillende plekke die *Waarborg* genoem van ons deelname aan die toekoms van God. Die gedagte wat agter die woord "waarborg" lê, is dat dit "die betekenis het van 'n deposito of eerste paaiement waardeur die kontrak bindend gemaak word. Dit dien as sekuriteit vir die betaling van die volle koopsom. Die Heilige Gees is in hierdie sin waarborg dat die gelowiges hulle volle erfenis van God sal ontvang" (nuwe Afrikaanse vertaling, p 597). So lees ons in 1 Korintiërs 1:21-22: "Christus het ons vir Hom afgesonder, ons as sy eiendom beseël en die Heilige Gees in ons harte gegee as waarborg van wat ons nog sal ontvang". Van die oorgang tussen dít wat sterflik is en die ewige lewe, sê 2 Korintiërs 5:5: "Hy wat ons vir hierdie oorgang voorberei het, is God. As waarborg het Hy ons sy Gees gegee." Efesiërs 1:14 sê in hierdie verband: "Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal

verlos. Daarom moet ons sy grootheid prys." So word die Heilige Gees ook op hierdie wyse innig verweef met die toekomsverwagting van die gelowige.

Calvyn het eenmaal gesê: "Die Christelike hoop is om te bedink wat sal word. Die Heilige Gees is die vonk wat sorg dat hierdie vlam nie uitgedoof word nie."

In Galasiërs 6 staan daar: "Wat ons betref, deur die werking van die Gees is dit ons hoop en verwagting dat ons deur die geloof geregtigheid sal verkry." Hierby sluit 1 Petrus 1:5 aan, wat sê: "En omdat julle glo, word ook julle deur die krag van God veilig bewaar vir die saligheid wat reeds gereed is om aan die einde van die tyd geopenbaar te word."



# *Werke waarna verwys is*


Berkhof, Hendrikus: *The Doctrine of the Holy Spirit*, John Knox Press, Richmond, 1969.

Berkhof, Louis: *Systematic Theology*, The Banner of Truth Trust, Cox and Wyman, London, 1974 (p 415-554).

Brownson, William C: *Preaching Sanctification Today* (In: Reformed Review, Vol 28, no 3, p 201-211).

Haarbeck, Theodor: *Die Bibel Sagt*, Brunnen Verlag, Griessen und Basel, 12 Auflage, (p 121-181).

Hoekema, Antony: *The Holy Spirit and Christian Experience*, (In: Reformed Review, Vol 28, no 3, p 183-191).

Hoenderdaal, G J: *Geloven in de Heilige Geest*, Veenman en Zonen, Wageningen, 1968, (p 169).

Jonker, Prof dr Willie e.a.: *Ek glo in die Heilige Gees*, NG Kerk Uitgewers en Boekhandel, 1975 (p 212-214).

Klempa, William: *Ecstasy and the ecperience of the Holy Spirit*, (In: The Reformed World, Vol 32, no 3-4, p 110-121).

Kuyper, Abraham: *Het werk van den Heiligen Geest*, Kok, Kampen 1927 (p 788-791).

Miskotte, K H: *De Weg van het Gebed*, Boekencentrum, s'Gravenhage, 1978 (p 91-95).

Ondersluys, Richard C: *Charismatic Theology and The New Testament*, (In: Reformed Review, Vol 28, no 1, p 51).

Van der Linde, S: *De Leer van de Heiligen Geest bij Calvijn*, Veenman en Zonen Wageningen, 1943 (p 160 en 198-205).

Van Ruler, A A: (i) *Hoofdlijnen van een Pneumatologie*, (Ongepubliseerde artikel) (ii) *Struktuurverschillen tussen het Christologische en Pneumatologische Gesichtspunt*, (In: De Spiritu Sancto, Ed J de Graaf, Kemink en Zoon, 1964).

Warren, Keith V: *Prayer as a means of grace*, Potchefstroom, 1980 (p 73-82).